

ALGEMENE KERKGESKIEDENIS

'N INLEIDING TOT DIE NEDERLANDSE KERK- GESKIEDENIS VAN DIE BEGINJARE TOT 1795

deur

Prof Dr A D Pont



PRETORIA

HERVORMDE TEOLOGIESE STUDIES

SUPPLEMENTUM 6

1994

Hervormde Teologiese Studies

HTS Supplementum 6 1994

HTS Supplementum Reeks

Reeksredakteur: Andries G van Aarde

ISBN 0-9583208-4-5

HTS ISSN 0259 9422

Publikasie van die Fakulteit Teologie (Afdeling A)

Universiteit van Pretoria

1. Barkhuizen, J H (red) 1989. *Hymni Christiani*.
2. Petzer, J H 1990. *Die teks van die Nuwe Testament: 'n Inleiding in die basiese aspekte van die teorie en praktyk van die tekskritiek van die Nuwe Testament*.
3. Potgieter, J H 1991. *'n Narratologiese ondersoek van die boek Jona*.
4. Van Staden, P 1991. *Compassion – the essence of life: A social-scientific study of the religious symbolic universe reflected in the ideology/theology of Luke*.
5. Van Aarde, A G 1994. *God with us: The dominant perspective in Matthew's story, and other essays*.
6. Pont, A D 1994. *Algemene Kerkgeskiedenis – 'n Inleiding tot die Nederlandse Kerkgeskiedenis: Van die beginjare tot 1795*.

Administrasie

Hervormde Teologiese Studies, Tydskrifafdeling van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Posbus 5777, 0001 Pretoria, Republiek van Suid-Afrika.

Ons verleen met dank erkenning aan 'Elsevier Historische Atlas' (Amsterdam-Brussel MCMLX III) vir gebruikmaking van kaarte op paginas 10, 18 en 174.

Gedruk deur Promedia Drukkers

Uitgegee deur die Tydskrifafdeling van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika met die ondersteuning van die Universiteit van Pretoria en die Buro vir Wetenskaplike Publikasies by die Stigting vir Onderwys, Wetenskap en Tegnologie. Die redaksie, wat bestaan uit die lede van die Fakulteit Teologie (Afdeling A) van die Universiteit van Pretoria, vereenselwig hom nie noodwendig met die menings deur medewerkers uitgespreek nie, kom alle normale redaksionele pligte na en voorbehou alle gebruikelike uitgewersregte.

ISBN 0-9583208-4-5

Reeksvoorwoord

Die *Hervormde Teologiese Studies* het ten doel om op nasionale gebied diens te lewer deur die teologiese wetenskap te bevorder en 'n eie Suid-Afrikaanse teologie uit te bou. Sodoende word daar uitvoering gegee aan die opdrag van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika aan die dosente verbonde aan die teologiese opleiding om in die kerk leiding te gee in die teologiese arbeid ter wille van die verkondiging van die evangelie. Die *HTS Supplementum Reeks* is addisioneel tot die gebruikelike aflewering van die *Hervormde Teologiese Studies*. Hierdie boek van professor A D Pont, *Algemene Kerkgeskiedenis: 'n Inleiding tot die Nederlandse Kerkgeskiedenis vanaf die beginjare tot 1795* is die sesde in dié reeks. Boeke wat in die *HTS Supplementum Reeks* gepubliseer word, dien veral as voorgeskrewe handboeke vir teologiese studente.

Prof Dr Adriaan Drost Pont, emeritus-professor in Kerkgeskiedenis en Kerkreg aan die Universiteit van Pretoria, is 'n geëerde oud-redaksielid van die *Hervormde Teologiese Studies*. Hy was vanaf 1957 tot 1971 verantwoordelik vir die versorging van *HTS* en het vanaf 1982 tot 1985 as redaksiesekretaris opgetree. Hy is dié medewerker wat verreweg die meeste bydraes vir *HTS* gelewer het, te wete sewe en sestig navorsingsartikels tot en met Jaargang 50 1 & 2 (1994) (boekbesprekings uitgesluit). Dit is dus baie gepas dat professor Pont ook 'n bydrae tot die *HTS Supplementum Reeks* gemaak het. Hy lewer met hierdie boek 'n belangrike diens aan die Suid-Afrikaanse lesers om in hulle eie moedertaal 'n oorsig van die Nederlandse Kerkgeskiedenis te bekom. Dit is 'n tydige boek in die huidige tydsgewrig. Insig in die geskiedenis van die kerk in Nederland kan daartoe bydra dat die ideaal weer sal herlewe dat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Nederlandse Hervormde Kerk weer in ontspanne en spontane interaktiewe verhouding met mekaar sal lewe.

Persone wat in die voorbereiding van hierdie boek besondere hulp verleen het, is Willem Oliver, Erna Oliver en Daan van Wyk (jr). Erkenning word hiermee aan hulle betuig.

A G van Aarde
Reeksedakteur

Junie 1994

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: INLEIDING	1
HOOFSTUK 2: DIE GESKIEDENIS VAN DIE KERK	3
2.1 Inleidend	3
2.2 Die sentrale inhoud van die kerkgeskiedenis	3
2.3 Die ruimte van die kerkgeskiedenis	4
2.4 Die stukrag van die geskiedenis	5
2.5 Die taak van die kerkgeskiedenis	6
2.6 Die dilemma van die kerkgeskiedenis	7
2.7 Kaart van die Nederlande 1566	10
HOOFSTUK 3: OORSIG OOR DIE BEGINJARE	11
3.1 Inleidend	11
3.2 Geert Grootte	12
3.3 Die Humanisme in Nederland	14
3.4 Wessel Gansfort (1419-1489)	15
3.5 Desiderius Erasmus (1467-1535)	15
3.6 Slotopmerking	16
HOOFSTUK 4: DIE BEGIN VAN DIE KERKHERVORMING	19
4.1 Inleidend	19
4.2 Die invloed van Martin Luther	20
4.3 Die Sakramentariërs	21
4.4 Die Anabaptisme of Wederdoperdom	26
4.5 Menno Simons (1496-1561)	31
4.6 Slotopmerking	32
HOOFSTUK 5: DIE CALVINISME IN DIE BEGINJARE	35
5.1 Staatkundige en kerklike ontwikkelinge	35
5.2 Die Nederlandse vlugtelinggemeentes tot 1570	36
5.3 Oos-Friesland: Emden	37
5.4 Die vlugtelinggemeentes in Engeland	38
5.5 Frankfort en die Paltz	40
5.6 Frankenthal	41
5.7 Ekskurs	42

5.7.1 Die liturgiese geskrifte of wel diensformuliere	42
5.7.1.1 Die Doopformulier	42
5.7.1.2 Die Nagmaalsformulier	43
5.7.1.3 Die Huweliksformulier	43
5.7.2 Die Psalmberyming	44
5.7.3 Die Heidelbergse Kategismus	45
5.7.4 Die vlugtelinggemeentes langs die Ryn	49
5.8 Samevattend	50
HOOFSTUK 6: DIE VERBREIDING VAN DIE CALVINISME	
IN NEDERLAND	51
6.1 Die beginjare	51
6.2 Eerste pogings tot organisasie	53
6.3 Ekskurs: Die Nederlandse Geloofsbelydens	55
6.4 Staatkundige ontwikkeling	59
6.5 Die kerklike verset neem toe	61
HOOFSTUK 7: DIE VESTIGING VAN DIE HERVORMDE KERK	
7.1 Die vormgewing van die kerk	65
7.2 Die Konvent van Wesel	65
7.3 Die eerste nasionale Sinode te Emden in 1571	67
7.4 Die veranderende situasie in Nederland	68
7.5 Die eerste provinsiale Sinode op Nederlandse bodem	70
7.6 Die oorlog duur voort	71
7.7 Twee kerklike vergaderings	72
HOOFSTUK 8: DIE HERVORMDE KERK IN 'N	
HERVORMDE STAAT	77
8.1 'n Oorsig van die situasie	77
8.2 Die botsing oor die kerklike onafhanklikheid	78
8.3 Die stryd oor die belydenis	80
8.4 Enkele figure uit die nie-Calvinistiese kringe	81
8.5 Die Calviniste	84
8.6 Arminius en Gomarus	85
8.7 Die Remonstrante en Contra-remonstrante	87
8.8 'n Kort bespreking	91
HOOFSTUK 9: DIE SINODE VAN DORDRECHT (1618-1619)	
9.1 Die voorspel	97
9.2 Die verrigtinge van die Sinode	98

9.3 Die inhoud van die Leerreëls	99
9.3.1 Die uitgangspunt	100
9.3.2 Die prediking	102
9.3.3 Die uitverkiesing volgens die Leerreëls	103
9.3.4 Die verwerping volgens die Leerreëls	108
9.3.5 Die volharding van die heiliges	109
9.3.6 Samevattend	110
HOOFSTUK 10: DIE REMONSTRANTE	113
HOOFSTUK 11: DIE BESLUTE VAN DIE SINODE TEN OPSIGTE	
VAN BINNE-KERKLIKE SAKE	115
11.1 'n Bybelvertaling	115
11.2 Kategismusprediking	116
11.3 Kategetiese onderrig	117
11.4 Vasstelling van 'n kerkorde	117
11.5 Die teks van die Belydenisskrifte	118
HOOFSTUK 12: DIE HERVORMDE KERK NÁ DIE SINODE	
VAN DORDRECHT	119
12.1 Die stand van sake	119
12.1.1 Ekskurs oor die Gereformeerde ortodoksie	123
12.1.2 Gisbertus Voetius	127
HOOFSTUK 13: DIE BIBLISISTIESE REAKSIE VAN	
JOH COCCEJUS (1603-1669)	129
13.1 Die staatkundige posisie	133
13.2 Die Rasionalistiese reaksie: Descartes en sy invloed in die teologie ..	136
13.2.1 Descartes	137
13.2.2 Descartes se invloed in die kerk	138
13.3 Die Nadere Reformasie en die piëtistiese reaksie	142
13.3.1 Die herkoms van die Nadere Reformasie	144
13.3.2 Die Nadere Reformasie	145
13.3.3 Die Nadere Reformasie ontspoor: De Labadie	146
13.3.4 Slotopmerking	148
HOOFSTUK 14: DIE HERVORMDE KERK IN DIE AGTIENDE EEU ..	149
14.1 Inleidend	149
14.2 Waar lê die waterskeiding?	149
14.3 Die opkoms van die moderne natuurwetenskap	151

14.4 Die Verligting in verskillende lande	153
14.4.1 Die Verligting in Engeland	153
14.4.2 Die Verligting in Frankryk	154
14.4.3 Die Verligting in Duitsland	155
14.5 Die Verligting in Nederland	156
14.6 Die strydvrae van die eeu	157
14.6.1 Die stryd tussen die Voetiane en Coccejane	157
14.6.2 Die Nadere Reformasie	158
14.6.3 Die vraag rondom toleransie	160
HOOFSTUK 15: ENKELE OPMERKINGS OOR DIE SUPRA-NATURALISME	165
HOOFSTUK 16: DIE NUWE PSALMBERYMING VAN 1775	169
HOOFSTUK 17: DIE VERLIGTING AAN DIE EINDE VAN DIE EEU	171
HOOFSTUK 18: DIE POLITIEKE OMWENTELING	175
BRONNE GERAADPLEEG	177
SAKEREGISTER	181

Hoofstuk 1

Inleiding

Die geskiedenis van die kerk in Nederland, al is dit net oorsigtelik, bly belangrik vir die verstaan van die geskiedenis van die kerk in Suid-Afrika. In 'n sekere sin is dit vanselfsprekend, want van 1652 tot 1795 is die Kaapkolonie 'n wingewes van die Nederlandse Verenigde Oos-Indiese Kompanjie. Die Kompanjie wat as owerheid in sy kolonies opgetree het, het gedurende sy besetting van die Kaap geen ander kerk in die Kaap toegelaat nie as die publieke kerk van Nederland wat van sy Rooms-Katolieke geloof gesuiwer is. Dit het beteken dat vir die eerste byna 150 jaar die historiese gebeure en teologiese ontwikkeling in Europa hoofsaaklik deur 'n Nederlandse tregter na Suid-Afrika kom. Omdat die kerk in die Kaapkolonie heeltemal verbind is aan die Kompanjie, word die verskuiwings in die Europese dinkwêreld hoofsaaklik na die Kaap oorgedra deur aankomende predikante, amptenare en derglike meer. Dit het beteken dat ook nie alles wat in Nederland kerk en wêreld beroer het, na die Kaap deurgewerk het nie.

In die negentiende eeu verander die prentjie heel dramaties. Die kort Bataafse tussenspel het, vanweë die werk wat Kommissaris-Generaal J A de Mist gedoen het, 'n merkwaardige en verreikende invloed op die kerkgeskiedenis van die Afrikaner gehad. Ook hier bly dit interessant dat die periode van die Verligtheid in Wes-Europa waarin die Franse rewolusie so 'n dramatiese hoogtepunt vorm en die Napoleontiese periode daarna, grotendeels in sy Nederlandse vorm na die Kaapkolonie deurwerk.

'n Nuwe faktor kom na vore met die tweede en finale Engelse besetting van die Kaap in 1806. Die beleid van Lord Charles Somerset om die Kaap te verengels het vanaf 1814 heelwat weerstande opgeroep. Van daardie tyd af word die kerklike, kulturele en selfs ekonomiese bande met Nederland vrywillig deur die koloniste gehandhaaf. Dit is veral nodig geag vir die handhawing van die Afrikaner se geestes- en eiendomslike teenoor die opringende Engelse invloede.

In die soek na steun vanuit Nederland is op die kerklik-godsdienstige vlak ook die verskillende strominge wat in die negentiende eeu in die Nederlandse teologie

na vore kom, oorgedra na die kolonie. Terselfdertyd is die situasie enigermate gekompliseer deurdat Skotte as predikante vir die kerk ingevoer is.

Die politiekulturele botsing tussen die Engelse koloniale owerhede en die Afrikaner-grensboere in die oostelike distrikte van die kolonie loop uit op die Groot Trek en die vestiging van Afrikanerrepublieke in die leë binnelande van Suid-Afrika. In die Afrikanerrepublieke is daar weer pogings om die bande met Nederland op kerklik-godsdienstige, kulturele, ekonomiese en selfs staatkundige vlak aan te knoop. In die vormgewing van die republikeinse gemeenskappe wat die Voortrekkers skep, word dit duidelik hoe nou die verbondenheid met Nederland was. Die verbintenis is veral, wat die Oorvaalse betref, baie lank lewend gehou. Eers die Wêreldoorlog van 1939 tot 1945 het vanweë 'n reeks van redes 'n keerpunt gebring. Die Afrikaner is egter dan alreeds sterk genoeg om op sy eie bene te staan.

Dit alles dui daarop dat 'n oorsigtelike kennis van die Nederlandse kerkgeskiedenis vir die verstaan van die kerkgeskiedenis van die Afrikaner onontbeerlik is. Om die Nederlandse kerkgeskiedenis van die agtiende en negentiende eeu te verstaan, is 'n oorsigtelike kennis van die voorafgaande geskiedenis ook noodsaaklik. Wat hier gebied word, is nie 'n inleiding tot die Nederlandse kerkgeskiedenis as sodanig nie, maar 'n inleiding wat afgestem is op die behoeftes van 'n teologiese student wat sy aandag graag wil toespits op die agtiende en negentiende eeu.

Die volgende oorsigtelike werke oor die Nederlandse kerkgeskiedenis kan vir naslaandoeleindes gebruik word:

De Jong, O J 1978. *Nederlandsche Kerkgeschiedenis*. Nijkerk: Callenbach.

Reitsma, J & Lindeboom, J 1949. *Geschiedenis van de Hervorming en de Hervormde Kerkder Nederlanden*. 's-Gravenhage: Nijhoff.

Knappert, L 1912. *Geschiedenis der Nederlandsche Hervormde Kerk gedurende de agtiende en negentiende eeuw*. Amsterdam: Meulenhoff.

Van Itterzon, G P & Nauta, D (reds) 1963. *Geschiedenis van de kerk*. (9 deeltjies.) Kampen: Kok.

Ypey, A & Dermout, I J 1819. *Geschiedenis der Nederlandsche Hervormde Kerk*. (Vier dele.) Breda: W van Bergen & Comp.

Hoofstuk 2

Die geskiedenis van die kerk

2.1 Inleidend

Wanneer met die studie van die geskiedenis van die kerk in 'n teologiese fakulteit begin word, ontstaan die vraag waar die vakgebied inpas en of dit inderdaad deel kan wees van die teologie van die kerk. Dit dan veral omdat die teologie niks meer is nie as 'n leer aangaande God. Immers, in die kerkgeskiedenis gaan dit opsigtelik om mense en om 'n menslike struktuur – die kerk. Waar pas die teologie dan in die kerkgeskiedenis en waarom het dit nut om kennis te neem van byna 2 000 jaar se geskiedenis van die kerk? Is die Duitse filosoof G W F Hegel (1770-1831) nie tog reg as hy sê dat die mens nog nooit iets van die lesse van die geskiedenis geleer het nie? As Hegel miskien reg is, waarom moet ons onself met die geskiedenis vermoei?

2.2 Die sentrale inhoud van die kerkgeskiedenis

Wat die sentrale inhoud van die kerkgeskiedenis is, word duidelik wanneer gelet word op die inleidende sin van die Boek van die Handeling. Daar stel Lukas: 'My eerste boek, Teofilus, het ek geskrywe oor alles wat Jesus gedoen en geleer het, van die begin af tot op die dag van sy hemelvaart.' Hoewel Lukas nie pertinent stel wat die inhoud van sy tweede boek is nie, is dit duidelik dat die handelende persoon in Handeling ook Jesus Christus is. Wat Jesus gedoen en geleer het, word duidelik in die geskiedenis van die kerk 'in Jerusalem, sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld' (Hand 1:8). Skerp gesien word in Handeling nog net vertel van Jesus tot by sy hemelvaart. Jesus tree egter verder nie meer in eie persoon handelend op nie, behalwe in die ontmoeting met Paulus op die pad na Damaskus. In Handeling is God, die Heilige Gees die handelende persoon. God gee aan sy apostels krag deur die Heilige Gees sodat hulle as getuies in die wêreld kan staan (Hand 1:8; 16:8).

Hoewel die Heilige Gees die handelende persoon in Handeling is, is daar nie 'n werklike verskil nie (vgl 2 Kor 3:17; Rom 8:1), want dit is die Heilige Gees wat

die liggaam van Jesus Christus, dit is die kerk, opbou, en van daardie liggaam is Jesus Christus die enige hoof en Here. In dié sin dat die kerk, opgebou deur die Heilige Gees, die liggaam van Jesus Christus is, is Jesus die sentrum van die kerkgeskiedenis.

In die Handeling van die Apostels blyk dit dat wanneer Paulus die gemeente vervolg, dan konfronteer Jesus hom op pad na Damaskus en vra hom: 'Saul, Saul, waarom vervolg jy My?' (Hand 9:4). Wie die kerk vervolg, vervolg Christus en wie die kerk belieg, belieg die Gees van die Here (Hand 5:9; vgl ook 5:3). Die Nuwe-Testamentiese woorde wat vir die kerk gebruik word, naamlik 'volk van God', 'gemeente' (*ekklesia*), 'Israel' en '*politeuma*', dui almal op 'n gemeenskap-van-mense wat met God verbind is. Hoewel daardie gemeenskap – vertikaal en horisontaal – deur die Heilige Gees gegee is, gaan dit hier nie om 'n onsigbare kerk nie, maar om 'n werklike, aardse, historiese verskynsel. Hoewel die kerk, as 'n gemeenskap van mense, 'n bo- en buitewêreldse verbondenheid met Jesus Christus, die hoof van die kerk het, bly dit tog ook 'n aardse werklikheid. So gesien is die geskiedenis van die kerk in die wêreld die geskiedenis van die liggaam van Jesus Christus en sy hoof wat geleë deur die Woord en die Gees, sy pad deur die wêreld loop. Daarom is die kerkgeskiedenis 'n onlosmaaklike onderdeel van die teologie, net soos die Handeling van die Apostels 'n vaste onderdeel van die Heilige Skrif is.

2.3 Die ruimte van die kerkgeskiedenis

Die feit dat Handeling die geskiedenis van Jesus skryf, beteken nie dat daar net van 'n glorieryke segetog sprake is nie; die lyding en swaarkry van die kerk, die nood en sorg, die terugslae wat die kerk ervaar op sy pad van Jerusalem na die einde van die aarde, word duidelik geteken. Dit is 'n duidelike kenmerk van die kerk se geskiedenis en hier word duidelik dat die dienskneg nie meer is as sy Heer nie. Net so word die stryd en spanning in die kerk ook duidelik beskrywe: Die stryd tussen Paulus en die ander apostels oor die draagkrag van die Wet, Ananias en Saffira, Simon Magus en die verraad van Judas word alles vertel, want so het die pad van die kerk geloop.

Dan kom die vraag amper nog skerper na vore, hoe die geskiedenis van die kerk die geskiedenis van Jesus Christus kan wees. Die antwoord op dié vraag word gegee in die Nuwe-Testamentiese geskiedenisbeskouing. Die beskouing is egter nie enkelvoudig nie. Aan die een kant word pertinent gestel dat God se koningsheerskappy (= sy koninkryk) naby gekom het. Met die koms van Jesus Christus het die koninkryk gekom. Sy oorwinning oor die sonde – die magte van die duisternis wat die

mens gevange hou – is nie net 'n bewys daarvan nie, maar ook die vervulling van die profesieë oor die eindtyd wat met Jesus begin het (Mt 11:4).

Aan die ander kant is dit ook waar dat die koninkryk van God nog moet kom in sy volle glorie. Jesus Christus sal weer kom soos Hy met sy hemelvaart beloop het, om die verlossing te voltooi en oor almal reg te spreek.

Hierdie tussentyd – tussen sy koms en wederkoms – is die tyd van die kerk. Hierdie tussentyd is ook die tyd van die geskiedenis. Jesus Christus tree in die geskiedenis in deur sy menswording en Hy beëindig die geskiedenis met sy wederkoms. Die geskiedenis verloop in hierdie spanning tussen koms en wederkoms, terwyl die gang van die geskiedenis bepaal word deur Jesus Christus aan wie alle mag in die hemel en op die aarde gegee is.

Dit is dus duidelik dat die koninkryk in hierdie tussentyd slegs verborge aanwezig is en ontwikkel. Soos Jesus tydens sy aardse bestaan slegs in en deur die geloof herkenbaar was as God-in-ons-midde, so kan die koninkryk en die Godsheerskappy slegs deur die geloof in die tussentyd raakgesien word. Daarom is die kerkgeskiedenis nie sondermeer heilsgeskiedenis nie, want die koninkryk is nog nie in sy volheid teenwoordig nie. Daarom is die geskiedenis van die kerk slegs in die verborgenheid die geskiedenis van Jesus Christus die hoof en Here van sy liggaam. Net soos Jesus se Godheid verborge was in sy mensheid, is die belydenis en erkenning dat die kerk die liggaam van Jesus Christus is, 'n geloofswaarheid en nie 'n bewysbare feit nie.

2.4 Die stukrag van die geskiedenis

Die feit dat die kerk slegs op 'n verborge wyse die liggaam van Christus is, neem niks weg van die feit dat die kerk die liggaam van Christus is wat deur die Heilige Gees in die waarheid gelei word nie. Dit is dus duidelik dat in die kerk ook 'n gemeenskap is waar die mens 'n bepaalde rol speel en dit terwyl selfs die gelowige mens 'n sondaar is en bly. Daarby is die kerk in die wêreld en daarom is die kerkgeskiedenis ook niks anders as 'n onderdeel van die geskiedenis van die wêreld nie.

As die geskiedenis omskryf word as 'n eenmalige, nie-herhaalbare en onomkeerbare ontwikkeling of voortgang in die ruimte en tyd van hierdie wêreld, dan is die lewe van Jesus geskiedenis en is die lewe en werk van sy kerk ook geskiedenis. Die geskiedenis word dus ook bepaal deur die ruimte en tyd waarin dit afspeel en ook deur die opvattings, menings en beslissings van daardie tyd. Daarom word die kerkgeskiedenis ook beïnvloed deur die opvattings en menings van die volkere in wie se midde die kerk kerk is. Die kerk is nie 'n abstraksie, 'n idee wat bokant die volkere sweef nie, maar bestaan in die midde van 'n volk en sy bestaan daar, sy geskiedenis word mede-bepaal deur daardie volk.

Hierin lê wel 'n bedreiging vir die verkondiging van die evangelie wat aan die kerk toevertrou is. Dit kan gebeur dat die liggaam van Christus so tuis raak in die wêreld dat hy eerder volk-van-die-wêreld as volk-van-God is. Die kerk moet egter hierdie risiko loop en alleen deur gehoorsaamheid aan die Woord, in die geloof in Jesus Christus kan die kerk sy pad suiwer hou. Hier word dit dus duidelik dat die gang en koers van die kerk in die wêreld deur God, die Heilige Gees en die Woord van God, bepaal word saam met die insig, opvattinge en gerigtheid van mense.

Hierdie dubbelslagtigheid van die kerkgeskiedenis word teruggevind in die wêreldgeskiedenis, want oor alles staan die almag van God wat hierdie wêreld regeer en die geskiedenis rig na die einddoelwit wat Hy bepaal het. Daarby moet in berekening gebring word dat die wêreld en dus ook die geskiedenis in 'n groot mate bepaal word deur die menslike beslissing. Nie alleen moet die mens, aan wie die geloof gegee is – en die mens aan wie dit nie gegee is nie – beslissings neem ten opsigte van die gehoorsaamheid aan die Woord van God nie, maar die mens moet ook beslissings neem op politieke, ekonomiese, maatskaplike en ander vlakke – dus in die historiese situasie. Altwee hierdie soorte beslissings, dié vir die gehoorsaamheid aan die Woord en dié op die gewone wêreldlike vlak, bring die mens in botsing met sy medemens wat anders besluit het. So is, so word die geskiedenis en ook die kerkgeskiedenis dikwels 'n strydperk. Daarby kan die werklikheid van die magte van die duisternis in dié situasie nie wegredeneer word nie. Juis die werklikheid beteken dat die kerk, die volk van God, 'n harde stryd moet voer om sy gehoorsaamheid aan God en sy Woord uit te leef in die wêreld.

Die geskiedenis van die kerk word dus in 'n sekere sin bepaal deur twee faktore: die almag van God wat die geskiedenis beheer en die sondaarmens wat self besluit en doen en dan nie altyd in gehoorsaamheid aan die Woord van God nie, maar eerder in botsing daarmee. Juis hierdie teenspraak, inherent in die wêreld, gee aan die geskiedenis die kinkels en kronkels wat nie altyd verklaarbaar is nie.

2.5 Die taak van die kerkgeskiedenis

Die geskiedenis van die kerk is die geskiedenis van die Heilige Gees wat deur en in die kerk in die wêreld werksaam is. Daarom is dit nie voldoende om in die kerkgeskiedenis net die geskiedenis van die kerk as 'n menslike gemeenskap te beskrywe nie. Die kerkgeskiedenis moet ook, in die beskrywing van die teologie en die teologiese werksaamheid in en van die kerk aantoon hoe die Heilige Gees die volk van God gelei het in die gehoorsaamheid aan die Woord van God. Juis so moet die vertikale verbondenheid van die kerk aan God minstens aangedui word.

Nou word dit duidelik dat die vertikale lyn in die kerkgeskiedenis, of wel die geskiedenis van die handele van Jesus Christus, die hoof en Here van die kerk, alleen deur die geloof vasgestel kan word en nie sondermeer histories-wetenskaplik vasstelbaar is nie. Hierby moet twee sake in ag geneem word:

- * Die wetenskaplike vasstelling van sake wat alleen vir die geloof verstaanbaar is, is 'n taak wat die kerkgeskiedenis met die teologie as sodanig gemeenskaplik besit. Juis daarom is dit noodsaaklik dat die kerkgeskiedenis sy band met die skriftuurlik-bepaalde teologie sal behou.
- * Die kerkgeskiedenis mag nooit vergeet dat hy die geskiedenis van die tussentyd beskrywe nie. Daarom moet die kerkgeskiedenis dit steeds in die oog hou dat die geskiedenis beëindig word deur die wederkoms van Jesus Christus. Die spanning in die geskiedenis en die verwagting van die eindtyd mag in die kerkgeskiedskrywing nie ontbreek nie. Dit is belangrik, want die kerkgeskiedenis kan, as teologiese vak waar die geskiedenis van die kerk se pelgrimstog deur die wêreld en die tyd beskrywe word, nooit net terugkyk nie, maar moet daar ook 'n bepaalde toekomsgerigtheid hê. Die einddoelwit van die kerk sal, soos dit die lewe van die kerk bepaal, ook 'n rol speel in die beskrywing van die geskiedenis van die kerk.

2.6 Die dilemma van die kerkgeskiedenis

Na aanleiding van dit wat pas gesê is, is dit duidelik dat die kerkgeskiedenis van die begin af 'n bepaalde probleem met hom saamdra. Dit hang saam met die verstaan van die begrip 'kerk'.

Eensyds is die kerk 'n gemeenskap van mense waar die mens 'n duidelike rol speel en met sy besluite en handeling die koers van die kerk bepaal. So is dit moontlik om 'n geskiedenis van die kerk te skrywe deur net op die mens, sy doen en late te let. As die standpunt konsekwent deurgevoer word, dan bestaan daar eintlik nie so-iets soos kerkgeskiedenis nie. Dan is wat ons 'kerkgeskiedenis' noem slegs 'n onderdeel van die algemene mensgeskiedenis. As 'n onderdeel van die algemene mensgeskiedenis moet die kerkgeskiedenis volgens die geldende historiese navorsingsmetode nagevors en geskryf word. Dan word dit ook duidelik dat daar in so 'n beskouing nie plek is vir 'n teologies-bepaalde manier van geskiedskrywing nie.

Andersyds is dit ook waar dat die kerk 'n gemeenskap van mense is, maar daarby bly dit nie. Die kerk is 'n gemeenskap van gelowige mense en as sodanig is die kerk ook die liggaam van Christus, die volk van God, die kudde van die Herder. Daarmee word dan gesê, of selfs sterker, bely dat Jesus Christus die hoof van die

kerk is en dat Hy die kerk lei deur Woord en Gees. Hieruit kom dit na vore dat die geskiedenis van die kerk meer is as net die verhaal van die doen en late van gelowige mense, want die geskiedenis en die voortgang van die geskiedenis word deur God bepaal. Dit is egter 'n geloofsuitspraak en is 'n waarheid wat nie sondermeer vir die ongelowige toeganklik is nie. Vir die gelowige egter is dit duidelik dat die begin, die sentrum en die einde van die geskiedenis deur God bepaal is en dat Hy die mens as werktuig gebruik om alles na sy einddoel te laat beweeg. Hierdie saak moet ook in die kerkgeskiedenis gestel word as dit werklik geskiedenis van die kerk wil wees.

Eusebius van Caesarea het reeds begin om die kerkgeskiedenis te beskrywe as die stryd tussen God en die duiwel. Aan die hand hiervan eis sommige kerkhistorici vandag nog dat sowel die transendente as immanente kant van die kerk in die kerkgeskiedenis beskryf moet word. Dit bly egter 'n baie moeilike, indien nie onmoontlike opgawe nie. Die geskiedenis is immers nie 'n bykomende openbaringsbron of 'n terrein waar God sondermeer deur en uit sy handeling geken kan word nie. Miskien moet 'n mens hier veel eerder vashou aan die opmerking van Martin Luther dat God selfs in sy openbaring 'n vir ons verborge God bly. Hierdie uitspraak is nog meer waar van die geskiedenis. Dit is vir die mens onmoontlik om trefseker en sonder teenspraak God se handeling in die geskiedenis aan te dui.

Tog bly dit waar dat die gelowige historikus wat wéét dat God self die gang van die geskiedenis bepaal, dit ook sal moet uitspreek. Dit sal egter dan 'n geloofsuitspraak wees, aangesien dit nie altyd wetenskaplik bewysbaar is dat God op 'n sekere wyse opgetree het nie. So word dit duidelik dat die historikus se siening en verstaan van die geskiedenis grotendeels bepaal word deur sy vooronderstellings en uitgangspunte. Die gelowige kerkhistorikus sal altyd weet dat langs sy interpretasie en verstaan van die geskiedenis daar ook 'n ander moontlikheid bestaan. Enige poging om uit die geskiedenis of die eie-tyd reglynig 'n handeling van God raak te sien, moet steeds rekening hou met die feit dat die geskiedenis nie 'n openbaringsbron is nie. Hier moet 'n mens weer sorgvuldig na die uitspraak van Karl Barth (KD III/3, S.27) kyk:

Er besteht darin, dass der Mensch, vom Worte Gottes gefangen genommen und frei gemacht, im dunklen Weltgeschehe nicht ohne Licht ist und also auch immer Licht sieht.

Man bemerke nochmals: nicht das Licht, in welchem alle Dinge vor Gott offen sind, nicht die Offenbarung und Schau des Geheimnisses der Geschichte, aber das, solches, so viel Licht, als es dem glaubenden Menschen zu seiner Zeit und an seinem Ort nach Gottes Urteil zu haben nötig und heilsam ist, und als Gott selbst es ihm darum geben will.

Dit beteken uiteindelik dat die kerkhistorikus in sy beoordeling van die geskiedenis versigtig moet wees. Immers, die maatstaf waarmee beoordeel moet word, is nie die opvatting van die historikus nie, maar die oordeel van die Skrif en die kerk. Dit beteken dat dit 'n oordeel is wat gevorm en bepaal word deur die geloof van die kerk soos dit in die belydenisskrifte omskryf word. Die historikus se beoordeling is dus altyd 'n betreklike oordeel, want hoewel dit bepaal word deur die geloof, kan dit nooit meer as 'n menslike oordeel wees nie.

Die volgende boeke is vir verdere studie oor hierdie onderwerp van belang:

Berkhof, H 1958. *Christus de zin der geschiedenis*. Nijkerk: Callenbach.

Butterfield, H 1954. *Christianity and history*. London: G Bell & Sons Ltd.

--- 1954. *Christianity in European history*. London: Collins.

Dreyer, P S 1974. *Inleiding tot die filosofie van die geskiedenis*. Pretoria: HAUM.

Geyl, P 1956. *Gebruik en misbruik der geschiedenis*. Wolters: Groningen.

Meinhold, P 1967. *Geschichte der kirchlichen Historiographie*. (Twee dele.) München: Verlag Karl Alber.

Mönnich, C W 1959. *De weg en de wegen*. Amsterdam: Moussault's Uitgeverij.

Nigg, W 1934. *Die Kirchengeschichtsschreibung: Grundzüge ihrer historischen Entwicklung*. München: E H Beck'sche Verlagsbuchhandlung.

Dit is nogal 'n interessante kommentaar op die kwaliteit van die teologie dat, na my wete, die laaste klompie jare geen verdere studies van belang op hierdie terrein verskyn het nie.



Hoofstuk 3

Oorsig oor die beginjare

3.1 Inleidend

Die vestiging en voortgang van die Christendom in Wes-Europa word sterk gestimuleer as Clovis, die koning van die Franke, in 496 die Rooms-Katolieke geloof aanvaar. Sy besluit het dit vir die kerk moontlik gemaak om nie net die Christendom nie, maar ook die Grieks-Romeinse kultuurbesit aan die Germane oor te dra.

In die gebiede wat as die Lae Lande bekend staan, is die Christendom reeds vroeg onder die Saksers gevestig. Aan die einde van die vierde eeu is daar reeds bisdomme in Keulen en Kamerijk. Teen die sewende eeu is die suidelike deel van die Lae Lande vir die Christendom gewen. Die Germane wat noord van die Ryn woon, verset hulle egter teen die kersteningspogings.

Die saak verander as Karel Martel in 734 die Friese militêr verslaan. Karel se steun aan die kerk laat die Christendom vinniger groei. Dit is ook te danke aan die toegewyde werk van die Ierse monnik, Willibrord wat vanaf 690 in die Lae Lande werksaam is. Wanneer Willibrord in 739 sterf, is die kerk al stewig gevestig, ook danksy die steun van die wêreldlike owerhede. Geleidelik is die Christendom uitgebrei en teen 800 is die noordelike deel van die Lae Lande oorwegend Christelik met die bisdom Utrecht as 'n belangrike sentrum. Geleidelik word deur die vestiging van kloosters en kloosterskole die Latynse kerklike kultuur en beskawing aan die Germane aldaar oorgedra.

Die Lae Lande wat onder die gesag van die Frankiese konings staan, deel in die lotgevalle van die Frankiese heersers. In die tyd van Karel die Grote (768-814) deel die Lae Lande in die welvaart van Karel se ryk. Ná Karel se dood verbrokkel sy ryk vanweë die onderlinge rusies tussen sy seuns. Die verswakking van 'n sterk sentrale gesag lei daartoe dat die adel sterker na vore tree en self oor hulle besittings die septer begin swaai. So word die eerste tree gegee in die ontwikkeling van die feodale stelsel wat die struktuur van die gemeenskap in die Middeleeue bepaal.

Vanaf hierdie vroeë begin het die Christendom, dit wil sê die Christelike geloof en die Christelike beskawing soos uitgeleef deur monnike, geleidelik uitgebrei.

Hoewel nie hier aandag gegee word aan die kerkgeskiedenis gedurende die Middeleeue nie, is dit tog belangrik om daarop te let dat die invloed van Bernard van Clairvaux en Franciscus van Assisi ook in Nederland deurgewerk het. Net soos in die res van die Rooms-Katolieke Kerk was die monnikevroomheid met sy klem op die goeie werke en die voortdurende gebed en viering van die mis bepalend.

'n Insiggewende bron op die geskiedenis van die Lae Lande is

Classen, G 1981. *'n Historiese blik op die Lae Lande*. Pretoria: HAUM.

3.2 Geert Grootte

Uit die monnikevroomheid van die Rooms-Katolieke Kerk kom Geert Grootte na vore. Gebore in 1340 in Deventer, studeer hy in Parys in die regte, teologie en medisyne. Nadat hy in aanraking kom met Hendrik Egger, 'n Kartuisermonnik, verander sy lewe. In 1374 stel hy 'n deel van sy huis in Deventer tot beskikking van vroue, sodat hulle daar 'n gemeenskap kan vorm waarin hulle hulleself aan God toewy. In 1379 word hy as diaken gewy waarna hy in die openbaar optree as boeteprediker en eis dat die gemeenskap en kerk die asketiese lewenstyl sal bevorder.

In die vyf jaar wat Grootte in die openbaar optree, vestig hy, naas die vrouebeweging, ook verskillende manne-tehuisse. Diegene wat tot die tehuisse toegetree het, het elke vorm van persoonlike besit afgewys en hulle werkkrag in diens van die hele groep gestel. Hierdie inwoners van die tehuisse was nie kloosterlinge nie, want hulle het nie 'n kloostergelofte afgelê nie, hoewel hulle hulle lewe geslyt het in 'n asketiese lewenstyl. Hierdie groepe manne wat hulle besig gehou het met asketiese oefeninge om so tot volmaakte heiligheid te kom, het hulleself die 'Broeders van het gemeene leven' (dit is, gemeenskaplike lewe – Latyn: *communis vitae*) genoem. Hierdie beweging het ook ná Grootte se dood in 1384 groot invloed uitgeoefen, omdat hulle nie soos kloosterlinge eenkant geleef het nie. Hierdie 'Broeders' het hulle in hulle vroomheid sterk op die Bybel gerig, Bybeltekste en perikope oordink en veral deur hulle ingetoë lewenstyl heelwat navolging gehad. Juis hierdie toespitsing van die aandag op die Bybel bring Johan Schutken (in 1423 oorlede) daartoe om die Psalms en die Nuwe Testament uit Latyn te vertaal. Die 'Broeders' het dié vertalings vermeerder en dit so in 'n breër kring buite die kerk beskikbaar gestel. 'n Groot effek kon dit nie gehad het nie, omdat die getal afskrifte uiteraard beperk was en omdat nie almal kon lees nie.

Hierdie beweging wat ná Grootte se dood gelei is deur Floris Radewijns, was die impuls vir die sogenoemde *Moderne Devotie*-beweging. Uit dié beweging het 'n aantal kloosters gegroei waarvan die eerste in 1387 te Windesheim tot stand kom. In 1408 het uit die 'Susters van het gemeene leven'-beweging ook 'n klooster ontstaan.

Die inhoud van die *Moderne Devotie* was eenvoudig. Die uitgangspunt was die oefening in selfverloëning waardeur hulle vroomheid 'n ingetoë karakter gekry het. Hulle vernaamste inkomste was uit die oorskryf van boeke en die instandhouding van koshuise vir skoolkinders. Juis so het hulle, wat die opvoeding betref, groot invloed gekry, want in hulle koshuise het hulle die kinders in aanraking gebring met hulle lewenstyl. 'n Franciskaanse boeteprediker het in 1471 van die 'Broeders' gesê: 'Hulle gee aan die leerlinge geen wetenskap en wysbegeerte nie, maar die melk van Christus en as sodanig lewer hulle baie kandidate vir die *clerus* en die klooster.'

Die bekendste figuur wat uit hierdie beweging na vore gekom het, was Thomas van Kempen. Gebore in 1380 het hy as skolier onder die indruk van Floris Radewijns gekom en in 1399 lid van die gemeenskap geword. Aanvanklik was hy 'n oorskrywer van boeke, maar begin dan om sy eie gedagtes op skrif te stel. Sy werk, in Latyn geskryf ten behoeve van die kloostergemeenskap, is in 1420 saamgevoeg onder die titel *De Imitatione Christi* ('oor die navolging/nabootsing van Christus'). Hoewel Thomas se outeurskap betwis is, het dit tog geblyk dat dit van sy hand afkomstig is. Die werk wat uit vier dele bestaan, handel oor:

- * vermaninge in verband met die geestelike lewe;
- * aansporing tot 'n innerlike lewe;
- * die innerlike troos;
- * voorbereiding vir die ontvang van die mis.

Hierdie introverte, byna mistieke moralisme wil die gelowige aanspoor om homself vir God aanvaarbaar te maak om so die heil te ervaar. Die boekie het 'n besondere populariteit geniet, is omtrent in alle tale vertaal (ook in Afrikaans) en word tot vandag nog gelees. Dit adem die gees en ingesteldheid van die *Moderne Devotie* wat die ingetoënheid beklemtoon het en die strewe na mag, eer en stoflike besittings afgewys het. Die werkie is 'n tipiese voorbeeld van die monnikvroomheid en die vroomheidsideaal van die laat-Middeleeue. Hier word al die klem gelê op die moralisme, die menslike daad, die menslike besigwees om hom vir God aanvaarbaar te maak. Dit gaan hier nie in die eerste plek om die geloof in Jesus Christus van die Skrif nie, maar om die mens wat, ondersteun deur die genademiddele van die kerk, homself kan en moet aanvaarbaar maak vir God. Daarom is hierdie publikasie vandag steeds populêr in die godsdienstige strominge waar die mens en sy dade op die voorgrond staan. Thomas is in 1471 oorlede en by die klooster, waar hy geleef en gewerk het, begrawe.

Naas die beweging van die 'Broeders van het gemeene leven' en 'Susters van het gemeene leven' kom daar teen die einde van die veertiende eeu ook 'n beweging in die kloosters na vore wat 'n streng onderhouding van die ordereëls en die monniken- en nonnegelofte eis, dit juis om 'n geneigdheid na verwêreldliking teen te werk.

Literatuur wat in hierdie verband geraadpleeg kan word, is onder andere die volgende:

Post, R R 1940. *De Moderne Devotie*. Amsterdam.

--- 1957. *Kerkgeschiedenis van Nederland in de Middeleeuwen*. Antwerpen.

Van Zyl, P 1963. *Gerard Groot, ascetic and reformer, 1340-1384*. Washington.

3.3 Die Humanisme in Nederland

Die 'Broeders van het gemeene leven' en 'Susters van het gemeene leven' het, deur hulle afwysing van die kloosterlewe en die beklemtoning van 'n asketiese, diensbare lewe in die wêreld, 'n bydrae gelewer om die koms van die Hervorming voor te berei. 'n Tweede beweging wat ook as voorbereidend vir die Hervorming gesien kan word, is dié van die Bybelse Humanisme. Die Bybelse Humanisme het aangeknoop by die beweging in die Nederlande om die skool en die skoolopvoeding te verbeter. Veral in die jare ná 1475 begin die Humanisme invloed uitoeven. Die Humanisme, wat in 'n sekere sin beskou kan word as die uitmond van die Renaissance op die vlak van onderwys en skool, het sy oorsprong in Italië. Hierdie beweging wat vanuit die mens redeneer, wil nie sondermeer die oorgelewerde waarhede aanvaar nie, maar alleen dit wat deur die eie ondersoek vasgestel is; vandaar die tipies-Humanistiese slagkreet: terug na die bronne (*ad fontes*).

In Italië het die herontdekking van die groot Romeinse verlede 'n sterk nasionale inslag aan die Humanisme besorg. Uit entoesiasme vir die skrywers van die (heidense) klassieke Rome en Athene het die Humanisme in Italië soms te ver gegaan en heeltemal sekulêr geword.

Die Humanisme, soos dit in Duitsland en Frankryk na vore kom, beweeg egter nie in daardie rigting nie. Ook hier wil die Humanisme terug na die bronne, maar die bron is dan die Bybel. In hierdie studie word dit duidelik dat daar 'n groot verskil is tussen die kerklike taalgebruik en die uitdrukkingswyse van die vroeë Christelike skrywers. So kry hulle oog vir die verskille in die kerk soos dit was en soos dit geword het.

Die Bybelse Humaniste wat hulle met groot ywer aan die studie gewy het, was daarvan oortuig dat hulle kennis van die klassieke tale en hulle studie van die Bybel hulle nie alleen innerlik sal verryk nie, maar ook die samelewingsvorm sal verander. Hierdie Bybelse Humaniste wat ook vir Rudolf Agricola (1444-1485) insluit, het geleidelik 'n eiesoortige groep geleerdes geword wat 'n groot invloed uitgeoefen het op die skool- en uiversiteitswêreld. In dié kringe was daar 'n groeiende ongeduld met die onkunde van sommige priesters en ampsdraers van die Rooms-Katolieke Kerk.

3.4 Wessel Gansfort (1419-1489)

Gansfort wat in sy jeugjare op skool in aanraking kom met die 'Broeders', was ook goed bekend met Thomas á Kempis. Daar leer hy die strewe na deemoed, gehoorsaamheid en selfopoffering ken. Sy dors na kennis laat hom daarteen besluit om monnik te word.

Vanaf 1449 hou Gansfort hom besig met akademiese studie aan verskillende Europese universiteite, onder andere te Keulen, Parys en Heidelberg, waar hy nie net die klassieke tale bestudeer nie, maar ook teologie, filosofie en geneeskunde. Tydens besoeke aan Italië leer hy die Humanisme ken. Geleidelik word hy 'n beroemde geleerde wat aan verskillende universiteite professorate beklee. In 1475 keer hy terug na Nederland waar hy groot invloed uitgeoefen het. In wese het hy die Bybelse Humanisme in Nederland gevestig. Dit is opvallend dat Gansfort volkome breek met die Thomisties-skolastieke teologie van die Rooms-Katolieke Kerk en meer Augustyns-platonies dink en redeneer. In heelwat opsigte wyk hy af van die Rooms-Katolieke leer deurdat hy die onfeilbaarheid van die pous en die konsilies ontken en dit bevraagteken of die pous die sleutelmag besit. Terselfdertyd bevraagteken hy die *satisfactio operis* by die biege en verwerp hy die aanspraak van die pous dat hy met die aflaat ook ewige strawwe kan vergewe. Die pous kan slegs kerklike straf kwytstel. Daarby het Gansfort gestel dat Jesus Christus ook, buiten die Nagmaalsakrament (die mis), liggaamlik op aarde teenwoordig kan wees om die gelowiges by te staan.

Gansfort het in Nederland groot invloed uitgeoefen en die Bybelse Humanisme daar gevestig. Juis daarom was daar 'n bepaalde kritiese gees te bemark ten opsigte van die oorgelewerde Rooms-Katolieke leer. Gansfort is 'n Bybelse Humanis in so verre hy, deur 'n diepgaande studie van die bronne van die vroeë kerk, die Bybel reg wil verstaan; daarom trek hy vraagtekens oor die Rooms-Katolieke leer, sonder dat hy egter die grondfoute van die Rooms-Katolieke Kerk en sy leer raaksien.

In verband met Gansfort kan die volgende geraadpleeg word:

Eckhof, E 1917. *De Avondmaalsbrief van Corn Hoen*. Den Haag.

Van Rhijn, M 1917. *Wesel Gansfort*. Groningen.

--- 1920. *Studiën over Wesel Gansfort en zijn tijd*. Groningen.

3.5 Desiderius Erasmus (1467-1535)

Die invloedrykste figuur van die Bybelse Humaniste was ongetwyfeld die priesterseun Erasmus. Hy het egter die grootste deel van sy lewe buite sy vaderland deurgebring. Nadat hy aanvanklik 'n Humanistiese taalkundige was, sien hy dit as sy taak om die inhoud van die Nuwe Testament en die geskrifte van die vroeë kerkvaders

weer te populariseer. Na sy mening kan die kerk vernuwe word indien al die ontwikkelde en geleerde sou terugkeer na die bron – dit wil sê die eenvoudige aanwysings van die *Bergrede* waar Jesus as leermeester van die mensdom na vore tree.

Erasmus se opvattinge en sy werk, asook sy skerp kritiek op die misstande in die Rooms-Katolieke Kerk, word veral deur skoolmeesters en die ontwikkelde gelees. Sy opvoedingsideaal dat net 'die goeie' in die mens ontwikkel moet word, het veral in onderwyskringe groot invloed gehad.

Hoewel Erasmus sy lewe lank priester en toegewyde seun van die Rooms-Katolieke Kerk bly, het sy werk tog baie mense se oë geopen vir die onhoudbare in die Rooms-Katolieke tradisie. Daarby het hy, net soos Gansfort, die gedagte geopper dat 'n verbintenis met God moontlik was buite die vaste vorm van die Rooms-Katolieke erediens. In dié sin het ook Erasmus gehelp om die Hervorming voor te berei.

Oor Erasmus kan onder andere gelees word:

Bainton, R H 1970. *Erasmus of Christendom*. London: Collins.

Huizinga, H 1947. *Erasmus*. Haarlem: H D Tjeenk Willink & Soon.


Lindeboom, J 1909. *Erasmus, onderzoek naar zijne theologie en zijn, godsdienstig gemeedsbestaan*. Leiden: Adriani.

3.6 Slotopmerking

Aan die begin van die sestiende eeu het die byna vanselfsprekende eerbied vir die priesters, die kloosterlinge en die kerk gedaal vanweë die ooglopende misstande in daardie kerk. Daardeur het die gesag en aansien van die kerk 'n knou gekry. Oor die algemeen het die Rooms-Katolieke Kerk nog 'n sentrale posisie ingeneem en is nog, op geestelike gebied, alles van die kerk verwag. Die invloed van die *Moderne Devotie* en die opkomende Bybelse Humanisme het die behoefte na 'n praktiese vroomheid laat groei. As dit dan blyk dat die kerk in die uitvoering van sy taak te kort skiet, dan ontstaan die neiging om aansluiting te soek by dié groeperinge en strominge wat aan die behoeftes voldoen het.

Die Bybelse Humaniste het, in die gees van Erasmus, 'n kerklike vernuwingspropageer. Hoewel hulle vasgehou het aan hulle lidmaatskap van die Rooms-Katolieke Kerk, het hulle wel hervorming in die kerk geëis. Hierdie Bybelse Humaniste het hulle aanhang veral gevind onder die beskaafde, boonste laag van die bevolking, by die stedelike regeerders, onder die geletterde kloosterlinge en priesters en onder die adel. Hoewel hulle getalle nie so groot was nie, was die kwaliteit van die Bybelse Humaniste tog iets wat gewig gedra het. Onder die Bybelse Humaniste kan die name gereken word van die Groningse Franciskaanse priester Spengenberg, asook die Dominikaan, Wouter wat in 1510 in Utrecht teen die kerklike misstande

protesteer. Ook in 1510 het die Rooms-Katolieke priester Gellius Faber in Friesland begin om in Bybelse trant te preek. So word dit duidelik dat die gedagtes van die Bybelse Humaniste ook in breër kring uitgedra is, hoewel dit nie dieselfde erns en grondige kritiek as die Hervorming verteenwoordig het nie.



Hoofstuk 4

Die begin van die Kerkhervorming

4.1 Inleidend

In die begin van die sestiede eeu word die Nederlandse geweste deur drie vorste regeer. Hertog Karel van Gelre was nie net heerser van Gelderland nie, maar vanaf 1513 ook van Groningen en Drenthe, sedert 1522 van Overijssel en Friesland. Hy verloor egter die meeste van die besittings aan Karel V. Wanneer Karel van Gelre in 1538 sterf, erf Willem van Gulik sy hertogdom, maar moet dit ook afstaan aan Karel V.

Die tweede bewindhebber was Filips van Bourgondië, biskop van Utrecht en landsvors van die provinsies Utrecht en Overijssel. In 1522 verloor hy Overijssel. Sy opvolger as biskop, Hendrik van Beiere, het in 1528 afstand gedoen van die wêreldlike gesag in sy bisdom.

Die derde bewindhebber was Karel van Oostenryk wat in 1515 Graaf van Holland en Zeeland word, in 1517 koning van Spanje en in 1519 keiser van die Heilige Romeinse Ryk van die Duitse nasie. In 1523 word hy heerser van Friesland, in 1528 van Overijssel en Utrecht en in 1536 van Groningen en Drenthe. In 1543 het hy die hertog van Gelderland vervang en sodoende al die Nederlandse provinsies onder sy gesag verenig – die suidelike provinsies was buitendien deel van sy erflande.

In die beginjare van die sestiede eeu was Margaretha van Oostenryk, 'n tante van Karel V, die landvoogdes en vorstin. Ná haar dood het Karel V self regeer. Hy het die privilegies van die adel en die stede so gehandhaaf dat daar vrede, voorspoed en veiligheid geheers het.

Die eerste roering van die Hervorming het nie ontstaan vanweë verset teen die owerheid nie, maar omdat die bevolking vanweë verset teen die kerklike wantoestande gesoek het na 'n beter bevrediging van hulle godsdienstige behoeftes.

4.2 Die invloed van Martin Luther

In Nederland het Luther se prediking teen die afluathandel veral in Antwerpen, die Suid-Nederlandse hawestad, weerklink gevind. Daar was ook 'n klein klooster van Augustyner Eremiete met aan die hoof Jacobus Praepositus. Sommige van hierdie monnike was persoonlike vriende van Luther en veral Praepositus het Luther se gedagtes uitgebrei. In 1518 was daar reeds van Luther se eerste geskrifte te koop in Antwerpen.

Luther se aanvanklike aanval op die afluathandel het spoedig verder gegaan toe hy stel dat 'n mens deur die geloof alleen die onverdiende vryspraak van God ontvang. Duidelik dui Luther aan dat die Bybel die bron van die geloof is en dat 'n mens alleen deur die Bybel vir Christus kan ken. Geleidelik brei sy protes uit as hy alles in die kerk beoordeel volgens die maatstaf van die Bybel en hy alles verwerp waarmee die mens homself teenoor God wil handhaaf of God se genade wil verwerf.

Vanweë die feit dat Luther sy gedagtes in boek- en pamfletvorm publiseer en dit so wyd versprei word, het hy spoedig dwarsoor Europa navolgers. Maar die Rooms-Katolieke Kerk kom ook in verweer en in 1520 veroordeel die Universiteit van Leuven Luther se geskrifte en word 'n tagtigtal verbrand – dit ook omdat Karel V die verbreiding van Luther se opvattinge in sy ryk veroordeel.

Nieteenstaande hierdie gebeure verskyn daar so vroeg as 1520 Nederlandse vertalings van Luther se werk, waarskynlik vertaal deur Praepositus, in Antwerpen. Nadat Luther in dieselfde jaar deur die pous veroordeel is, styg die belangstelling vir sy werk en in Nederland het veral die Humaniste baie aandag aan sy publikasies gegee, onder andere die juris Cornelis Hoen, die Utrechtse skoolhoof Hinne Rode asook die Den Haagse skoolhoof Gnapheus en Canirivus uit Delft. Hulle optrede het egter die argwaan van die Rooms-Katolieke Kerk asook Karel V verskerp en al meer word krities na dié kringe gekyk. So skerp word die verdelingslyne getrek dat Erasmus in 1521 Leuven verlaat en hom in Basel vestig. Praepositus wat in Julie 1521 te Wittenberg gepromoveer het, het ná sy terugkeer uit Wittenberg openlik teen die afluathandel gepreek. Hy word egter deur die Inkwisisie aangekeer en, net soos die stadsekretaris Gnapheus, herroep hy sy opvattinge.

Daarvandaan verskerp die kerklike owerhede hulle optrede. In Oktober 1522 word die Augustyner Eremieteklooster in Antwerpen gesluit en die monnike gevang. Twee van hulle – Hendrik Voes en Jan van Essen – weier om hulle uitsprake te herroep en op 1 Julie 1523 word hulle in Brussel verbrand. Naas hierdie optrede was die owerhede aanvanklik onmagtig om die verspreiding van boeke en geskrifte te keer. Verskillende Bybelvertalings word in dié tyd gedruk. So besorg Joh Pelt 'n vertaling van Matteus. Die drukker Jacob van Liesveldt van Antwerpen publiseer

op sy beurt Nuwe-Testamentiese gedeeltes in vertaling. Dan verskyn daar in 1523 ook in Antwerpen 'n vertaling van die Nuwe Testament op grond van Luther se vertaling en in 1526 by Liesveldt 'n volledige Nederlandse Bybel.

Daarnaas skryf Hendrik van Bommel (1500-1570) 'n *Summa der godliker Schrifturen* waarin hy Lutherse opvattinge na vore bring. Betreklik gou is hierdie Bybelvertalings en Van Bommel se *Summa* deur die Rooms-Katolieke Kerk verbied.

Die Lutherse hervorming was egter hoofsaaklik tot Antwerpen beperk. In die noordelike Nederlande het die Lutheranisme nie 'n staanplek verwerf nie. Tog was Luther se invloed groot, behalwe dat sy Nagmaalsleer min aanvaarding vind en sy polemiese geskrifte weinig verspreiding vind. Sy stigtelike werke word egter wyd gelees. Oor die algemeen was Luther se invloed meer suggestief as enigiets anders. Sodra die tipies Lutherse leerstellings na vore kom, verdwyn dit weer. Daar kan gesê word dat die Nederlandse volksbodem wel die saad van die Lutherse hervorming ontvang het, maar dit het nie ontkiem en wortel geskiet nie. Tot 1567 is daar in Nederland nie werklik 'n inheemse, Nederlandse Lutheranisme nie.

Literatuur in hierdie verband is

Pont, J W 1911. *Geschiedenis van het Lutheranisme in de Nederlanden tot 1618*. Haarlem: De erven F Bohn.

4.3 Die Sakramentariërs

Naas die Lutherane ontstaan 'n ander groep in Nederland wat duidelik van Luther verskil. In 1525 word die priester Jan de Bakker (Pistorius) gevange geneem vanweë die leer wat hy op geheime samekomste na vore gebring het. In sy ondervraging het hy hom op die Bybel beroep en die kerklike leerstellings wat daarmee bots, verwerp. Na sy verbranding in 1525 is ander 'kettere' tot die dood veroordeel, net omdat hulle die leer van die transsubstansiasie van die elemente in die mis verwerp het. Hierdie mense word deur hulle teenstanders 'Sakramentariërs' genoem omdat hulle veral die Rooms-Katolieke leer van die altaarsakrament afwys.

Die Sakramentariërs se opvattinge kan afgelei word van die *Sermonen op alle die evangeliën* wat in 1520 verskyn en wat nie Luthers is nie en ook nie presies die opvattinge van Zwingli volg nie. Dit gaan in hierdie beweging van die Sakramentariërs nie net om die sakrament nie, maar om 'n Bybelse vroomheid, wat suiwerheid van leer en lewenswandel vra. Dit beteken 'n verwerping van alles in die kerk wat nie aan die eenvoudige evangelie beantwoord nie. Hier word klem gelê op die Bybelse eenvoud volgens die aanwysing van die evangelie, 'n persoonlike geloof wat sonder die bemiddeling van heiliges, op God en Jesus Christus gerig is. Daarby is daar 'n

sekere ondogmatiese verstaan van die geloofswaarhede, 'n geloof wat primêr volgestrekte vertroue is.

Hierin kan die invloed van Erasmus van Rotterdam nie onderskat word nie. Hy kweek deur sy invloed 'n Hervormende beweging wat vir 'n groot deel bepaal word deur sy Humanistiese gees. Hier moet gelet word op die dubbele betekenis van die begrip 'Humanisme'. Eerstens dui die begrip op die gerigtheid na die geestelike beskouing van die ou Grieks-Romeinse oudheid, die literatuur en gedagte-wêreld van daardie tyd. Dit bring mee die studie van die skriftelike nalatenskap van die 'Klasieke Oudheid', die studie van die tale Latyn en Grieks en die hoë waardering vir alle bronnestudie. Hierdie terugkeer *ad fontes* word 'n beginsel van die Bybelse Humanisme met hulle klem op Bybel- en teologiese studie.

Die Bybelse Humanisme rig die aandag veral op die heilige Skrifte en leer die kerk en die gelowiges om primêr na die Woord te luister wat die bron is van alle teologie, geloof en vroomheid. Die Bybelse Humanisme wil terselfdertyd die klasieke geestesbeskouing en die Bybelse teologie en vroomheid in een geheel saamvat. Daarin lê die grondwaling van die Bybelse Humanisme. Tog slaag die Bybelse Humanisme wel daarin om die verband tussen teologie en persoonlike geloof en vroomheid, wat deur die Rasionaliserende Skolastiek verbreek is, te herstel. Die Bybelse Humanisme slaag daarin om die suiwere Bybelkennis as voorwaarde vir alle teologie te stel deur die Bybel weer in die hande van elke gelowige te plaas en so-doende die algemene priesterskap van die gelowige te bevorder.

In die tweede plek beteken Humanisme dat in dié beweging die klem lê op die algemeen-menslike én die natuurlik-geopenbaarde wat, op grond van die optimisme van die Grieks-Romeinse denke, geoordeel word in elke mens aanwesig te wees. Die ideaal van die Bybelse Humanisme is dan ook om hierdie algemeen-menslike, natuurregtelike gegewene in elke mens tot ontwikkeling te bring om die natuurlike kind-van-God bewus te maak van die band wat hom aan die Vader bind. Daarom word geoordeel dat die algemeengeldende beginsels van die sedelike lewe, soos Plato en die Stoïsyne dit geleer het, die sedelike en godsdienstige lewe van die mens bepaal. Die Bybelse Humanisme meen dat die Christendom beantwoord aan die algemene sedelike en religieuse strewe van die mens en dit nog verder, deur die karakter van die besondere openbaring, onderstreep. Daar is dus geen teenstelling nie, slegs 'n voltooiing. In hierdie beskouing, waar die vraag van die verhouding tussen die algemene, natuurregtelike openbaring en die besondere, Bybelse openbaring nie juis gestel word nie, word gepoog om die twee, teenstellendes saam te vat. Soos dan gewoonlik gebeur, word die primaat nie aan die besondere, Bybelse openbaring gegee nie, maar word dit slegs gebruik om dié waardes wat uit die algemene openbaring afgelei word, skriftuurlik te regverdig. Dit beteken dat in hierdie denk-

wêreld daar nie werklik 'n waardering is vir die kerklike leerstelling nie. 'n Kritiese en intellektualistiese benadering onderskei skerp tussen vorm en inhoud, verskyning en die wesenlike. Daarom is die seremonies, kerklike hiërargie en derglike as bykomstig beoordeel en selfs die geïnstitueerde kerk-in-die-algemeen is van minder belang geag as die gemeente waar daar in gees en waarheid aanbid is. Die apostoliese Jerusalemse gemeente en die apostoliese oudheid is beskou as die groot ideaal en voorbeeld van die godsdienstige gemeenskapslewe, die ideaaltipe van die Christelike vroomheid en deug. Dit is, terloops, interessant om te let op die klem wat op die vroomheid gelê word, met ander woorde op die mens se verstaan, beleving en verwerking van die evangeliese waarheid. Dit is anders as by die Reformatore waar die klem lê op die *sola fide*, die geloof wat 'n gawe van God is en nie 'n menslike 'prestasie' of iets wat die mens vir homself kan verwerf nie, maar slegs kan ontvang.

Die Sakramentariërs het daarin van die Bybelse Humanisme verskil, deurdat laasgenoemde primêr 'n beweging vir en van geleerde en belese mense was. Die Sakramentariërs wat skerp afwysend teen die misbruike en misstande, veral rondom die altaarsakrament, gestaan het, het hulle van die begin af op die breë lae van die Nederlandse kerkvolk gerig. Reeds in 1530 het die Sakramentariërs in die opelug preekdienste begin hou – 'n optrede wat later met groot sukses deur die Calviniste nagevolg is. Die Sakramentariërs was veral Nederlands en hulle voorkeur vir die ondogmatiese, Bybelse en praktiese Christendom dank hulle aan die *Devotio moderna* van Geert Groote. Daarby was die invloed van Erasmus in hierdie kringe groot, al het dit nie daartoe gelei dat die Sakramentariërs Humaniste geword het nie.

Dit is interessant om daarop te let dat veral Zwingli, die Hervormer van Zürich, opmerklieke invloed in die kringe van die Sakramentariërs gehad het. Tog het die Sakramentariërs 'n eie, kerkhervormende koers bly gaan en is hulle nie volkome 'Zwingliaans' nie. Uit verskillende geskrifte kan die teologiese rigting van die Sakramentariërs wel vasgestel word. Hierdie geskrifte handel nie net oor die Nagmaal nie, maar oor die hele teologie.

Een van die bekende figure uit die Sakramentariërkringe was Cornelis Hoen, wat op grond van die Skrif die Nagmaal slegs as 'n gedagtenis- of herinneringsmaaltyd tipeer. Hy het die instellingswoorde van Jesus by die laaste avondmaal uitgelê as sou dit beteken 'dit beteken my liggaam'.

Dit is tog interessant om daarop te let dat Hoen sy opvatting formuleer nadat hy 'n geskrif van Wessel Gansfort, *De sacramento eucharistiae* onder oë gehad het. 'n Vriend van Cornelis Hoen, Hinne Rode, hoof van 'n skool in Utrecht, het Hoen se opvatting oor die Nagmaal sowel onder Luther as Zwingli se aandag gebring in die vroeë 1520's. Dit kan aanvaar word dat Zwingli se Nagmaalsopvatting deur die gedagtes van Hoen beïnvloed is.

Die Sakramentariërs het taamlik aanhang onder die onderwysers gehad en naas Hinne Rode, kan Willem de Volder of wel Gulielmus Gnapheus genoem word wat verskeie geskrifte gepubliseer het. Gnapheus lê sterk klem op die Goddelike vaderliefde en die feit dat die gelowige 'n kind van God is, asook die geloof wat deur die liefde werk.

Dan is daar ook nog 'n anonieme geskrif, uit Sakramentariërkringe, naamlik die *Refutacie vant Salve Regina* van 1524 wat skerp kritiek op die kerklike praktyk en die *clerus* uitspreek, so ook die anonieme geskrif *Van den profheet Baruch* wat die midde-laarskap van Christus beklemtoon en die beelddiens bestry. Dan is daar die werk uit 1545 getiteld *Corte instructyey bij meester C van der Heyden – Priester*. Hy stel 'n eie Avondmaalsopvatting. Volgens hom is dit liefdesmaal en herinneringsmaaltyd. Interessant is dat hy net die Skrif aanvaar as kenbron van die waarheid, slegs twee sakramente aanvaar en ook die regverdiging deur die geloof alleen in die sentrum van sy regverdigingsleer stel.

Een van die belangrikste verteenwoordigers van hierdie rigting is ongetwyfeld Angelus Merula (1482-1557). Hy was 'n Rooms-Katolieke priester te Den Briel vanaf 1530 en word daar in 1533 weens 'Lutherse ketterye' gevange geneem. As hy veroordeel word om op die brandstapel te sterf, herroep hy sy stellings omdat hy volkome uitgeput is deur die folteringe wat hy tydens gevangenskap moes verduur. Hy het sy herroeping egter weer ingetrek en word dan in 1553 weer gevang en ter dood veroordeel. Kort voor die voltrekking van die vonnis, sterf hy.

Merula was 'n selfstandige teoloog en hoewel hy erken dat hy die werke van Luther, Melancton, Bucer, Brenz en Capito gelees het, het hy hulle nooit aangehaal nie, maar selfstandig sy gang gegaan. Naas hom kan die naam genoem word van Cornelis Cooltuyn wat in 1558 met die Rooms-Katolieke Kerk breek en na Emden gaan. Sy hoofwerk, *Het Evangelie der Armen*, is baie gelees. Hoewel hy geen Calvinis was nie, het hy veral invloed in die Londense vlugtelinggemeente gehad.

Verder is daar ook Marten Micron (1523-1559), een van die eerste voorgangers van die Londense vlugtelinggemeente. In 1552 verskyn sy *Van het Nachtmael Christi ende van de Misse* wat teen die Rooms-Katolieke Kerk was en ook nie Luthers of Calvinisties was nie. Dit hang waarskynlik saam met die feit dat hy te Zürich studeer het en veral deur Bullinger beïnvloed is. Bekend van hom is ook sy *Kleine Catechismus* wat baie gebruik is. Opvallend is dat hy in al sy strydskrifte nooit vir Calvinis aanhaal nie.

Verder kan die name genoem word van verskillende universiteitsdosente soos Petrus Bloccius, Regnerus Praedinius en Henricus Geldorpius wat almal uit die Bybelse Humanisme kom en as 'volgelinge' van Erasmus die Kerkhervorming dien. Naas Merula was die belangrikste figuur uit die kringe van die Sakramentariërs se-

kerlik Jan Gerritsz Verstege wat homself as Johannes Anastasius Veluanus (1500-1570) aandui. In 1554 publiseer hy sy *Der Leken Wechwyzer*. Hierin verkondig hy 'n Avondmaalsleer wat sterk aan Zwingli herinner. Interessant is dat hy, teenoor Luther, Calvyn en Zwingli, 'n uitverkiesingsleer en dan veral die dubbele uitverkiesing verwerp omdat dit in stryd sou wees met die liefde van God.

Sy versoeningsleer kan 'ondogmaties' genoem word. Hier stel hy dat Christus die menslike gedaante aangeneem het om die mens te verseker dat die gelowiges die erfgename van die Vader kan wees. Op tipies Humanistiese manier verskuif hy telkens die aksent in die heilsfeite en waarhede na die menslike toeëiening daarvan. Tog beklemtoon hy die weergeboorte (as daad van die mens) en sê dan dat 'n nuwe lewe noodsaaklik is, anders is die geloof sonder betekenis.

Die invloed van hierdie Sakramentariërs of nie-Calvinistiese Hervormers was aansienlik wat onder andere bepaal kan word uit die baie herdrukke wat sommige van hulle geskrifte beleef het. Die feit dat die Sakramentariërs nie die oorheersende teologiese rigting in Nederland geword het nie, maar deur die 'buitelandse' Calvinisme oorwoeker is, hang saam met die feit dat die Sakramentariërs nie 'n skool of groep gevorm het nie, maar as enkelinge gewerk het. Daarby was hulle 'ondogmatiese' teologie te vaag en te onduidelik en omlyn dat dit teen die Calvinisme kon standhou.

Hierdie Sakramentariese rigting het egter baie diep wortel geskiet in Nederland. Dit blyk veral uit die stryd wat die Calvinisme hierteen moes voer. Hierdie stryd wat met die Dordtse sinode van 1618-1619 'n hoogtepunt bereik, is nooit heeltemal in Nederland volstry nie.

In 1622 stel Hugo de Groot, die beroemde juris en partygenoot van die Remonstrante in sy *Verantwoordingh van de wettlijcke Regiering van Holland en de Wes-Vrieslant enz*

Hoewel nu 't meeste deel van de predicanten van deze lande zijn gevallen aan de zijde van de absolute praedestinatie: so is evenwel seecker dat van het beghinsel af van het oorloghe enighe predicanten, veele van de overheden ende ontallijcke lidtmaten zijn gheweest van het andere ghevoelen, twelck oock niet anders konde zijn, aangesien de aansienlijckheit die de schriften van Erasmus hadden in deze landen, als oock de aanghenamheydt van het Huysboeck Bullingeri en de van de Locis communibus Melantonis ende van seecker boeckken ghe-naemt der Leeken weghwijser in't beghinsel der Reformatie gheschreven bij Anastasium Veluanum.

4.4 Die Anabaptisme of Wederdoperdom

Die name 'Anabaptis', 'Wederdoper', 'Bondgenoot' en 'Doopgesinde' word dikwels sonder onderskeid gebruik. Normaalweg is die gebruik om die begrip 'Doopgesinde' te beperk tot die rustige sekte wat na die reorganisasie van 1536 deur Menno Simons – en daarom ook Mennoniete genoem – tot stand gekom het. Die naam 'Wederdoper' word dan gewoonlik gebruik vir die Chiliaste-van-die-daad wat in Münster hulle sentrum gevind het. Die 'Bondgenote' is spesiaal die beweging van Melchior Hoffman.

Die invloed van die Doperdom was aansienlik, omdat vele Doperse geskrifte Nederland binnegestroom het. Belangrik is die geskrif van Melchior Hoffman, *De Ordonnantie Gods* van 1530. Hier word die gedagte uitgewerk dat elke gelowige deur die doop 'n verbond met God sluit. So kom die beeldspraak voor wat later onder die radikale Dopers aanleiding tot verskillende uitspattighede gegee het, naamlik dat die gelowige 'gheheel naect ende gelaten, in des Bruydegoms bedde treden, daer die rechte gheboorte gheschiet...Daar is den ouden Adam gansch nutghetoghen, de mensch gheheel naect ende alles gijjt'.

Belangrike bestanddele van die leer van Hoffman was voorts sy opvatting oor die menswording van Jesus, in wie die Woord van God vlees geword het sonder dat Hy iets van Maria aangeneem het. Verder is daar ook sy chiliasme: die verwagting van die naderende wêreld einde en die wederkoms van Christus wat die Godsryk weer sou oprig. Hierdie werk het veel daartoe bygedra om Hoffman se invloed in Nederland te vestig en die gebeurtenisse in Straatsburg waar Hoffman tydelik gewoon het, het groot belangstelling in Nederland uitgelok.

Hoffman hou hom nêrens direk met maatskaplike toestande besig nie en sy 'Bondgenote' verwag alleen 'n nuwe, apostoliese kerk waarvan Hoffman die aankondiger of teruggekeerde Elia was. Self staan hy in sy prediking sterk op die voorgrond. Sy boodskap en sy gemeente is nie aggressief nie, maar afwagend en gelate. Sy bekeerlinge – die 'Bondgenote' genaamd – het vanuit Emden en Straatsburg Nederland binnegetrek en word onmiddellik bloedig vervolgd, hoofsaaklik omdat hulle baie skerper en radikaler teen die kerk, sy seremonies en sakramente preek as die Sakramentariërs. In Emden het Hoffman die doop (of herdoop) aan ongeveer driehonderd mense bedien onder wie vele Nederlanders was wat om godsdienstes hulle vaderland moes verlaat. As Hoffman weer na Straatsburg moet terugkeer, laat hy 'n leerling agter, naamlik Jan Volkertsz Trijpmaker uit Hoorn. Ook hy het nie lank in Emden gebly nie, maar vertrek ongeveer 1530 na Amsterdam as die kerklike en wêreldlike owerheid die wêreld in Emden vir hom te klein maak.

Oor die jare 1530-1533 is nie veel bekend van die Doperse beweging nie. Dit is die tyd van voorbereiding. In ieder geval het Trijpmaker in Amsterdam heimlik sy

leer verkondig en ook die doop bedien waar moontlik. Van sy belangrikste dopelinge is Pieter de Houtzager en Bartholomeus Boekbinder, beide figure wat later in die kringe van die Dopers belangrike rolle sou speel. Trijpmaker se werksaamhede in Amsterdam het nie baie lank geduur nie, want in November 1531 word hy gevang en in Desember van dieselfde jaar te Den Haag met ses ander onthoof 'ter cause van lutherie ende dat zijl. Hem hebben laeten herdoopen'. Oor die algemeen kan hierdie hele stroming met die begrip 'Dopers' aangedui word, wat aansluitend is by die tydgenootlike benaming *Täufer*.

In 1531 kom 'n nuwe beweging in Nederland na vore, 'n rigting wat ook spoedig die Sakramentarisme sou oorvleuel, naamlik die Anabaptisme of Wederdopers. Toe was die Hervorming 'n reeds goed verankerde beweging in alle dele van die Nederlande – in die geweste Holland, Zeeland en Friesland, Vlaandere, Brabant, Utrecht en Gelderland het die Sakramentarisme sterk deurgedring veral in die breë lae van die gewone mense. 'n Mens sou die Nederlandse Sakramentarisme van 1525-1530 die 'Protestantisme van die armes' kon noem. Die Dopers tree nou in die openbaar op met 'n radikale en fanatieke leer. Hulle optrede het veral onder die onderste lae van die gemeenskap 'n geweldige indruk gemaak. Betreklik gou het talryke geestelikes, monnike en nonne hulle by hierdie beweging aangesluit. Die beweging val Nederland binne vanuit Oos-Friesland. Volgens enkele berigte het die Doperdom in 1528 die eerste daar na vore gekom en het veral betekenis gekry toe die voormalige Lutherse predikant, Melchior Hoffman, 'n tydjie lank in Oos-Friesland verblyf hou. Direk en indirek het Hoffman 'n groot invloed gehad op die verbreiding van die Doperdom in die Nederlande. Hoffman was 'n prediker met 'n sterk eskatologiesgerigte boodskap. Vanweë die tekens van die tye en nie soseer op Bybelse gronde nie, verwag hy die spoedige terugkeer van Jesus. Na sy verblyf in Straatsburg in 1530 verwag hy die onmiddellike terugkeer van Jesus en dit bring hom tot die praktiese konsekwensie om 'n gemeente van uitverkorenes te vestig. Hy trek deur Wes-Duitsland en Nederland en verkondig sy leer en doop oral mense.

Toe Melchior Hoffman in 1533 in Straatsburg gevange geneem is, was dit vir die Doperdom in Nederland van groot betekenis, want juis in die tyd wat Hoffman tydelik van die toneel af was, het Jan Matthijsz, 'n bakker uit Haarlem, hom as leidinggewende figuur in die Doperkringe gevestig. Jan Matthijsz se eerste Reformatoriese daad was om sy eggenote die huis uit te sit en Diewer, 'n brouersdogter as lewensgesellin te neem. Van haar word gesê dat sy 'n 'schoon ionck mensch ofte persone was, ende hadde grote kennisse des Evangeliums'. Matthijsz het na Amsterdam gegaan waar hy in die kring van dopelinge van Trijpmaker homself aanbied as 'n Godgesant. Nadat hy die gemeentetjie daar met verdoemenis, hel en duivel gedreig het, het hulle hom as sodanig aanvaar.

Jan Matthijsz was 'n veel radikaler persoon as Hoffman en het dadelik van sy nuwe posisie gebruik gemaak om 'sendelinge' uit te stuur met die bevel om alle bekeerdes te herdoop – dit teen 'n gebod van Hoffman wat vanweë die vervolginge dit raadsaam geag het om nie die bekeerdes toe reeds te herdoop nie. Een van Matthijsz se eerste volgelingen in Nederland is Gerrit Boekbinder uit Nienhuis en Jan Beukelsz, beide uit die Amsterdamse gemeenskap van Trijpmaker. Spoedig is daar meerdere medestanders van Jan Matthijsz wat oral 'bekeerlinge' werf onder diegene wat reeds deur Hoffman gewen was vir die nuwe leer en elke teenstand word deur hulle beantwoord met dreigemente van die allervreeslikste aard.

Die beweging het uitgebrei, maar ook weerstand uitgelok; vroeg in 1534 moet 'n sestal van die belangrikste leiers die lewe laat terwyl die ander, belangrikste figure waar onder ook Jan Matthijsz na Münster vlug vir veiligheid. In dieselfde jaar het 'n paar van Jan Matthijsz se volgelingen die plaaslike predikante van Münster wat in die rigting van Zwingli gewerk en gedink het, oortuig van die noodsaaklikheid van die herdoop. Hierdie oorwinning maak dat Jan Matthijsz ook na Münster gaan. Hoewel daar baie inwoners is wat die herdoop verwerp en die Rooms-Katolieke biskop aanstalties maak om Münster te herower, het Jan Matthijsz besluit om van die stad 'n Doperse vesting te maak.

In Februarie 1534 besluit hy om alle 'ongelowiges' uit die stad te verban, dat die wêreld deur die swaard gereinig moet word en dat die gemeenskap van goedere ingevoer moet word. Sodra dit gebeur sou die koninkryk van God opgerig kan word en sal Münster die Nuwe Jerusalem word.

Inmiddels word Münster beleër en in 'n skermutseling op 5 April 1534 sneuvel Matthijsz. Die leiding word oorgeneem deur Jan Beukelsz, 'n kleremaker uit Leiden, ook aangedui as Jan van Leiden. Hy blyk 'n goeie organiseerder te wees en het redelike sukses in die verdediging van die stad. Hy neem die Doperse opvattinge verder en voer, na 'n beroep op die Ou Testament, veelwywery in. Gedurende September 1534 word hy gesalf as 'koning van die geregtigheid'. Daarin, so argumenteer die Doper Rothmann, kan 'n herstel van die koninkryk van Dawid gesien word wat 'n voorwaarde is vir die vestiging van die Christusheerskappy op aarde.

Ondanks oproepe om hulp word Münster op 25 Junie 1535 herower en word die meeste verdedigers doodgemaak. Jan van Leiden en twee van die ander leiers word gevang, gemartel en later verhoor. Omdat hulle hulle opvattinge oor die doop en die Nagmaal handhaaf, word hulle op 22 Januarie 1536 doodgemartel. Hulle liggamme is toe in ysterhokke aan die toring van die Lambertskerk opgehang waar hierdie hokke vandag nog hang.

In Nederland het die Dopers pogings aangewend om na Münster te trek toe dit die sentrum van die beweging geword het en as die Nuwe Jerusalem aangekondig is.

In Nederland het die mense hulle besittings verkoop en hulle gereed gemaak om te vertrek. Dit het die spanning in die land laat styg, aangesien die regering bereid was om grasia aan die ketters te verleen as hulle voor 27 Februarie 1534 afstand sou doen van hulle nuwe geloof. Daar was egter nie veel reaksie op hierdie aanbod nie. Die owerheid vrees dat die herdooptes hulle lydsaamheid sou aflê en na die wapen sou gryp, maar die vrees blyk ydel want die herdooptes het besluit om die land te verlaat. Ongeveer vierduisend mense het die land probeer verlaat, maar is deur ingrype van die owerheid gekeer. Tog dring die besef tot die owerheid deur dat hulle magteloos is teen hierdie nuwe beweging wat die massa van die volk in beweging gebring het. Selfs die howe wat hierdie kettery met wortel en tak wou uitroei, sien in dat dit 'n byna hopelose saak is.

Die aantal doodvonnisse wat in hierdie tyd voltrek word, is, gesien die aantal lede van die sektariese beweging, besonder klein. Hierdie merkwaardige sagmoedigheid is veral te danke aan die ingrype van die landvoogdes wat in haar plakkate ruimte laat vir 'n meer versoenende houding teenoor die ketters.

Gedurende 1534 neem die aantal teregstellings geleidelik af en in die somermaande van daardie jaar kom dit feitlik heeltemal tot stilstand. Buitendien het die geweldige uitbreiding van die sekte begin afneem, veral omdat die ekonomiese situasie in Nederland gunstiger word. Dit moet onthou word dat die Dopers nie net met die Rooms-Katolieke Kerk gebreek het nie, maar dat hulle hulle ook teen die staat en die maatskappy gekeer het. Juis die groot mate van werkloosheid en armoede onder die bevolking gee hierdie beweging 'n groeikans.

Na die grotendeels mislukte uittoeg na Münster en na 'n eweneens mislukte poging om die stad Amsterdam met die swaard in te neem, is dit te verstane dat die Dopers iets van hulle eerste groeikrag sal verloor. Slegs 'n klein aantal voorgangers het oorgebly.

In die najaar van 1534 kom daar groter duidelikheid, ook vanweë die owerheidsmaatreëls. In September het die Stadhouer 'n troepemag van 1 200 soldate aangevra om die kettery uit te roei en verder het die Spaanse landvoogdes die plan afgekondig om alle herdooptes, net soos alle rondlopers en misdadigers te laat vang om hulle dan na Spanje te stuur om daar as slawe op die galeie diens te doen in die oorlog teen die Turke. Dit het nooit so ver gekom nie, want in Desember het talle boodskappers uit Münster Nederland binnegekom om hulp te vra vir die beleërdes aldaar. Hierdie boodskappers trek deur die land en verkondig die 'nuwe' evangelie en bring 'n nuwe oplewing in die kringe van die Dopers tot stand, sodat in Februarie 1535 die Anabaptiste self hulle getal opgee as meer as 20 000 mense. Die beweging rig hom nou ook op rewolusie.

Die poging tot gewapende opstand faal vanweë gebrek aan koördinasie en onderlinge hulpverlening. Die opeenvolgende misluktings het selfs die leiers laat wanhoop – ook vanweë die feit dat die owerhede, noudat tot opstand oorgegaan is, baie strenger straf. Die aantal teregstellings is dan ook aanmerklik hoër as in die vorige jaar.

Tog is die owerhede nog nie gerus nie. Die slegte ekonomiese toestand van die land in 1535, asook die gebrek aan leiding van die kant van die Hof van Den Haag maak dit moeilik om die ketterry grondig te bestry. 'n Poging deur die Anabaptiste om Amsterdam te verower en tot 'n tweede Münster te proklameer, misluk in Junie 1535 en 'n hele aantal teregstellings volg hierop, onder andere van verskillende van die vooraanstaande leidliede. Die owerheid vaardig nou 'n plakkaat uit waarin die leiers van die sekte met die brandstapel gedreig word; die persone wat berou toon en diegene wat hulle help sal deur onthoofding gestraf word, terwyl alle herdoopte vroue deur verdrinking gestraf sal word. Ook elkeen wat versuim om 'n herdoopte by die owerhede te verkla, sal die dood skuldig wees.

Die uitvoering van hierdie dreigemente was egter nie so vreeslik as wat die plakkaat aangedui het nie. Aan die einde van 1535 was daar nog 'n opstand in die stadje Hazerwoude waar 'n sestigtal Dopers die 'wraak oor die wêreld' wou voltrek en waar verskillende onskuldige lede van die burgery gedood is. Die owerhede het egter steeds kragtig toegeslaan, sodat in 1536 die verstrooide leidliede van die Anabaptisme buite Nederland in Bocholt in Wesfale moet vergader. Hier blyk reeds dat daar in die Anabaptisme verskeie rigtings na vore kom: Die aanhangers van Hoffman wil geweldpleging vermy, terwyl, teenoor hulle, die verteenwoordigers van Münster staan met hulle mening dat die Godsryk met die swaard op aarde gevestig moet word en dat poligamie onder die Godsvolk aanbevelenswaardig is. Hierdie beraadslaging het byna op 'n bloedbad uitgeloop toe die ekstremiste hulle teenstanders te lyf wou gaan. Dit loop egter uit op 'n kompromis, want insake die kinderdoop, die Avondmaal, die menswording van Jesus Christus en die vrye wil is daar ooreenstemming – slegs die kwessies van die aardse Godsryk en die poligamie wêk verskille. Daar is toe besluit om daardie aangeleentheid te laat rus en om te wag tot God meer lig sou gee. Afwesig is hier Obbe Philipsz, die leier van die gematigde Dopers en Jan van Batenburg – die ekstremis wat leer dat die tydvak van die genade geëindig het sodat die doop nie meer bedien hoef te word nie en alle ongelowiges alleen nog maar met die swaard gedreig kan word. Hierdie rigting is egter sterk veroordeel.

Dit blyk egter dat die Münstergroep nog sterker is as die gematigdes. Laasgenoemde het Obbe Philipsz as leier, terwyl die Münsterse groepe deur Dawid Jorisz gelei word. Hierdie samespraak het die verhoudinge enigszins verhelder en met

nuwe moed het die sekte die vervolginge tegemoet gesien. Die druk van owerheidsweë was egter onverminderd, sodat Obbe Philipsz in 1538 die land verlaat om in 1540 in Rostock alle verbindings met die Doperse beweging te verbreek. Batenburg, die leier van die ekstremiste, word in 1538 ook gevang en ter dood gebring sodat in 1539 Dawid Jorisz die enigste erkende leier van die Doperse beweging in die Nederlande is. Jorisz het egter vanweë sy pogings om die poligamie te beoefen, sy eie val bewerkstellig. Sy optrede en dié van sy groot kring vroulike aanhangers het die aandag van die owerhede getrek, sodat hulle in 1539 met krag toegeslaan het en hierdie jaar 'n rampjaar vir Jorisz en die syne word.

Die Batenburgse groep, hoewel hulle hulle leier verloor het, verminder hulle aktiwiteite nie en in 1540 word verskeie uit hierdie beweging ter dood gebring vir kerkroof en plundering. Veral egter gedurende 1544 – wat die krisisjaar van die Nederlandse Doperdom is – val baie aanhangers van hierdie rigting en die volgelinge van Dawid Jorisz en Menno Simons ontkom nie aan die heftige vervolginge nie. In die algemeen kan egter gesê word dat die teregstellings van 1544/1545 die kern van die radikale doperse groepe uitgeroei het. Die hele stroming van Melchior Hoffman waaruit die Doperdom voortgekom het, vervloei geleidelik ná die dood van Hoffman in 1543. Ook Dawid Jorisz laat sy leiersposisie vaar ná die slae van 1544/1545. Omdat hy nooit daarin kon slaag om die verskeie groepe heg te verbind nie, kon hy ook nie juis veel tot startd bring nie. In 1544 vestig Jorisz hom in Basel, wat tot gevolg het dat hy hom feitlik geheel en al aan die beweging onttrek. Ook het daar 'n afkeer in sy leierskap in die beweging gekom wat veral vanaf 1540 gelei word deur Menno Simons.

4.5 Menno Simons (1496-1561)

Hy was aanvanklik 'n Rooms-Katolieke pastoor te Witmarsum, maar is vanweë twyfel oor die Rooms-Katolieke leer en praktyke gedwing om sy amp neer te lê. Toe het hy hom by die Dopers aangesluit. In die heftige vervolginge het Simons leidend opgetree en die vreedsame Dopers om hom versamel. Na hom word hierdie groeperinge Menniste of Mennoniete genoem, 'n naam wat later na 'Doopgesindes' verander is. Menno Simons het 'n eenvoudige Bybelse geloofsleer geskrywe onder die titel *Fundamentboek*.

Simons lê groot nadruk op die gemeente wat hy na apostoliese voorbeeld wil inrig. Verder wil hy die suiwerheid daarvan deur middel van ban en wyding beskerm. Beïnvloed deur Melchior Hoffman het Simons ten opsigte van die Christologie geleer dat Christus nie die sondige vlees van Maria aangeneem het nie, maar as 't ware deur 'n wonder in Maria mens geword het.

Na vele omswerwinge, voortdurend deur die owerheid gesoek, het hy by Wüstenfelde naby Lübeck gesterf.

Sy invloed het veral in die krisistjare toegeneem. Van 1544 het Menno Simons net soos Dawid Jorisz buite Nederland vertoef met dié verskil dat hy voortdurend leiding bly gee aan die vervolgte broeders. Hy stel ook verskeie leraars aan. Vir die merendeel was dit mense wat in die Münsterse periode (ongeveer 1540) op die agtergrond gebly het, maar wat nou na vore tree. Daar bestaan dus 'n sekere kontinuïteit tussen die doperse rigting van Hoffman en dié van Simons. Die gees was egter anders. Die Mennoniete is dopers, maar hulle wil nie meer die aardse Godsryk met die swaard stig nie. Tog het die stryd bare Anabaptisme tot 1544 'n dominerende posisie ingeneem in die ontwikkeling van die Reformasie in Nederland, veel belangriker as dié van die Mennoniete of die Calvinisme. Vanaf 1545 het die Mennoniete egter die ander Doperse strominge volkome oorheers en as enigste bly voortbestaan. In 1577 word burgerlike en godsdienstige vryheid aan hulle geskenk en hoewel hulle nog lank deur die pen en geskrifte vervolgt word, bly hulle trou aan hulle beginsels.

4.6 Slotopmerking

Die Wederdoperdom het in die opkomende Protestantisme aanvanklik 'n taamlike sterk stroming gevorm. As die verskille 'n oomblik omlyn word, kan gestel word:

- Die Dopers stel die sekte teenoor die kerk.
- Daarby beklemtoon hulle die inwendige lig of die leiding van die Heilige Gees teenoor die objektiewe waarheid van die Skrif.
- Verder eis die Dopers 'n volkome heiligheid wat die mens self kan bereik teenoor die leer van die regverdiging deur die geloof alleen.
- Ook eis hulle dat die doop slegs aan volwassenes na belydenis bedien kan word en verwerp hulle die kinderdoop as 'n teken van die genadeverbond van God.
- Daarby lê hulle klem op 'n wettiese sedeleer wat op die Bergrede gebaseer is. In plaas van 'n lewe uit die geloof alleen, veroordeel hulle die mens om homself te regverdig voor God.
- Ten slotte het die Dopers 'n nogal tweeslagtige opvatting oor die owerheid gehuldig. Wat die owerheid betref het hulle gestel dat die owerheid se gesag tot suiwer wêreldlike sake beperk is. Die owerheid is deur God ingestel vir die sondige mensdom. Die gelowiges het egter nie meer 'n owerheid nodig nie, omdat hulle nie meer sondig nie. Daarby het hulle geweier om wapens te dra, 'n eed af te lê en belasting te betaal as dit vir oorlogvoering gebruik sou word. So het die Dopers in 'n sekere sin 'n alternatiewe gemeenskap probeer vorm.

Dit is natuurlik so dat hierdie opvattinge nie in dieselfde mate deur elke Doperse groep aanvaar is nie. Tog was die uitgangspunt van al die Doperse groepe dieselfde, naamlik 'n vermyding en onttrekking van die gelowiges uit die gewone, aardse, kerklike en staatkundige lewe en die terugtrek van die gelowiges in 'n geslote kring van volmaakte vromes wat reeds op aarde die hemel gevind het en 'n gemeente sonder tekortkominge gevorm het.

Oor die Doperse beweging kan onder andere die volgende bronne geraadpleeg word:

Bauman, C 1968. *Gewaltlosigkeit im Täuferium*. Leiden: Brill.

Clasen, C P 1972. *Anabaptism: A social history 1525-1618*. London: Cornell University Press.

Meihuizen, H W 1961. *Menno Simons*. Haarlem: H D Tjeenk Willink en Zoon.

Melink, A F 1954. *De Wederdopers in de Noordelijke Nederlanden 1531-1544*. Groningen: Wolters.

Pont, A D 1974. Die reg van opstand by Thomas Münster. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 14, 16-32.

Verduin, L. *The Reformers and their stepchildren*. Exeter: Paternoster Press.

'n Besonder interessante werk wat meer fenomenologies van aard is en as agtergrondmateriaal gelees kan word, is

Norman, C 1972. *The pursuit of the Millennium*. London: Granada Publishing Ltd.

Van besondere belang vir die beoordeling van die Doperdom is die boek

Balke, W 1977. *Calvijn en de Doperse radikalen*. Amsterdam: Uitgeverij Ton Bolland.

Hoofstuk 5

Die Calvinisme in die beginjare

5.1 Staatkundige en kerklike ontwikkelinge

Nadat Keiser Karel V die Nederlande in die geheel onder sy gesag gebring het, het hy alles in sy vermoë gedoen om elke afwyking van die Rooms-Katolieke leer in die lande onder sy heerskappy, te bestry. Interessant is dat dit, onder andere, beteken het dat alle Jode uit sy gebiede moes padgee.

In die Duitse deel van sy ryk het Karel V min sukses gehad, want in die Duitse lande was daar 'n duidelike verdeling tussen Lutherse en Rooms-Katolieke vorste. In die Skandinawiese lande het Swede in 1527 die kerklike verbintenis met die Rooms-Katolieke Kerk verbreek; in 1536 skep Denemarke ruimte vir die Lutherse hervorming met Noorweë kort op hulle hakke.

In 1534 het Koning Hendrik VIII die Engelse kerk onttrek uit die Rooms-Katolieke Kerk, omdat die pous sy kinderlose huwelik nie wil ontbind nie. In Switserland het Heinrich Bullinger ná Zwingli se dood in 1531 die leiding in Zürich oorgeneem en die selfstandige Züriche standpunt ten opsigte van die Lutherse hervorming gehandhaaf.

In Frankryk is geleidelik, vanaf 1523, al meer van vervolgings gebruik gemaak om kritiek op die Rooms-Katolieke Kerk te onderdruk. In 1533 moet Johannes Calvin uit Parys vlug nadat hy die rektor, Nicolaas Cop, gehelp het met die opstel van 'n voordrag waarin Erasmus en Luther aangehaal is. In 1536 verskyn die eerste uitgawe van Calvin se *Institutio christianae religionis* en kort daarna word hy deur Farel gewerf om te help met die Hervorming in Genève.

In 1540 word die nuutste monnikeorde, die *Societas Jesu* met Ignatius van Loyola as hoof, deur die pous goedgekeur en ingestel. Die nuwe orde wou deur toegewyde prediking, sielsorg deur die biege en strydvaardige diens, die opkoms van die nuwe ketterye stuit. Reeds in 1542 begin die *Societas Jesu* in Nederland werk.

Die geleidelike deurwerking van die Hervormde denke het meegebring dat Karel V eers in 1522 en daarna in 1525 sterk onderdrukkende maatreëls teen die ket-

ters afkondig. Juis hierdie onderdrukkende maatreëls beteken dat baie Hervormingsgesindes uit Nederland padgee om buite Nederland, in Wesel, Emden, die Paltz, London en Danzig 'n tuiste te vind. Miskien vanweë die vroeë druk op die afwykende mening, het daar nooit in Nederland 'n Nederlandse Hervormer opgestaan soos Calvyn dit vir Frankryk en Knox dit vir Skotland was nie.

5.2 Die Nederlandse vlugtelinggemeentes tot 1570

In die tyd van die Kerkhervorming moet terdeë rekening gehou word met 'n staatkundige stryd wat in baie opsigte die agtergrond van die kerklik-godsdiensige stryd vorm. Hierdie staatkundige stryd word gevoer aan die een kant deur die landsowerheid wat met krag die ideaal najaag van 'n sterk gesentraliseerde staatsgesag en staatseenheid waar alles en almal aan die vors onderwerp is. Aan die ander kant staan die adel, die gewestelike en die stedelike owerhede wat elk sy eie privilegies, regte en voorregte wil behou. Die feit dat daar nie so iets soos 'n grondwet bestaan nie (dit is 'n agtiende-eeuse 'ontdekking'), het beteken dat die balans deur beide parte eerbiedig moes word. Geleidelik egter vanaf 1544 begin Karel V sy sentraliserende opvattinge deurvoer en word die partikularistiese opvatting teruggedruk. Dit beteken ook dat die laere owerhede, wat plek-plek die Hervorming goedgesind was, gedwing word om hulle opvattinge te hersien.

'n Verdere faktor wat die situasie in Nederland verander, is dat Keiser Karel tot in 1544 selde of ooit in Nederland gewoon het en sy suster, Maria van Hongarye as landvoogdes laat optree. Sy het heelwat simpatie met die Hervorming en besonder veral vir Erasmus. In 1544 woon Karel V egter, vanweë sy konfrontasiepolitiek ten opsigte van Frankryk, in Nederland. Aangesien Karel V aanvaar dat daar net een, amptelike staatsgodsdienst kan wees, spreek dit vanself dat hy sterk teen enige afwykende mening sal optree. So is 'n nuwe maatreël ingevoer waarvolgens die Rooms-Katolieke Kerk en owerheid ten nouste saam sou optree teen die Hervorming. Dit maak die vooruitsigte vir die Hervorming nie gunstig nie.

Dié toenemende druk beteken dat heelwat Hervormingsgesindes die land verlaat. Dit word aangehelp deur die feit dat die ekonomie in die tyd sterk agteruitgegaan het, dat daar in die Vlaamse stede groot armoede was en omdat die owerhede swaar belastinge hef ter wille van Karel V se voortdurende oorloë.

Hoewel dit moeilik is vas te stel hoeveel Nederlanders hulle vaderland verlaat het, word die getalle as beduidend aangegee. So ontstaan daar buite Nederland verskillende sentra wat vir die groei en voortgang van die Hervorming in Nederland van groot belang was.

5.3 Oos-Friesland: Emden

Een van die belangrike sentra was Emden wat aan die noord-oosgrens van Nederland geleë was. Die sentrum verkry sy belangrikheid vanweë die werk wat daar gedoen is deur die Poolse edelman, Johannes a Lasco. Gebore in 1499 ontvang hy 'n deeglike opvoeding. Omdat hy van die begin van sy lewe bestem was vir 'n kerklike loopbaan, word hy grotendeels opgevoed deur sy oom, die aartsbiskop van Gnesen by Krakau. Ná studie te Rome en Bologna keer hy in 1518 terug na Pole en danksy die steun van sy oom, vorder hy vinnig op die hiërgiesse leer van die kerk.

Tog lê sy belangstelling meer by die studie en in 1523-1524 is hy in Basel waar hy Erasmus ontmoet en onder sy invloed kom. In Basel kom hy ook in aanraking met manne soos Farel, Oecolampadius, Pellicanus en andere wat deur hulle Humanistiese, anti-Rooms-Katolieke opvattinge groot invloed op hom uitoefen. In 1525 moet a Lasco terugkeer na Pole waar die Hervorming aan die opkom is. In hierdie tyd begin hy om Luther en Zwingli se werke te lees en geleidelik maak hy hom los van die Rooms-Katolieke Kerk. In 1538 word 'n biskopsetel hom aangebied, maar hy sien nie sy weg oop om dit te aanvaar nie. Met goedkeuring van die koning, met wie hy sy opvattinge bespreek, verlaat hy Pole en swerf dan rond in Switserland en Duitsland. So ontmoet hy Albert Hardenberg, raak met hom bevriend en gaan saam met hom na Leuven, waar hy hom by 'n klein kring Hervormers aansluit. Daar vind hy 'n eggenote en kom tot die oortuiging dat hy met die Rooms-Katolieke Kerk moet breek. As die groep Hervormers deur die Rooms-Katolieke owerhede onder druk geplaas word, breek a Lasco met die Rooms-Katolieke Kerk en vlug in 1540 na Oos-Friesland.

In Emden word a Lasco die sentrum van die Hervorming en word daarin gesteun deur die vorstin. So slaag a Lasco daarin om 'n gemeente rondom hom te versamel. Die invoering van die Interim-reëling deur Karel V, nadat hy die Protestantse vorste by Mühlberg verslaan het, word tot 1549 in Emden vertraag, maar dan moet a Lasco Emden verlaat. In 1554 keer a Lasco weer terug en word hy weer Superintendent van die plaaslike gemeente, want in Emden het die vlugtelingen deel geword van die landskerk. Dit was veral moontlik omdat daar byna geen taal- of leerverskil was nie. Interessant is om te vermeld dat die Franse en Engelse vlugtelingen in Emden afsonderlike, eiesoortige gemeentes in Emden vorm. Daar was geen leerverskil met die landskerk nie, maar die taal- en kultuurverskil het eie kerklike organisasies moontlik en nodig gemaak.

Ná 1554 word die Emdense kerk algaande 'n besondere sentrum ten behoeve van die wordende Hervormde Kerk in Nederland. Die belangrikste manier waarop Emden gehelp het, was deur die voorsiening van predikante. Dit was moontlik, omdat baie predikante na Emden uitgewyk het om daar 'n toevlugoord te vind.

Daarby het die Emdense kerk talle adviese en raadgewings aan die jong gemeentes gestuur. So kan verwys word na 'n besoek van Herman Moded van Antwerpen in 1563, waartydens hy gevra het hoe die verkiesing en bevestiging van ampsdraers gereël moet word. Met 'n ander geleentheid is geoordeel dat 'n predikant aan 'n vaste werkkring verbind moet wees en nie mag rondswerf nie.

Verder het Emden ook 'n belangrike rol gespeel, omdat daar predikante opgelei is. Dit was belangrik, omdat nie alle voornemende predikante na Duitsland of Switserland vir hulle opleiding kon gaan nie. In Emden was daar twee Latynse skole waar die nodige kennis van Latyn, Grieks en selfs Hebreeus opgedoen kon word. Die predikantsopleiding self was prakties in dié sin dat die studente onderrig ontvang het van die diensdoende predikante. Verder het hulle reëlmatig die *Coetus*-vergadering ('n vergadering van die diensdoende predikante vir die regering van die kerk) bygewoon. Dié *Coetus* het op die gesette tyd as toelatings-vergadering opgetree. Emden se vername posisie word nog onderstreep deur die feit dat die eerste Sinode van die Nederlandse kerk in 1571 daar gehou is.

5.4 Die vlugtelinggemeentes in Engeland

Die vriendelike houding van koning Hendrik VIII teenoor die vlugteling uit Europa het meegebring dat talle Nederlanders na 1544 na Engeland vlug. Hendrik VIII het die vlugteling ook verwelkom omdat hulle, oor die algemeen, baie bygedra het tot die stimulering van die ekonomie. Kerklik-godsdiensstig gesproke was die situasie minder gunstig, want Hendrik VIII was wel anti-Rooms maar nie pro-Hervorming nie. Dit het beteken dat die vlugteling nie die moontlikheid gehad het om eie gemeentes op te rig nie. Ná Hendrik se dood regeer sy onmondige seun en opvolger Eduard VI van 1547-1555. Twee raadgewers van die koning – die Hertog van Somerset en Thomas Cranmer, die Aartsbiskop van Canterbury – stuur sake dan in 'n Hervormde rigting. Deur hulle toedoen kom verskillende vastelandse Hervormers na Engeland, onder andere Peter Alexander, Bernard van Ochino, Petrus Martyr Vermiglio, Martin Bucer uit Straatsburg en ook Johannes a Lasco.

Die eerste vlugtelinggemeente vir Nederlandssprekendes word in London gevestig waar daar ongeveer 4 000-5 000 vlugteling was. In 1550 gee Eduard VI goedkeuring vir die oprigting van so 'n vlugtelinggemeente waarvan a Lasco die Superintendent sou wees, bygestaan deur nog vier predikante wat ook die Franssprekendes moet versorg.

Vir die koning het ook die gedagte gegeld dat hierdie gemeente met die Austin Friarskerk wat aan hulle gegee is kragtens koninklike oktrooi, as 'n voorbeeld sou dien vir die Engelse staatskerk wat nou in 'n Calvinistiese rigting gestuur is.

Naas Utenhove is Martin Micron as predikant beroep en spoedig is vier ouderlinge, onder andere Utenhove, gekies en 'n viertal diakens. Naas Micron is Gualterus Delenus as predikant aangestel en vir die Franssprekende Franciscus Riverius en Richardus Gallus.

In 1551 publiseer die gemeente 'n stuk getitel, *Compendium doctrinae de vera unicaque Dei et Christi ecclesia, eiusque fide et confessione pura: In que Peregrinorum Ecclesia Londini instituta est, autoritate atque assensu sacrae Maiestatis Regiae*. Dit was nie 'n belydenisskrif nie, maar eerder 'n soort apologie waarmee die gemeente wil aantoon, vanuit die omskrywing van die wese van die kerk as sodanig, dat die gemeente skriftuurlik en regtens bestaan en optree. Die stuk is vertaal onder die titel, *Een kort begriip der leeringhe van de warachtighe ende eenighe Ghemeynte Gods ende Christi enz.* Hierdie stuk moes vervolgens deur elkeen, wat lid van die gemeente wou word, onderteken word.

In 1551 verskyn in London ook 'n vertaling van die Emdense Kategismus wat deur a Lasco in 1546 opgestel is. Die groot kategismus met sy 250 vrae en antwoorde is in 1552 en later grotendeels verdring deur 'n klein kategismus met 134 vrae en antwoorde wat deur Micron opgestel is.

In 1553 verskyn 'n ander werk onder die titel, *Eene korte ondersoekinghe des ghehoofs, over deghene die haer tot de Duytsche gemeente: die te Londen was, begheven wouden. Wtghestelt door de Dienaers der selver*. Hoewel dit nie duidelik is wie die skrywer is nie, word in 41 vrae en antwoorde die hoofsaak van die leer uiteengesit wat 'n aankomende lidmaat moet onderskryf. Van belang is ook om daarop te let dat ouderling Utenhove hom besig gehou het met die opstel van 'n berymde Psalmboek vir gebruik in die erediens. Reeds in 1551 verskyn die eerste 25 berymde Psalms. Die kerkinrigting en die orde van die erediens is gereël volgens die uiteensetting van a Lasco, die bekende *Forma ac ratio* en Micron se *De christelike ordinancien*.

In hierdie vormgewing van die kerklike struktuur en godsdiensoefening is in hoofsaak die Geneefse en Straatsburgse voorbeelde gebruik. 'n Interessante reëling hier is die sogenoemde profesie. Dit het plaasgevind tydens die godsdiensoefening op Donderdagmôres (die gemeente het drie maal per week saamgekom, twee maal op Sondag, met die tweede samekoms op Sondaes 'n bespreking van die Kategismus). Op Donderdae, ná die prediking, het die predikant die ouderlinge en almal wat vrae mag stel uitgenooi om te sê wat 'in de predicatiën der voergeraden weken geschenen heeft niet rechtelick, oft donckerlick, oft niet ghenoechsaamlick, van den Dienaer des Wordts wat geleit te wesen. Oft ooc dat eenichsins eeniche twijfelachticheit in de herten der broederen, soude moghen ghegeven hebben'.

Vir 'n uur lank het die predikant dan hierdie vrae beantwoord. Hierdie gebruik is van Zwingli in Zürich oorgeneem waar hy geoordeel het, teenoor die Dopers en Fanatici dat die gewone lidmaat nie bevoeg is om die Skrif uit te lê nie, omdat hy nie die grondtale ken nie. Die lidmaat kan egter wel, nadat die predikant/profeet/dienaar vanuit die Woord gepraat het, kritiek uitspreek.

Die Nederlandse vlugtelinggemeente se rustige bestaan is versteur deur die dood van Eduard VI in Julie 1553. Hy word opgevolg deur sy suster Mary Tudor, 'n oortuigde Rooms-Katolieke prinses wat met geweld die Rooms-Katolieke Kerk en leer wou herstel. Dit het beteken dat die vlugteling Engeland weer moet verlaat. Reeds in September 1553 het a Lasco, Micron en Utenhove Engeland verlaat.

Ná Mary Tudor se dood het haar halwe suster Elizabeth I die troon in 1558 bestyg. Onder Elizabeth se Protestantse regering het die vlugtelinggemeente in London weer opgebloei. Die gemeente is herstel onder Elizabeth, hoewel die onbeperkte vryheid wat Eduard aan die gemeente gegee het, nie gehandhaaf is nie. Die gemeente is ingevoeg onder die geheel van die Engelse kerk en moes tevrede wees om onder die toesig van die biskop van London te staan.

In die tweede periode staan die gemeente hoofsaaklik onder die bediening van Petrus Delenus, Utenhove, Adriaan van Haemstede en Edmund Grindall as Superintendent wat vanaf 1559 ook Anglikaanse biskop van London was. So het die gemeente in die nuwe bedeling voortbestaan. Naas die Londonse vlugtelinggemeente, het verskillende ander vlugtelinggemeentes in Engeland ontstaan, te wete Sandwich (in 1561 gestig) en Colchester wat in 1562 gestig word omdat Sandwich nie al die vlugteling kan hanteer nie. In 1565 word die gemeente Norwich gestig vanweë die groot getal vlugteling. In 1582 was daar meer as 4 600 Nederlandssprekende vlugteling in Norwich. In 1567 word die gemeente Maidstone gestig, in 1568 die gemeente te Yarmouth, in 1572 dié te Stamford en nog 'n paar op kleiner plekkies.

Die invloed van hierdie Engelse vlugtelinggemeentes kan moeilik bepaal word. Tog kan daarop gewys word dat die *Confessio Londinensis* die oudste Nederlandse geloofsbelijdenis was en eers deur die *Confessio Belgica* van 1561 verdring is. Die *Klein Kategismus* van London is eers na 1611 deur die *Kort Begrip* van Faukelius verdring, maar was voor daardie tyd wyd gebruik.

5.5 Frankfort en die Paltz

Frankfort en die Paltz, met Heidelberg as hoofstad, was aanvanklik nie 'n gebied waarheen die vlugteling uit Nederland beweeg het nie, omdat dit te ver van Nederland was. Daarby was die godsdienstig-kerklike klimaat aanvanklik ook nie gunstig nie. In 1555 verander die situasie in die Paltz as Otto Hendrik die landsvors word

en in 1556 die biskoplike regering afskaf. In 1559 word Frederik III die keurvors en as hy die Hervorming in die Switserse gees begin bevorder. Dan kom daar ook vlugteling. Hierna ontstaan daar twee Nederlandssprekende gemeentes, naamlik te Frankfort am Main en Frankenthal. Die gemeentes in Heidelberg, te St Lambert en Schoenau was Franssprekend.

In 1554 is die eerste vlugtelinggemeente, hoofsaaklik vlugteling uit Engeland, onder leiding van Vallerandus Pollanus in Frankfort gestig. Die vlugteling het nie alleen 'n eie kerkgebou en pastorie van die stadsraad ontvang nie, maar hulle geloofsbelydenis en kerkorde is ook onveranderd aanvaar deur die raad. So vorm hulle 'n eie kerk in Frankfort. Daarmee is die beginsel van vlugtelinggemeentes in Frankfort aanvaar. As a Lasco in 1554 in Frankfort kom, word 'n aparte, Nederlandssprekende vlugtelinggemeente gevorm wat sy lewe na die model van die Londen-gemeente inrig.

Opvallend is dat die vlugtelinggemeentes heelwat probleme met die Lutherse stadspredikante ervaar het wat nie waardering vir die Calvinistiese gemeentes gehad het nie. In 1561 verander die posisie egter en besluit die magistraat dat die vlugtelinggemeentes alleen kan voortbestaan as hulle sowel in die leer as die godsdiens-oefening volkome met die Lutherse opvattinge konformeer. Hierdie beslissing het feitlik op verbanning neergekom. Die meerderheid van die gemeente het met hulle predikant, Petrus Datheen, na Frankenthal verhuis.

5.6 Frankenthal

Die uitnodiging na die Paltz waar Keurvors Frederik III der Fromme, regeer het, het beteken dat daar in 1562 in Frankenthal weer 'n gemeente tot stand kom. In Frankenthal word aan die gemeente wat uit ongeveer sestig families bestaan het, volledige godsdiensvryheid verleen. Daar word in die ooreenkoms gestel:

Zum andern, die weil dise verjagten all numehr der pfalz Unterthanen Ire aigne Kirchen zu Groszfrankenthal haben und darinnen von nottwendigkeit Irer mutterspraach wegen, die predig der H Evangelie auch Administration der H Sacramenten derselben Irer spraachen eigenschafft nach zu hören und Christlich zu üben gebrauchen meussen...

moet hulle hulleself tog onderwerp aan die kerklike orde soos dit in die Paltz gebruik is. Daarby moes hulle predikante deur die *Kirchen Rätthe* van die Paltz aanvaar en toegelaat wees, voor hulle hulle dienswerk kon doen. Hierdie voorwaardes is toe so aanvaar.

Hierdie formulier is deur verskillende sinodes gewysig, die laaste keer deur Dordt in 1619.

Die formulier bestaan allereers uit 'n didaktiese deel wat taamlik somber en ernstig is en tekenend is van die ernstige tye waarin Micron geleef het. Dan word die instelling, oorsaak en pligte uiteengesit. Die nugterheid waarmee hierdie formulier praat, is tipies van die tyd waarin dit ontstaan het.

5.7.2 Die Psalmberyming

Die sing van berymde Psalms en geestelike liedere is deel van die Kerkhervorming. Aanvanklik is gebruik gemaak van Luther se Duitse Psalmberymings. Terselfdertyd is ook gebruik gemaak van Doperse liedere en vertaling in Nederlands van oorspronklike Latynse kerklike liedere soos die aandgesang *Christi qui lux es et dies*, daarnaas ook die *Stabat mater* en die *Te Deum laudamus*.

In 1540 verskyn te Antwerpen die Souterliedekens (Souter = psalter = Psalms) en die berymde Psalms van Willem van Zuylen van Nijevelt. Hy het daarvoor gebruik gemaak van die Nederlandse vertaling van die Vulgata wat in 1528 verskyn het. Die wysies was gewone 'wêreldse' wysies wat dikwels nie baie paslik was nie. Tog was die Souterliedekens baie populêr. Interessantheidshalwe kan Psalm 23 hier weergegee word:

Die Heer almachtich mi regeerte
Gheen dinc sal mi ontbreken
Hi my ten velde heeft ghekeert
Bi lustighe waterbeeken.

Heeft mi ghenoot: mijn siel behoet
Bekeert door zijn ghenaden.
Gheleydt met spoet Door zijn name goet
Op zijn gherechte paden.

Die Souterliedekens wat nooit kerklike goedkeuring ontvang het nie, was tog baie populêr en is selfs tot in die negentiende eeu nog gebruik, onder andere deur die Voortrekkers.

Met die koms van Calvinistiese predikante na Nederland, is in die godsdiensoefeninge die Psalmberyming van Joh Utenhove gebruik. Hy het in 1551 'n eerste vyf en twintig berymde Psalms gepubliseer en in 1561 'n honderdtal, hoofsaaklik vir die Londonse gemeente. Daarnaas is die beryming van Lucas de Heere van sewe en dertig Psalms en agt Psalms van Marot en Beza ook baie gebruik. In 1566 het Petrus Datheen se Psalmberyming die lig gesien. Hierdie beryming was 'n verwerking

van die Franse Psalmberyming van Marot en Beza. Marot het, op aandrang van Calvyn, eers dertig en toe weer twintig Psalms berym. Beza het toe die oorblywende honderd berym. Die musiek vir dié Psalms is deur die komponiste Claude Goudimel, Louis Bourgeois en Claude le Jeune geskryf. Dit is op hierdie melodieë wat Datheen sy beryming baseer het. Sy beryming van Psalm 23 lui soos volg:

Myn Godt voedt my als mijn Herder ghepresen
 Dies sal ick geenes dincks behoeflijck wesen.
 Int groene gras seer lieflijck hy me weydet
 End aen dat soet water hy my gheleydet
 Hy verquict mijn ziel, die zeer is versleghen
 Om zijns naems will, leyt hy my in zijn weggen.

Die Psalmberyming, hoewel as beryming van mindere gehalte as dié van Utenhove, het spoedig algemene aanvaarding gevind. In 1568 het die Convent van Wesel hierdie beryming vir algemene gebruik aanbeveel. Die aanbeveling is so herhaal tot by die Sinode van Dordt in 1619. Die Psalmberyming het tot in 1775 die algemene gebruiklike gebly en is toe vervang.

5.7.3 Die Heidelbergse Kategismus

Die Heidelbergse Kategismus het sy ontstaan te danke aan Keurvors Frederik III van die Paltz wat in 1559 die amp aanvaar het. Sy voorganger, Otto Heinrich, het in die Paltz, waar verskillende teologiese rigtings deurgewerk het, vir die Lutheranisme gekies, die Württembergse Kerkorde daar ingevoer en Lutherse teoloë by die universiteit aangestel. Tog wou hy ook aan die ander opvattinge 'n bestaansreg gee. In sy organisasiewerk is Otto Heinrich veral bygestaan deur Melanchton wat self uit die Paltz afkomstig was en selfs twee maal, in 1546 en weer in 1557, 'n professoraat te Heidelberg aangebied is. Deur sy advies is die universiteit op 'n Hervormde basis georganiseer. Melanchton het vir die Paltz 'n gematigde Lutheranisme voorgestel wat oopgestaan het na die Calvinisme. Die *Confessio Augustana* is as die dogmatiese basis aanvaar. Dit het meegebring dat Heidelberg protestantse geleerdes van verskillende rigtings getrek het.

Otto Heinrich se beleid het nie juis kans gehad om vrugte af te werp nie, omdat hy betreklik vroeg dood is. As Frederik III Keurvors word, woed daar in Heidelberg 'n heftige Nagmaalstryd tussen die militante Lutherse professor, Tilemann Heshusen, en 'n Calvinistiese diaken, Wilhelm Klebitz. Aanvanklik probeer Frederik om die twee partye met mekaar te versoen en hy vra selfs die advies van Melanchton. In sy antwoord (*Responsio Ph Mel ad quaestionem de controversia Heidelbergensi*, 1 Nov 1559) adviseer Melanchton vrede, gematigheid en eenvoud en waarsku hy

teen ekstremisme en die gebruik van skolastiese slimmighede om die Nagmaal uit te lê. Dit was, terloops, Melanchton se laaste uitspraak oor die Nagmaal en hierin kom hy feitlik met Calvyn ooreen in sy verstaan daarvan. Frederik III se poging slaag nie en daarom het hy sowel Heshusen as Klebitz afgedank. Hy belê dan 'n openbare debat oor die Nagmaal in Junie 1560. Nadat hy self ook heelwat studie gedoen het, besluit hy in Augustus om die formule van Melanchton, wat ruimte laat vir die Calvinistiese opvatting, die vaste norm vir sy vorstedom te maak.

Frederik III, ook genoem 'der Fromme', was een van die edelste figure onder die vorste van Duitsland. Nie alleen was hy 'n diep-gelowige mens nie, maar het hy alles in sy vermoë gedoen om die saak van kerk en opvoeding voortgang te laat hê. Hy word die eerste Calvinistiese vors in Duitsland en hoewel hy gedreig word dat die voordele van die Vrede van Augsburg in 1555 hom nie sal geld nie, hou hy voet by stuk. Hy het self in 1566 by die Ryksdag van Augsburg sy geloof bely en verklaar dat hy eerder sy kroon sal prysgee as om teen sy geloofsopvattinge te handel. Hy het sy persoonlike opvattinge in geskrif nagelaat – dit kan gesien word as 'n verklaring van die Heidelbergse Kategismus. Dit is in 1577 deur sy seun Johan Casimir gepubliseer.

Sy besluit om die Calvinisme te aanvaar, het beteken dat hy ook 'n duidelik geformuleerde belydenis moes laat opstel. Hy het hierdie taak opgedra aan Zacharias Ursinus (1534-1583), toe professor in die dogmatiek aan die Heidelbergse universiteit. Ursinus, wat sy naam 'Bär' na die gewoonte van die tyd ver-Latyns het, is op 18 Julie 1534 te Breslau gebore. Van 1550-1557 studeer hy te Wittenberg onder Melanchton. In 1557 vergesel hy Melanchton na die godsdiensgesprek by Worms en besoek saam met hom ook Heidelberg. Vandaar reis hy na Switserland en Frankryk en leer Bullinger en Petrus Martyr ken in Zürich en Calvyn en Beza in Genève. Daar word hy deeglik ingelei in Calvyn se denke. By sy terugkeer word hy beroep na Breslau, maar bly in Wittenberg. Ná Melanchton se dood in 1560 gaan hy na Zürich met die bedoeling om hom daar te vestig. In 1561 word hy na Heidelberg as teologiese professor beroep en bly daar tot 1576 met die dood van Frederik III. Hy word dan deur Frederik se opvolger, Ludwig VI, wat weer na die Lutheranisme terugkeer, afgesit en uit die land verjaag. Hy vestig hom dan te Neustadt an der Hardt en vestig daar 'n bloeiende teologiese opleiding. Daar is hy op 6 Maart 1583 op betreklik jeugdige leeftyd oorlede. Ursinus was 'n groot geleerde, nie 'n man van aksie nie, maar van groot geleerdheid en opvallende vroomheid. Sy belangrikste werk naas die Kategismus as 'n kommentaar op die Kategismus en 'n verdediging van die Calvinistiese belydenis teen die Lutherse *Formula Concordiae*.

Ursinus het waarskynlik in 1562 die opdrag gekry om die Kategismus te skrywe. Hy het twee ontwerpe opgestel wat deur 'n kommissie onder voorsitterskap van die

Keurvors beoordeel is en saamgevoeg is. Op aandrang van die Keurvors is die Skrifverwysings toegevoeg. Die voltooide Kategismus is in Januarie 1563 aan 'n Sinode in Heidelberg voorgelê en sonder wysigings aanvaar. In Januarie 1563 is die Kategismus amptelik ingevoer. Gedurende 1563 is drie amptelike uitgawes van die Kategismus uitgegee. Maar daar is 'n interessante variasie ten opsigte van Vraag en Antwoord 80 wat die Rooms-Katolieke mis beskrywe 'as 'n verloëning van die enige offer en lyding van Jesus Christus, en 'n afgodery wat vervloek is'. In die eerste uitgawe kom die vraag en antwoord nie voor nie; die tweede uitgawe het 'n gedeeltelike antwoord en die derde uitgawe die antwoord soos dit tans daar staan. Die vraag en antwoord is ingevoeg as 'n antwoord op die besluite van die Rooms-Katolieke Konsilie van Trente. Dit is, interessant genoeg, die enigste skerp en polemiese opmerking in die hele Kategismus en word deur sommige teoloë, vanweë die skerpheid daarvan, betreur. Dit het daartoe gelei dat die latere Rooms-Katolieke Keurvors van die Paltz, Karl Philip, in 1719 die Kategismus verbied het. Hy moes die verbod egter spoedig wysig.

Die Heidelbergse Kategismus is met 'n dubbele doel opgestel, naamlik as 'n riglyn vir die godsdienstige onderrig van die jeug én as 'n kerklike belydenisskrif. As Kategismus is dit 'n meesterstuk wat nog nie oortref is nie. As belydenisskrif is dit seker die populêrste en mees algemeen aanvaarde van al die Calvinistiese belydenisskrifte. Calvin se opvattinge word hier met omsigtige gebalanseerdheid gestel – dit blyk veral uit die manier waarop die leer van die uitverkiesing gestel word. Die uitverkiesing word hier gestel as 'n bron van nederigheid, dank en troos (vgl 1, 31, 53, 54). Niks word gesê oor 'n dubbele uitverkiesing of 'n ewige dekreet van verwerping of van beperkte versoening nie (vgl 37).

Die Kategismus volg, ná die twee inleidende vrae, die driedeling van die Brief aan die Romeine. Die eerste deel behandel die sonde en die ellende van die mens (3-11, vgl Rom 1:18-3:20); die tweede deel behandel die verlossing deur Jesus Christus (12-85, vgl Rom 3:21-11:36) en die derde deel die dankbaarheid (86-129, vgl Rom 12-14). Die tweede deel is die omvattendste en bespreek die Apostoliese Geloofsbelijdenis en die sakramente, terwyl die derde deel die Tien Gebooie en die 'Ons Vader'gebed uitleë.

Die indeling van die Kategismus in 52 Sondagsafdelings word die eerste maal gevind in die vierde uitgawe daarvan in die Paltz in 1563. Die geskiedenis van die Kategismus is ook interessant. Ná die invoering daarvan in die Paltz is die nie algemeen aanvaar nie. Veral van Lutherse kant is dit skerp aangeval omdat dit 'ketterye' van Zwingli en Calvin sou bevat het, terwyl die Jesuïete hulle veral aan Vraag en Antwoord 80 gestoot het. Die Lutherane wat die Kategismus aangeval het was

die vorste Karl II van Baden en Christoph van Württenburg, terwyl die teoloë Heshusen, Matthias Flacius, Brentius en Andreae daarteen gepolemiseer het.

Ursinus het byna dadelik 'n uitleg en verweer van die Kategismus opgestel, wat vanaf 1584 saam met die Kategismus uitgegee is. Frederik III is vanweë sy Kategismus gedreig en beskuldig van kettery. Daar is ook 'n poging aangewend om hom en die Paltz uit te sluit uit die reëlings van die Vrede van Augsburg in 1555. Selfs Keiser Maximiliaan II het hom hieroor betig. Met die Ryksdag te Augsburg (1566), het Frederik homself en sy Kategismus verdedig en gestel dat daar niks anders in staan as in die Bybel self nie. Daarby was hy oortuig dat die Skrifbewyse nie weerspreek kan word nie. Hy verklaar egter dat hy bereid is om die Kategismus te verander as uit die Woord van God iets beters na vore gebring kan word. Sy verdediging het so 'n indruk gemaak, dat die saak daar gelaat is. So ontvang die Kategismus 'n gewettigde staanplek, al is die Calvinistiese kerk eers in 1648 amptelik in Duitsland erken.

Ná Frederik III se dood, het sy opvolger, Ludwig VI (1576-1583), die Kategismus afgeskaf, die Calvinistiese teoloë uit die Paltz weggejaag en Luther se Kategismus en die *Formula Concordiae* weer ingevoer. Wanneer Johan Casimir egter Regent word in die Paltz, word die Heidelberger en die Calvinistiese kerk heringevoer.

Die Dertigiare Oorlog het ook in die Paltz verwoesting meegebring. In 1622 is die Paltz deur Tilly verwoes en daarin gevolg deur Turenne, Melac en andere. In 1685 beland die Paltz selfs onder 'n Rooms-Katolieke owerheid. Dan verlaat dui-sende gelowiges die land om hulle onder andere in Amerika te vestig. In die negentiende eeu, met die unifikasie van die Lutherse en Calvinistiese kerke, is 'n gesamentlike Kategismus in Heidelberg in gebruik geneem.

Die Heidelberger het in die Calvinistiese kerke in Duitsland algemene aanvaarding gevind en wel in Oos-Friesland, Jülich, Kleef, Berg, Wupperthal, Bremen, Hesse, Anhalt, Brandenburg en Pruise, terwyl dit ook in Hongarye, Pole en in Switserland in St Gall, Schaffhausen en Berne aanvaar en gebruik is. In Nederland het die Kategismus algemene aanvaarding gevind en die Kategismusse van a Lasco en Calvyn, wat die Nederlandsprekende deel van die kerk betref, verdring. Die Sinodes van Emden (1571) en Dordt (1574) het in navolging van die Konvent van Wesel, die gebruik aanbeveel. Dan word besluit dat die predikante met die middagdiens in 52 Sondae die Kategismus aan die gemeente sal uitleë.

Die Arminiane het in die sewentiende eeu gevra vir 'n hersiening, maar die Sinode van Dordt (1619) het op 1 Mei 1619 die Kategismus gehandhaaf en gestel

dat de leer, in den Catechismus van den Paltz begrepen, in alles met Gods Woord was overeenstemmende, en dat in denzelven niets was begrepen, 't welk zoude schijnen, als daarmede niet overeenkomende, te moeten veranderd of verbeterd worden; en dat dese Catechismus

een zeer welgesteld kort begrip was der rechtzinnige Christelike leer, zeer wijselijk in orde gebragt, niet alleenlijk naar 't begrip der teedere jonkheid, maar ook tot bekwame onderwijzing dergenen die tot hunne jaren waren gekomen. En dat dezelve derhalve met groote stichting in de Nederlandsche kerken mocht geleerd, en in alle manieren behoorde gehouden te worden.

Ook in die Engelstalige wêreld is die Kategismus aanvaar deur die Skotse kerk en in Engeland, waar dit later deur die Kategismus van die Westminster Assembly van 1636 vervang is.

Uit die omvangryke literatuur word verwys na:

Haitjema, Th L 1962. *Die Heidelbergse Catechismus*. Wageningen: H Veenman & Zonen NV.

Oberholzer, J P 1986. *Die Heidelbergse Kategismus*. Pretoria: KITAL.

Schaff, P 1919. *The Creeds of Christendom with a history and critical notes*. New York: Harper & Brothers Publishers.

5.7.4 Die vlugtelinggemeentes langs die Ryn

Baie van die Nederlandse vlugteling het, wanneer hulle in Duitsland gekom het, hulle eenvoudig by die daar bestaande gemeentes aangesluit, omdat daar nie 'n taal- en kultuurverskil was wat 'n afsonderlike kerklike gemeenskap genoodsaak het nie. In ander gevalle is daar egter wel Nederlandssprekende vlugtelinggemeentes gevorm, wat dan onder die sorg van die plaaslike kerke te staan gekom het. Dit bly opvallend dat nêrens in die sestiende eeu die oprigting van vlugtelinggemeentes, wat deur die taal en kultuur van die vlugteling bepaal en noodsaaklik gemaak is, as 'n bedreiging vir die eenheid van die kerk gesien is nie.

Van die vlugtelinggemeentes langs die Ryn kan genoem word dié te Keulen, wat ongeveer in 1566 gestig is. Aangesien Keulen nog in hoofsaak Rooms-Katoliek gebly het, moes die vlugteling versigtig wees. In die begin het die Nederlanders maar ingeskakel in die Duitse gemeente, maar vanaf 1571 vorm die Nederlandssprekendes 'n eie afdeling binne die gemeente en dan groei die gemeente.

In die stad Aken was daar ook vlugteling, hoofsaaklik Franssprekendes uit Antwerpen. By hulle het ook Nederlandssprekendes aangesluit. Omdat Aken egter 'n Rooms-Katolieke stad was, is hulle aanvanklik geduld so lank hulle nie aandag getrek het nie. In 1558 en 1559 word die vlugteling onder druk geplaas en uiteindelik gedwing om te bewys dat hulle goeie Rooms-Katolieke gelowiges is, of Aken te verlaat.

Vanaf 1544 was daar ook Nederlandse vlugteling wat na Wesel uitgewyk het. Dan reeds is Wesel 'n Protestantse stad. Die toeloop van vlugteling bring mee dat die stadsvaders 'n belydenis laat opstel wat die Weselse leer weergee en die Anabaptisme afwys. Al die vlugteling moes die belydenis onderskrif en, hoewel dit sterk oorhel na die Lutherse kant, het hulle dit tog aanvaar. Dan word 'n kerkgebou aan die vlugteling toegewys, waar in Frans gepreek is. Die sakramente moes egter in die Lutherse stadsgemeente onder leiding van 'n Lutherse predikant ontvang word. Ook hier het die Lutherse predikante druk aangelê om die Calvinistiese vreemdelinge te verdryf en in 1557 is die vlugteling voor die keuse geplaas om die Lutherse geloofsbelydenis te aanvaar of weer verder te gaan. In die laat sestigerjare het 'n groep Nederlandssprekendes na Wesel uitgewyk en daar 'n gemeente gevorm wat egter nooit 'n eie predikant gehad het nie en waarskynlik deur die Lutherse stadspredikante versorg is. Naas Wesel was daar ook gemeentes te Goch en Emmerik wat tot in die laat-sewentigerjare bestaan het.

5.8 Samevattend

Die vlugtelinggemeentes het 'n groot invloed op die gang van die Hervorming in Nederland gehad. Hier hoof 'n mens alleen te dink aan die invloed van manne soos a Lasco, Micron en Datheen, asook Utenhove en Delenus. Deur hulle is die denke en opvattinge van Calvyn, Bullinger en die Switserse Hervormers verbrei in die vlugtelinggemeentes en vandaar weer na die Nederlandse kerk. So kon die Nederlandse kerk put uit die volle breedte van die Calvinistiese Hervorming.

Oor hierdie periode kan die volgende boeke geraadpleeg word:

- Lindeboom J 1950. *Austin Friars: History of the Dutch Reformed Church in London 1550-1950*. The Hague: Martinus Nijhoff.
- Van Schelven, A A 1908. *De Nederduitsche Vluchtelingenkerken der XVIIe eeuw in Engeland en Duitschland in hunne beteekenis voor de reformatie in de Nederlanden*. 's-Gravenhage: Martinus Nijhoff.

Hoofstuk 6

Die verbreiding van die Calvinisme in Nederland

6.1 Die beginjare

Soos reeds aangetoon, het Lutherse invloede vanaf die vroeë twintigerjare van die sestende eeu al in Nederland deurgewerk. Die algemene Hervormde gesindheid is egter geskep deur die Bybelse Humaniste en die Sakramentariërs. Die algemene verwerping van die Rooms-Katolieke godsdiens, wat in baie opsigte 'n mengsel van vormgodsdiens en bygeloof was, is ook veroorsaak deur die feit dat die Rooms-Katolieke priesters bitter min gedoen het om hulle lidmate se godsdienstige behoeftes te bevredig. In hierdie situasie het die verskillende Doperse strominge bygedra om 'n verwarrende situasie te skep.

Dit is in hierdie situasie wat in 1543 'n pamflet van Calvyn nogal opslae maak. Die pamflet dra die titel, *Petit traicte, monstrant que c'est que doit faire un homme fidele cougnoissant la verité de l'evangile: quand il est entre les papistes* ('n klein verhandeling wat aantoon wat 'n gelowige man, wat die waarheid van die evangelie ken, moet doen wanneer hy onder die Papiste verkeer). Dit is om meer as een rede 'n belangrike pamflet, omdat dit 'n saak aangesny het wat destyds van lewensbelang was, want die Papiste (of Rooms-Katolieke) het elke afwyking van die Rooms-Katolieke geloof swaar gestraf. Calvyn se argument hier is dat die gelowige te alle tye aan God gehoorsaam moet wees, al sou dit vervolging en die doodstraf beteken. Daarom verwerp hy die opvatting van sommige mense wat in die openbaar voorgee het dat hulle nog Rooms-Katolieke gelowiges is, terwyl hulle in die geheim die Rooms-Katolieke leer reeds verwerp het. Hier stel Calvyn dan die volgende belangrike saak: 'n Mens kan my vra watter raad ek wil gee aan 'n gelowige wat só in 'n Egipte of in 'n Babel moet bly waar hy nie toegelaat word om God suiwer te aanbid nie, maar waar hy, volgens die algemene gebruik, gedwing word om hom in slegte omstandighede te skik.' As antwoord op hierdie situasie beveel Calvyn aan dat so 'n gelowige maar die land moet verlaat. As dit nie moontlik is nie, rus die plig op die gelowige om hom van alle afgodery te distansieer, terwyl hy in 'n Rooms-Katolieke

gemeenskap woon. Calvyn is baie skerp in sy afwysing van pogings om in 'n soort kompromissituasie te probeer lewe.

Miskien kan net daarop gewys word dat Calvyn hierdie argumente herhaal en aanvul in sy pamflet teen die Nikodemiete van 1544. Hierdie aanwysings van Calvyn om eerder die land te verlaat as om in 'n Rooms-Katolieke land te bly en gedwing te word tot afgodery, gee ook aanleiding daartoe dat baie mense na Europa vlug om so die Rooms-Katolieke vervolging in hulle eie vaderland te ontsnap.

In 1544 gaan 'n afvaardiging van Tournai, 'n stadjie in die suide van die Nederlande, na Genève met die versoek om 'n Calvinistiese predikant na Nederland te stuur. Dit is gedoen, omdat die afvaardiging die Hervormingsbeweging wou bewaar, enersyds van die bygeloof van die Rooms-Katolieke, en andersyds van die radikalisme van die Dopers. Die antwoord was dat Pierre Brully na die Suid-Nederlandse Franssprekende provinsies gestuur is om die Woord te verkondig, die sakramente te bedien en die organisasie van die kerk ter hand te neem. Die rede dat Genève vir hulp gevra is, was dat die Calvinistiese predikante nie alleen goed opgelei was nie, maar terselfdertyd standvastig genoeg was om die Hervorming in geordende bane te lei.

Dit is opvallend dat die Calvinistiese predikante deur die kwaliteit van hulle prediking en hulle onbesproke lewenswandel daarin geslaag het om die Hervormingsbeweging in Nederland vir die Calvinisme te wen. Die gang van sake was egter nie so enkelvoudig nie. Pierre Brully word in 1545 gevang en tereggestel. Die volgende predikante wat vanuit Genève gestuur is, was Evrard Erail en Arnold Blanc wat in 1557 in Antwerpen aankom. In 1558 vlug Erail na London, terwyl Blanc dit skaars ses maande uithou. Dit bring mee dat lekepredikers na vore tree soos Gaspard van der Heyden wat as jong seun by die gemeente Antwerpen aansluit. In 1551, nadat die plaaslike predikant, Jan van Ostende, tereggestel is, neem Van der Heyden die leiding oor, terwyl hy as skoenmaker in sy lewenstog voorsien. Eers in 1555, wanneer die gemeente kans sien om hom te onderhou, reis hy na Emden om bevestig te word. So het Jean de Lannoy eers ouderling geword te Tournai en dan 'n assistent van Guido de Brès. Daar was ook lekepredikers wat almal kleiner kringe om hulle heen versamel het vir Bybellesing, kategese, die sing van Psalms en gebed. Hierdie eerste 'huisgemeentes' wat so vergader het, asook die byeenkomste wat in die openbaar gehou is, was daarop gerig om nuwe lidmate te werf. Die belydende lidmate het gewoonlik in die geheim byeengekom en hulle byeenkomste is alleen bygewoon deur lidmate wat al sterk gestaan het en 'n eed afgelê het om alles te doen om die kerk te bewaar en uit te bou. Hierdie byeenkomste was beperk tot ongeveer tien mense. In Tournai het Guido de Brès nie anders nie as in die

aande dergelike byeenkomste bygewoon waar hy dan gepreek het. Die klem het voortdurend op die prediking geval.

Dit is opvallend hoe min bevestigde predikante daar was. In die gebied Tournai-Lille-Valenciennes was De Brès tot 1563 die enigste bevestigde predikant. Behalwe in Antwerpen, waar daar meer predikante was, was dit die lekepredikers wat kategese moes gee en preek.

Die werfkrag van die beweging was groot. As voorbeeld kan Paul Chevalier, 'n Rooms-Katolieke priester te Tournai genoem word, wat deur een van De Brès se assistente bekeer is. Ná opleiding deur Jean de Lannoy word hy predikant te Valenciennes. So is Adrianus Saravia deur Jacques Taffin bearbei en, nadat hy uit die klooster ontsnap het, het hy ná opleiding predikant te Brussel geword.

6.2 Eerste pogings tot organisasie

Sodra daar êrens voldoende lidmate was, is 'n kerkraad gekies wat die werk verder gereël het. Vanweë die gevaar van vervolging het die gemeentes skuilname gebruik: Tournai ofte wel Doornik was La Palme, Armentières was Le Bouton, Antwerpen was La Vigne en Gent was La Glaive.

Vanuit die kerkraadsvergaderings is provinsiale sinodes saamgestel wat in die periode 1563-1565 reëlmatig vergader en rigting gegee het aan die prediking, kategese en die opleiding van bekeerlinge. Met die samestelling en besluitneming is die Franse kerkordelike reëlins gevolg en die gebruike in die Calvinistiese kerke. Deur middel van hierdie sinodes is getrag om 'n hegte organisasie te bou en daar is veral skerp gelet op die Rooms-Katolieke of Doperse afwykende menings. Daarom moes nie net die predikante nie, maar ook alle ouderlinge en diakens die Nederlandse Geloofsbelijdenis onderskryf. Hierdie belydenisskrif is opgestel in 1561 en in 1563 by 'n provinsiale sinode van Armentières as belydenisskrif van die kerk aanvaar. In 1565 word besluit om die belydenis aan die begin van elke sinode te lees en dit dan beskikbaar te stel vir hersiening. Interessant is dat in hierdie vroeë jare die predikante en kerkrade van Antwerpen en dié in Vlaandere noue betrekkinge gehou het met London en Emden en in 'n sekere sin hulle self onder hulle sorg geplaas het. Die Franssprekende predikante het weer met Genève gekorrespondeer en daar hulp en steun gesoek. Die verskil het in hierdie beginjare nie juis saak gemaak nie, want die organisasie was nog taamlik los, hoewel die aanvaarding van 'n nasionale belydenis en die bestaan van sinodes tog al 'n duidelike organisatoriese band geskep het. Daarby het dit die Calviniste in Nederland die sekerheid gegee dat hulle deel was van 'n groot en breë Europese beweging. So is die weg gebaan tot die vestiging van 'n landskerk, enersyds deur prediking en kategese in die kleiner groep,

en andersyds deur die hou van sinodes, die kommunikasie met mekaar en met buitelandse kerke.

Tot op dié stadium het die Calviniste enige openlike konfrontasie met die owerhede vermy. Dit was Adriaan van Haemstede wat in 1557 in die openbaar begin preek in Antwerpen omdat hy die ondergrondse optrede nie meer wou billik nie. In 1558 doen hy dit weer sodat die owerhede met 'n onderdrukkingsaksie begin wat Gaspard van der Heyden verplig om na Duitsland te vlug. Van Haemstede gaan hiermee voort totdat hy in 1559 moet vlug. Sy voorbeeld word in 1562 deur Ghislain Damman, 'n lekeprediker, gevolg. Hoewel Damman tydens sy opelug prediking beskerm word, word baie lede van sy gehoor gearresteer.

In September 1561 het 'n diaken, Robert Dufour, omtrent driehonderd lidmate deur die strate van Valenciennes gelei, terwyl hulle Psalms sing. Hoewel De Brès en sy assistent Jean de Lannoy die demonstrasie afkeur, kan hulle dit nie keer nie. Toe 'n groot aantal van hulle gearresteer is, skryf De Brès sy beroemde brief aan die koning en gooi dit saam met 'n kopie van die Nederlandse Geloofsbelydens oor die kasteelmuur om sodoende die owerhede te oorreed om die vervolginge te staak. Dit gebeur egter nie en De Brès moet na Frankryk vlug.

Hoewel daar nog verdere openbare demonstrasies en preke was, slaag die owerhede tog daarin om in die loop van die tyd hierdie bewegings te onderdruk en om die Calvinistiese kerk te dwing om weer ondergronds te gaan. Hier word dit duidelik dat die kerk as 'n geheel nog nie sterk genoeg was om 'n konfrontasie met die owerheid te weerstaan nie – dit ook omdat die Calviniste nog nie daarin geslaag het om leidinggewende mense in die gemeenskap te werf om hulle te steun nie. Hulle steun het hoofsaaklik in die geledere van die gewone man gelê.

Hierdie steun word egter uitgebrei deur die merkwaardige moed en voorbeeldigheid van die Calvinistiese martelare. Met merkwaardige insig het die Calviniste daarin geslaag om Bybelse parallele te vind om daarmee aan te dui dat hulle die ware gelowiges is. Dit is veral gedoen deur Jean Crespin se *Histoire des Martyrs* van 1554 en Adriaan van Haemstede se *Martyrologie* van 1559. Juis in hulle lyding en dood het die Calvinistiese predikante en gelowiges 'n bewys gesien dat God hulle uitverkies het en dat hulle wettige geroepenes is. Een van die martelare het dit soos volg gestel: '[D]it is hoe ek myself troos...ek oorweeg nie alleen met sorg alles wat met my gaan gebeur nie, maar ook hoe die naam van die Here grootgemaak en geëer en geprys sal word deur my standvastigheid en dood. Ek is nie baie seker van myself nie...maar ek is ten volle verseker van die beloftes van Christus' (my vertaling).

So gebeur dit dat, hoewel daar in hierdie beginjare maar net 'n oppervlakkige

organisasie gebou is en die predikante boonop maar min is, daar tog voorbereiden-de werk gedoen is wat standgehou het.

Die volgende boeke kan hier nagelees word as agtergrondmateriaal:

Dankbaar, W F 1957. *Calvijn zijn weg en werk*. Nijkerk: Callenbach.

De Greef, W 1989. *Johannes Calvijn zijn werk en geschriften*. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan.

McNeill, John T 1967. *The history and character of Calvinism*. New York: Oxford University Press.

Oberman, H A 1988. *De erfenis van Calvijn: Grootheid en grenzen*. Kampen: Kok.

Parker, T H L 1975. *John Calvin: A biography*. London: J M Dent & Sons Ltd.

Van Campen, M 1988. *Leven uit Gods beloften: Een centraal thema bij Johannes Calvijn*. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan.

6.3 Ekskurs: Die Nederlandse Geloofsbelijdenis

Die opsteller van die Nederlandse Geloofsbelijdenis was Guido de Brès (1552-1567). Gebore te Mons word hy veral deur sy diep-godsdienstige moeder in sy jeug-jare beïnvloed. Aanvanklik was hy bestem om 'n glasskilder te word, maar kry dan 'n Bybel in die hande. Sy sorgvuldige lees van die Bybel laat hom die Rooms-Katolieke Kerk verlaat om aansluiting by die Reformasie te vind.

In 1548 verlaat hy, onder die druk van vervolginge, sy vaderstad en gaan na Engeland waar hy hom veral met die studie van die teologie besig hou. In 1552 keer hy terug en vestig hom te Rijssel. Daar begin hy met evangelieprediking. Hy werk daar totdat hernude vervolging hom dwing om Rijssel te verlaat. Dan swerf hy rond: Eers is hy in Gent, dan in Frankfort am Main waar hy onder andere Calvyn ontmoet. Daar voer hy nog twisgesprekke met Anabaptiste. Vandaar reis hy na Lausanne en Genève om sy teologiese studies voort te sit.

De Brès se eerste werk, wat hy nog te Rijssel skrywe, is getitel, *Le Baston de la Foy Crestienne, Livres très utile a tout Crestiens pour s'armer contre les ennemys de l'evangile et pour aussi cognoistre l'ancienneté de nostre sainte foy, et de la vraye Eglise*. Die werk wat in 1555 verskyn is 'n versameling aanhalings uit die werke van die vroeë Kerkvaders om daarmee die regmatigheid van die Calvinistiese leer teenoor die Rooms-Katolieke Kerk te bevestig. Hierdie werk getuig van 'n verbasende kennis van die Patristiek. Die werk het baie aansien geniet en is verskillende male herdruk.

In 1559 keer hy terug na Nederland en tree in Augustus 1560 in die huwelik. Nou woon en werk hy in Doornik en omgewing en bou hy aan die ondergrondse

kerk. Geleidelik word De Brès een van die spilpunte waaromheen die Hervorming gebou word.

De Brès moet Doornik verlaat met die verskerpte vervolging, nadat 'n groep Hervormers in die strate van Doornik Psalms gesing het. Tydens hierdie vervolginge word in die nag van 1 November 1561 'n pakkie, bestem vir die landvoogdes, oor die muur van die kasteel van Doornik gegooi. Die brief, gerig aan Koning Filips II, bevat 'n verdediging van die vervolgdes, terwyl die ingeslote geloofsbelydenis hulle geloof omskrywe. Die versoek het geen positiewe gevolg gehad nie, behalwe dat die vervolging verskerp is. Beide die brief en die geloofsbelydenis is deur De Brès opgestel. Vanweë die vervolgings wyk De Brès uit na Sedan waar hy tot 1566 werksaam is. Daarvandaan het hy Nederland verskillende male besoek en in 1564 sameprekings gevoer met prins Willem van Oranje oor sy plan om samewerking tussen die Lutherane en Calviniste te kry.

In 1566 word De Brès na Antwerpen beroep en gaan hy dan van daar na Valenciennes. Aangesien Valenciennes toe al openlik Protestants was, preek De Brès reëlmag in die St Janskerk aldaar. Valenciennes word egter deur die Rooms-Katolieke owerhede aangeval en in 1567 moet die stad oorgee. Onder diegene wat gevang word is De Brès, en saam met sy ampsgenoot Peregrin de la Grange word hy op 31 Mei 1567 in Valenciennes tereggestel. De Brès was 'n geleerde predikant en 'n oortuigde Calvinis en hy het sy lewe lank met Calvyn kontak gehou. Sy werk in die Suidelike Nederlande en in Noord-Frankryk het die Hervorming 'n groot stoot gegee en sy ywer en prediking het 'n blywende indruk gemaak. Nog een ander werk van hom is gepubliseer, naamlik 'n aanval op die Anabaptisme. Gepubliseer in 1565 is 'n Nederlandse vertaling in 1570 gepubliseer met die titel, *De Wortel, den oorspronck ende het fundament der Wederdooperen oft herdooperen van onsen tijde. Met overvloedige wederlegginghe der sondelincst argumenten, door dewelcke sij ghewoon zijn de gemeijnte onses Heeren J C te beroeren ende den eenvuldige te verleyden*. As hierdie werk van De Brès gelees word en ook sy ander geskrifte, dan is dit duidelik dat die Nederlandse Geloofsbelydenis inderdaad deur 'n hekwame, Calvinistiese teoloog opgestel is.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis wat in 1561 deur De Brès opgestel is, was in Frans geskrywe. Die belydenis is in dieselfde jaar herdruk, weer eens in 1562 en dan weer in 1565 en ook in 1566. In 1611 word weer 'n uitgawe besorg en dié uitgawe word in 1619 by Dordt hersien, waar die finale teks vasgestel is. Die oudste Nederlandse vertaling dateer terug na 1562, terwyl betreklik vroeg, in 1566, 'n Latynse vertaling gemaak is, waarskynlik deur Beza in die *Harmonia Confessionum* van 1581. Die finale teks is by Dordt in 1619 vasgelê, waar 'n kommissie oor die saak moes handel. Daar is ook 'n Latynse vertaling gemaak.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis (hierna NGB) wat deur De Brès as verweerskrif en apologie opgestel is, soos blyk uit die brief gerig aan Filips II wat dit vergesel het, is nie dadelik as 'n belydenisskrif gebruik nie. In 1563 bepaal die Sinode van Armentières dat die ouderlinge en diakens die NGB moet onderteken. Dit beteken egter nie dat die NGB op daardie stadium al 'n bindende gesag gehad het nie, want in Antwerpen in 1565 word die belydenisskrif onderteken om daarmee slegs die onderlinge eenheid te beklemtoon.

By Wesel word in 1568 besluit om elke aankomende predikant te vra 'of hy in alles ooreenkomt met de leer die in de kerk opentlijk wordt onderhouden en vervat is in de belijdenis [dan word sowel die Franse as die Nederlandse Geloofsbelydenis genoem] en die Kategismus' (art 18).

Emden se sinode van 1571 besluit in artikel 2 om die belydenis te onderteken 'om de eendrachtigheid in de leer tussen de Nederlandse kerken te bewijzen'. Dus is die NGB nie dadelik as norm en reël van die prediking aanvaar nie.

Die NGB was 'n verwerking van die Franse Geloofsbelydenis wat in 1559 aanvaar is op die eerste nasionale Sinode van Parys. Hierdie geloofsbelydenis is die werk van Calvyn, wat die eerste ontwerp opgestel het. Daarna is dit hersien deur Antoine Chandieu, 'n leerling van Calvyn, wat saam met die Sinode die finale teks vasgestel het. Hierdie belydenis, getiteld *Confessio Gallicana* is in 1560, met 'n voorrede, by Ambois aan Koning Francois II aangebied. Beza het in 1561, by die godsdiensoesprek te Poissy, dit ook aan Charles IX aangebied. Die belydenis is in 1571 hersien en weer vasgestel by die Sinode van La Rochelle.

Die *Confessio Gallicana*, wat uit twee uitgawes bestaan, één met vyf en dertig en 'n ander met veertig artikels, is 'n sorgvuldige samevatting van die Calvinistiese leer. De Brès, wat die NGB opgestel het, is daarin bygestaan deur Adrianus Saravia, Herman Moded en G van Wingen. Dit is verder hersien deur Franciscus Junius van Bourges, voordat dit finaal in 1561 gepubliseer is. Dit is egter duidelik dat De Brès die hoofaandeel in die werk gehad het. Die NGB met sy sewe en dertig artikels volg die *Confessio Gallicana*, maar is uitgebrei ten opsigte van die Drie-eenheid, die vleeswording, die kerk en die sakramente. Daarby is dit opvallend dat die NGB minder polemies is as die *Confessio Gallicana*, hoewel dit skerp afgrens enersyds teenoor die Rooms-Katolieke Kerk en andersyds teenoor die Dopers en die radikales.

Dit is belangrik om daarop te let dat in 1566 die adel in Nederland in verset kom teen die Rooms-Katolieke onderdrukking. Die adel wil dan saam met die Hervormde kerkrade werk om die Spaanse juk af te werp. Vir dié doel is 'n Sinode te Antwerpen belê om saam met die adel te werk aan 'n wysiging van die belydenis. Dan word, met die hulp van Junius, artikel 36 geformuleer soos dit tans daar uitsien.

So word die belydenis, soos Paul Jacobs opmerk, 'of truly fundamental importance for the history of the founding of the Netherland State, because the formation of this state was a history of faith. The faith that was basic to this Confession enabled the nobles to form an alliance, and the Reformed Christians from Antwerp to Wesel to unite'. Die Nederlandse Geloofsbelydenis word, na 'n paar inleidende artikels oor die openbaring, gekenmerk deur sy beskouing van die Bybel. So stel artikel 7: 'Ons glo dat hierdie heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens moet glo tot saligheid, genoegsaam daarin geleer word....'

Die Skrif alleen is dus die enigste kenbron van die waarheid en daaraan mag niks toegevoeg of iets daarvan weggelaat word nie. As die Skrif die enigste openbaringsbron is, dan wil die Geloofsbelydenis ook aansluit by die leer van die vroeë kerk en daarom word in artikel 9 gestel: 'Daarom aanvaar ons in hierdie opsig graag die drie belydenisse, naamlik dié van die Apostels, Nicea en Athanasius, en ook wat die ou vaders in ooreenstemming hiermee besluit het.'

Daarna stel die Geloofsbelydenis die sentrale momente van die leer van God se verlossende werk in Jesus Christus (art 12-21). Die besef dat Jesus Christus die enigste Middelaar is (art 26) bepaal die belydenis ten opsigte van die kerk (art 27-29) waar duidelik teen die Anabaptisme afgegrens word. Die kenmerke van die ware kerk word ook genoem (art 29): 'Die kenmerke om die ware kerk te kan uitken is die volgende: dat die kerk die evangelie suiwer preek; dat dit die sakramente suiwer bedien, soos Christus dit ingestel het; dat dit die kerklike tug gebruik om die sondes te straf.'

Duidelik Reformatories is die Belydenis as gesê word dat die geloof alleen regverdig (art 22-23): 'Ons glo dat die Heilige Gees ons die ware kennis van hierdie groot verborgenheid laat kry. Hy laat daarvoor in ons hart 'n opregte geloof ontvlam wat Jesus Christus met al sy verdienste aanneem en wat ons Hom vir ons laat toeëien en wat ons niks anders meer buite Hom laat soek nie.'

Hierdie genade van God heilig die persoonlike lewe (art 24-25), die kerklike lewe (art 30-35) en die openbare lewe (art 36), en gee die toekomsverwagting (art 37). Opmerklik is die positiewe waardering van die owerheid, as dienaar van God, dit veral teen die Wederdopers.

Literatuur wat hieroor nagelees kan word is:

- Bosman, H L ea 1987. *Die Nederlandse Geloofsbelydenis – ontstaan, Skrifgebruik en gebruik*. Pretoria: UNISA.
- Cochrane, A 1966. *Reformed Confessions of the 16th Century*. London: SCM.
- Schaff, P 1919. *The Creeds of Christendom with a history and critical notes*. New York: Harper & Brothers Publishers.

6.4 Staatkundige ontwikkelinge

In 1555 het Keiser Karel V as keiser afgetree en sy troon aan sy seun Filips II van Spanje oorhandig. Filips II wat 'n fanatiese Rooms-Katoliek was, het met groot strengheid teen alle ketters in sy ryk opgetree.

In die Nederlande het Filips, met die medewerking van Pous Paulus IV, in 1559 die aantal Rooms-Katolieke bisdomme sterk vermeerder. Daar was nou drie Aarts-biskoppe, dié van Utrecht, Mechelen en Kamerijk en vyftien biskoppe. In elke bisdom was daar twee Kannunike wat voltyds besig was met geloofsondersoeke. Die nuwe aartsbiskop van Mechelen was Antonius Perreïrot, maar hy word spoedig opgevolg deur Kardinaal Grenvelle. Grenvelle laat die Inkwisisie voltyds werk om die verspreiding van die Calvinisme teen te gaan. Die instelling van hierdie nuwe bisdomme het selfs by die Rooms-Katolieke volk teenstand verwek, ook omdat dit as inbreuk op ou regte en privilegies gesien is. Die hoë adel het deur hulle invloed in die kapitels, baie seggenskap in die benoeming van die hoë geestelikheid gehad. Maar nou is hulle regte hierin ingekrimp omdat aan die Koning baie mag gegee is by die benoeming van die biskoppe en kanunnike. Verder sou die kerkvorste, omdat hulle in al die state groot besittings het, se mag in die verskillende geweste nou toeneem en dit was vir die adel nie altyd aanvaarbaar nie. Die biskoppe wat daar was, was ontevrede omdat hulle bisdomme nou kleiner en hulle seggenskap beperkter geword het. Die Prins van Oranje wat Stadhouder van die provinsies Holland, Zeeland en Utrecht was, het hom met ander lede van die Raad van state in die oposisie bevind en word die erkende leier van hierdie groep. In sommige geweste t was daar van die begin af verset teen hierdie maatreël, veral in die noordelike provinsies van Friesland, Groningen en Overijsel. Die benoemde biskop van Deventer is nooit daar gewy nie en die biskop van Friesland het nooit eers die geleentheid gekry om sy bisdom te sien nie. Die benoemde biskop van Leeuwarden het eers in 1570 daar aangekom, terwyl die benoemde biskop van Roermond eers in 1568 sy amp aanvaar het.

Met die kerklike struktuur nou oorgehaal om op te tree, is die verskillende plakkate (= owerheidsproklamasies) teen die ketters sorgvuldig toegepas. Dit beteken dat baie martelare ter wille van hulle geloof op die brandstapels sterf. Dikwels is die ketters eers so tereggestel nadat hulle ondervra en gemartel is deur die kerklike inkwisiteurs. Die kerklike inkwisiteurs wou die gevangenes oorreed om hulle kettery af te sweer, maar het nie juis daarin geslaag nie.

Die skerp vervolgings het die verset aangewakker en dit is opvallend dat die adel nou ook na vore begin kom. Dit bring mee dat kardinaal Granvelle, wat die hoogste kerklike en staatkundige gesag in Nederland beliggaam, in 1564 uit Nederland moet vertrek en vervang is deur 'n Landvoogdes. In hierdie tyd kom Prins Wil-

lem van Oranje, die Stadhouder van Holland, Zeeland en Utrecht, al meer op die voorgrond as die leier van die verset. Oranje wil hê dat die owerheid vryheid van gewete moet toelaat, die geloofsvervolging moet beëindig en in sommige dele van die land selfs die vrye uitoefening van die godsdienis moes toelaat. Hier het hy waarskynlik aan die Duitse kompromis-'oplossing' van die *cuius regio eius religio* gedink. Op hierdie punt het die Nederlandse Calviniste egter 'n lastige struikelblok gevorm, want hulle was nie baie geneë om ingepas te word in die Duitse struktuur nie. Hoewel daar Calviniste was wat nie groot besware het teen die aanvaarding van 'n Lutherse belydenisskrif soos die *Confessio Augustana* nie, want dit sou ook weer politieke voordele kan meebring, slaag die gedagte nie. Dit misluk ook omdat die klein groepies Lutherane geen verwantskap met die Calviniste voel nie. Die Lutherane het nie die Calvinistiese Nagmaalsleer aanvaar nie en wou onder geen omstandighede optree teen die owerheid nie. Daarby het Matthias Flacius Illyricus, 'n strydvaardige Lutheran, die verskille met die Calvinisme so skerp gestel, dat daar ook nie juis sprake kon wees van 'n samegaan nie. Daarby verminder die Lutherse invloed as die Lutherane in Nederland, onder druk van die vervolging, geleidelik die land verlaat.

Die Calviniste het, anders as die Lutherane, optrede teen die owerheid wel aanvaar. In die voetspoor van Calvyn sien hulle opstand teen 'n dwalende, onderdrukkende owerheid as volkome regverdig wanneer die laer owerhede die leiding in so 'n verset neem. In Nederland wou die hoë adel nie so ver gaan nie, maar die laere adel het wel daarvoor kans gesien. Een van die leiersfigure hier word Prins Lodewyk van Nassau, 'n broer van Oranje wat 'n oortuigde Calvinis is. Hy versamel 'n groep van die laere adel rondom hom, wat sowel met die Calvinistiese kerkrade as verskillende vooraanstaande figure uit die handel- en koopwêreld skakel – laasgenoemde omdat hulle bereid was om die nodige finansiering te doen.

Nadat die hoë adel eintlik weier om op te tree, het die laere adel op 5 April 1566 'n smeekskrif by die Landvoogdes, Margaretha van Parma, ingedien waar gevra word dat die inkwisisie opgehef moes word. Terselfdertyd het hulle gevra dat die koning se proklamasies teen kettery ingetrek moet word en dat die Staten-Generaal oor die godsdienstige beleid van die land moet besluit. Margaretha wou nie toestem tot die versoek nie, maar het wel 'n soort 'skietstilstand' voorgestel waartydens die vervolginge gestaak wou word. Hierdie *Verbond der Nederlandsche Edelen* het, naas Lodewyk van Nassau as leierfiguur Phillips van Marnix, Heer van St Aldegonde (1540-1598) gehad. Phillips van Marnix was een van die bekendste Calviniste in Nederland. Hy was 'n veelsydige geleerde, staatsman en kerkman wat in Genève aan die universiteit aldaar studeer het.

In die Nederlandse verset teen die Spaans-Roomse owerheid speel hy 'n groot rol. Allereers het hy die *Verbond der Edelen* help oprig, maar daarnaas ook baie gedoen om deur die Calvinistiese kerkrade 'n hegte organisatoriese versetnetwerk op te bou. As Willem van Oranje die leier van die verset word, is Phillips een van sy naaste medewerkers.

Op kerklike vlak het hy in 1580-1591 'n eie Psalmberyming die lig laat sien. Hoewel dit van beter kwaliteit is as die een van Datheen, kan sy Psalmberyming nie Datheen se werk verdring nie. Hy word oor die algemeen beskou as die digter van die volkslied, Wilhelmus van Nassouwe, wat die strydlied van die verset word. Sy beroemdste geskrif is sy satiriese aanval op die Rooms-Katolieke Kerk, te wete *De Biencorf*, wat in 1569 verskyn. Daarnaas het hy nog verskillende ander belangrike geskrifte geskryf. In sy laaste jare woon hy in Leiden waar hy aan 'n Bybelvertaling werk – 'n werk wat hy egter nooit voltooi het nie.

Die Smeekskrif van die adel het geen uitwerking gehad op die beleid van die owerheid nie en die vervolging van alle nie-Rooms-Katolieke gelowiges het toegeneem. Tog het die Smeekskrif 'n belangrike resultaat gehad, omdat dit die verset verstewig het en al meer mense gedwing het om 'n standpunt in te neem ten opsigte van die onderdrukkende beleid wat gevoer is.

6.5 Die kerklike verset neem toe

Die *Verbond der Edelen* en die toenemende druk van die vervolginge het ook reaksie in die hand gewerk. Nie alleen word Calvinistiese pamflette nou op groot skaal versprei nie, maar ook Rooms-Katolieke priesters, wat met die Hervorming simpatiseer, spreek hulle gevoelens openlik van die kansel uit. So is Cornelis Huberti in 1565 gearresteer vanweë sy preke, terwyl 'n ander priester in Maastricht in sy preke uitgevaar het teen 'die gebakte god', 'n verwysing na die Rooms-Katolieke leer van die transsubstansiasie van die Nagmaalelemente. Hy het ten ene male ontken 'dat ons Here in brood kan ingaan'.

Margaretha van Parma, die landvoogdes, se aanbod om die vervolging tydelik te staak, het beteken dat baie vlugtelinge nou terugkeer na Nederland. Die hoë verwagtings wat gekoester word, lei tot allerlei nuwighede. So gebeur dit dat 'n jong monnik, Carolus Daneel, uit die klooster wegloop en dan in die omgewing van Ijperen in die opelug begin preek in Mei 1566.

Betreklik gou het hy met sy prediking buite die stad in die oop veld gehore van meer as 'n duisend mense getrek. Ander volg sy voorbeeld en so ontstaan die verskynsel van hagepreken. Dan gee die verskillende kerkrade aan hulle predikante opdrag om ook so in die opelug te preek. Gou het die hagepreke 'n massa-beweging

geword waaraan nie net die gewone mense deelgeneem het nie, maar ook hooggeplaastes en lede van die adel.

Dan begin die Calviniste eis dat hulle in die stede godsdiensoefeninge wil hou. Waar dit geweier word, het hulle met geweld hulle wil deurgevoer. So gebeur dit dat vier predikante in Brugge in die kerk preek. As die magistrate beswaar maak, verlaat hulle die kerkgebou en sit hulle prediking langs die gebou voort. Geleidelik het die klimaat al meer anti-Rooms geword. In Mei 1566 het 'n jong man tydens 'n misbediening in die kerk te Oudenaerde, die skottel met brood uit die hand van die priester geruk en gesê dat dit niks meer as brood is nie en dat die verering daarvan afgodediens is. In Julie word al berigte gehoor dat kerke en kloosters geplunderd word. Dan ontplof dit in Augustus in Vlaandere, naby die Franse grens, waar kerke binnegeval word en alle beelde, die altare en die orrels verwoes word. In Antwerpen is gedurende Augustus ongeveer dertig kerke so gestroop. Dieselfde gebeur in Gent en ander stede.

Hoewel dit nie meer vasgestel kan word watter rol die predikante in die beeldestorm gespeel het nie, is dit wel waar dat die predikante nou die geleentheid aangegryp het om die Calvinistiese godsdiensoefening te vestig as die normale. In baie stede en dorpe eis die predikante nou om in die verwoeste katedrale te mag preek.

In Augustus 1566 publiseer Margaretha, die landvoogdes, 'n *Accoord*. Daarin word aan die Calviniste vryheid en veiligheid gewaarborg as hulle godsdiensoefeninge hou op dié plekke waar hulle dit tot dusver gedoen het. Maar dan mag hulle niks doen om Rooms-Katolieke byeenkomste te hinder nie. Daarmee het Margaretha bedoel dat die Calviniste net buite die stede in die opelug mag preek, maar dat die Rooms-Katolieke Kerk sy regte en voorregte binne die stede en dorpe sou behou. Indien die Calviniste eger in die stede en dorpe die sakramente sou bedien, huwelike bevestig, onderwys gee en armversorging behartig, dan sou hulle inbreuk maak op die regte van die Rooms-Katolieke clerus en die magistrate. Aanvanklik was dit nie duidelik presies wat die Calviniste as doelwit gehad het nie.

In die meeste stede vra die Calviniste nou die reg om in die stede en dorpe te preek. In sommige gevalle bou hulle hulle eie kerke, in ander plekke neem hulle die Rooms-Katolieke kerke oor. Sommige van die bewindhebbers was bekommerd dat die Calviniste nie tevrede sou wees met die reg om te preek nie, maar dat hulle kerk en stad sal wil beheer, soos in Genève.

Dit word geleidelik duidelik dat sommige Calvinistiese predikante wel ambisies het om nie net die kerk te hervorm nie, maar om ook die stadsbesture oor te neem. Vroeg in Oktober is selfs 'n sinode in Gent gehou waar besluit is om drie miljoen gulden in te samel om daarmee godsdienstvryheid by Filips II te koop. Uiteindelik is die geld gebruik om troepe in Duitsland te huur om die Hervormers teen Filips II te

beskerm. Intussen het die predikante in al meer stede eise begin stel om daar die sakramente te bedien.

Margaretha, die landvoogdes, het intussen ook meer troepe tot haar beskikking gekry en begin om garnisoene in verskillende stede te plaas om sodoende die magistratre te help om die druk van die Calviniste te weerstaan. So gebeur dit dat verskillende stede, wat deur die Calviniste oorgeneem is, deur Margaretha se troepe beleër word. So word onder andere Valenciennes beleër omdat die predikante en die stadsinwoners weier om 'n garnisoen daar te aanvaar. Terwyl Valenciennes standhou, is daar ander stede wat die voorbeeld volg en in die winter van 1566-1567 word vyf stede deur regeringstroepe beleër. In Maart 1567 word 'n Protestantse leër egter verslaan en aangesien prins Willem van Oranje nie wil beweeg nie, moet die vyf stede kapituleer. Dit is vanweë hierdie kapitulاسie dat onder andere Guido de Brès gevange geneem en daarna opgehang word.

Nou gryp Filips II self in en in Augustus 1567 kom die hertog van Alva, Filips se bekendste generaal, in Nederland aan saam met sy troepe. Filips het aan Alva as landvoog 'n vrye hand gegee om op te tree. Hoewel Willem van Oranje in sy beroemde *Verantwoording* daarop wys dat die onderdrukking die verset uitgelok het, het dit geen sigbare effek nie.

Dit is dan duidelik dat Filips II 'n beleid van onderdrukking wil volg. Baie Calviniste en ander Hervormingsgesindes verlaat dan die land. Die vlugtelinggemeentes in die Rynstreek, in Oos-Friesland en Engeland het meeste van hierdie mense herberg gegee. Selfs Willem van Oranje verlaat in April 1567 die land en gaan voorlopig na sy familie in Duitsland. Alva stel onmiddellik, nadat hy die bewind oorgeneem het, die sogenoemde Raad van Beroerten, of Bloedraad in wat deur middel van teregstellings en verbeurdverklarings die veldtog teen die Protestantisme voortsit. As gevolg van die optrede van die Bloedraad het tussen 6 000 en 8 000 martelare die lewe gelaat. Die Hertog van Alva wou deur middel van sy Bloedraad die Rooms-Katolieke kerklike reorganisasie deurvoer, die besluite van die Konsilie van Trente afdwing en op staatkundige en finansiële gebied Nederland al nouer aan Spanje koppel.

Alva se skerp onderdrukkende maatreëls maak 'n openlike opstand nou vanselfsprekend. 'n Eerste poging tot militêre verset eindig egter in 'n neerlaag van die leërs van Lodewijk van Nassau in 1568. 'n Poging van Willem van Oranje om die land met 'n leër in te val, misluk ook, sodat net die Water- en Bosgeuse die stryd volhou. Die verloop van die stryd verander as die Geuse op 1 April 1572 Den Briel bevry en dan verower Lodewijk die stadje Bergen.

Literatuur wat geraadpleeg kan word, is:

Crew, P M 1978. *Calvinist preaching and iconoclasm in the Netherlands 1544-1569*,
Cambridge: CUP.

Habsburg, O 1967. *Karl V*. Wien: Verlag Herold.

Wittemans, F (red) sj. *Marnix van sinte Aldegonde*. Brussel: Uitgeversmaatschappij
Onze Tijd.

Hoofstuk 7

Die vestiging van die Hervormde Kerk

7.1 Die vormgewing van die kerk

Terwyl Alva in Nederland 'n skrikbewind voer en almal vervolg wat, na sy oordeel, nie lojaal genoeg teenoor die Spaanse koning was nie, het duisende die voorbeeld van Willem van Oranje gevolg en Nederland verlaat. Oranje bly die hoof van die verzet en vanaf die buiteland beplan hy pogings om Nederland te bevry.

Die Nederlandse kerkleiers ag dit nou ook die goeie tyd om 'n organisatoriese basis te skep vir die kerk, sodra die land vry sou wees. In Nederland self het die kerklike organisasie heeltemal in duie gestort en alleen met die grootste versigtigheid is daar godsdiensoefeninge belê. Die kerk het weer volledig 'n ondergrondse kerk geword.

'n Driemanskap – Petrus Datheen, Marnix van St Aldegonde en Zuylen van Nyevelt – neem nou die voortou om die grondslae vir die kerk te lê. Om dit te kan doen, belê hulle in Wesel 'n Konvent wat in November 1568 onder leiding van Datheen vergader. Op die Konvent is die belangrikste sentra waar daar vlugtelingsgemeentes was, teenwoordig.

7.2 Die Konvent van Wesel

Die Konvent van Wesel is die eerste vergadering wat vir die bepaling van die kerklike inrigting van die Nederlandse kerk van groot belang is. Hoewel die eerste nasionale sinode eers in 1571 offisieël by Emden byeenkom om 'n kerkorde op te stel, is die grondslae dan reeds te Wesel gelê. Die historiese gegewens oor die Konvent van Wesel is skaars. Behalwe die *Acta* van die Konvent, is daar byna geen materiaal wat verdere lig op hierdie belangrike vergadering werp nie. Tog kan uit die *Acta* self wel die een en ander gehaal word.

Dit is duidelik dat die Weselse vergadering nie 'n sinode is nie, maar 'n voorbereidende vergadering wat ten opsigte van die kerkordening niks meer doen nie as

om aanbevelings te doen vir 'n sinode wat nog later gehou moet word. Vandaar dat daar ook 'n gematigde toon in die Weselse *Acta* deurklink, want die aldaar vergaderdes doen dit nie as gemagtigde afgevaardigdes van hulle gemeentes nie. Die vergadering te Wesel dra daarom nie dieselfde kerklike kleur en gesag as 'n sinodale vergadering nie – dit verklaar ook die verskil in benadering tussen byvoorbeeld die *Acta* van Wesel en dié van Emden van 1571.

Die vergadering te Wesel het teen die einde van 1568 bymekaargekom, nadat reeds drie jaar vantevore die plan beraam is om so 'n Konvent te hou waarop die predikante van die Calvinistiese gemeentes van Vlaandere, Zeeland en Engeland sou byeenkom. Die druk van die vervolginge wat vanaf 1565 deur die owerheid deurgevoer is en die feit dat meer as 100 000 vlugteling toe na Duitsland en Engeland uitgewyk het om aan die vervolginge te ontkom, het die byeenkoms van 'n groot getal Calviniste nie wenslik gemaak nie. Nieteenstaande die feit dat 1568 'n moeilike jaar vol terugslae vir die Calviniste was, het die vergadering tog saamgekom. Dat dit 'n geloofsdaad was, staan bo twyfel verheue, want in 1568 het dit werklik gelyk asof die Spanjaarde nooit uit Nederland verdryf sou kon word nie. Dit is egter moontlik dat die voorbereidings wat Prins Willem van Oranje gemaak het om die Nederlande weer in te val, 'n aanleidende oorsaak vir die vergadering kon gewees het en ook verklaring kan wees vir die optimistiese toon wat deur die *Acta* weerklink.

Dit is waarskynlik dat Marnix van St Aldegonde die man was wat die grootste stoot gegee het aan die byeenkoms te Wesel. Daarby het Petrus Datheen, wat die eerste ondertekenaar van die Weselse *Acta* was en ook voorsitter van die vergadering was, hom geassisteer en ook Gaspard van der Heyden. Sowel Datheen as Van der Heyden was destyds predikante van Nederlandse vlugtelinggemeentes in die Paltz en dit is waarskynlik dat hulle ook die konsep van die Weselse *Acta* opgestel het.

Die vergadering is te Wesel gehou om twee waarskynlike redes: Hoewel Emden die normale plek vir so 'n vergadering sou gewees het, het die Hertog van Alva gedreig om Emden en die hele Oos-Friesland te annekseer en te vernietig, indien die stad sou voortgaan om aan die ketters en aan die ketterye huisvesting te verleen. Daarby het in die najaar van 1568 'n pesepidemie in Emden uitbreek wat beteken dat die stad baie onveilig was.

Wesel, daarenteen, geleë in die hertogdom Kleef, was ook 'n stad wat veiligheid aan die vlugteling verleen het en was aan die Ryn geleë en dus maklik bereikbaar vir mense uit die Nederlande. Die Hertog van Kleef, hoewel Rooms-Katoliek en hoewel hy die Protestante offisieël verbied het om 'n toevlugsoord in sy domeine te soek om sodoende die vrede met Spanje te behou, het in die praktyk die Hervormde

vlugteling nie gehinder nie. Terwyl die Hertog van Alva ook in die najaar van 1568 vir verdere krygsverrigtinge na die Noorde van Nederland vertrek het, is waarskynlik besluit om in Wesel te vergader.

Die Konvent van Wesel is deur drie en sestig persone bygewoon, hoofsaaklik afkomstig uit die Paltz, die hertogdom Kleef, Oos-Friesland en Engeland – dus die vernaamste sentra waar die Hervormde vlugteling uit Nederland 'n toevlugsoord kon kry. As voorsitter het Petrus Datheen opgetree. As *scriba* het Hermanus Moded, wat predikant te Norwich in Engeland was, opgetree.

Die belang van die Weselse byeenkoms was dat dit die daaropvolgende nasionale Sinode voorberei het deur alreeds die grondslae vir 'n presbiteriaal-sinodale kerkinrigting te lê. Daarvoor het hulle nie alleen gesteun op die Franse voorbeelde nie, maar ook rekening gehou met die werk van die Sinodes in die Suidelike Nederlande tot 1565, tesame met die Londense kerkorde. Die opvolgende arbeid om die orde in en van die kerk te reël, is grotendeels bevestiging, uitbreiding en korreksie van die baanbrekerswerk wat by Wesel gedoen is.

Die Konvent was nie net vir Nederland van belang nie, maar ook vir die Paltz en vir die vormgewing van die Calvinistiese kerke in Duitsland. Ná die sukses van die Konvent het die gedagte om 'n nasionale Sinode vir die Nederlandse kerk te hou, al sterker geword en is dit herhaaldelik op vergaderings in die vlugtelinggemeentes bespreek.

7.3 Die eerste nasionale Sinode te Emden in 1571

Die hou van hierdie Sinode was veral die werk van Marnix, want hulle wou 'n vergadering hou van sowel die vlugtelinggemeentes as die gemeentes onder die kruis in Nederland. Emden is gekies as versamelplek omdat hierdie stad die Calviniste in sy midde toegelaat het. Terselfdertyd het die kerkraad van Emden goeie betrekkinge gehandhaaf met die noordelike Calvinistiese gemeentes in Nederland.

Van die vierde tot die dertiende Oktober 1571 is hierdie eerste nasionale Sinode te Emden gehou, onder voorsitterskap van Caspar Heidanus, destyds predikant te Frankenthal. Op hierdie Sinode was die Duitse, Vlaamse (Suid-Nederlandse) en Oos-Friese Nederlandse vlugtelinggemeentes verteenwoordig, asook predikante vanuit die Nederlandse stede Amsterdam, Den Briel en Hoorn. Hier het nege en twintig ampsdraers vergader waarvan twee en twintig predikante was of geword het. Hulle het met hierdie vergadering 'n duidelike kerkorde vir die Nederlandse kerk opgestel en in dié proses hulle feitlik uitsluitlik laat lei deur die Franse Calvinistiese kerkordes en die besluite van die suidelike Sinodes. Dit verklaar ook die verskil in toon tussen die besluite van Wesel en dié van Emden. So word die Calvinistiese

aard van die kerklike orde nou beklemtoon en word die presbiteriaal-sinodale struktuur vir die landskerk vanselfsprekend. Die verbintenis met die Franse kerk word beklemtoon deur ook die Franse geloofsbelofenis te onderteken. Verder word oordereelings getref om sowel die vlugtelinggemeentes as die bestaande gemeentes in een kerklike struktuur saam te vat en word die ideaal geformuleer om reëlmatig nasionale Sinodes te hou.

7.4 Die veranderende situasie in Nederland

Alva se optrede in Nederland het algaande al meer verset uitgelok, omdat hy nie alleen bestaande privilegies verontagsaam het nie, maar ook vanweë die swaar belasting wat hy opgelê het. Sommige Rooms-Katolieke biskoppe het die saak selfs aan die landvoogdes vermeld en gepleit vir beter behandeling. Dit het egter geen effek gehad nie.

As op 1 April 1572 Den Briel onverwags deur die Watergeuse verower word, is daar 'n aantal stede in Holland en Zeeland wat dan openlik kant kies vir Oranje. Geleidelik word dit, danksy die druk van Alva, moontlik om 'n politieke eenheidsfront teen Alva te vorm, ondanks godsdienstig-kerklike verskille.

In die stede wat toe oorgaan na Oranje se kant, het daar spoedig kerklike probleme ontstaan, want die Calviniste het by die magistrat aansoek gedoen om preekruimte in die stede te kry. Net soos die Rooms-Katolieke, beskou die Calviniste hulleself as die ware kerk wat aan die leer van die apostels vashou – vandaar dat hulle hulleself ge-reformeer of her-vorm genoem het om daarmee aan te dui dat hulle nie van die kerk afgeskei het nie, maar slegs die verdorwe kerk hervorm het. Daarom het die Calviniste ook geoordeel dat dit ontoelaatbaar is dat die Rooms-Katolieke Kerk nog sou voortgaan en eredienste hou. Hulle het van die owerheid ver wag om dit te verbied.

Die owerhede moes dus keuses maak en gewoonlik het hulle dit maar uitgestel, ook omdat dit duidelik was dat die Calviniste nie die meerderheidsparty was nie.

Ná die verowering van Den Briel, kom daar in die provinsies Holland en Zeeland opnuut beeldstorms voor. Terselfdertyd het die Watergeuse die priesters en kloosterlinge nie ontsien nie, hoewel Oranje dit verbied het. So word in 1572 vyf monnike by Enkhuizen opgehang en 'n vyftiental monnike wat by Gorkum gevange geneem is, word naby Den Briel opgehang omdat hulle nie hulle geloof wou afsweer nie. Hierdie vyftien 'martelare van Gorkum' is in 1867 deur Pous Pius IX tot heiliges verklaar.

Inmiddels verloop die oorlog gunstig vir Oranje en, vanweë suksesse in die Sui-
de, onttrek Alva sy troepe aan Holland om suidwaarts te gaan om sodoende die
moontlikheid van skakeling met die Hugenote af te sny.

Op 19 Junie 1572 vergader die Staten van Holland weer en erken Oranje as
Stadhouer. Op die vergadering pleit Marnix, op versoek van die prins, vir gods-
dienstige verdraagsaamheid en die naas mekaar bestaan van die Rooms-Katolieke
en Calvinistiese godsdiensoefening. Die Staten besluit egter 'te surcheeren ende op-
houden de exercitie van de Roomsche religie'. Die tyd van godsdienstige verdraag-
saamheid het nog nie aangebreek nie en buitendien was die herinneringe aan die
martelare nog te helder. Dit moet egter tog in gedagte gehou word dat hoewel die
Rooms-Katolieke godsdiensoefening verbied is, niemand gedwing is om sy geloof af
te sweer nie. Dit was al 'n groot toegewing, veral as bedink word dat in die Rooms-
Katolieke lande die belydenis van die Calvinistiese geloof 'n vanselfsprekende dood-
vonnis na voorafgaande marteling beteken het.

In Noord-Nederland is die Calvinistiese kerk onmiddellik ná die bewindsveran-
dering oral gevestig en in 1572 is die eerste provinsiale Sinode in die stad Hoorn ge-
hou. Saam met die baie vlugteling wat dan terugkom, kom daar ook heelwat predi-
kante, sodat die kerklike lewe op 'n gereelde basis kan plaasvind. 'n Groot vooruit-
gang is dat die Prins van Oranje, die Stadhouer van die bevryde provinsies en leier
van die opstand, in Oktober 1573 openlik oorgaan na die Hervormde kerk.

In Suid-Nederland het die Calvinistiese godsdiens ook vinnig uitgebrei en is
daar klassikale vergaderings ingestel in 1573 en 1574. Ook In Zeeland word die
kerklike sake nou gereël en in 1574 word daar ook klassikale vergaderings opgerig.

Inmiddels het die Spaande leërs nie stilgesit nie en in die suide is Graaf Lode-
wijk tot oorgawe gedwing en daarna die stede Mechelen, Zutphen en Naarden inge-
neem en Haarlem in Noord-Nederland beleër, terwyl Oranje se troepe in Zeeland
vir Middelburg beleër.

Die oorlog word nou al meer nie net 'n opstand nie, maar ook 'n godsdiensoor-
log. Daarom besluit die Nederlandse Staten om die Rooms-Katolieke kerklike goe-
dere oor te neem en om van die opbrengs te voorsien in die onderhoud van predi-
kante en onderwysers. Op 12 Julie 1573 val Haarlem in die hande van die Spaanse
troepe en word op tipies Spaans-Rooms-Katolieke wyse die leidinggewende figure
in die stad tereggestel. Vanaf Haarlem wil die Spanjaarde nou noordwaarts. In
hierdie tyd skryf van die magistrate 'n brief aan Oranje om hulp te vra. Op 9 Augus-
tus antwoord hy en stel

dat, al eer wy oit dese sake en de beschermenisse der Christenen en
andere verdrukten in desen landen aengevangen te hebben, wy met-
ten alderoppersten Potentaet der Potentaten alsulken vasten verbond

hebben gemaekt, dat wy geheel versekert sijn, dat wy en alle degene, die vastelijk daerop betrouwen, door sijne geweldige en machtige hand ten lesten nog ontset sullen worden, spijt sijne en onse vyanden.

Inmiddels het die troepe van Oranje ook sukses met Middelburg wat in 1574 in die hande van Oranje val. Dit beteken dat die kerk dan opgebou kan word. Middelburg beroep dan vir Gaspard van der Heyden van Frankenthal wat as veldprediker by die leërs van Lodewyk van Nassau diens gedoen het.

7.5 Die eerste provinsiale Sinode op Nederlandse bodem: Dordrecht 1574

In 1574 word 'n provinsiale Sinode van die provinsies wat toe vry was, gehou. In Dordrecht het Noord-Nederland, Suid-Nederland en Zeeland vergader onder voorsitterskap van Gaspard van der Heyden van Middelburg. Tydens hierdie Sinode word aan allerlei kerkordelike reëlins aandag gegee: die instelling van klassikale vergaderings, reëls vir die beroep van 'n predikant en die reëling dat die kerkraad net uit predikante en ouderlinge sal bestaan.

Daar word verder gestel dat net die Sondag as rusdag behou moet word en dat alle ander kerklike feesdae afgeskaf moet word. Wat die prediking betref, word die voorbeeld van Calvyn gevolg, naamlik reeksprediking van elke Bybelboek met voorkeur vir die Nuwe Testament. Hierdie Sinode oordeel verder dat die orrel nie gebruik moet word nie en dat eerder van 'n voorsinger gebruik gemaak word. 'n Probleem was die tekort aan predikante; daar word egter geen planne beraam om dit die hoof te bied nie.

Ná die ontsetting van Leiden in 1574, word in Januarie 1575 'n universiteit in dié stad opgerig om veral die provinsies Holland en Zeeland te dien. Die universiteit wat kragtens 'n oktrooi tot stand kom, word die eiendom van die Staten. Daar moes die wetenskappe 'der Godheyt, inden Rechten ende Medicynen mitzgaders der Philosophie ende alle andere vrye consten, oick die talen Latijn, Greke ende Hebraicke' gedoseer word. Die universiteite van Genève en Heidelberg is gesien as die voorbeeld. Interessant is dat die kerk geen seggenskap kry in die benoeming van teologiese hoogleraars nie. Hierdie benoemingsreg was in die hande van die Kuratore van die universiteit. Dit het soms gelei tot spanning tussen kerk en universiteit. Die eerste teologiese professor was Guillaume Feugueray, gebore in Rouaan. Aangesien die akademietaal Latyn was, het dit nie juis saak gemaak dat hy Franssprekend was nie.

Die universiteit het aanvanklik heelwat groeipyne gehad en dit duur omtrent vyftien jaar voordat die universiteit werklik resultate begin lewer.

7.6 Die oorlog duur voort

Inmiddels het die Spaanse leërs in Noord-Nederland heelwat suksesse behaal en ook in Zeeland begin met teenaanvalle. Dit alles het die posisie redelik haglik gemaak. In 1576 keer die situasie as die Spaanse troepe begin muit, omdat hulle nie hulle soldy ontvang nie. So verlaat hulle die noordelike front en trek suidwaarts. Dit lei tot die ontstaan van die *Pacificatie* van Gent in 1576, waar die provinsies wat hulle by Oranje skaar, die Spaanse oorheersing afwys. Daar word besluit dat buite die provinsies Holland en Zeeland daar niks teen die Rooms-Katolieke geloof ge doen sou word nie.

Die poging om bo-oor die godsdienstige verdeeldheid 'n politieke eenheid te skep, was nie baie suksesvol nie. Ver al in die suidelike provinsies was daar 'n vrees vir die terugkeer van die Calvinisme. So word in 1577 die Unie van Brussel gesluit waar die suidelike state hulle verbind tot die handhawing van die Rooms-Katolieke erediens. Die gevolg was dat die verdeeldheid tussen Rooms-Katoliek en Protestant skerp na vore tree.

In Junie 1577 word die oorlog egter hervat deur die nuwe Spaanse landvoog. Daarmee het hy die *Pacificatie* van Gent van die tafel afgevee. Dit bring mee dat die provinsies Utrecht, Friesland en Groningen hulle nou by Oranje aansluit. Die suidelike state kies 'n neef van Filips II, Aartshertog Matthias, as landvoog en so word Noord en Suid, wat met die *Pacificatie* verenig was, weer verskeur. In Januarie 1578 begin die Spaanse troepe onder Alexander Farnese met 'n nuwe veldtog.

Oranje probeer nou vermy dat die godsdiens weer in die oorlog betrek sou word. Daarom stel hy 'n plan vir *religionsvrede* op wat deur die suidelike landvoog aanvaar word. Daarvolgens word bepaal dat in elke stad waar eenhonderd gesinne vra om vryheid van godsdiensoefening, dit aan hulle gegee moet word. In elke dorp of stad moet die kerkgeboue beskikbaar gestel word aan die meerderheidsgroep. So wil Oranje die godsdiensprobleem hanteer. Hy slaag egter nie daarin nie.

Die suidelike provinsies met Artesië en Henegouwen aan die spits, het op 6 Januarie 1579 die Unie van Utrecht gestig waarby hulle hulleself weer onder die gesag van die Spaanse koning geplaas het. Daarop het Graaf Jan van Nassau die noorde- like provinsies saamgetrek op 23 Januarie 1579 in die Unie van Utrecht, waar Nederland, Zeeland, Utrecht en die Groningse Ommelande saamspan. Volgens hierdie Unie handhaaf elke provinsie sy soewereiniteit. Artikel 13 het bepaal: 'Ende soe veel tpoint van der Religie aangaet, sullen hem die van Hollant ende Zelant draegen naer haer luyden goetduncken.'

Daarby word gestel dat elke provinsie, wat sy godsdiens betref, onafhanklik sal wees en dat niemand anders daarvoor seggenskap het nie. Geleidelik word dit duidelik dat daar 'n Calvinistiese noorde en 'n Rooms-Katolieke suide aan die ontwik-

kel was, want in die gebiede van die Unie van Utrecht is die Calviniste nie toegelaat nie. Daar was ook maar min oor, want die vervolginge van Alva in 1566 en daarna het die Calvinisme met geweld doodgesmoor.

Allerlei verwickelinge bring mee dat in 1580 in die gebied van die Unie van Atrecht – dit wil sê Holland, Zeeland, Utrecht, Gelderland, Overijssel, Friesland en die Groningse Ommelande – net een godsdiens toelaat is en dit was die Calvinisties-Hervormde godsdiens.

Op 22 Julie 1581 het die noordelike provinsies amptelik hulle formele verbintenis aan die landsheer, koning Filips II, opgesê. In Maart 1580 het Filips II formeel 'n banvloek oor Oranje uitgespreek wat hom voëlvry verklaar. Daarop het Oranje met 'n waardige Apologie geantwoord en toe die amptelike *Vertatinghe* gelei. Daarna het die republiek nog vir 'n paar jaar gesoek na 'n ander vors, maar dit ook laat vaar en op sy eie bene begin staan. Intussen het die Spaanse troepe vanuit 'n vas-trapplek in die suide geleidelik noordwaarts beweeg. In 1581 word Doornik verower, in 1583 Duinkerken, Brugge en Gent, en Antwerpen in 1585. In al die gevalle het die Calviniste twee jaar tyd gekry om met hulle besittings te vertrek. Daarna moes hulle Rooms-Katoliek word.

So word Noord en Suid polities, ekonomies en godsdienstig van mekaar geskei. Die Calviniste moes padgee uit Vlaandere en Brabant en geleidelik word die suide weer Rooms-Katoliek. Tog word bereken dat omtrent 55 000 inwoners na die noorde verhuis het vanweë hulle godsdienstige opvattinge.

Te midde van hierdie terugslae is Prins Willem van Oranje op 10 Julie 1584 deur Balthasar Gérard in Delft vermoor. Interessant is dat Sasbout Vosmeer, die benoemde aartsbiskop van Utrecht, in Rome 'n poging aangewend het om Gérard deur die pous heilig te laat verklaar!

7.7 Twee kerklike vergaderings

Die eerste nasionale Sinode wat op Nederlandse bodem byeenkom, word in 1578 in Dordrecht gehou en bestaan uit afgevaardigdes uit sewe klassikale vergaderings uit Suid-Nederland, Noord-Nederland, Zeeland, Brabant, Vlaandere en ook afgevaardigdes uit die Paltz, Kleef en Engeland. Petrus Datheen was die voorsitter en Van der Heyden die assessor.

Hier word nou 'n reëling getref dat die Franssprekende gemeentes hulle eie provinsiale Sinode kan vorm. Die verskil in taal mag egter nie lei tot ongelykheid in die godsdiensoefening of die organisasie nie. Die Sinode het hom veral daarop toegelê om die kerklike orde verder te presiseer en om antwoorde te gee op verskillende kwelvrae wat na vore gekom het.

In 1581 word die volgende nasionale Sinode in Middelburg gehou en nou is daar ook afgevaardigdes uit Gelderland, Utrecht, Overijssel en Friesland, terwyl die Vlaamse stede Gent, Brugge, Ieper en Duinkerken afgevaardigdes gestuur het wat saam met die Keulse en Engelse afvaardiging beraadslaag. Die Sinode het die kerkorde hersien en in nege en sestig artikels saamgevat. Die Sinode toon dat die kerk geleidelik groei, hoewel die Calviniste nog lank nie die meerderheidsparty in die land is nie. Die Calviniste in Nederland het ná Wesel en Emden 'n vaste organisasie waarmee hulle kerk en volk in die Hervormde patroon kan opbou. Oral waar hulle die mag in die hande kry, hoofsaaklik in die provinsies Holland en Zeeland, kon hulle nou hulle opvattinge in die praktyk na vore bring. Tog was daar baie probleme.

Een van die probleme was dié van die kerklike eiendomme. Op die meeste plekke het die owerheid sorg gedra vir die kerklike geboue. Dit het beteken dat alle veranderings wat in die geboue aangebring moes word, deur die owerheid gedoen moes word. Die rede hiervoor is dat die owerheid dit nêrens oorweeg het om die kerkgeboue en kerklike goedere aan die kerk self te oorhandig nie. Die owerhede het slegs die geboue beskikbaar gestel aan die gemeentes om dit te gebruik.

Die veranderinge wat aangebring is, het in baie gevalle nie die kerkrade bevredig nie. Altare is wel verwyder, skilderye en beeldhouwerk weggeneem, maar in die meeste gevalle het die orrel in die kerkgebou gebly, al het dit (destyds) geen plek in die erediens gehad nie. So het die owerheid ook bepaal waar die preekstoel moes staan, watter dele van die kerkgebou kon gebruik word en watter nie en dergelyke meer. Geen wonder dat daar dikwels spanning was nie.

In die Calvinistiese erediens het die preekstoel die sentrale punt geword. Die gemeente het gestaan en luister na die prediking, omdat in die begin net die kerkraad banke gekry het. Op die preekstoel het die *Deux-Aes-Bijbel* gelê, want die midelpunt van die erediens was die uitleg van die Heilige Skrif.

Aan die begin en die einde van die diens is daar Psalms gesing en daarvoor is Datheen se Psalmberyming gebruik. Die voorsinger het die gesamentlike sang gelei en hy het ook, voor die aanvang van die diens, enkele hoofstukke uit die Bybel voorgelees.

By die gebede is aanvanklik gekniel, maar as daar banke vir almal beskikbaar is, staan die mans, terwyl die vrouens bly sit. Dit word dan ook die erkende gebedshouding. Die banke het noodsaaklik geword omdat die predikante geneig was om baie lank te preek.

Dit het die owerheid daartoe gebring om deur middel van sandlopers op die kansel, die lengte van die preke enigermate te probeer reël. Op vaste tye – Kersfees, Paasfees, Pinkster en nog een maal – is Nagmaal bedien aan die gemeente.

Lank was dit 'n vraag of die gemeente 'zittende, staande of gaande' die brood en wyn moes ontvang. Uiteindelik is die sit aan die tafel algemeen aanvaar. 'n Vaste gebruik was om, ná 'n kort preek, die Nagmaalformulier wat Datheen uit die Paltz ingevoer het, te lees voor die bediening.

Op Sondagmiddae is die Heidelbergse Kategismus uitgelê en ná die prediking is die doop bedien. Die Doopformulier het uit die Paltz gekom, terwyl die drie vrae aan die ouers uit die Londonse formulier geneem is.

Die huweliksformulier was na die Londonse voorbeeld. Die huwelik was nie 'n sakrament nie, maar is aanvaar as 'n Goddelike instelling. Die huwelik is dikwels op 'n Sondagmôre, selfs met 'n Nagmaalsdiens bevestig. Omdat gedurende die week ook dienste gehou is, op vasdae of gebedsdae, het die huwelik soontoe verskuif. Interessant is dat die huwelik nooit op Goeie Vrydag of op 'n biddag gehou is nie.

Die begrafnis van afgestorwe gelowiges is as kerklike plegtigheid afgeskaf. Die rede was vanweë die Rooms-Katolieke misbruike rondom begrafnisdienste. Opmerklik was wel die gewoonte om predikante voor of naby die preekstoel in die kerkgebou te begrawe. Die gemeentelede is op die plein, rondom die kerkgebou, begrawe.

In die samelewing het die Calviniste duidelike riglyne getrek. Ander kerke is skaars geduld. Die Lutherane het wel sekere voorregte gehad, maar dit was hulle nie toegestaan om hulle godsdiensoefeninge met klokgelui te laat begin nie. Die Anabaptiste het onder die Calviniste ook baie teëwerking gekry, veral vanweë die rewolusionêre moment in hulle leer. Hoewel die Calviniste geëis het dat die Anabaptiste verbied moes word om eredienste te hou, het die owerhede nie sulke verbodsbepalings uitgevaardig nie. Oor die algemeen het die Rooms-Katolieke gemeentes, hoewel hulle amptelik op gewetensvryheid aanspraak kon maak, die meeste teenkanting ondervind, ook omdat die bevolking nie op die Rooms-Katolieke gestel was nie.

Die Calviniste het besondere aandag aan die skole gegee. Daar is geëis dat alle skoolmeesters die belydenisskrifte moes onderteken en verder moes hulle die kinders leer om Psalms te sing en die Heidelbergse Kategismus te ken. Die Latynse skole het grotendeels hulle Humanistiese karakter behou, al was dit so dat die predikante dikwels as rektor van sulke skole opgetree het. Die universitêre studie word in 1575 moontlik met die oprigting van die universiteit in Leiden wat veral predikante moes oplei. Die opleiding van predikante was lank nog 'n sorg vir die kerk, ook omdat dit nie vir die kerk moontlik was om die kwaliteit van die leer en lewe van die teologiese professore te kontroleer nie. Die universiteit was 'n owerheidsinstelling en die teologiese professore het by die aanvaarding van hulle amp uit die diens

van die kerk getree. In die praktyk het dit beteken dat die professore, wat die kerk betref, met vervroegde emeritaat uitgetree het. In Genève was die situasie anders, omdat die Akademie daar 'n kerklike instelling was.

Die vormgewing van die persoonlike lewe was ook nie maklik nie. Afgesien van die ontwigting wat die oorlog veroorsaak het, het die ou Rooms-Katolieke gewoontes, sedes en praktyke bly voortleef. Die tug oefening oor die sedelike lewe en die stryd vir die Sondagsheiliging toon wel dat dit nie so maklik gegaan het nie. Tog het juis die Kategismus, die berymde Psalms en die huisgodsdien 'n nuwe Calvinistiese lewensstyl laat posvat.

In hierdie tyd is die meeste predikante, wat hulle teologiese insigte betref, volgelinge van Calvyn. Hierdie Calvinistiese groep in die kerk het met ywer en deursettingsvermoë gewerk. Verder is dit so dat die kerk graag een organiese eenheid dwarsdeur die land wou vorm. Artikel 13 van die Unie van Utrecht het egter bepaal dat elke provinsie oor sy eie godsdienssake sal besluit, sodat die State-Generaal geen verlof kon verleen tot die invoering van 'n algemeen-geldende kerkorde nie. Sodoende staan die kerke eintlik provinsiegewys los langs mekaar, sonder dat hulle 'n nouer verband self kan lê.

Literatuur wat hiervoor gebruik kan word, is onder andere:

Nauta, D et al 1971. *De synode van Emden October 1571*. Kampen: Kok.

--- 1978. *De nationale synode van Dordrecht 1578*. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.

Pont, A D 1981. *Die historiese agtergronde van ons kerklike reg*. Pretoria: HAUM.

Hoofstuk 8

Die Hervormde Kerk in 'n Hervormde staat

8.1 'n Oorsig van die situasie

Geleidelik het die Hervormde Kerk van 'n minderheidsgroep beweeg na die status van 'n meerderheidsparty. Aanvanklik was die Calviniste slegs in Holland en Zeeland die meerderheid, maar dan word hulle dit ook in die provinsies Utrecht, Gelderland en Overijssel. Daarna volg dan Friesland en ten laaste Groningen en Drenthe. In al die gebiede word die openbare godsdiensoefeninge van die Rooms-Katolieke Kerk verbied. Die kerklike eiendomme van die Rooms-Katolieke Kerk word deur die owerheid oorgeneem en die bates aangewend ten behoeve van die Hervormde Kerk.

Hoewel die Hervormde Kerk nou die meerderheidsparty was, het dit nog baie inspanning gekos om die posisie van die kerk te verstewig. Veral die kerstening van die volkslewe en die uitwissing van allerlei Rooms-Katolieke bygelowe en gebruike, het baie energie gevegg. Hoewel die Rooms-Katolieke geloof openlik bestry word, was dit tog so dat niemand ter wille van sy geloof vervolg is nie.

Die Calvinistiese predikante, met 'n hele reeks bekwame en ernstige manne as hulle leiers, het 'n sterk groep gevorm, wat met doelgerigheid gewerk het om die organisasie van die kerk sterk te maak, en wat onwrikbaar oortuig was van die korrektheid van hulle belydenis. Hierdie manne het al hulle kragte ingegooi om die kerk sterk te maak teen die Rooms-Katolieke invloed en om terselfdertyd die kerkvolk deur die prediking en die tug te lei in 'n gereformeerde lewenswandel. Hierdie predikante se groot geloof en ywer vir die kerk en vurige vaderlandsliefde het 'n groot bydrae gelewer in die lang stryd teen die Roomsgesinde Spanje. Aan die anderkant was dit ook waar dat die Calvinistiese predikante baie min waardering gehad het vir andersdenkendes. Met oortuiging het die Calviniste die stryd gevoer vir hulle insigte. In die proses het die Calvinisme van verskillende kante skerp teenkanting gekry.

So was daar diegene wat nie die Geneefse teologie sondermeer aanvaar het nie en andersyds was daar diegene wat nie die leiding van die Calviniste op staatkundige vlak wou aanvaar nie. Die hele stryd in die opvolgende jare kan tot twee hoofpunte herlei word, naamlik:

- die bepaling van die verhouding van die kerk tot die owerheid;
- die bepaling van die gesag van die belydenisskrifte.

Die stryd het wyd uitgekring en mettergaan die hele lewe en die staat beroer. Dit hang saam met die feit dat die Calviniste nie verdraagsaam was nie, want hulle het vir hulleself godsdiensvryheid geëis, maar dit nie aan andersdenkendes gegun nie. Meermale het hulle daarop gewys dat die hele stryd teen Spanje ter wille van die godsdiens begin het.

Die Calviniste het van die begin af alles in die stryd gewerp om 'n hegte kerklike organisasie te bou, wat 'n bolwerk sou wees teen alle afwykende opvattinge. Dit was ook die bedoeling van die Calviniste dat die owerheid hulle moes bystaan om ook die afwykende mening in die openbare lewe teen te gaan. Daarby het die kerk dit as volkome normaal beskou dat die owerhede die kerklike ordes wat ontwerp is, sou aanvaar en ondersteun. Die owerheid, egter, het, hoewel hulle die Hervormde godsdiens erken en aanvaar het, nie daaraan gedink om as 'n gewillige dienaar van die kerk op te tree nie. Die owerheid wou hoogstens as beskermheer van die kerk optree. Daarom het die owerheid aanvaar dat hy 'n toesigreg ten opsigte van die kerk het en dat die owerheid 'n wetgewende bevoegdheid ten opsigte van die kerk het. Hierdie verskil in uitgangspunt en siening het dus die kiem van ernstige botsings in hom gedra. Daarby het die strewe na organiese eenheid van die kerk dwarsdeur die land steeds gestuit op artikel 13 van die Unie van Utrecht. Die Staten-Generaal was nie by magte om 'n algemeen-geldende kerkorde te aanvaar nie, aangesien dit die bevoegdheid van die verskillende provinsiale state was. So het die kerke in die verskillende provinsies los van mekaar gestaan. Dit het beteken dat die kerk hom nie werklik kon ontworstel aan sy afhanklikheid van die owerheid nie en terselfdertyd was die organisatoriese eenheid ook 'n onbereikbare ideaal. So word die Hervormde Kerk wel heersende kerk en bevoorregte kerk, maar nooit staatskerk nie.

8.2 Die botsing oor die kerklike onafhanklikheid

Hierdie botsing tussen die kerklike ampsdraers en die owerhede is veral in die provinsie Holland gevoer. As die Staten aanvanklik vra dat daar 'n goeie ordereëling vir die kerk voorgelê moet word, dan gaan die kerk uit van die kerklike orde wat by

Emden in 1571 opgestel is en in 1574 deur die provinsiale Sinode van Dordrecht bekragtig en verder uitgewerk is.

Die Staten het egter van die begin af op die standpunt gestaan dat 'n vaste aanvaarde kerklike orde of wet alleen opgestel kan word met die medewete van die Staten en op gesag van daardie owerheidsliggaam. Die owerheid wou ten alle koste vermy dat daar iets in so 'n kerkorde sou staan wat, na die mening van die owerheid, buite die bevoegdheid van die kerklike vergaderings sou lê. Daarom het die Staten van Holland in 1576 self 'n kerkorde opgestel wat tekenend is van die insigte en bedoeling van die Staten. Vanweë die onrustige politieke situasie en vanweë die oorlog, is hierdie stuk nooit werklik verder gevoer nie. Die gevolg was dat die kerk toegelaat is om, in sommige opsigte, homself te organiseer volgens die kerkordes wat op die nasionale Sinodes opgestel is. Dit het egter aan die kerk geen verweer gegee in die gevalle waar plaaslike owerhede dit goedgevind het om hulle met kerklike sake te bemoei nie. So gebeur dit dat die kerkorde, opgestel te Dordrecht in 1578, slegs vir kennisgewing aangeneem is. Ook die Kerkorde van Middelburg (1581) kon geen goedkeuring van die owerhede kry nie. Die Staten van Holland het in 1582 'n aantal owerheidspersone benoem om, na aanleiding van die Middelburgse kerkorde 'eene kerckelijcke ende politieke ordre' op te stel. Hierdie poging is egter ook 'n mislukking, omdat die kerklike vergaderings dit nie wou aanvaar nie. So ontstaan 'n dooiepunt: Die owerheid was van mening dat alleen langs staatsregtelike weg, daar 'n geldende kerklike orde kan ontstaan. Daarom is elke kerkorde wat sonder medewerking van die owerheid opgestel is, sondermeer verwerp. Daar was by die owerheid 'n vrees vir die predikante dat hulle, indien hulle toegelaat sou word, hulle sou inmeng met 'politieke zaken', dat hulle die kerklike sensuur en die aanvaarding van en konformering aan die belydenisskrifte sou afdwing op die owerhede, dat hulle die afwykende mening nie sou duld het nie en dat hulle alle kerklike sake sou onttrek aan die kontrole van die owerhede.

Die saak verander bietjie met die nasionale Sinode van Den Haag in 1586. Dit het op sy beurt weer saamgehang met die veranderinge in die owerheidbestel. Kortliks kom dit hierop neer dat, ná die dood van Oranje in Julie 1584, daar 'n lugleege ontstaan het. Daar ontstaan dan bewegings om die soewereiniteit van die land aan 'n buitelandse vors op te dra – hetsy Frankryk of Engeland – dit veral omdat die oorlog nog steeds voortgewoed het en die situasie glad nie so gunstig was nie.

Uiteindelik het die Staten van Holland die voortou geneem en die landsbestuur voorlopig opgedra aan 'n Raad van State. Dit het egter nie die probleme opgelos nie en hulp word gesoek by Elizabeth I van Engeland, die enigste sterk Protestantse vors op daardie stadium. Hoewel Elizabeth nie die soewereiniteit wil aanvaar nie, stuur sy Robert Dudley, die Graaf van Leicester aan die einde van 1585 met 5 000

troepe na Nederland. Sy taak was om die leiding te neem in die oorlog. Omdat Leicester van die begin af, wat die politieke situasie betref, teenkanting van die Staten van Holland ervaar, vestig hy hom te Utrecht. 'n Deel van sy politiek was om die kerklike owerhede aan sy kant te kry, want hy was van oordeel dat 'n sterk, verenigde kerk 'n belangrike samebindende faktor tussen die verskillende provinsies sou wees. Daarom gee Leicester amptelik verlof dat 'n nasionale Sinode in Den Haag byeenkom.

Die nasionale Sinode van Den Haag wat in 1586 byeenkom, het die Middelburgse kerkorde van 1581 met geringe wysigings net so aanvaar. As Stadhouer het Leicester reeds in Augustus 1586 sy amptelike goedkeuring daaraan gegee, in afwagting van die finale goedkeuring daarvan deur die Staten-Generaal. Onder druk van Leicester het die Staten van Holland hierdie kerkorde goedgekeur, op voorbehoud dat slegs die Calviniste daardeur gebind sou word. Ook Zeeland aanvaar die kerkorde; so ook 'n paar ander provinsies. Die kerkorde sou egter nooit algemene aanvaarding vind nie, ook omdat Leicester, na 'n tweejarige verblyf, die land weer verlaat. Dan neem die Staten van Holland die leiding van die oorlog oor en kom die Stadhouer van Holland, Prins Maurits, al meer op die voorgrond.

Die nasionale Sinode van Den Haag het ook werk van blywende waarde verrig, omdat die Sinode vier nuwe diensformuliere ontwerp en toegevoeg het tot die bestaande. Hierdie diensformuliere was vir:

- die bevestiging van dienaars van die Woord;
- die bevestiging van ouderlinge en diakens;
- die afsnyding (ban) en heropname in die gemeente.

Die Staten van Holland het, na die vertrek van Leicester, hulle voorlopige goedkeuring aan die kerkorde van Den Haag weer ingetrek en besluit om 'n eie kerkwet op te stel. 'n Kommissie van agt owerheidspersone en agt predikante, deur die owerheid uitgenooi, het toe 'n kerkwet opgestel. Hierdie wet het egter ook geen algemene aanvaarding gevind nie en so het die dooiepunt voortgeduur.

In die ander provinsies is die kerklike sake ook nie bevredigend gereël nie en was die kerk in baie opsigte uitgelewer aan die willekeur van die plaaslike owerhede. Nêrens is die probleem van die verhouding 'kerk' en 'owerheid' bevredigend gereël nie.

8.3 Die stryd oor die belydenis

Die stryd om 'n aanvaarbare kerkorde vir die kerk te vind en om die verhouding 'kerk' en 'owerheid' te reël, het saamgegaan met 'n stryd oor die leer van die kerk. Van die begin af het die Calviniste geëis dat almal in die kerk die leer van die kerk,

soos saamgevat in die NGB en HK (Heidelbergse Kategismus) moet aanvaar as die enigste leer wat in die kerk gegeld het. Daarom is die NGB en HK gesien as die norm en riglyn vir die prediking, terwyl die afwyking daarvan nie aanvaar is nie.

Miskien is dit goed om daarop te let dat die gebruik om die belydenis te teken as instemming in die Suid-Nederlandse gemeentes onder die kruis begin het. Voor 1571 is daarvan in die Noord-Nederlandse gemeentes geen sprake nie. Dit word eers by Emden 'n gebruik, want by Wesel word slegs gestel dat die aankomende predikant gevra sal word 'of hij in alles overeenkomt met de leer die in de kerk openlijk wordt onderhouden en vervat is in belijdenis...gelijk ook in den Catechismus' (art 18). By Emden word besluit om die belydenis te onderteken 'om de eendrachtigheid in de leer tussen de Nederlandse kerken te bewijzen' (art 2). Die Emdense formule word ook deur Dordrecht in 1578 so gestel (art 53). Den Haag (1586) word egter strenger, want in artikel 47 word gestel: '[D]e dienaars des woords...zullen de belijdenis des geloofs der Nederlandse kerken ondertekenen. En de dienaars, die zulks zullen refuseren zullen de facto van hun dienst bij de kerkeraad, of classe opgeschort worden.'

Hier word dit dus duidelik dat die belydenis nou 'n vaste norm en reël word. Dit is ook vanselfsprekend, want 'n kerk kan nie toelaat dat die evangelie, wat hy in die wêreld moet uitdra, in verskillende toonaarde uitgelê en verkondig word nie. Dit sou op die lang duur die vernietiging van die kerk beteken, omdat daar geen vastigheid in leer of belydenis sou wees nie. In die Nederlandse kerk was daar, uit die aard van die saak, nie net Calviniste saamgetrek nie, maar ook 'n verskeidenheid van mense wat oor die leer van die kerk anders as die Calviniste gedink het. Die grootste (maar nie omynde) groep was die erfgename van die Sakramentariërs wat 'n Erasmiaans-Bybels-Humanistiese rigting gehandhaaf het en in die kerk ruimte wou gee aan elke geloofsoortuiging wat op die Skrif gebaseer was. Almal wat nie met die Calviniste saamgegaan het nie, is deur die Calviniste aangedui as Libertyne, wat deur Calvyn aangedui is as 'n verpesting in die kerk. Daar moet egter op gelet word dat Calvyn in hoofsaak die Spiritualiste as Libertyne aangedui het, omdat die Spiritualiste hulle nie aan duidelike Bybelse uitsprake wou onderwerp nie. Daarom is die begrip 'Libertyn' soos dit in Nederland gebruik is, nie dieselfde as Calvyn se woord nie en dui hierdie begrip in Nederland slegs die teenstanders van die Calviniste aan.

8.4 Enkele figure uit die nie-Calvinistiese kringe

Dit is, by wyse van onderbreking van die verhaal, miskien tog goed om 'n oomblik te let op 'n paar van die leidinggewende figure in die kerk wat nie aan die Calvinistiese

party behoort het nie. Onder hulle kan, in die eerste plek, verwys word na Dirck Volkertsz Coornhert (1522-1590) wat notaris en stadsekretaris van Amsterdam was. Hoewel hy nooit 'n akademiese teologiese opleiding gehad het nie, was hy tog 'n goeie kenner van die teologie van sy dae. Hoewel hy die Rooms-Katolieke Kerk verlaat uit oortuiging, het hy daarna nie weer kerklik betrokke geraak nie. Hy het vasgehou aan die waarheid van die Bybel en terselfdertyd 'n breë godsdienstigheid voorgestaan wat nie kerklik bepaald moes wees nie. Hy het alle dogmatiek bestry en was 'n skerp teenstander van die leer van die uitverkiesing en die mens se gebonde wil. Sy 'christendom bo geloofsverdeelde' lê baie in die lyn van Erasmus en Castellio se denke. Sy hoofwerk, *Zedekunst, dat is wellevenskunste*, is 'n Stoïsiens-Christelike, Humanistiese traktaat waaruit blyk dat hy van oordeel is dat die mens, wat sonder sonde gebore word, deur die beoefening van die deug op moralistiese wyse tot volmaaktheid kan vorder. Hy is 'n tipiese voorbeeld van 'n Humanis wat teologie beoefen sonder dat hy hom werklik verdiep het in die Bybelse leer oor die sonde. Daarom is die betekenis van Jesus Christus en sy genade vir Coornhert hoofsaaklik voorbeeldig. Van sy bekendste navolgers was manne soos die burgemeester van Amsterdam, C P Hooft, en die beroemde juris, Hugo Grotius, wat ook so 'n natuurretelike godsdienstigheid aangehang het, waar die openbaring van God onbelangrik geag is. Coornhert het taamlik invloed gehad in die kringe van die magistrature, ook omdat hulle gekant was teen die invloed en aansprake van die Calvinistiese predikante.

Dan kan ook die naam genoem word van Huibert Duifhuis (1531-1581); afkomstig uit Rotterdam. Hy was 'n volgelinge van Erasmus, veral ten opsigte van die hervorming en herstel van die kerk. Duifhuis was aanvanklik 'n Rooms-Katolieke pastoor in Rotterdam, maar moet in 1572 voor die Inkwisisie padgee. In 1577 word hy Rooms-Katolieke pastoor in Utrecht en trek aandag vanweë sy Bybels-moralistiese prediking.

As die Hervorming in Utrecht deurwerk, bly Duifhuis, gesteun deur die magistrature, in sy gemeente staan. Duifhuis wil hom nie by die Hervorming skaar nie, omdat hy nie die gesag van die belydenisskrifte wil aanvaar nie en net die Bybel, sonder nader omskrywing, sien as die enigste reël van die geloof en die beste om die vroomheid te bevorder. Terselfdertyd verwerp hy die gedagte dat daar so iets soos 'n kerkorde kan bestaan. Die feit dat die stadsowerheid Duifhuis gehandhaaf het teenoor die Calviniste, het baie ergernis verwek. Dit het egter ook op ander plekke voorgekom dat die stadsowerhede dergelyke figure gehandhaaf het, sonder dat hulle ingeskakel het in die Hervormde Kerk.

Ná Duifhuis se dood is hy deur verskillende ander predikante opgevolg. Pogings om die gemeente in die struktuur van die Hervormde Kerk in te pas, het met

allerlei twiste en probleme gegaard gegaan. Uiteindelik is die gemeente deur die stadsowerhede opgehef, maar die soort denke wat Duifhuis verteenwoordig het, het nog lank nagewerk.

As derde figuur kan Caspar Jansz Coolhaes (1536-1615) genoem word. Hy het in 1561 predikant geword en was in verskillende stede predikant voordat hy na Leiden beroep is. In Leiden het daar 'n botsing met die kerkraad ontstaan toe die stadsbestuur hom met die benoeming van kerkraadslede bemoei het. In die stryd kies Coolhaes die kant van die magistrade en kom daarna onder verdenking van onregsinnigheid. Die twis het voortgeduur tot 1580, toe die twistende partye in die openbaar, voor die gemeente, belydenis van skuld afgelê het.

Die stryd rondom Coolhaes vlam weer op as die sinode van Middelburg vra dat Coolhaes die onregsinnige uitsprake in sy geskrifte sal herroep. Coolhaes sien nie hiervoor kans nie en dit gee aanleiding tot verdere spanning. In 1582 word Coolhaes deur 'n provinsiale Sinode, wat te Haarlem gesit het, afgesit en geëkskommuniseer. Sy ondersteuners in die stadsbestuur moes die vonnis maar aanvaar. In 1586 is die ban weer opgehef en in 1615 is hy in Amsterdam oorlede. In sy geskrif, *Grondlicke waerheydt* van 1600, het hy sy opvattinge weergegee.

'n Geesverwant van Coolhaes, Henricus Bulkus, is in 1583 afgesit, nadat bevind is dat hy 'n 'Pelagiaen' is. Hy het egter later weer vrede met die kerk gemaak. Dan was daar ook nog Herman Herbertsz wat predikant te Wesel, Dordrecht en Gouda was en in 1582 vanweë sy geskrifte en sy weiering om kategismuspreke te hou, beroering veroorsaak het. Hy is in 1593 weer met die kerk versoen. 'n Ander figuur was die oorspronklike Friese predikant, Cornelis Wiggertsz, wat te Hoorn aangekla is van onregsinnigheid. Hy het sy teologiese opvattinge gebou op die verbondsteologie van Bullinger en Snecanus. Daarom wou hy nie van 'n uitverkiesingsleer praat nie, omdat dit volgens hom in teenspraak was met die algemene belofte van heil, soos vervat in die verbond met Adam en daarna met Abraham.

Omdat hy weier om voor die Sinode te verskyn, is hy in 1593 geskors. Toe hy voortgaan met die hou van huisvergaderings, beroep die kerk hom op die Staten. Hulle het hom in 1596 ontslaan met behoud van sy pensioen. Hy hou egter aan om huisvergaderings te hou, selfs nadat die Sinode van Noord-Holland hom in 1598 afgesny het. Hy is in 1624 oorlede.

Wiggertsz se opvattinge is gedeel deur Gellius Snecanus, wat tot die oortuiging gekom het dat die verbond van God met Adam en daarna die aartsvaders, asook die leer van die geregtigheid deur die geloof alleen, die werklike *cor ecclesiae* is en nie die uitverkiesingsleer nie. Daarmee het hy in botsing gekom met die belydenisskrifte. Afgesit deur die kerk het hy met 'n pensioen van die Staten geleef tot 1600. Merkwaardig is dat nie een van sy tydgenote sy opvattinge probeer weerlê het nie.

Rondom hierdie figure wat almal, in meerdere of mindere mate, die gesag van die belydenisskrifte ontken het, was 'n groot kring van aanhangers. Omdat hierdie manne nie 'n georganiseerde party in die kerk verteenwoordig nie, het hulle nie daarin geslaag om teenoor die heersende Calvinisme 'n blywende indruk te maak nie.

'n Faktor wat die afwykendes bevoordeel het, was die feit dat die owerhede wat gekant was teen die Calviniste se eis van kerklike selfregering, hulle dikwels gesteun het om juis so die Calviniste teen te werk.

8.5 Die Calviniste

Die Calviniste het intussen voortgegaan om hulle posisie in die Hervormde Kerk uit te bou en te verstewig. Hulle was daartoe in staat, omdat hulle oor bekwame en geleerde leiers beskik het wat die aansien van die Calviniste laat styg het. Deur hulle optrede in die klassikale en sinodale vergaderings, het hulle die Calvinisme uiteindelik laat seëvier. Hulle slaag daarin, omdat hulle die leerstoele aan die universiteit van Leiden, die teologiese hoogeschool te Franeker en die universiteit van Groningen met bekwame Calviniste beset het.

Tog kon die Calviniste nie alles na hulle sin reël nie. Hoewel die saak van die eenheid van die leer algemeen aanvaar is, was daar tog baie predikante wat die leer soos vasgestel in die NGB en HK, nie wou afdwing nie – dit omdat hulle hierdie geskrifte meer as 'n simbool van eenheid beskou het as norm en reël vir die prediking.

Terselfdertyd was dit so dat die owerhede beslis nie altyd bereid was om die draers van die afwykende mening, nadat hulle kerklik veroordeel was, sondermeer te straf nie. Dit het ook dikwels gebeur dat die kerklike vergaderings geen owerheidsteun kon kry vir hulle besluite oor sake soos sensuur-uitsprake, beroepe en kerklike benoemings, onderwysaangeleenthede, Sondagontheiliging en openbare onsedelikheid nie. Oor die algemeen wou die owerhede rus en vrede bewaar en het daarom dikwels hulle steun aan die kerk weerhou.

Onder die Calviniste was daar ook 'n groep verdraagsame manne wat nog 'n mate van meningsverskil in *dogmaticis* wou aanvaar. Onder hulle tel figure soos Jean Taffin, die Waalse predikant van Amsterdam, Professor Franciscus Junius (vanaf 1592 professor te Leiden), Pierre Loyseleur, hofprediker van Prins Willem van Oranje, Jeremias Bastingius, professor te Leiden en Professor Antonides van Franeker.

Aan die ander kant was dit ook waar dat die meerderheid predikante skerp gekant was teen enige vorm van onregsinnigheid: Hulle het met skerpte van woord en daad daarteen opgetree. So het twee predikante uit Sneek – Bogerman en Geldorp – in 1601 'n vertaling besorg van Beza se geskrif, *De haereticis a civili magistratu pu-*

niendis cet. Daarin argumenteer Beza dat die Christelike owerheid, desnoods met die swaard, alle ketters en onregsinniges moet onderdruk. Dit was veral gemik teen die Doperse groepering van Menno Simons en die Jesuïete wat oral probeer het om weer propaganda vir die Rooms-Katolieke Kerk te maak. Die 'paepsche stoutigheden' word reëlmatig op die provinsiale Sinodes behandel. Selfs die Lutherane moes as 'n minderheidsgroep dit ook van tyd tot tyd ontgeld. So het 'n toestand geleidelik ontwikkel wat een of ander tyd op 'n botsing moes uitloop. Dit is nie vreemd dat die stryd juis om die leer van die uitverkiesing gegaan het nie. As gevolg van Beza se groot invloed in die post-Calvyne teologie, het die leer van die uitverkiesing die uitgangspunt van die Calvinistiese teologie geword en die toetssteen by uitstek van regsinnigheid.

8.6 Arminius en Gomarus

Die groot stryd het aan die universiteit van Leiden ontbrand. Daar het professor Jacobus Arminius (1560-1609) in 1603 professor geword ondanks die feit dat Petrus Plancius in Amsterdam, waar hy predikant was, hom reeds van onregsinnigheid beskuldig het.

Op 7 Februarie 1604 het Arminius volgens die rooster, voorgesit by 'n dispuut oor die Goddelike voorbeskikking en uitverkiesing. Arminius het die saak as volg voorgestel: 'God het besluit om diegene wat hulle bekeer en glo, in genade aan te neem en om hulle, as hulle volhard, salig te maak in, deur en vanweë Christus. Diegene wat hulle nie bekeer nie, laat God egter in die sonde en onder die toorn, omdat hulle vreemd aan Christus is' (my vertaling).

Hy stel verder dat God middele gebruik om die mens tot bekering te bring. Die feit dat God sommige mense salig maak en ander verdoem, berus op God se voorwete, want Hy het van ewigheid geweet wie, deur sy genade, sal glo en deur sy navolgende genade in die geloof sal volhard, en wie nie sal glo en volhard nie.

Teen die einde van die jaar het Franciscus Gomarus (1563-1641; vanaf 1594 prof te Leiden) 'n dispuut laat hou oor sy siening van die uitverkiesing. Gomarus stel dat God vanuit die hele mensdom enkele mense, volgens sy welbehag en onverdiende genade, vantevore bestem het vir die ewige lewe. Die ander is voorbestem tot die ewige dood en verdoemenis.

In die grond van die saak lê hier 'n verskil van opvatting oor die mens en die sonde. Hoewel altwee aanvaar dat die geloof 'n genadegawe van God is, lê Arminius 'n verband tussen God se ewige raadsbesluit en die menselike geloofsdaad. Die mens kan, sê Arminius, die gawe van die geloof verwerp en ook die heil afwys. Die mens is met sy wil self vir sy heil verantwoordelik.

Gomarus, daarenteen, beklemtoon dat die mens nie iets wat God doen, ongedaan kan maak nie. As God die geloof uit genade gee, kies Hy daarmee die mens. God se besluit kan nie afhanklik wees van 'n menslike daad of besluit nie. Buitendien kan God se besluit tot verkiesing of verwerping nie vir 'n mens aanvaarbaar gemaak word nie.

Hierdie verskil van mening het ook gevolge vir die prediking. Arminius meen dat die predikant die gelowiges moet oproep om 'n beslissende keuse te maak: vir of teen die heil wat aangebied word. Arminius meen dat as alles al klaar deur God se ewige raadsbesluit uitgemaak is – dan word die oproep tot bekering sinloos.

Gomarus het daarteen weer gesê dat die sekerheid van die geloof wegval as God die mens uitverkies tot die geloof wat Hy al vantevore by die mens raakgesien het. Gomarus meen dat die predikant almal wat in hulle geloof twyfel, moet wys op die werk van Jesus Christus wat vasstaan, ongeag of die mens dit aanvaar of verwerp.

Arminius was van mening dat hy nog binne die aanvaarde leer is en het hom be-roep op artikel 16 van die NGB en afdeling 21 van die HK. Sy teenstanders het dit egter betwis. In 1605 vra Arminius om 'n Sinode byeën te roep om oor die saak samesprekings te voer. Die Staten-Generaal het in Maart 1606 toestemming gegee vir so 'n Sinode, maar wil hê dat die agenda vooraf bepaal moes word.

Die Staten van Holland en Utrecht vra terselfdertyd dat die Sinode die belydenisskrifte moet hersien en die saak van 'n kerkorde weer moes bespreek. Dit vererg Gomarus en sy medestanders, want hulle wil die geskil uitmaak op grond van die belydenis en hulle wil nie die gesag van die belydenis vantevore ophef nie.

Pogings om met hierdie saak te vorder, slaag nie en die owerheid se pogings om toenadering te verkry en die pad te effen vir 'n Sinode, misluk telkens. In die situasie is Arminius op 19 Oktober 1609 aan tering oorlede.

Miskien is dit tog belangrik om 'n verdere perspektief hier na vore te bring. C Graafland wys in 'n baie interessante studie daarop dat as die verskil van mening tussen Arminius en Gomarus sorgvuldig nagegaan word, dit blyk dat die diepste verskil nie by die leer van die uitverkiesing lê nie, maar veral by die regverdigsleer. Dit is ook opvallend dat as Gomarus in 1608 vir die Hoge Raad van die Staten van Holland sy besware teen Arminius moet formuleer, hy oor die regverdigsleer handel en nie oor die uitverkiesing nie.

Arminius se regverdigsleer is 'n uitdrukking van 'n korrelatiewe samewerking tussen God en mens in die raamwerk van die genade. As die saak skerp besien word, fundeer Arminius die regverdiging in 'n geregtigheid wat God in die mens self vind.

Graafland toon aan dat Arminius sy regverdigsleer op die volgende wyse verduidelik: 'n Bepaalde man skuld R100. As iemand anders hierdie skuld betaal, is die skuldenaar daarvan verlos. Arminius betoog nou dat dit verkeerd is om te sê dat die kwytstelling van die skuld aan die skuldenaar toegereken word. Omdat die skuld volledig betaal is, het die skuld as sodanig opgehou om te bestaan en hoef niks meer toegereken te word nie. Die situasie verander egter wanneer 'n skuldenaar R100 verskuldig is, en van daardie skuld R10 betaal. Die skuldeiser skeld die skuldeiser dan die res van die skuld kwyt en beskou die R10 as voldoening vir die skuld van R100. Dit kan die skuldeiser doen, omdat iemand anders die oorblywende R90 betaal het. Hier is dus werklike sprake van toerekening van voldoening, want R10 word beskou asof dit voldoende is vir R100.

Graafland toon met verskillende voorbeelde aan dat Arminius se leer van die regverdiging volkome foutief is, want dit weerspreek die kern van die Reformatoriese regverdigsleer dat ons voor God alleen kan lewe en bestaan, danksy die vreemde geregtigheid van Jesus Christus. Ons eie geregtigheid, hoe dit ookal verstaan word, speel hier glad geen rol nie. Graafland betoog ook dat hierdie kardinale verskil nooit werklik na vore kom nie, omdat Gomarus en die Contra-Remonstrante om die bos gelei word deur Arminius en die Remonstrante wat die saak van hulle opvatting van die regverdigsleer nie in die *Remonstrantie* na vore bring nie. Omdat Gomarus, die Contra-Remonstrante en die Sinode van Dordrecht die geskil waarom dit gegaan het deur die Remonstrante laat omlyn, gebeur dit dat die verskille oor die uitverkiesing die botoon voer. Die oorsaak van die verskil lê egter in Arminius se foutiewe regverdigsleer.

8.7 Die Remonstrante en Contra-Remonstrante

Ná Arminius se dood word die leiding van die Arminiaanse groep oorgeneem deur Johannes Wtenbogaert (1557-1644), 'n student van Beza wat predikant te Utrecht en Den Haag was. Ook was hy hofprediker van Prins Maurits, die Stadhouer van Holland. Reeds vroeg het hy bedenkinge teen die uitverkiesingsleer soos geformuleer deur die na-Calvynse Calviniste. Saam met drie en veertig predikante stel Wtenbogaert in 1610 'n *Remonstrantie* (versoekskrif) op waarin hy onder andere stel dat die NGB en HK altyd aan hersiening onderwerp kan word en dat wanneer die owerheid 'n sinode byeenroep, die NGB en HK nie as maatstaf mag geld nie. Verder noem hulle vyf punte in verband met die leer wat oorgeneem is uit 'n manuskrip van Arminius van 1608. Terselfdertyd vra hulle dat 'n Sinode gehou sal word en dat die owerhede hulle sal beskerm teen kerklike tugmaatreëls.

Die *Remonstrantie* het soos volg gelui:

Art 1 Dat God, deur 'n ewige, onveranderlike besluit in Jesus Christus, voor die grondlegging van die wêreld, besluit het om uit die gevalle, sondige mensheid, daardie mense in Christus, ter wille van Christus en deur Christus salig te maak, wat deur die genade van die Heilige Gees in Hom, sy Seun Jesus glo en wat deur hierdie genade in daardie geloof en geloofsgehoorsaamheid tot die einde toe sou volhard.

Daarteenoor het God besluit om die onbekeerlikes en ongelowiges in die sonde en onder die oordeel (= toorn) te laat én te veroordeel as mense wat vreemd staan teenoor Christus, volgens die woord van die Heilige Evangelie van Johannes 3:36 en ander skriftuurplekke.

Art 2 Dat hieruit voortvloei dat Jesus Christus, die Saligmaker van die wêreld, vir alle en elke mens gesterf het. Dit beteken dat Hy vir almal die versoening en die vergewing van die sondes deur die dood van die kruis verwerf het. Niemand behalwe die gelowige ontvang egter onmiddellik daardie vergewing van die sondes nie, volgens die woord van die Evangelie van Johannes 3:16 en in 1 Johannes 2:2: 'En Hy is 'n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld.

Art 3 Dat die mens die saligmakende geloof nie uit homself het nie, nog uit die krag van sy vrye wil, omdat die mens in die staat van afwyking en sonde niks wat goed is, wat inderdaad goed is (soos die saligmakende geloof in die besonder iets goeds is) uit en van homself kan dink of wil of doen nie. Dit is egter noodsaaklik dat die mens van God, in Christus en deur sy Heilige Gees die nuwe geboorte (= weergeboorte) sal ontvang en in verstand, gevoel of wil en in al sy kragte vernuwe word, sodat hy dit wat werklik goed is kan verstaan, kan dink, kan wil en doen, volgens die woord van Christus in Johannes 15:5, '[S]onder My kan julle niks doen nie'.

Art 4 Dat hierdie genade van God die begin, die voortgang en volbrenging is van alles wat goed is, ook so dat die nuutgebore mens self sonder hierdie voorafgaande of toekomstige, opwekkende, volgende en saamwerkende genade nie die goeie kan dink of kan wil of kan doen en ook nie enige versoeking om die slegte te doen, kan weerstaan nie.

Dit beteken dus dat alle goeie dade of werke, wat 'n mens maar kan bedink, aan die genade van God in Christus toegeskryf moet word. Maar wat nou die manier betref waarop hierdie genade werk (moet gesê word), dat dit nie onweerstaanbaar is nie, want daar staan tog geskrywe van baie men-

se dat hulle die Heilige Gees weerstaan het: Handeling 7:51 en op baie ander plekke.

Art 5 Dat daardie mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingelyf is en daarom deel aan sy lewendmakende Gees gekry het, oorvloedige krag het om teen die Satan, die sonde, die wêreld en hulle eie sondigheid (= vlees) te stry en die oorwinning te behaal, natuurlik altyd deur die bystand van die genade van die Heilige Gees.

Verder, dat Jesus Christus hulle (wat deur 'n ware geloof in Christus ingelyf is) deur sy Gees in alle versoekings bystaan, hulle die hand bied en, indien hulle maar net bereid is om die goeie stryd te stry en sy hulp verlang en nie sondig is nie, hulle ook staande hou sodat hulle deur geen slim plan of deur die geweld van Satan verlei of uit die hande van Christus geruk kan word nie, volgens die woord van Christus in Johannes 10:29.

Die vraag of hierdie gelowiges deur nalatigheid hulle ingelyfdheid in Christus kan verwerp, die teenwoordige wêreld kan aanneem of van die heilige leer wat eenmaal aan hulle gegee is, weer kan afwyk, die goeie gewete kan verloor en die genade kan verwaarloos, sal eers sorgvuldiger uit die Heilige Skrif ondersoek moet word, voordat ons dit met oortuiging kan leer.

Die versoekskrif word deur Oldenbarnevelt voorgelê aan 'n vergadering van die Staten van Holland. Die Staten het die stuk na die verskillende klassikale vergaderings gestuur om dit te bespreek. Dit het baie beroeringe veroorsaak. Terselfdertyd besluit die Staten om 'n samespreking te laat voer oor die versoekskrif en nooi dan ses woordvoerders van elke party uit. Op 11 Maart 1611 het die Calviniste 'n *Contra-Remonstrantie* opgestel op 'n vergadering waarvan Petrus Plancius die voorsitter was. Die *Contra-Remonstrantie* was waarskynlik opgestel deur Festus Hommius (1576-1642), toe predikant te Leiden.

In die aanhef van hulle *Contra-Remonstrantie* word gestel:

Ons het vasgestel dat die *Remonstrantie* in hoofsaak hierdie drie dinge stel:

Eerstens 'n apologie of verontskuldiging van die Remonstrante teen die suspisie en beskuldiging wat teen hulle persoon ingebring is, naamlik dat hulle 'n verandering in die godsdiensleer van die land nastreef.

Tweedens 'n uiteensetting van daardie leerstellings waaroor (soos hulle beweer) die debat tussen hulle en hulle mede-dienaars in hoofsaak gevoer word.

Derdens 'n versoek dat 'n wettige, vrye Sinodale vergadering gehou sal word waar hulle gehoor kan word, of anders waar vasgestel sal word dat hulle by hul-

le mening mag bly en deur die owerheid teen allerlei kerklike tugmaatreëls beskerm sal word.

Nadat hierdie sake beredeneer is in die *Contra-Remonstrantie* en ook op die kwessie van die gesag van die belydenisskrifte as norm vir die leer en lewe in en van die kerk ingegaan is, het die *Contra-Remonstrante* in sewe artikels die ware leer wat in die kerk verkondig word, saamgevat.

Art 1 In Adam het die hele menslike geslag, wat in Adam na die beeld van God geskape was, in die sonde geval. Daardeur is alle mense so bedorwe dat hulle in sonde ontvang en gebore word. Daarom is hulle van nature kinders van die toorn, wat dood is in hulle sonde. Dit beteken dat die mens nie meer die vermoë het om uit homself, homself werklik opreg tot God te keer en in Jesus Christus te glo nie. Die mens kan dit net so min doen as wat 'n dooie mens die vermoë het om homself uit die dood op te wek.

God het nou uit hierdie verdorwe mensheid 'n sekere getal mense uitgehaal en verlos wat Hy, volgens sy ewige en onveranderlike raad, uit louter goedheid na die welbehae van sy wil uitverkies het, om hulle deur Christus salig te maak.

Die ander gaan Hy, volgens sy regverdige oordeel, verby en laat hulle in die sonde bly.

Art 2 Onder die getal van God se uitverkore kinders moet nie alleen die volwasse wat in Christus glo en wat werklik volgens die voorskrifte van die evangelie leef nie, getel word, maar ook die kinders van die verbond, solank as wat hulle nie daadwerklik die teendeel bewys nie. Die gelowige ouers moet, wanneer hulle kinders vroeg te sterwe kom, ook glad nie twyfel aan die saligheid van daardie kinders nie.

Art 3 Dat God in sy uitverkiesing nie vooruit gesien het op die geloof of bekering van sy uitverkorenes nie en ook nie op die regte gebruik van sy gawes asof dit die oorsaak van die uitverkiesing is nie. Inteendeel, in sy ewige en onveranderlike raad het God Hom voorgeneem en besluit om aan hulle, wat Hy na sy welbehae tot die saligheid uitverkies het, die geloof en die ware vroomheid ('ende volstandicheyt inder Godsalicheyt') te gee en om hulle so salig te maak.

Art 4 Om daardie doel te bereik, het God eerstens aan die gelowiges sy eniggebore Seun gegee en geskenk wat Hy in die dood aan die kruis oorgegee het om so sy uitverkorenes salig te maak. Hoewel die lyding van Christus, die eniggebore Seun wat van dieselfde wese as die Vader is, voldoende is om die sondeskuld van alle mense te betaal, nogtans, volgens die raad en be-

sluit van God, geld dit alleen die uitverkorenes en ware gelowiges tot versoening en vergewing van hulle sondes.

Art 5 Verder laat God, tot die bereiking van daardie doel, ook sy Heilige Evangelie verkondig, sodat die Heilige Gees, uiterlik deur die prediking van daardie evangelie, en innerlik deur 'n besondere genade, so kragtig werk in die harte van God se uitverkorenes, dat Hy hulle verstand verlig, hulle wil verander en vernuwe en hulle hart van klip wegneem om hulle 'n sagte hart te gee – sodat hulle nie alleen die moontlikheid ontvang om hulle te kan bekeer en te kan glo nie, maar dat hulle ook dadelik en gewilliglik hulle bekeer én glo.

Art 6 Dat diegene, ten opsigte van wie God Hom voorgeneem het om hulle tot saligheid te bring, nie alleen eenmaal verlig, weergebore en vernuwe word om in Christus te glo en hulle tot God te bekeer nie, maar dat hulle ook deur dieselfde krag van die Heilige Gees, waardeur hulle in die eerste plek sonder hulle eie toedoen bekeer is, voortdurend in die geloof gehou en bewaar word.

Verder is dit die voorneme van God dat almal wat die ware geloof eenmaal ontvang het en aan wie die Gees van aanneming tot kind van God eenmaal gegee is, nooit weer heeltemal daardie geloof kan verloor nie.

Art 7 Die ware gelowige sal in hierdie leer geen rede vind om die sonde na te volg nie, omdat dit onmoontlik is dat hulle, wat deur 'n waaragtige geloof in Christus ingeplant is, nie ook vrugte van die dankbaarheid sou voortbring nie. Terselfdertyd besef die gelowiges deur hierdie leer en voel hulle dit ook aan dat God sowel die wil as die volbrenging na sy welbehag, in hulle werk.

8.8 'n Kort bespreking

In Artikel 1 stel die Remonstrante dat God se besluit tot verlossing inhou dat God die mense wat glo en in die geloof volhard, sal salig maak. Dit is dus die voorwaarde waardeur die mens deur Jesus Christus verlos kan word (vgl ook art 5, tweede par). Later het die Remonstrante hierdie punt nader verklaar deur te sê dat alles ahang van die geloof van die mens, wat vooruit of vooraf deur God gesien is. Die geloof en die volharding daarin (hoewel dit vooruit deur God gesien is), is nie die gevolg van die Goddelike uitverkiesing nie, maar van die keuse van die mens se vrye wil. Die Remonstrante erken wel dat die mens sy vrye wil van God ontvang het en

as sodanig nog van God afhanklik is. Die bedenklieke is egter dat hulle stel dat die mens deur sy vrye wil onafhanklik van God tussen goed en kwaad kan kies.

Hierteenoor het die Calviniste of *Contra-Remonstrante* gestel (hfst 1:9 van die Leerreëls) dat die uitverkiesing die voorwaarde is vir die geloof van die mens.

In artikel 2 is die primêre vraag nie of Christus vir die behoud van alle mense gesterf het of nie, maar eerder of hulle vir wie Christus gesterf het, salig kan word, of salig sal word.

Die Remonstrante stel dat God in Christus vir die sondaarmens 'n geleentheid skep om deur die geloof in Hom salig te kan word. Of Christus inderdaad die Salig-maker van alle mense is, wat deur God vir die saligheid bestem is, hang uitsluitlik van die mens en sy keuse af; met ander woorde: Bestaan daar 'n moontlikheid dat daar 'n Verlosser kan wees sonder verlostes, omdat daar geen mens was wat uit vrye wil die verlossing begeer het nie? (Vgl hier hfst 2 van die Leereëls wat handel oor 'Verwerping van die dwalings', art 1).

Teenoor hierdie standpunt het die Calviniste baie duidelik gestel dat Jesus Christus deur sy soendood die verlossing nie net moontlik gemaak het nie, maar dit ook inderdaad tot stand gebring het. Die ware gelowige is nie net oortuig dat vergewing van sondes deur Christus moontlik is nie, maar dat sy sonde, om Christus ontwil, inderdaad vergewe is. Die saligheid word nie net aan die ware gelowige aangebied nie, maar ook inderdaad gegee.

In artikel 4 kom die volgende vraag na vore: As die geloof die gevolg is van God se genade, is dit dan moontlik dat die mens vanuit sy vrye wil die genade van God kan weerstaan en in die ongeloof kan volhard? Met 'n beroep op Handeling 7:51 stel die Remonstrante dat die mens God se genade kan weerstaan.

Hieruit volg vanselfsprekend dat die geloof nie alleen 'n genadegawe van God is nie, maar ook 'n prestasie van die mens. Die Calviniste het daarteenoor geleer dat die mens nóg die vermoë nóg die krag besit om voortdurend die krag van die waarheid te weerstaan. As God besluit het om die mens salig te maak, dan sal die menslike weerstand uiteindelik swig voor die kragtige en aanhoudende werking van die Heilige Gees wat met die wapen van die waarheid, dit is die Woord van God – alles aan Hom kan onderwerp (vgl hfst 3/4 [Verwerping van die dwalings] art 17; vgl ook art 11, 16).

In Artikel 5 het die Remonstrante hulle mening nog voorlopig teruggehou. Later het hulle egter gestel dat ook gelowiges, deur hulle eie skuld, van God kan afwyk en ook die geloof heeltemal kan verloor. Daarom het die Remonstrante ook ernstige bedenkinge teen Vraag en Antwoord 64 van die HK gehad ('...dit is onmoontlik dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dank-

baarheid sou voortbring nie'), asook teen Vraag en Antwoord 54 ('Ek glo ek is 'n lewende lid daarvan [= die kerk] en sal dit ewig bly').

Hierteenoor het die Calviniste die volharding in die geloof geleer. Hoewel die gelowige nog wel daaglik struikel, kan die mens se ontrou nie God se trou vernietig nie.

In Artikel 3 word gehandel oor die oorsprong van die geloof. Uit die voorgaande het dit geblyk dat die Remonstrante van oordeel is dat die saligheid van die mens, sy verlossing, nie heeltemal en volkome deur God alleen tot stand gebring word nie.

Volgens die Remonstrante het die mens se vrye wil 'n rol te speel in sy verlossing en hier word dus die sunergisme en die Semi-Pelagianisme aanvaar.

Volgens die Remonstrante is die geloof nie alleen die vrug van God se genade nie, maar ook die gevolg van die regte keuse wat die mens, deur sy vrye wil, gemaak het. Hoewel hierdie afleiding gemaak word uit die Remonstrante se stellings in artikel 1-2 en 4-5 van *De Remonstrantie*, staan daar (ewe breed!) in artikel 3: 'Dat die mens die saligmakende geloof nie uit homself het nie, nog uit die krag van sy vrye wil....'

Terselfdertyd staan daar in die Remonstrantse Geloofsbelydenis, opgestel in 1627 deur Episcopius: 'So besit die mens die saligmakende geloof nie uit homself nie en hy word nie bekeer of nuut gebore uit die kragte van sy vrye wil nie.'

Hier ontstaan inderdaad 'n teenstelling, want presies die teenoorgestelde van wat in artikel 3 gesê word, is die vooronderstelling van artikels 1, 2, 4 en 5. Om die redenasie van die Remonstrante hier te kan verstaan, moet op 'n uiteensetting van Arminius in hierdie verband gelet word. Hy stel dan (my vertaling en parafrase):

'n Ryk man gee aan 'n arm man wat aan die verhongering is, 'n gawe sodat hy in sy én sy familie se onderhoud kan voorsien. Nou is die vraag: Hou die geskenk op om 'n gawe te wees net omdat die arm man sy hand uitsteek om dit te ontvang? Sal dit gepas wees om te sê dat hierdie geskenk gedeeltelik bepaal is deur die vrygewigheid van die skenker en gedeeltelik bepaal is deur die vrye wil van die arm man wat dit aangeneem het? Sal dit korrek wees om te sê dat, aangesien die arm man altyd bereid was om te ontvang, hy dus die moontlikheid gehad het om die geskenk te kry of nie te kry nie, afhangende van wat hy self wil: Indien nie, dan geld dit in 'n nog hoër mate die genadegawe van die geloof.

Hieruit kan mens sien in watter sin Arminius ontken dat die geloof die gevolg is van die mens se vrye wil. Dit is duidelik dat as die ryk man nie 'n aanbod gemaak het

nie, sou die arm man, met vrye wil en al, arm gebly het. In hierdie sin kan selfs 'n Calvinis sê dat die geloof nie afhang van die vrye wil van die mens nie.

In sy argument vergeet Arminius egter om te antwoord op die beskuldiging dat hy en die Remonstrante gestel het (en by implikasie dit onderstreep) dat die geloof gedeeltelik deur die mens se vrye wil tot stand kom.

As dit nou toegepas word op Arminius se voorbeeld, dan word dit duidelik dat die oorsaak dat die arm die geskenk besit, weliswaar hoofsaaklik lê in die wil van die vrygewige ryk man, maar ook vir 'n gedeelte in die vrye wil van die arm man wat die geskenk aangeneem het. Die arm man het immers ook die moontlikheid gehad om vir die geskenk van die ryk man te bedank. Dat die arm man sy hand wou uitsteek om die geskenk te ontvang, word nie deur die ryk man bepaal nie. Dit impliseer dan dat die arm man hom nog altyd daarop kan beroem dat hy die geskenk wou gevat het! Arminius bewys dus ook deur sy voorbeeld, sonder dat dit waarskynlik sy bedoeling was, dat die geloof gedeeltelik die gevolg is van God se genade en gedeeltelik van die mens se vrye wil.

Daaruit kan afgelei word dat Arminius se stelling dat die geloof 'n genadegawe van God is, eintlik net beteken: Die genade word deur die evangelie aan ons aangebied. Die Heilige Gees wat deur die verkondiging van die evangelie, slegs 'n morele aansporing gebruik, werk dus net saam om die mens te beweeg om te glo. Dus ontstaan deur God se genade en deur die invloed van die Heilige Gees slegs die moontlikheid om te glo.

Dat die werklike geloof self 'n vrug van die genade van God is, kan Arminius nie aanvaar nie. Die evangelie word gepreek, die mens word aangeraai om te glo – maar dit is so ver as wat God se genade gaan. Die werklike geloof is 'n onafhanklike beslissing van die mens se vrye wil.

Hierdie punt is die groot verskil tussen die Remonstrante en Contra-Remonstrante. Daarom is dit ook dat die Remonstrante in artikel 3 skynbaar iets anders sê as wat hulle in artikels 1, 2, 4 en 5 veronderstel. Op hierdie wyse kon hulle (en het hulle) verwarring gesaai oor hulle presiese standpunt. Terselfdertyd stel dit hulle bloot aan die beskuldiging van bedrog.

Hierteenoor het die Calviniste hulle standpunt uiteindelik baie pertinent in die Leerreëls in hoofstukke 3/4, artikels 10 en 14 gestel. Die geloof, so word gestel, is 'n gawe van God in dié sin dat die geloof in Jesus Christus nie alleen moontlik gemaak word nie, dat die mens nie alleen tot die geloof aangespoor word nie, maar ook dat die geloof in die mens deur God self tot stand gebring word. Die verskilpunte kan kortliks aan die hand van die volgende vrae uitgewys word:

1. Sal die eindresultaat van die mens se godsdienstige vorming beantwoord aan

God se ewige raadsplan, of is die eindresultaat die gevolg van die mens se vrye wil?

2. Het Jesus Christus deur sy kruisdood die verlossing bewerkstellig of slegs moontlik gemaak? As 'n mens die vraag anders vra: Sal dié mens, vir wie se verlossing Jesus Christus gesterf het, werklik salig word, of bestaan die moontlikheid dat die mens, uit krag van sy vrye wil, die verlossingsplan van God kan veryd, sodat die Verlosser dalk alleen staan sonder 'n enkele verlore?
3. Is die geloof, in absolute sin, uit God alleen, of is dit slegs gedeeltelik 'n daad van God en gedeeltelik 'n onafhanklike daad van die mens se vrye wil?
4. Sal God se genade seëvier oor die onwilligheid en sondige verset van daardie mense wat Hy tot die saligheid uitverkies het, of kan die mens, deur sy vrye wil, die werk van God en die krag van die waarheid altyd weerstaan?
5. Sal die gelowige, deur God se genade, in die geloof volhard, of bestaan die moontlikheid dat die mens die geloof kan verloor en dat die verlore Christen, deur sy vrye wil, die liefde tot Christus en die waarheid weer versaak?

Ten slotte kan gemeld word dat die Contra-Remonstrante ook gestel het dat die owerheid nie uitspraak oor leergeskilte kan gee nie en dat slegs 'n Sinode dit kan doen. Daarom moes 'n Sinode byeengeroep word.

Literatuur wat oor hieroor gelees kan word, is

- Graafland, C 1987. *Van Calvijn tot Barth: Oorsprong en ontwikkeling van de leer der verkiezing in het Gereformeerd Protestantisme*. 's-Gravenhage: Uitgeverij Boeken centrum BV.
- Jacobs, P 1973. *Prädestination und verantwortlichkeit bei Calvin*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.
- Klooster, F H 1977. *Calvin's doctrine of predestination*. Grand Rapids: Baker Book House.
- Zanchius, J 1971. *Absolute predestination*. Grand Rapids: Sovereign Grace Publishers.

Hoofstuk 9

Die Sinode van Dordrecht (1618-1619)

9.1 Die voorspel

Die hele stryd tussen Remonstrante en Contra-Remonstrante het 'n verdere dimensie gekry, vanweë 'n brosjure van Wtenbogaert in 1610 met die titel, *Tractaat over het ambt en gezag der overheid*. Daarin spreek hy die mening uit dat die owerheid meer gesag het as enige kerklike vergadering en dat die owerheid die bevoegdheid het om besluite te neem oor die kerklike orde, die erediens en oor die ampsdraers. Hiermee het hy in wese die standpunt van Coolhaes herhaal en vanselfsprekend die steun en instemming van baie magistrate gekry. Op verskillende plekke gryp die stadsowerhede nou in om Remonstrante te beskerm en om Contra-Remonstrante af te wys, soos in Rotterdam gebeur het. In 'n sekere sin het die Contra-Remonstrante se versoek om 'n nasionale Sinode gebots met die soewereiniteit van die provinsiale Staten ten opsigte van die godsdienste. In sommige provinsies was daar egter geen probleme nie. In Zeeland en Groningen was daar geen Remonstrante nie, in Friesland net enkele geïsoleerde predikante. Daarby was die professore van Franeker sterk Contra-Remonstrants, daarin voorgegaan deur professor Lubbertus. Die provinsies Overijssel en Gelderland was verdeeld en in Utrecht het die owerheid voortgegaan om Remonstrantse predikante in vakatures te beroep.

Geleidelik het die sake waaroor dit gaan uitgekristalliseer. Leerstellig het dit oor die uitverkiesing en die gesag van die belydenisskrifte gegaan, kerkordelik oor die bevoegdheid van Sinodes en die seggenskap van die Staten in geloofsprobleme.

Geleidelik ontwikkel dit in die provinsie Holland, in 'n konfrontasie tussen Oldenbarnevelt, raadspensionaris van die Staten, en die Stadhouder, Prins Maurits. Oldenbarnevelt was beslis Remonstrantsgesind en beroep hom telkens op artikel 13 van die *Unie van Utrecht*.

Die kerklike twiste het, danksy die heftigheid daarvan, al breër omvang gekry en dit het gedreig om die samehörigheid van die provinsies te ondermyn en dit terwyl die Rooms-Katolieke gevaar nog nie finaal oorwin is nie.

In Julie 1617 neem die Stadhouer, Prins Maurits, 'n beslissende keuse as hy die godsdiensoefening van sy hofprediker Wtenbogaert nie bywoon nie, maar na 'n Contra-Remonstrantse godsdiensoefening gaan.

Daarna begin Maurits optree en mobiliseer steun vir die Contra-Remonstrante deur in die provinsie Holland stedelike magistrate af te dank en ander aan te stel. In Augustus 1618 laat hy Oldenbarnevelt, Hugo Grotius en ander Remonstrantse leiers gevange neem. Wtenbogaert ontkom arrestasie deur te vlug, eers na Rotterdam en daarna na Antwerpen. Hierdie optrede van Prins Maurits het in feite neergekom op 'n staatsgreep, want met sy deurtastende optrede het hy alle beskermers en vriende van die Remonstrante op owerheidsvlak uitgestoot, laat arresteer of hulle gedwing om te vlug. Deur gebruik te maak van sy mag en persoonlike aansien, het Maurits die knoop deurgehak. In Mei 1619 word Oldenbarnevelt in Den Haag tereggestel. Dit is duidelik dat Prins Maurits se deurtastende optrede die saak van die Contra-Remonstrante gered het.

Nou kon die besluit van die Staten-Generaal om 'n nasionale Sinode te hou, in werking tree. Elke provinsiale Sinode moes afgevaardigdes kies na die Sinode wat op 13 November 1618 in Dordrecht sou byeenkom. Dordrecht is gekies omdat dit die oudste stad in die provinsie Holland was, veilig was en regeer is deur Contra-Remonstrantse magistrate. Die Staten-Generaal het die kostes gedra en is deur negentien kommissarisse-politiek verteenwoordig. Op uitnodiging van die Staten-Generaal was daar ses en twintig buitelandse teoloë uit Engeland, die Paltz, Hessen, Nassau, Duitssprekende Switserland, Genève, Bremen en Emden. Die Nederlandse universiteite is elkeen deur 'n professor verteenwoordig, naamlik Polyander namens Leiden, Lubbertus van Franeker, Thysius van Harderwijk, Antonius Walaeus van Middelburg en Gomarus wat so pas professor geword het te Groningen.

Vanuit Nederland was daar sewe en dertig predikante en negentien ouderlinge. Die voertaal van die Sinode was Latyn en dit stel die buitelanders in staat om deel te neem en om juis deur hulle deelname die besluitneming van die Sinode op 'n hoogstaande vlak te hou.

9.2 Die verrigtinge van die Sinode

Op 14 November het die Sinode sy moderamen gekies: As voorsitter is Johannes Bogerman (1576-1637), predikant te Leeuwarden gekies en as assessore, Jacobus Rolandus van Amsterdam en Herman Faukelius van Middelburg. Die eerste sekretaris was Sebastiaan Damman van Zuffen en saam met hom Festus Hommius van Leiden.

Die Sinode het na bespreking besluit om professor Simon Episcopius en die twaalf vernaamste Remonstrantse predikante te dagvaar om te verskyn. Op 6 Desember 1618 het hulle in die Sinode verskyn met Episcopius as voorsitter, Eduard Poppius van Gouda as assessor en Bernardus Dwinglo as sekretaris. Episcopius het in 'n uitvoerige openingsrede gestel dat die Contra-Remonstrante die oorsaak van die kerklike twis was. Terselfdertyd wil hulle die Sinode beskou as 'n geleentheid vir 'n samespreking, omdat hulle die Sinode nie as 'n regter wil erken nie.

Na 'n lang gesprek wat deur Bogerman afgesny word, word besluit om oor die leerkwessie te handel, al verklaar die Remonstrante dat hulle die Sinode nie as 'n onpartydige regbank kan erken nie. Bogerman reël egter dat die vyf artikels van die Remonstrante ter tafel moet kom.

Weer maak die Remonstrante van verdragingstaktiek gebruik en gooi kort-kort allerlei formele sake in die debat in. Op 14 Januarie 1619 gryp Bogerman in die gang van sake in en ná 'n verontwaardige rede stuur hy hulle uit die Sinode. In die *Acta* staan opgeteken (vyf en sewentigste sitting):

Met welke daad zijn merkelyk de schuldigde gehoorzaamheid den E E Heeren Gecommitteerden en der Synode had geweigerd. Dat zij niets anders dan praktijken, bedriegen en leugenen, tegen de billijkheid en zachtmoedigheid derzelve, alsook der Synode, hadden gesteld, zoodat er een onder de uitheemsche Theologen openlijk zeide, dat zij alzoo eindigden gelijk zij begonnen waren. Dat ze met bedrog en leugenen waren begonnen, en met leugenen en bedrog ook eindigden. En dat men ze met dezen lof zoude henen zenden.

Daarna kon die Sinode aan die werk gaan om die *Remonstrantie* te beoordeel. Nadat die Sinodes in afdelings verdeel het, het hulle van 7-21 Maart hulle menings uitgespreek. Daarna het 'n kommissie vanaf 25 Maart tot 16 April die *Canones* of Leerreëls opgestel. Ná bespreking is die gefinaliseerde Leerreëls op 23 April aanvaar.

Op 6 Mei word die Leerreëls plegtig voorgelees in die Groot Kerk van Dordrecht en op 9 Mei het die Sinode sy slotsitting gehou en het die buitelanders, ná 'n uitgebreide afsheidsmaaltyd vertrek.

9.3 Die inhoud van die Leerreëls

Die Dordtse Leerreëls is in vier hoofstukke verdeel. In die eerste hoofstuk, waar dit gaan oor die Goddelike uitverkiesing en verwerping, is die eerste vyf artikels die inleiding tot die hoofstuk, artikels 6-16 handel spesifiek oor die verkiesing en verwerping, terwyl die laaste twee artikels (17-18) die verbondsgedagte beklemtoon ten op-

sigte van die kinders van die gelowiges. Die tweede hoofstuk wat handel oor die dood van Jesus Christus en die verlossing van die mense deur sy dood, beklemtoon die duidelike Christosentriese uitleg van hierdie Leerreëls. Hierdie nege artikels word dan, net soos by hoofstuk 1, gevolg deur die opsomming van die Remonstrantse dwalings. Die derde hoofstuk wat ook hoofstuk vier bevat, handel oor die verdorwenheid van die mens, sy bekering tot God en die wyse waarop dit plaasvind. Hier word dié sake wat in hoofstuk 1 soms net aangeraak word, eksplisiet behandel in sewentien artikels, naamlik die skepping en val van die mens, die erfsonde, die bietjie lig van die natuur, die Wet van God, die roeping Gods, die weer- of nuwe geboorte en die geloof. Die slothoofstuk behandel in vyftien artikels die volharding van die heiliges – sekerlik een van die treffendste hoofstukke wat daar in daardie kerklike belydenisskrifte staan.

Saam met die hoofstukke waarin die Remonstrantse dwalings wat verwerp word, voorkom, die voorrede, die slot en die uitspraak van die Sinode, vorm hierdie Leerreëls 'n lywige geskrif. Hier word in hoofsaak die Goddelike verkiesing en verwerping behandel.

9.3.1 Die uitgangspunt

Hoewel die leer van die uitverkiesing die aanleiding was tot 'n stormagtige twis in die Nederlandse kerk en staat, word die teologiese kwaliteit van die Leerreëls self daardeur nie geraak nie. Met 'n merkwaardige rustigheid word hier oor hierdie sentrale leerstuk gehandel. Vanuit 'n suiwere teologies-bepaalde vertrekpunt word hier nou begin waar die Heidelbergse Kategismus ook begin, naamlik by die sonde van die mens. Hier word dan die tipies-Bybelse, pessimistiese antropologie geleer dat die mens volkome sondig is en dat die mens self verantwoordelik is vir die sondeval. Die oorsprong van die sonde word gesoek by die mens en dit ontstaan ná die skepping, in die geskiedenis. Die sondeval, die uitval uit die genade, die verlies van die Paradys en die weggejaag word van God af is alles die mens en die mens alleen se skuld. Die mens is nie die slagoffer van die blinde noodlot nie, maar hy is 'n skuldige.

Hierdie gedagte wat net aangeraak word in hoofstuk 1, artikel 1 en 2, word in hoofstuk 3-4, artikel 1-5 verder uitgewerk. Wat hier geleer word, korreleer op sy beurt met artikels 14 en 15 van die NGB en met die HK, Sondag 3-4. Miskien moet, ten oorvloede, net daarop gewys word dat die Sinode van Dordrecht nie 'n volledige leer van die uitverkiesing gee nie, maar uitsprake lewer oor die sake ten opsigte van die uitverkiesing wat deur die Remonstrante aanhangig gemaak is. Daarom het die leerstuk hier ook 'n effens ander gerigtheid as die behandeling van die leerstuk in

die HK, waar dit kategeties aangebied word en die NGB waar dit apologeties aangebied word. Hier is dit veel eerder 'n polemiese aanbieding, soos ook blyk uit die nadruklike verwerpings wat elke keer bygevoeg word by die positiewe uiteensetting.

Hierdie manier van hantering van die leerstuk is nie vreemd nie. So hoor ons ook weer die debat van Luther en Erasmus oor die vrye wil van die mens naklink, waar Luther onder andere sê (*De Servo Arbitrio* – my vertaling):

Want òf die koninkryk van Satan in die mens beteken niks, en dan moet Christus 'n leuenaar wees, òf as Satan se koninkryk is soos Christus dit beskrywe, dan is die vrye wil niks meer as 'n gedweë pakdonkie vir die Satan wat eers vrygemaak kan word as die duivel deur die vinger van God uitgedryf is.

Somberder as die prentjie wat in hoofstuk 3-4, artikel 1 geskilder word, kan dit byna nie, want daar word tereg gesê:

In teenstelling met wat hy was en wat hy (in die Paradys) gehad het, het die mens blindheid, skrikwekkende duisternis, ydelheid en verkeerdheid van oordeel, slegtheid, rebellie en wreedheid in sy wil en hart, sowel as onsuiverheid van sy hele gesindheid, oor homself gebring.

Die nageslag van Adam is dood in die sonde en die misdade en hier is volkome gelykheid ten opsigte van alle mensekinders. Tog is dit so dat 'n 'bietjie natuurlike lig' in die mens oorgebly het, sodat hy 'n 'bietjie kennis van God, van die natuurlike dinge, van die onderskeid tussen eerbaar en skandelik, behou het'. Hierdie 'bietjie natuurlike lig' korreleer met die NGB artikel 14 waar gesê word dat die mens 'al sy uitnemende gawes wat hy van God ontvang het, verloor en niks anders daarvan oorgehou het nie, as net klein oorblyfsels wat genoegsaam is om die mens alle verontskuldiging te ontnem....' Hier is 'n verwysing na Romeine 2:14-15.

Wanneer heidene, wat nie die Wet het nie, tog vanself dinge doen wat die Wet vereis, is hulle vir hulleself 'n wet al het hulle nie die Wet nie. Die optrede van sulke mense bewys dat die eise van die Wet in hulle harte geskrywe staan. Ook hulle gewete getuig daarvan wanneer hulle in 'n innerlike tweestryd deur hulle gedagtes aangekla of vrygespreek word.

Hier wil dit klink of daar 'n neiging na die Semi-Pelagianisme kan wees of na die aanknopingspunt-teorie wat veral vanuit die Grieks antropologie na vore kom. Die verwysing na Johannes 1:5 (*Die lig skyn in die duisternis, en tog het die duisternis dit nie aanvaar nie*) wys eger dat dit nie die gedagtegang is nie. Al wat hier gesê word, is dat ná die val van die mens, die verantwoorde-

likheid vir al sy dade op Adam en sy nageslag bly, maar dat die mens nie meer in staat is om die verantwoordings wat van hom geëis word, te kan dra nie. Die bietjie lig van die natuur is nie genoeg om die mens tot God te laat kom nie. Uit homself kan die mens homself nie meer van die sonde verlos nie. Daaroor en oor die skriftuurlike waarheid van daardie stelling kan daar ná Luther se magistrale *De Servo Arbitrio* nooit meer twyfel wees nie.

Die argument van die bietjie lig van die natuur word ingevoeg om so-doende alle moontlike blaam dat God die mens in die verderf sou gestort het, of dat God dalk die oorsprong van die sonde sou kan wees, by die wortel af te sny. God sou niemand verontreg het, so sê hoofstuk 1, artikel 3, as God alle mense in die vervloeking, in die verderf waarin Adam geval het, gelaat het. Dit is waarskynlik alreeds op hierdie punt dat die Dordtse Leerreëls, net soos die evangelie self, vir die mens 'n harde leer is, of soos Paulus dit stel, 'n 'struikelblok vir die Jode en 'n dwaasheid vir die Grieke'. Tog bly hierdie kennis van die sonde, van die erfsonde en die erfskuld, 'n noodsaaklike voorwaarde vir die verstaan van die uitverkiesing of wel van die evangelie. Dit is juis hier waar die mens in opstand kom teen die uitverkiesingsleer en dit dan nie net in die tyd waarin hy lewe nie, maar dwarsdeur alle tye. Dit is een van die momente waar al die huidige genities-teologieë afwyk van die suiwer Bybelse verkondiging. Dit bevestig andermaal die stelling dat daar in sommige moderne teologieë weinig is wat nuut is, want dit is dikwels net die herhaling van ou dwalings. Daarom is dit nie alleen nuttig nie, maar ook noodsaaklik daar met sorg geluister sal word na die prediking van die kerk, want daardie prediking put nie net uit die geloof en insig van een generasie of een tyd nie, maar is die prediking van al die profete en die apostels.

9.3.2 Die prediking

Na hierdie bedorwe, sondige mense stuur God uit louter goedheid, verkondigers van die evangelie, dat God die wêreld so liefgehad het dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat die mense wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê (Joh 3:16). Deur middel van die prediking gaan die roepstem van God uit na die mens (vgl 1 Pet 1:22-25). Diegene wat daardie verkondigde Woord glo met 'n ware, lewende geloof, word deur Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Heer, van die toorn van God en van die verderf verlos en die ewige lewe gegee.

Die empiriese werklikheid is egter dat sommige mense daardie Woord glo en ander nie. Dit is terloops nogal interessant dat Calvyn, wanneer hy in

debat tree met die Rooms-Katolieke teoloog, Pighius, ook hierdie empiriese werklikheid as 'n beginpunt van sy argument gebruik. Dan stel die Leerreëls, hoofstuk 1, artikel 6:

Dat God sommige mense hier op aarde die geskenk van die geloof gee en ander nie, is die gevolg van sy ewige besluit. Volgens hierdie besluit maak Hy uit genade die hart van die uitverkorenes ontvanklik, alhoewel dit hard is en verander dit om te glo. Hulle wat nie uitverkie is nie, laat Hy volgens sy regverdige oordeel in hulle verkeerdheid en verhardheid bly. Hierin veral word die diepe, onmeetlike, barmhartige en tegelyk regverdige onderskeid van die mense vir ons duidelik gemaak aangesien hulle in gelyke mate verlore is.

9.3.3 Die uitverkieing volgens die Leerreëls

In artikel 7 word gestel:

Hierdie verkiesing is 'n onveranderlike voorneme van God, waardeur Hy, voor die grondlegging van die wêreld, 'n sekere hoeveelheid mense uit die hele menslike geslag...uitverkie het...uit suiwere genade (is hierdie mense) in Christus uitverkie. Hom het (God) ook van ewigheid af tot 'n Middelaar en Hoof van al die uitverkorenes en tot 'n fondament van die saligheid gestel...Die rede vir hierdie genadige verkiesing, so sê artikel 10, is alleen die welbehag van God...(en) Hy (het) sommige bepaalde persone uit die hele menigte van sondaars vir Hom as sy eiendom aangeneem – verwys Rom 9:11-13...(Hierdie) verkiesing...(kan) nie, so sê artikel 11, ongedaan gemaak, oorgedoen, verander, herroep, of afgebreek word nie en ook die uitverkorenes nie verwerp of hulle getal verminder word nie.

Dit is die essensiële momente van die Dordtse uitverkieingsleer. Wanneer daar nader hierop ingegaan word, is dit duidelik dat die Dordtse vadere baie skerp enige vorm van menslike medeverantwoordelikheid of medeseggenskap by die uitverkieing of die ontvang van die heil wil afsny. Volgens Dordt is die uiteindelijke bestemming of toekoms van die mens deur twee sake bepaal, naamlik, enersyds die sondeval, die erfsonde en die erfskuld waardeur alle mense, sonder uitsondering, as gevolg van die mens se eie skuld in die sonde geval het en homself nooit weer daaruit kan verlos nie. Uitsluitlik as gevolg van God se genadige ontferming, sy beplanning en wysheid, word 'n deel van die totale mensheid deur Jesus Christus, sy kruis en opstanding, uit die sondetoestand uitgered.

Alle mense is dus nie gelyk nie want 'n 'sekere hoeveelheid mense...uit die hele menslike geslag...word uitverkies' en hulle ervaar dat dit genade is om genade te ontvang. Die grondoorsaak van die verkiesing lê in God se welbehae, deurdat Hy 'uit hierdie verderf trek en verlos, diegene wat Hy in sy ewige en onveranderlike raad uit louter goedertierenheid uitverkies het in Jesus Christus, ons Heer, sonder om enigsins hulle werke in aanmerking te neem', soos artikel 16 van die NGB dit stel.

Die eerste belangrike stelling waaraan vasgehou moet word, is dat vanuit die Skrif ons ons moet buig voor die vrymag van God en sy handele. Daar bestaan nie so-iets soos 'n wet, 'n dekreet of 'n besluit waaraan God gebind sou wees of wat sy almag of vrymag sou kan beperk nie. Daar is ook geen wet op grond waarvan ons God sou kon beskuldig nie. Alle dinge in die hemel en op die aarde geskied volgens die aan alles voorafgaande raad en bedoeling van God. Die apostel Paulus leer ons dan (Rom 9:18 vg): 'Dit is dus inderdaad so dat God Hom ontferm oor wie Hy wil en dat Hy verhard wie Hy wil...Mens, wie is jy per slot van rekening dat jy met God wil redeneer? Hoe kan die maaksel vir sy maker sê: Waarom het jy my so gemaak? Het die pottelbakker nie reg om uit dieselfde klomp klei iets besonder en iets alle-daags te maak nie?'

En as ons ons erger aan die voor-tydelike beslissing van God, soos die Dordtse Leerreëls dit aan ons voorhou, dan sê die apostel Paulus (Ef 1:4-6):

So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees. In sy liefde het Hy ons, volgens sy genadige beskikking, toe ook al daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees. Daarom moet ons God prys vir sy groot genade wat Hy in sy geliefde Seun vrylik aan ons geskenk het.

Hierdie vooraf-verkiesing is niks anders nie as die beklemtoning van die ondeurgrondelike van God se besluite. Dit is besluite wat nie deur ons wat mense is nagespeur of gekontroleer kan word nie.

Weer staan ons hier voor die feit dat hierdie gesaghebbende Woord wat van buite na ons toe kom, wat deur ons nie gekontroleer of selfs beoordeel kan word nie, stuit op ons menslike eie dunk. Weer moet ons besef dat die evangelie, ook hierdie evangelie van die soewereiniteit van God, vir die Jode 'n struikelblok en vir die Grieke 'n dwaasheid is (1 Kor 1:23). God se heilswerk gaan vooraf aan alle menslike wysheid en insig en krag. Hier kan die sondaarmens geen bydrae lewer nie.

Die tweede saak wat ons moet vashou, is dat die Dordtse Leerreëls nadruklik leer dat die uitverkiesing 'n uitverkiesing in Jesus Christus is. Miskien moet dit hier gesê word dat die uitverkiesingsleer altyd 'n onoorkomelike probleem sal bly as ons

die Goddelike voorneme en die uitverkiesing van 'n 'sekere hoeveelheid mense uit die hele menslike geslag' in 'n filosofies-deterministiese gees sou opvat, met ander woorde as ons sou dink dat God, voor die grondlegging van die wêreld, die uitverkiesing as 'n ewig-onveranderlike besluit daargestel het en nou funksioneer hierdie besluit as 't ware outomaties: ongeag Christus, ongeag die verkondiging van die evangelie, ongeag die ontferming en genade van God. As ons die Dordtse Leerreëls nie versigtig en met begrip lees nie en veral as ons hoofstuk 1 los van hoofstuk 2 en 3-4 lees, dan sou mens miskien kan dink dat ons hier met 'n staties- deterministiese uitverkiesingsleer te make het. Maar dit is nóg in die Dordtse Leerreëls nóg in die Heilige Skrif die werklike inhoud van die uitverkiesingsleer. Hier, rondom die uitverkiesing, is ons inderdaad met die diepte-aspek van God se handele besig en daarom moet hier eerder sorgvuldig geluister word as dat daar haastige konklusies getrek word.

Die stelling wat hier in hoofstuk 1, artikel 7 gemaak word dat die uitverkorenes in Jesus Christus verkies is, hang nie alleen saam met die NGB, artikel 16 nie, maar is dieselfde as wat die Heilige Skrif ons leer dat Christus die Middelaar van die verbond van die genade is en dat Hy die Hoof van die uitverkorenes is.

Wanneer ons dan hoofstuk 2, artikel 9 daarby lees, dan moet ons die Pauliniese samehang van die uitverkiesingsleer ook in gedagte hou. So kry ons ook die antwoord op die vraag of Jesus die verlossing uit die sonde tot stand gebring het en of Hy dit net moontlik gemaak het.

Wanneer gepraat word van 'n uitverkiesing in Jesus Christus, dan beteken dit dat die hele uitverkiesing gesien moet word in die verbond én die verbond van Israel, die deur God uitverkore volk. Daarom, as die apostel Paulus oor die uitverkiesing handel in sy Brief aan die Romeine, dan begin hy by die aartsvader Abraham en beklemtoon dat God se belofte die gelowige Abraham geld en daarom tel alleen die gelowiges of die uitverkorenes as die werklike nageslag van Abraham wat die beloftes sal ontvang. Daarmee stel Paulus dat die gemeente of kerk nie 'n nuwe gewene is nie, maar dat die gemeente die voortgesette uitverkore verbondsvolk is. Daarom gebruik Paulus die begrippe 'die uitverkorenes', 'die geliefdes' en 'die geroepenes' in 'n noue, byna sinonieme verband met mekaar (vgl Rom 8:33; vgl ook Rom 8:28; 2 Tim 2:10; Kol 3:12; Tit 1:1), want die uitverkorenes, die geliefdes en die gemeente is feitlik dieselfde begrip (Rom 1:7; 1 Tess 1:4; 2 Tess 2:13; Kol 3:12). Die Nuwe-Testamentiese gemeente, die nuwe Godsvolk wat rondom Jesus Christus vergader is, is die uitverkore volk wat God uit alle volkere tot Hom geroep het. Daarom kan 'n mens sê, as gelet word op die argument in Hoofstuk 1, dat uitverkiesing, verbond, die verlossing van en deur Jesus Christus en die verkondiging van die evangelie onlosmaaklik met mekaar verbind is. Wat die argument in hoofstuk 2 be-

tref, is dit duidelik dat dat die leer van die uitverkiesing van 'n effens ander hoek benader word. In hoofstuk 1 word die vrymagtige genade van die almagtige God benadruk en word gestel dat Hy genade bewys aan wie Hy wil. Sy genade en ontferming is egter eksklusief en nie inklusief, algemeen geldend vir alle mense nie. In hoofstuk 2 gaan dit oor die samehang 'uitverkiesing in Christus' en word teenoor die Remonstrante weer beklemtoon dat die sondaarmens nie aan God se geregtigheid kan voldoen nie en daarom nie in staat is om homself van die sonde en skuld te verlos nie. Jesus Christus, die Seun van God wat self God is, kom in die volheid van die tyd na hierdie sondige wêreld en Hy voldoen aan God se geregtigheid deur in die mens se plek te staan en die mens se verdiende loon op Hom te neem. As volledige God en volledige mens kan Jesus Christus tussen God en mens staan en ter wille van die sonde van die mens die offer bring wat 'van oneindige krag en waarde [is], heeltomal genoeg om die sondes van die hele wêreld te versoen'. Die pragtige formulering in hoofstuk 2, waar in enkele sinne hierdie diepsnydende saak gestel word, is van die mooiste erfenisse wat ons in ons Belydenisskrifte het. Hier kom 'n mens weer onder die indruk van die geloof en die *pietas* waarmee die vadere hierdie saak geformuleer het.

Dan word gestel (hfst 2, art 5):

Verder is dit die belofte van die evangelie dat elkeen wat in die gekruisigde Christus glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. Hierdie belofte moet aan alle volke en mense aan wie God na sy welbehag die evangelie stuur, sonder enige onderskeid aangekondig en voorgelê word met die opdrag van bekering en geloof.

Hierdie artikel wys daarop dat die uitverkiesing nie 'n staties-deterministiese filosofiese leer is nie, maar deel is van die dinamiese evangelie. Hier word ook duidelik dat die opmerking oor die 'sekerer hoeveelheid mense' nie 'n abstrakte stelling is nie. Die hele Goddelike voorneme, predestinasie, evangelieverkondiging en roeping is nie 'n abstrakte skema oor die onveranderlike getal van die uitverkorenes nie. Hierdie hele leerstuk getuig van 'n pastorale bewoënhed oor die gemeente van Christus en dit stel dat die fondament waarop die gemeente gebou is, die heilswerk van Christus is. Die sekerheid, die fondament, die vastigheid is nie gegee in die vaste, onveranderlike getal van die uitverkorenes nie, maar wel daarin dat die gemeente, die korporatiewe gemeenskap wat een is met sy Hoof, aan Christus Jesus behoort (vgl Rom 8:29). Dit sou verkeerd wees om so-iets soos 'n 'verkiesings-outomatisme' in die Dordtse Leerreëls in te lees. Die beklemtoning van die absolute sondigheid en verlorenheid van die mens beteken wel dat die mens self geen bydrae kan maak tot sy verkiesing nie. Dit berus uitsluitlik by God. Daarby is dit ook volkome skriftuurlik dat die verlossing uit die sonde deur Jesus Christus gestel word as 'n saak wat

in die voltooide verlede plaasgevind het. Dit is nie so dat die verlossing uit die sonde nog moet geskied nie, dit het reeds plaasgevind en Jesus Christus se offer is 'n afdoende, volkome offer genoeg om alle sondes van alle geslagte vir alle tye uit te wis.

Tog is die offer van Christus, anders as die moderne teoloë wil, nie 'n algemene versoening nie. Sy offer is alleen effektief vir die uitverkorenes. Die Goeie Herder lê sy lewe neer vir sy skape (vgl Heb 9:17). Aan die uitverkorenes skenk Jesus die geloof, die reiniging van die sonde en die bewaring tot die einde. Die stelling kan herhaal word: Dit is genade om genade te ontvang.

Daar is dus 'n eksklusiwiteit – daar word tog skeidslyne getrek, want ook die nuwe verbondsvolk is 'n uitgeroepde skare en ook die *ekklesia* is eksklusief en nie inklusief nie. Die saak is egter dat dit God self is wat hierdie skeidslyne trek. Dit is ook 'n groot genade, want Hy wat sy lewe neerlê ter wille van die redding van die gelowiges, is Hy wat die skeidslyne trek.

Vanuit hierdie gesigspunt word dit ook duidelik waarom God self eis dat die evangelie aan alle mense gebring moet word. Alle mense moet met die evangelie gekonfronteer word en met die oproep dat hulle hulle sal bekeer en glo.

Hier lyk dit asof daar 'n teenstrydigheid in die Dordtse Leerreëls is. Enersyds word die sonde van die mens absoluut geteken en gestel dat die mens 'n volkome gebonde wil het in dié sin dat die mens, vanweë die sonde, nie meer kan kies tussen goed en kwaad nie. Die mens kan uit homself slegs die kwaad kies.

Aan die ander kant word gestel dat die evangelie aan alle mense verkondig moet word en dat almal gekonfronteer moet word met die opdrag dat hy hom sal bekeer en glo of selfs sal glo en hom sal bekeer. Hier word dus 'n verantwoordelikheid by die mens veronderstel, wat in die voorgaande argument ontken word. Hier lê vir ons 'n soort van logiese denke, 'n volstreekte teenstrydigheid.

Op die voetspoor vandie Heilige Skrif en van Paulus wil die Leerreëls die menslike verantwoordelikheid nie so stel dat die mens vry is om self te beskik of hy sal glo en gered word of dat hy verlore sal gaan nie. God handhaaf sy reg ook wanneer die mens volkome in die mag van die sonde geval het.

God handhaaf te alle tye die absoluut-vrye karakter van sy genade. As God nou die mens verbygaan, verblind en straf, gaan terselfdertyd sy allesomvattende liefde en ontferming uit na die mens toe in die verkondiging van daardie evangelie wat die goddelose regverdig. Hierdie roeping van God, hierdie lewende Woord van God is die uitnodiging aan die mens wat van nature geneig is om God en mens te haat. Dit is hierdie Woord wat vlees geword het en wat die verlossing van die mens is.

Die Leerreëls wat hier probeer om die verkiesende handele van God, waarin sy genade openbaar word, te omlin, benader hierdie saak op 'n dialektiese manier, want die vryheid van die genade van God ten opsigte van die mens word van twee

kante beskryf. Die Leerreëls wil nie 'n poging aanwend om die Goddelike en die menslike in een argument saam te vat, om sodoende die handele van God te regverdig en terselfdertyd van die wese van die mens 'n verklaring te gee nie. Al wat die Leerreëls wil doen, is om (teenoor die Remonstrante) vir alle mense 'n uitleg te probeer gee van die volle, soewereine, allesomvattende genade en liefde van God. Daarom word die prediking van die regverdiging deur die geloof alleen in verband gebring met God se voorneme en sy uitverkiesing. Die rede hiervoor is dat die Kerk as die nuwe verbondsvolk juis hierin bestaan; ook bestaan die eenheid van die nuwe volk van God met die ou volk hierin.

Daarom volg hoofstuk 3-4 oor die mens se verdorwenheid, sy bekering tot God en die manier waarop dit gebeur, op hoofstukke 1 en 2. Daar word uitgespel wat die roeping van God is, hoe dit tot die mens kom en hoe God sy welbehag in die uitverkorenes werk. Hiermee antwoord die Dordtse vadere op die vrae:

Is die geloof, in die volle sin van die woord, 'n gawe van God, of is dit slegs gedeeltelik God se werk en vir 'n gedeelte die werk van die mens se onafhanklike vrye wil. Kan God se genade as 't ware die mens wat Hy tot saligheid verkies het, oorrumpel, of kan die mens suksesvol God se genade weerstaan en God se heilsplan verydel.

As 'n mens hoofstuk 3-4 sorgvuldig lees, dan word dit duidelik dat die Dordtse vadere met hulle Bybels-gefundeerde antwoorde ver uitstyg bo die filosofiese vrae wat deur die Remonstrante opgeroep is. In hierdie 'antwoord' van Dordt word dit weer duidelik dat as 'n mens 'n 'verkeerde vraag' aan die Bybel stel as hy wil indring in 'n geheimenis wat God in sy Woord nie aan hom wil openbaar nie. Dit is dan dat die mens geen antwoord kry nie.

9.3.4 Die verwerping volgens die Leerreëls

Die verwerping, of anders gestel, dat daar mense is by wie die evangelie en die genade van God verbygaan, is net so 'n feit as die uitverkiesing self. Dit moet egter duidelik wees dat in die Leerreëls die verwerping nie op dieselfde vlak as die uitverkiesing staan nie, maar beslis ondergeskik staan aan die uitverkiesing.

Die argument wat in hoofstuk 1 en hoofstukke 3-4 gevind word, is dat die hele nageslag van Adam in die sonde en misdaad geval het en daarom volledig doemwaardig voor God is. Deur die mens se moedswillige ongehoorsaamheid het hy in die sonde geval en daardeur is die mens verlore in die sonde. God laat dit egter nie daar nie, want in Jesus Christus, wat gekom het om die mense wat verlore is, te soek, haal God na sy vrye welbehag soveel uit as wat Hy wil en die ander bly in die sonde waarin hulle is.

In hoofstuk 1, artikel 16 word dan ook nog gesê dat die verwerping nie daar is om die mense wat klein van geloof of min van vroue is te ontmoedig nie. Hierdie mense moet op God vertrou en nie na hulle eie, swakke kragte let nie – hier sal die gebeure van die koperslang in die woestyn sekerlik besonder van pas wees. Om die erns egter te beklemtoon, stel die Leerreëls hier: 'Hierdie leer is met reg verskriklik vir hulle wat God en Christus en Saligmaker minag en hulleself volkome aan die belange en die genot van die wêreld oorgegee het, solank hulle hulle nie met erns tot God bekeer nie.'

Hier is die argument wat Koopmans na vore bring wel van belang. Hy wys daarop dat Jesus Christus juis gekom het om die verwerping op Homself te neem, sodat uit barmhartigheid God aan die verlore sondaars 'n nuwe, ewige toekoms, 'n *destinatio* gegee het. Dit is in hierdie sin dat Calvyn Christus ook 'n 'spieël van die uitverkiesing' noem. Ons word geroep tot die geloof in Christus en daarmee tot sekerheid oor ons nuwe bestemming wat God in sy genade vir ons bepaal het.

9.3.5 Die volharding van die heiliges

Die slothoofstuk van die Leerreëls, wat ook die logiese afsluiting van die leer van die uitverkiesing is, handel oor die volharding van die heiliges. In vyftien artikels word die troos en die bemoediging van die uitverkiesing geleer. Hierdie uiteensetting is gerig teen die Remonstrantse opvatting wat van mening is dat die volharding in die geloof 'n voorwaarde vir die nuwe verbond is en dat die mens nou self, uit eie krag, die geloofsbeslissing voortdurend moet herbevestig en volvoer. Daarteenoor leer hoofstuk 5, artikel 3: 'Maar God is getrou, wat hulle [dit is die uitverkorenes] met barmhartigheid bevestig in die genade wat eenmaal aan hulle gegee is en met sy krag hulle tot die einde toe bewaar. Daarom word in hierdie hoofstuk van die Leerreëls ook baie klem gelê op die dankbaarheid en dan veral op die gebed as 'n vernamende deel van die dankbaarheid.

'n Waarskuwende noot word dan ook geslaan, nadat beklemtoon is dat die volharding nie 'n menslike prestasie is nie, as gestel word:

Dit is...onmoontlik dat hierdie sekerheid ten opsigte van die volharding die ware gelowiges hoogmoedig en sorgeloos na die vlees sou maak. Die teendeel is waar, want hierdie sekerheid is die vaste grond van hulle nederigheid, kinderlike eerbied, ware vroomheid, lydsaamheid in alle stryd, vurige gebede, standvastigheid onder die kruis en in die belydenis van die waarheid en van 'n onwrikbare blydskap in God.

Hierdie saak van die volharding van die heiliges word, soos die res van die Leerreëls, konsekwent teosentries gesien en vandaar dat verwys word na Johannes 10:28-29, Romeine 5:8-9 en selfs 1 Johannes 3:9.

9.3.6 Samevattend

Dit is duidelik dat die Dordtse Leerreëls die hoofpunte van die uitverkiesingsleer, soos dit in die Skrif na vore kom en soos dit aangedui is in die NGB en die HK, vanuit 'n bepaalde hoek, saamvat. Daarmee is die Remonstrantse dwalings as onskriftuurlik afgewys en in sy slotoordeel oor die Remonstrante het die Sinode die ge-daagde Remonstrante afgesit uit al hulle ampte.

Tog moet steeds in gedagte gehou word dat die Leerreëls nie 'n volledige uiteensetting van die leer van die uitverkiesing is nie. Die Sinode het byeengekom, so- dat die meerdere vergadering die vyf punte van die oorspronklike *Remonstrantie* kon weerlê en die regte leer daaroor na vore kon bring. Dit het beteken dat die saak van die regverdiging deur die geloof alleen, in samehang met die uitverkiesing nie behandel word nie. Dit kan as 'n leemte beskou word, net soos die saak dat die weergeboorte hier op die voorgrond staan. Juis dit moet, by die beoordeling van die Leerreëls, vasgehou word dat die Sinode se uitspraak steeds in sy historiese konteks verstaan en uitgelê moet word.

Die Dordtse Leerreëls het, niteenstaande die duidelike standpunt wat inge- neem is, nie altyd die gewenste invloed in die kerk gehad nie. In Nederland veral, is gedurende die negentiende eeu die Belydenisskrifte as norm en reël van die predi- king afgewys en so het dit gebeur dat die dwalings wat deur die Leerreëls afgewys is, weer in die kerk geldigheid gekry het. Van die kant van die liberale teologie, wat gedurende die grootste deel van die vorige eeu byna die oorheersende teologiese rigting was, het die Dordtse Leerreëls weinig waardering ondervind. Dit spreek ook vanself, omdat hierdie Leerreëls elke antroposentriese teologie juis op sy gevoelig- ste punte direk weerspreek.

Dit wil voorkom asof die Dordtse Leerreëls, wat in ons kerk baie beslis funksio- neer as 'n onverbreeklike onderdeel van die kerklike belydenis en daarom ook as 'n norm en reël van die prediking, baie meer op die voorgrond geplaas moet word. Elkeen wat die opdrag het om in die kerk die evangelie van die gekruisigde en op- gestane Heer te verkondig, sal noodgedwonge hierdie Leerreëls met sorg moet be- studeer. In die studie sal, as die slotartikel van die vyfde hoofstuk geparafraseer mag word, weer besef word dat:

Hierdie leer...wat God, tot eer van sy Naam en tot troos van die vro- mes uitvoerig in sy Woord geopenbaar het en in die harte van die ge-

lowiges ingeprent het, word nie deur die sondaars begryp nie, word deur die Satan gehaat, word deur die wêreld bespot, word deur die onervares en skynheiliges misbruik en word deur die dwaalgeeste bestry.

Die Kerk...het dit altyd as 'n rykdom van onskatbare waarde beskou en dit standvastig verdedig. Dat die kerk dit ook in die toekoms sal kan doen, daarvoor sal God sorg, want teen Hom het beplanning geen waarde nie, nog minder kan geweld iets vermag nie.

Ten slotte kan daarop gewys word dat die Leerreëls, anders as die twee ander Belydenisskrifte, die vorm van 'n betoog het, terwyl dit ook 'n omvattende bestryding van die afwykende leer is. Opvallend in die Leerreëls is die vaste vertroue en die pastorale bewoënheid waarmee die geloof in die alleen-wersaamheid van God se genade geformuleer word. Daarteen het hulle ook die verantwoordelikheid van die mens voor God nie afgeskaal nie.

Die samehang tussen die uitverkiesing van God en die verantwoordelikheid van die mens word egter nie duidelik gestel nie. Aan die ander kant is dit so dat die Skrifgegewens hieroor skaars is, sodat dit moeilik is om vanuit die Skrif alleen die saak te beredeneer. Uiteindelik is dit so dat die vadere van Dordt vashou aan die Pauliniese woord: 'Dit hang dus nie af van 'n mens se wil of strewe nie, maar van God se barmhartigheid' (Rom 9:16).

Dit kan ook nog gesê word dat die samehang tussen Christus en die Goddelike besluit tot uitverkiesing of verwerping nie duidelik gestel word nie. In hierdie verband is dit opmerklik dat, in plaas daarvan dat die vadere verwys na Christus en die geloof in Hom, hulle as 't ware terugval en verwys na die kenmerke van die uitverkiesing by die mens self (1/12). Dit word later in die *Nadere Reformatie* 'n spoor wat wegvoer van die Calvinistiese geloofsekerheid.

Een saak bly vasstaan: Teenoor die Remonstrante het die Dordtse vadere die waarheid van die evangelie gestel. Dat hulle daarin en in die vormgewing van hulle uitspraak nie altyd geslaag het nie, is nie die belangrike nie, want dit betref die kleiner sake. In hoofsaak het die Dordtse vadere die waarheid van die evangelie duidelik na vore gebring en geformuleer.

Ten slotte is dit belangrik om daarop te let dat die Sinode uitvoerig aandag gee het aan die uitverkiesing, omdat die hele saak in dispuut geplaas is. Dit beteken egter nie dat die uitverkiesing as sodanig 'n sentrale dogma in die geheel van die leer van die kerk is nie. Om die plek, posisie en belang van die Leerreëls te verstaan, moet die saak van die uitverkiesing in sy konteks gesien word soos, byvoorbeeld, in die NGB of die HK.

Hoofstuk 10

Die Remonstrante

Op 29 Mei 1619 was die Sinode klaar met sy na-handelinge. Op 2 Julie 1619 het die Staten-Generaal die handelinge van die Sinode goedgekeur. Die vyftien Remonstrante, wat al die tyd in Dordrecht moes bly, het die volgende dag 'n akte van stilstand op hulle tafels gekry. Daarvolgens moes hulle onderneem om al hulle amptelike werk te staak. Diegene wat nie wou teken nie, is uit die land verban.

Daarna is die Leerreëls dwarsdeur die land versprei. Elke predikant moes dit onderteken. Almal wat dit nie wou doen nie, moes voor 'n klassikale vergadering verskyn en is afgesit. Na hierdie veroordeling het die owerheid hulle voor die keuse gestel om of die akte van stilstand te teken, of om uit die land gesit te word. As hulle die verbod oortree, kon hulle gevangenisstraf kry. In die periode 1618-1619 is teen ongeveer tweehonderd predikante tugsake aanhangig gemaak. Ongeveer tagtig is verban en 'n klein groep het hulle onderwerp en is toegelaat om weer predikant te word.

Hoofstuk 11

Die besluite van die Sinode ten opsigte van binne-kerklike sake

Die Sinode het nie net aandag gegee aan die leerkwessie nie, maar ook aan verskillende binne-kerklike sake in die tussenperiodes waar daar nie oor die leergeskil gehandel is nie. Nadat die buitelanders vertrek het, het die Sinode voortgegaan met sy werk, soos weergegee in die genoemde na-handelinge. Van die belangrikste sake wat behandel was, kry nou aandag.

11.1 'n Bybelvertaling

Die vraag na die Bybel is deel van die Protestantse Christendom. So word reeds vroeg pogings aangewend om 'n Bybel beskikbaar te stel. In 1556 het 'n Emdense drukker 'n bewerking van die Zürichse Bybel beskikbaar gestel. Ook in 1556 verskyn Utenhove se letterlike, regstreekse vertaling van die Nuwe Testament. Die vertaling is in 1559 deur Dyrkinus bygewerk. Godfried van Wingen het die Ou Testamentvertaling van Luther vernederlands.

Die werk van Dyrkinus ten opsigte van die Nuwe Testament en Van Wingen se Ou Testamentbewerking word saamgevoeg in die sogenaamde *Deux-Aes-Bijbel* van 1561-1562. Die koddige naam is afkomstig van 'n aantekening wat Luther by Nehemia 3:5 gemaak het en wat verband hou met 'n dobbelspel. Die aantekeninge of rympe wat op die voorblad verskyn het, het as volg gelees:

De armen moeten het Cruyce dragen,
de rijcken en geven niets.
Deux Aes (= die armes) en heeft niet,
six cinq (= die rykes) en geeft niet,
quater-drij (= die middestand) die helpen vrij.

Die *Deux-Aes-Bijbel* was besonder geliefd by die Calviniste. Tog was die Bybel nie bevredigend nie en in 1592 het Marnix van St Aldegonde 'n opdrag gekry om die Bybel te vertaal. Met sy dood in 1598 het daar nog nie veel van gekom nie. Daarom het die Dordtse Sinode oor die saak gehandel en geoordeel dat die owerheid finansieel moet help, omdat vir daardie werk 'n aantal predikante losgemaak moes word van hulle gemeentelike dienswerk. Daarby het die Sinode ook duidelike riglyne neergelê hoe die vertaalwerk gedoen moes word. Ten eerste moes daar so naby as moontlik aan die grondtale gebly word. Kanttekeninge moes geskrywe word by dele wat moeilik was om te vertaal. Die Apokriewe boeke moes ook vertaal word, maar die vertaling moes in 'n ander lettertipe geset word om dit van die Kanonieke boeke te onderskei.

Die Bybelvertalingswerk het in 1626 begin, nadat die owerheid geld daarvoor beskikbaar gestel het. Die Ou Testament is in hoofsaak vertaal deur Bogerman en Baudartius en die Nuwe Testament is versorg deur Hommius en Walaeus. Met die hersiening en alles wat daar bygekom het, is die werk eers in 1635 voltooi. In September 1637 was die drukwerk afgehandel en kon die eerste eksemplaar aan die Staten-Generaal aangebied word. Bogerman self het kort voor die verskyning van die Bybel gesterf.

Die Bybel het as *Statenbijbel* bekend geword, omdat die Staten die werk gefinansier het. Oor die algemeen kan dit as 'n uitnemende Calvinistiese vertaling beskou word, wat so wetenskaplik-korrek vertaal is dat selfs die Remonstrante die Bybel gebruik het. Dit het geweldig populêr geword en gebly, en na die beskikbaarstelling daarvan het dit 'n vaste gewoonte in elke huisgesin geword om na ete uit die Bybel voor te lees.

יְהוָה אֱלֹהֵינוּ

11.2 Kategismusprediking

Ten opsigte van die Kategismusprediking, wat op Sondagmiddae gehou moes word, het geblyk dat daar baie praktiese probleme was: die feit dat landarbeid toegelaat was op Sondae en selfs gesteun is deur die owerheid, die swak bywoning van die eredienste en die onwil van die predikante om op Sondagmiddae te preek, asook die probleem dat baie predikante twee of meer gemeentes moes bedien. Daar word egter besluit dat die Kategismusprediking gehou moet word, maar dat dit 'zeer kort' en 'zeer bevattelijk' moes wees. Nalatige predikante en gemeentelêde moes onder sensuur geplaas word, terwyl die owerheid versoek is om die Sondagarbeid teen te gaan, sodat die kerkvolk geleentheid kon hê om ter kerke te gaan (sewentiende sitting).

11.3 Kategetiese onderrig

Oor die kategetiese onderrig is lank gepraat en die ernstige noodsaak daarvan beklemtoon. So word in 'n drieërlei kategetiese onderskei, naamlik in die huis deur die ouers, in die skole deur die skoolmeesters en in die kerk deur die predikante en skoolmeesters. Aldrie moet ter hand geneem word. Ter wille van die begryplikheid, word 'n korter werkie aanbeveel in plaas van die HK, naamlik die *Kort Begrip* wat reeds in 1608 deur Faulkelius ontwerp is en die sogenoemde ABC-Boek.

11.4 Vasstelling van 'n kerkorde

In Mei 1619 het die Sinode begin met sy na-handelinge en het allereers aandag gegee aan die hersiening van die Kerkorde van Den Haag van 1586. Die Sinode het besef dat hy van die owerhede afhanklik was vir die invoering van die kerkorde en het daarom taamlik vergaande toegewings aan die owerheid gemaak. So word in artikel 4 gestel dat 'n predikant nie beroep sal word 'niet zonder goede correspondentie met de Christelijke overheid ter plaatse....' Dan word in artikel 5 gestel dat die owerheid 'n deugdelike reg op teenwoordigheid op die kerklike vergaderings het en so word die hele saak van die *ius patronatus* gehandhaaf. Artikel 37 aanvaar die teenwoordigheid van owerheidspersone op die kerkraadsvergadering as normaal. Artikel 28 stel dat die kerklike ampsdraers die plig het om 'vljigtiglijk en oprechtelijk' die gehoorsaamheid, liefde en eerbied wat die gemeentelede vir die owerheid moet hê, te benadruk. Daarby moes die kerklike vergaderings sorg dat hulle die 'gunst der overheden' moet verwerf. Hiermee word die kerk duidelik in 'n afhanklikheidsposisie geplaas. Verder het die kerkorde die spoor van die Kerkorde van Den Haag (1586) met sorg gevolg.

Hierdie kerkorde is nie deur al die provinsiale state aanvaar nie. In Gelderland, Utrecht en Overijssel is die kerkorde aanvaar. Friesland, Groningen en Zeeland het hulle eie kerkordes behou en in Holland het ook niks verander nie.

Die Sinode het verder 'n uitgebreide formulier ontwerp, wat die wyse waarop predikante instemming met die Belydenisskrifte betuig, omskryf het. Alle aankomende predikante moes dit onderteken. Daaruit blyk dat die Belydenisskrifte as norm en reël van die prediking geld. In artikel 4 van die Kerkorde word wel na die formulier verwys, maar dit word nie in die Kerkorde opgeneem nie.

11.5 Die teks van die Belydenisskrifte

Die teks van die NGB en die HK is sorgvuldig nagegaan en vasgestel. Verder is besluite geneem oor die gebruik van die doopformulier en die formulier vir die bejaardedoop word goedgekeur.

'n Aantal reëling ten opsigte van kerklike feesdae word getref. Daar word gestel dat slegs Kersfees, Paasfees en Pinksterfees as kerklike feesdae sal geld en dan ook nog 'den dag van de besnijdinge en hemelvaart Christi'. Verder word bepaal dat die kerklied sal wees die berymde Psalms, die berymde tien gebooie en die Ons Vader, asook die berymde *Apostolicum*, die lofsange van Maria, Sagaria en Simeon. Utenhove se Gesang wat net voor die preek gesing is, *O God wat ons Vader is*, kon behou word. Die res moes verdwyn. Datheen het dit alles in sy Psalmboek gehad, asook 'n paar liedere wat tydens en ná die maaltyd gesing kon word, asook 'n aandgesang. Die het almal in die Psalmboek gebly.

Die na-handelinge is op 25 Mei 1619 afgesluit en daarmee was die Sinode se taak afgehandel.

As bykomende literatuur kan gebruik word:

Donner, J H & Van den Hoorn, S A sj. *Acta of handelingen der nationale synode...te Dordrecht ter jare 1618 en 1619*. Utrecht: Den Hertog's Uitgeverij.

Doornbos, K 1967. *De Synode van Dordrecht 1618-1619 getoetst aan het recht van de kerk*. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.

Feenstra, J G 1968. *De Dordtse Leerregels*. Kampen: Kok.

Graafland, C 1987. *Van Calvin tot Barth: Oorsprong en ontwikkeling van de leer der verkiezing in het Gereformeerd Protestantisme*. 's-Gravenhage: Uitgeverij Boeken centrum BV.

Hoenderdaal, G J 1960. *Verklaring van Jacobus Arminius*. Lochem: De Tijdstroom.

Krüger, J G 1981. *Die verhouding van uitverkiezing tot bekering met spesiale verwysing na die Dordtse Leerreëls*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Nauta, D (red) 1937. *De Statenvertaling 1637-1937*. Haarlem: De Erven F Bohn NV.

Oberman, H A 1988. *De erfenis van Calvijn: Grootheid en Grenzen*. Kampen: Kok.

Van Itterzon, G P 1980. *Johannes Bogerman*. Amsterdam: Ton Bolland.

Hoofstuk 12

Die Hervormde Kerk ná die Sinode van Dordrecht

12.1 Die stand van sake

Die Sinode van Dordrecht en die steun wat die kerk daarvoor van die owerheid gekry het, het meegebring dat Nederland nou 'n Calvinistiese, Hervormde statebond was. Hier het die samelewingsmodel, soos geteken deur artikel 36 van die NGB, 'n werklikheid geword. Die provinsiale en stedelike owerhede het alleen die Hervormde Kerk en sy openbare godsdiensoefening erken en die Remonstrante en al die ander kerklik-godsdienstige groeperinge op die agtergrond gedruk. Terselfder tyd het die owerheid op talle maniere die kerk gesteun, gehelp en sy saak bevorder.

Een van die duidelikste tekens van die bloei en vooruitgang van die Hervormde Kerk was die voortgang van die teologiese studie aan die verskillende universiteite. In die eerste plek was daar die Teologiese Fakulteit te Leiden, waar Polyander in 1618 die enigste oorblywende hoogleraar was. In 1619 word Antonius Walaeus van Middelburg aangestel om dogmatiek te doseer. In 1620 word Andreas Rivetus van Thouars aangestel om die Ou-Testamentiese Wetenskap te behartig. Antonius Thysius van Harderwijk word in 1619 aangestel en behartig ook die Ou-Testamentiese Wetenskap.

Festus Hommius word die voorsitter van die toesighoudende liggaam, die *Staten College*; dit bring mee dat die hele Fakulteit en sy beheer in goeie hande is. Die belangrikste werk wat die Fakulteit in hierdie tyd lewer, is 'n uiteensetting van die leer van die kerk, die *Synopsis purioris theologiae* wat in 1625 verskyn het. Die *Synopsis* op sigself is 'n polemies-apologetiese werk wat byna meer na 'n belydenis as 'n dogmatiekleerboek lyk. Miskien is dit, gesien die feit dat die skrywers hiermee die Fakulteit se regsinnigheid wou bewys, nie so vreemd nie. Dit is dan ook die bedoeling om die *theologia purior* in die konteks van die destydse teologie te plaas. Daarom word in die *Synopsis* in debat getree met Rooms-Katolieke, Doperse, Sociniaanse en ander opvattinge. Dit is opvallend hoe breed die vroeg-Christelike skrywers aangehaal word, terwyl dit duidelik is dat die groot Rooms-Katolieke Skolastici se uitspra-

ke bekend is. Wat die Calvinisme betref, word Calvyn, Zwingli, Luther, Brenz, Bucer en Oecolampadius wel aangehaal, maar Beza word verreweg die meeste aangehaal. Daaruit kan afgelei word hoe groot Beza se invloed in die na-Calvynse Calvinisme was.

Hier is dit van belang om 'n oomblik te let op wat Polyander, die Nuwe-Testamentiese geleerde te Leiden, te sê het oor die teologie. Met betrekking tot die vraag of die teologie teoreties of prakties is, stel Polyander dat die teologie gemeng is vanweë die dubbele doel wat dit nastreef, naamlik die kennis en diens (*cultus*) van God wat saamvloei, omdat die kennis van God onderworpe is aan die vroomheid (*pietas* – vgl 1/22). Dan stel hy:

Ook bestaat de theologie niet in een pure en ijdele speculatie, maar in een praktische wetenschap, die de wil en alle aandoeningen krachtig beweegt om God te vereren en de naaste lief te hebben. Vandaar dat van het geloof gezegd wordt dat het krachtig werkt door de liefde. Daarom wordt er ook gezegd dat zij zichzelf met valse overleggingen bedriegen, die het spreken Gods alleen horen, doch het niet in werkelijkheid uitvoeren.

Dit is opmerklik dat die *Synopsis* nogal waardering het vir die *saniores scholastici*, maar terselfdertyd skerp afwysend staan teenoor allerlei spekulatiewe vrae waaroor die Skrif hom nie uitspreek nie en wat voortkom uit die *vanitas van otiosi homines* (= die ydelheid van mense wat sonder werk is). Of die *Synopsis* mank gaan aan 'n skolastieke metode, kan met reg gevra word. Twee sake pleit daarteen: Die eerste is dat alleen die Skrif en dan die *veteres patres* uit die vroeë kerk as gesaghebbend geld. Die tweede is dat, hoewel hulle met 'n sekere skolastieke begrippe-apparaat werk, hulle tog nie die suiwer Bybelse geloof- en verlossingsleer daarmee aantast nie. Gesien teen die opkomende Puritanisme, Coccejanisme en Cartesianisme, kan 'n mens die *Synopsis* as een van die laaste bakens van die Frans-Switserse Protestantisme beskou, wat gekenmerk is deur 'n nugter skriftuurlikheid.

Daar kan op gewys word dat, hoewel in die *Synopsis* in Aristoteliese trant gedink word oor die onderskeid tussen die geloofsvermoë en die geloofsdaad (Disp xxxi) en gevra word aan watter vermoë van die siel die eienskap van geloof toegeken moet word, dit tog duidelik is dat ook hier die voetspoor van Calvyn gevolg word en nie 'n intellektualistiese geloofsbegrip na vore gebring word nie.

Hoewel dit nie ontken behoort te word dat die *Synopsis* letsels van die Skolastieke teologie vertoon nie, is dit tog so dat die inhoud nie deur die Skolastiek bepaal is nie; vandaar dat die *Synopsis* vir ongeveer dertig jaar lank die standaard dogmatiekhandboek in Nederland was.

Toe Rivetus deur Stadhouer Frederik Hendrik na Den Haag verplaas is om die opvoeding en opleiding van sy seun Willem II ter hand te neem, is Jacobus Trigland vanaf 1634 aangestel vir die Ou Testament. Sy grootste werk was sy *Kerckelijke geschiedenissen* van 1650, wat 'n weerlegging moes wees van Wtenbogaert se Remonstrantse kerkgeskiedenis.

Die tweede teologiese opleidingsentrum is te Franeker in 1585 opgerig. Hierdie universiteit het met drie fakulteite begin, te wete teologie, lettere en regte. Die Teologiese Fakulteit is beman deur Henricus Antonii Nerdenus, Martinus Lydius en die vermaarde Sybrandus Lubbertus, 'n man met 'n geweldige werkkrag, 'n ywerige polemikus en ketterjagter. Na Nerdenus se dood in 1614, is die Poolse geleerde, Johannes Maccovius, aangestel. Hy was een van die manne wat die begrippe-apparaat van die Middeleeuse Skolastiek weer in die teologie ingevoer het. In sommige van sy uitsprake het hy nogal verregaande stellings gemaak, onder andere dat dit vir die saligmakende geloof onverskillig is of 'n bepaalde Bybelboek eg of vals is!

Aanvanklik was Franeker die uitstaande regsinnige Fakulteit, maar sy reputasie is taamlik geskend deur die ruwe lewenstyl van die studente. Slatius, 'n tydgenootlike digter, vertel die lewensverhaal van 'n dief wat aan die begin van sy lewe moes besluit waar hy gaan studeer. Dan word gesê: 'Leyden was vol ketterije ende tot Franiker droncken de studenten als tempeliers en vochten als krijgslieden.' Dan word besluit om tog maar na Franeker te gaan, omdat dit nog altyd beter is om 'n dronklap as 'n ketter te wees! (Slatius, *Den gepredestineerde dief*, 1620).

Die derde Fakulteit was te Groningen, opgerig in 1614 met Herman Ravensperger as eerste teologiese hoogleraar. In 1618 het Franciscus Gomarus vanaf Saumur in Frankryk na Groningen gekom om die Nuwe-Testamentiese Wetenskap te hanteer tot by sy dood in 1641, 'de herinnering nalatend aan eene rechtschapenheid, door liefde maar spaarzaam versierd'. Sy leerling, Simon Maresius, het hom opgevolg en tot 1673 daar gewerk. Hy was 'n driftige polemikus en is ook beskryf as 'n 'salamander die steeds in't vuur leefde'. Dan was daar ook Hendrik Alting wat in 1644 oorlede is en wat so dwars van Skolastiek was, dat hy dit 'ijdel gezwests' genoem het. Sy seun, Jacobus Alting, oorlede in 1679, was 'n beroemde Hebraïcus. Hy was een van die eerste teologiese professore wat 'n afsonderlike kursus in die kategetiek aangebied het.

Verder was daar die *Illustere School* van Harderwijk, wat in 1600 geopen is en dan was daar ook te Deventer 'n *Atheneum* en *Hogescholen* te Utrecht (1636), Dordrecht, Middelburg, 's-Hertogenbosch, Breda, Rotterdam en Amsterdam. Hoewel die meeste van die *Illustere Scholen* weer verdwyn het, het elkeen tog 'n bydrae gelewer tot die opbloei van die teologiese wetenskap. Die teologiese studie bestaan in

hierdie tyd uit eksegeese en dogmatiek, etiek, kerkgeskiedenis, Hebreeuse oudheidkunde, Oosterse tale en gewyde welsprekendheid.

Die kerklike eksamen, naamlik die voorbereidende en finale proponentseksamen, was van swaar akademiese karakter. Daar is 'n getuigskrif van die hoogleraar vereis dat die lesings in Grieks en Hebreeus gevolg is, voldoende lektuur van die voorgeskrewe *capita* Ou Testament en Nuwe Testament, ondersoek na die dogmatiese kennis, 'n preek oor 'n voorgeskrewe teks en dan ondertekening van die formule en die aflegging van 'n eed teen simonie.

Geleidelik egter het daar 'n formalisering en veruiterliking in die teologie, die godsdienst en die kerk posgevat. Die evangelie van die vrye genade van God het so vanselfsprekend geword dat dit sy appèl verloor het en terselfdertyd is dit begrawe onder die oorwig van teologiese twiste. Juis omdat die eis tot regsinnigheid so skerp gestel is, het die kerklike belydenis 'n wet, 'n onbuigbare norm geword, waaronder en waarvoor alles en almal moes buig. Dit het meegebring dat die leer van die kerk op die voorgrond geplaas is en die Skrif as 't ware verdwerg is deur die dogmatiese leersisteem wat op die belydenis gebou is. So groot was die vertroue in die leersisteem, dat Maccovius, ná die verskyning van die Statenvertaling, die studie van Grieks en Hebreeus onnodig geag het! Omdat die leersisteem die oppermagtige was, is die Bybel vervlak tot 'n arsenaal van tekste waar elke tekswoord dieselfde gewig het, omdat dit alles deel van dieselfde Woord van God is. Dit bring mee dat die geloof uitgehol en vervlak word tot 'n formele, verstandelike aanvaarding van die dogmatiese sisteem.

Hier ontstaan 'n tipiese reaksie: Die kerk wat gelukkig aan die dwaalleer ontsnap het, gaan dan te ver en maak van die suiwer leer 'n vaste sisteem, gebou op die Aristoteliese logika. Alles word geformaliseer – die geloof word 'n dogmatiese leersisteem en die kerk 'n vaste en heg georganiseerde struktuur, waar die struktuur belangriker is as die gelowige en die leersisteem belangriker as die lewende geloofsverhouding met God Drie-enig.

Dit bring mee dat die kerk nie in staat is om werklik die geheel van die lewe te kersten nie en daarom neem die verwêreldliking toe. Dit val dan terselfdertyd saam met Nederland se goue eeu, wat volg op die finale beëindiging van die oorlog met die ondertekening van die Vrede van Münster in 1648. Met die goue eeu oorspoel die welvaart en weelde die land en dit bring mee dat die sewentiende-eeuse kultuur eerder 'n Renaissance-kultuur as 'n Calvinistiese kultuur is. Dit is ook opvallend dat in hierdie tyd die predikante oor die algemeen nie op 'n hoë vlak staan nie, ook vanweë die feit dat hulle traktement maar beskeie was. Die owerhede wat die Rooms-Katolieke kerklike besit in die hande gekry het, het teen die bedoeling in, die opbrengste nie gebruik om die predikante te versorg nie. Daarom is die predikante,

oor die algemeen, in die openbare lewe nie hoog aangeskryf nie en omdat die kwaliteit van hulle prediking dikwels veel te wense oorgelaat het, het dit ook nie verbeter nie.

Inderdaad was dit so dat in die Nederlandse 'goue eeu' nie alles goud was nie. Tog moet gestel word dat, as die handeling van die provinsiale Sinodes nagegaan word, die meeste predikante met ywer en trou hulle gemeentes bearbei het. Daarin het hulle 'n groot taak gehad, want nie alleen het die lang oorlog meegehelp om oppervlakkigheid in die hand te werk nie, maar die eise wat die Rooms-Katolieke Kerk aan sy lidmate gestel het, was ook nie so dat dit 'n sobere en hardwerkende lewenstyl gekweek het nie. Die verskillende kerklike vergaderings en die ampsdraers moes 'n harde stryd voer om die sobere Calvinistiese lewenswyse ingang te laat vind. Hoewel daar nie baie nasionale sinodes gehou is nie, het die verskillende provinsiale sinodes oor en weer afgevaardigdes na mekaar se vergaderings gestuur en so is daar 'n hoë mate van eenstemmige optrede gekweek en gewaarborg. 'n Deel van Nederland se goue eeue was, terloops, te danke aan die groot en uitgebreide handel wat met die 'nuwe wêreld' gevoer is. Die VOIC, gestig in 1602, en die Wes-Indiese Compagnie, gestig in 1621, is simptome daarvan. Hierdie handelsliggame, wat die koloniale beleid voer, funksioneer kragtens die oprigtingsoktrooie as owerheid in hulle kolonies. Daar was die kerk afhanklik van die handelsliggaam. Die predikante is deur die Compagnieë aangestel, geplaas en verplaas. Op die skepe (van die vlote) werk laagbesoldigde sieketroosters. Verskillende kolonies word gevestig in Java en Suriname, Ambon, Formosa en Ceylon (Sri-Lanka), asook in Suid-Afrika in 1652.

12.1.1 Ekskurs oor die Gereformeerde Ortodoksie

Dit is belangrik om daarop te let dat die teologie van Calvyn teen die einde van sy lewe al 'n ortodoksie word. Die Gereformeerde Ortodoksie waarvan die Sinode van Dordrecht in 1618-1619 'n voorbeeld is, loop oor in die sewentiende- en agtiende-eeuse Gereformeerde Ortodoksie. Graafland meld: 'Het is het eigene van deze Gereformeerde Orthodoxie in onderscheid van de Gereformeerde Reformatie, dat zij bewust en systematisch de scholastieke denkwijze heeft geïntegreerd in haar theologie.'

Die saak van die Gereformeerde Ortodoksie kan van verskillende kante bekyk word. So is daar die standpunt van Hans Emil Weber van 1951 wat van oordeel is dat die aanvanklike Gereformeerde teologie oorloop na 'n vroeg-Ortodoksie met 'n duidelike Aristoteliese basis. Daarop volg dan die hoog-Ortodoksie, wat uiteindelik uitmond in die Rasionalisme van die agtiende eeu. Aan die ander kant is daar ook

die opvatting, onder andere van R A Muller van 1987, dat daar inhoudelik geen verskil tussen die Gereformeerde teologie en die Gereformeerde Ortodoksie bestaan nie. Muller het hom hieroor soos volg uitgespreek:

When this orthodox or scholastic Protestantism is examined in some depth and viewed as a form of Protestant theology in its own right rather than as merely duplicating or reflecting on the theology of the Reformation, it is clearly a theology both like and unlike that of the Reformation, standing in continuity with the greater theological insights of the Reformers but developing in a systematic and scholastic fashion different from the patterns of the Reformation and frequently reliant on the forms and methods of this thirteenth, fourteenth and fifteenth centuries.

Hierdie verskil in die beoordeling van die Gereformeerde Ortodoksie is al baie oud. Daarby is dit nog nie 'n saak waaroor daar eenstemmigheid bestaan nie. Dit is natuurlik waar dat daar in die Gereformeerde teologie al vroeg 'n aksentsverskuiwing voorkom. Dit dan is die sin dat waar daar aanvanklik 'n kerk hervorm moes word, dit betreklik spoedig nodig was om daardie hervormde kerk te vestig en te beskerm. Muller wys op die volgende:

The early orthodox development of larger, more detailed, dialectical or scholastic argumentation must be viewed, in a large part, as an accommodation to the needs of debate. Thus Ursinus will argue in the form of the quaestio, with objections and replies, while writers like Scharpius and Trelcatius will add entire polemical sections to each doctrinal locus. In the later phases of orthodoxy, Wendelin and Turretin will write eleuctical or disputative systems and Maastricht will include a polemical section alongside the exegetical, dogmatic and practical divisions of the loci.

Dit is dus duidelik dat in die na-Calvynse Calvinisme, daar tog 'n ander aksent te bespeur is as in die geskrifte van Calvyn self. Die verskil word sigbaar as, byvoorbeeld, Beza se teologiese geskrifte langs dié van Calvyn gelê word.

Oor die ontstaan van die Calvinistiese Ortodoksie is daar 'n verdere moontlikheid en dit is dat die Ortodoksie verstaan moet word as 'n duidelike aksentsverlegging ten opsigte van die oorspronklike vitale Reformatoriese boodskap. Die opvallende van die lewende, polsende Reformatoriese boodskap was dat die Reformatore ten opsigte van die Rooms-Katolieke Kerk en die Anabaptisme duidelik in die ofensief was, oortuig daarvan dat hulle Bybelse teologie moet triumfeer. Daarvoor kan slegs Calvyn se beroemde *Sadoletto epistola Calvini responsio* van 1539 nagelees

word. Met die Konsilie van Trente (1545–1565) verander die hele situasie dramaties. Met groot klem is feitlik elke belangrike Protestantse leerstuk verwerp.

In 1546 is vassgestel dat die kerklike tradisie dieselfde gesag as die Skrif het in alle sake van geloof en lewenswandel. Daarby is Hieronymus se Latynse vertaling van die Bybel (die Vulgata) tot amptelike vertaling verhef en gestel dat dit foutloos is. Daarby kan alleen die pous die ware betekenis van die Skrif vasstel. In die daarmee saamgaande *Anathemas* is die belangrikste werke van Erasmus, Luther en Calvin veroordeel. Daarby is die *Index* van verbode boeke opgedateer en word Erasmus se uitgawe van die Griekse Nuwe Testament en sy Latynse verlatings daarvan in die *Index* opgeneem.

Daarby is die hele Pauliniese-reformatoriese visie van die sondaarmens en sy verlossing deur die geloof in Jesus Christus verwerp en veroordeel en die monnikvroomheid en ideaal gehandhaaf. Duidelik word gestel dat daar geen raakpunte of ooreenkoms tussen die Rooms-Katolieke en die Protestantisme is nie. Die offensiewe strategie wat Trente teen die Protestantisme ontwikkel, draai om twee belangrike punte: Die eerste was om die gesag van die Rooms-Katolieke *clerus* te koppel aan die politieke mag van die vorste. So gebeur dit dat feitlik aan elke hof die koninklike of vorstelike raadgewers Rooms-Katolieke priesters is, meestal lede van die *Societas Jesu*. Die nuwe monnik-orde word die manier waarop die politieke magte in Europa teen die Protestantisme ingespan word.

In die tweede plek word die *Societas Jesu* gebruik om die Renaissance-denke in die Protestantse teologie te verwerp en die Middeleeuse denke te herbevestig. In hierdie proses word Thomas Aquinas verhef tot die belangrikste Rooms-Katolieke teoloog van alle tye. Hierdie strategie word deur die *Societas Jesu* uitgevoer, deur hulle besondere bevordering van onderwys en opvoeding. Dit is belangrik om daarop te let dat in die sestiende eeu die *Societas Jesu* alleen ongeveer 'n 350 onderwysinrigtings opgerig het, wat almal gerig was op die bestryding van die Protestantisme.

So het die Konsilie van Trente aanvanklik eers die grense getrek en daarna tot die aanval oorgegaan. Eers is die groei van die Protestantisme gestuit en daarna is hulle teruggedwing. In 1555–1600 het die Rooms-Katolieke Kerk die grootste deel van Duitsland herower. In Frankryk word die Edik van Nantes in 1685 teruggetrek en verloor die Calviniste finaal die stryd aldaar.

As die Konsilie van Trente in 1563 sluit, is Calvin aan die einde van sy lewe en is dit duidelik dat sy en Luther se teologieë nie ingestel was om 'n Rooms-Katolieke aanslag te weerstaan nie. Dit plaas Beza, Calvin se opvolger, in 'n moeilike posisie. Beza moes sy teologie aanpas, sodat hy daarmee die Calvinisme teen die Rooms-Katolieke aanslag kon verdedig. Omdat die Rooms-Katolieke Kerk by Trente vasstel dat die Skolastiese teologie van Thomas, wat gebou is op die Aristoteliese logi-

ka, die belangrikste wapen in hulle aanslag is, aanvaar Beza ook die Aristoteliese logika in die oortuiging dat hy die Rooms-Katolieke aanslag so sal kan weerstaan. Hier is die omskrywing van B G Armstrong van waarde:

Protestant scholasticism is more a spirit, an attitude of life than a list of beliefs. For this reason it practically defies precise definition...Primarily it will have reference to that theological approach which asserts religious truth in the basis of ratiocination from given assumptions or principles. Thus producing a logically coherent and defensible system of belief. Generally this takes the form of syllogistical reasoning. It is an orientation, it seems, invariably based upon an Aristotelian philosophical commitment and so relates to medieval scholasticism....

This new outlook represents a profound divergence from the humanistically orientated religion of John Calvin and most of the early reformers. The strongly biblically and experientially based theology of Calvin and Luther had, it is fair to say, been overcome by the metaphysics and deductive logic of a restored Aristotelianism.

Graafland onderskei, interessant genoeg, twee duidelike verbindingslyne van die Gereformeerde Skolastiek na die Nadere Reformasie toe. Dit is nogal belangrik, want dit dui aan hoe die aanvanklik objektiewe Gereformeerde Skolastiek omgebui word na die subjektiewe Nadere Reformasie. Dit hang saam met 'n nogal belangrike aksentverskuiwing. In die Gereformeerde teologie lê die nadruk op die leer van die regverdiging en hoe dit reg verstaan moet word. Die Nadere Reformasie lê egter die klem op die heiliging en dan veral die innerlike heiliging.

Hierdie aksentverskuiwing word moontlik, ook vanweë die invloed wat die Engelse Puritein, William Perkins, op die Nederlandse Nadere Reformasie gehad het. Perkins was die man wat die Gereformeerde Skolastieke leer ombui het na 'n Gereformeerde bevindingsstelsel, waar die vroomheid van die mens sentraal staan.

Perkins se invloed het in Nederland vir 'n baie groot deel deurgewerk deur die invloed van sy leerling William Ames, wat professor te Franeker word. So word Ames een van die brandpunte van die Nadere Reformasiedenke in Nederland.

So word die Gereformeerde Ortodoksie, juis vanweë die aksentverskuiwing wat dit met hom saamdra, 'n stimulant vir die subjektiewe Nadere Reformasie en vir 'n geleidelike agterstel van die Gereformeerde teologie in die Nederlandse kerklike wêreld.

Literatuur wat hier van belang is:

Armstrong, B G 1969. *Calvinism and the Amyraut heresy*. London.

Graafland, C 1987. Gereformeerde scholastiek V: Die invloed van de scholastiek op de Gereformeerde orthodoxie. *ThR* 30/1. (Vgl ook die artikels wat daarop volg.)

Muller, R A 1987. *Post-reformation reformed dogmatics*. Grand Rapids: Baker Book House.

Searle, G W 1974. *The Counter-reformation*. London: University of London Press.

12.1.2 Gisbertus Voetius

In die kerk was daar nog enkele figure wat volgens die ou Calvinistiese styl geleef en gewerk het. 'n Voorbeeld daarvan is Gisbertus Voetius (1589-1676), wat as 'n simbool van daardie tyd kan geld.

Voetius het sy lewe lank die stryd gevoer vir die Dordtse Calvinisme, wat vir hom die samevatting van die waarheid was. Hy studeer te Leiden onder Gomarus en word dan predikant te Vlijmen vanaf 1611, daarna te Heusden vanaf 1617 en dan te 's-Hertogenbosch vanaf 1629. In 1634 word hy professor te Utrecht met 'n intreedrede *De pietate cum scientia coniugenda*, waarin die asketiese tendens in sy lewe en werk na vore kom.

As aanvanklik enigste teologiese professor te Utrecht, ontplooi hy 'n geweldige werkkrag, want hy moet al die vakke doseer. Daar kry hy die bynaam *Helluolibrum* (boekverslinder), want hy lees alles en word só 'n man van geweldige kennis. Dit is egter opvallend dat daar maar min ontwikkeling in sy denke was. As polemikus het Voetius hom skerp gerig teen alles wat Rooms-Katoliek was en verskillende lywige tydskrifte het uit sy pen verskyn. Uit die aard van die saak was hy anti-Remonstrants en op die Dordtse Sinode 'stond hij aan het uiterste rechtervleugel'. Daarby het Voetius hom driftig in die stryd gewerp teen Descartes, want hy het die Aristoteliese filosofie, waarmee Voetius gewerk het, ten ene male verwerp met sy nuwe filosofiese uitgangspunt en metode. Sy argument was onder andere 'dat de nieuwe wijsbegeerte te verwerpen is als in tegenspraak met de beginselen der oude, tot dusverre door de hoogeschoolen steeds onderwezen en als de beste ter wereld aangemerkt'.

Daarby het Voetius ook sy Leidse kollega, Coccejus, geen rus gegun nie. Dit kan vermeld word dat Voetius in 1637 tot predikant te Utrecht beroep is en hierdie dienswerk, naas sy professoraat, met groot onderskeiding vervul het. As predikant en as teologiese hoogleraar het Voetius hom aangetrokke gevoel tot die beweging van die Nadere Reformasie en word hy die spilpunt van die kring in Utrecht. Dit is

aan Voetius te danke dat noukeurige kategetiese, reëlmatige huisbesoek en huisgodsdiens deel geword het van die Hervormde lewenstyl. Sy asketisme blyk daaruit dat hy danspartye, toneelopvoerings, weelde in die huis en huisraad verwerp het.

Sy akademiese produksie was formidabel. Daarvan kan genoem word sy *Selectae disputationes theologicae* (1648) wat uit vier dele en 4 800 bladsye bestaan en wat sy hele teologiese sisteem omvat; daarnaas ook sy *Exercitia et bibliotheca studiosi theologiae* van 1644. Sy kerkregtelike insigte kan nagegaan word in sy *Politica ecclesiastica* van 1676, wat ook uit drie foliante bestaan. Die oorheersende indruk wat Voetius maak, is dat hy 'n polemikus sonder weerga is. Van sy studentetyd af moes òf die Remonstrantse òf die Rooms-Katolieke gelowiges en teoloë dit ontgeld. Ná Dordrecht (1618-1619) word hy die groot kampioen van die Ortodoksie, soos hy dit sien. Omdat hy 'n verbete aanhanger was van Aristoteles se filosofiese sisteem, het hy hom ook skerp opgestel teen die 'nuwe filosofie' van Descartes. Dit bring mee dat Voetius voortdurend in die stryd staan. Tog lê sy primêre belangstelling by die 'praktijk der godzaligheid'. As dit gestel word, is dit belangrik om daarop te let dat by Voetius die ware, regte leer die voorwaarde is vir 'die Godsalige lewe', dit is 'n vroom lewe toegewy aan en gehoorsaam aan die Woord van God. Die ware, regte leer is nooit sondermeer gerig op die intellek nie, maar eerder op 'n lewe van gehoorsaamheid en vroomheid. Daarom kan die ware leer nooit 'n doel in homself wees nie, maar is dit die voedingsbodem vir die ware lewenstyl.

Deur hierdie leer en lewe as twee groothede langs en selfs byna teenoor mekaar te stel, word Voetius 'n mooi voorbeeld van hoe die Gereformeerde Skolastieke Ortodoksie ander aksente gelê het as die Gereformeerde teologie van, byvoorbeeld, die HK.

Voetius as 'laaste verteenwoordiger' van die Calvinistiese Ortodoksie, was nie in staat om die reaksie teen die formalistiese dogmatisme van die Calvinistiese Ortodoksie te keer nie. Daar ontstaan 'n driedelige reaksie naamlik

- die Biblisistiese reaksie van Coccejus wat die dogmatiese sisteem met 'n nuwe, Bybelse teologie wil aftakel;
- die Rasionalistiese reaksie van Descartes wat hierdie sisteem vanuit die menslike Rasionalisme wil hersien;
- die Nadere Reformasie en Piëtistiese reaksie van De Labadie, wat die verwêreldliking wil teengaan met 'n nuwe nadruk op die weergeboorte en die heiligmaking.

Literatuur in hierdie verband is Duker, A C 1897. *Gisbertus Voetius*. Leiden: Brill. Die derde deel het in 1914 verskyn. Dit is tot vandag toe nog die mees omvattende biografie oor Voetius.

Hoofstuk 13

Die Biblisistiese reaksie van Joh Coccejus (1603-1669)

Joh Coccejus is op 9 Augustus 1603 gebore te Bremen. Later word hy professor aan die *Illustere School* aldaar. In 1636 word hy professor in Oosterse tale in Franeker, in 1643 teologiese professor aldaar en in 1650 word hy professor te Leiden. Terwyl hy in Franeker is, trek hy aandag deur sy bestryding van Hugo Grotius. Hier blyk dit dat Coccejus sy Bybeluitleg laat bepaal deur die taal en die konteks van die teks en nie, in die eerste plek, deur die leer van die kerk nie. Sy beklemtoning van die Bybelwoord in sy verband moet bots met die gebruikelike metode van daardie dae om die teks, los van sy samehang, aan te haal as 'bewysplaas' of as 'bevestigende uitspraak' van 'n teologiese argument.

Daarby het Coccejus ook 'n ander teologiese vertrekpunt. Waar die Ortodokse Calvinistiese teoloë hulle vertrekpunt geneem het in die uitverkiesing en die ewige raadsbesluit van God, het Coccejus meer belangstelling in die heilsgeskiedenis waar God se raadsbesluite sigbaar word. Hy sien die Bybel as die verhaal van opvolgende verbonde wat God met die mens sluit. So ontwerp Coccejus sy verbonds- of *foederaalteologie* (*foedus* = verbond), wat die uitverkiesing op die agtergrond stel.

Coccejus lees die Bybel as 'n dokument, wat vertel van die openbaring van God en nie as 'n versameling van tekste nie. Sy hoofwerk was getitel *Summa doctrinae de foedere et testamento Dei* van 1648. Met sy verbondsteologie beweeg Coccejus nog steeds binne die Calvinistiese teologie. Om dit te kan verstaan, is dit nodig om kortliks op die volgende ontwikkeling van die hele saak te let. Dan kan gestel word dat Zwingli met sy beklemtoning van die kinderdoop teenoor die Dopers, die eerste stoot gegee het aan 'n beklemtoning van die genadeverbond waarvan die kinderdoop 'n teken is.

Johannes Calvyn het op sy beurt nie 'n aparte geskrif oor die verbond geskryf nie, maar tog hou hy in sy *Institusie* vas aan die verbond, veral wanneer hy praat oor die verhouding tussen die Ou Testament en Nuwe Testament aan die een kant en die sakramente aan die ander kant.

As Calvyn oor die verbond praat, begin hy met die verbond wat God met Abraham en sy nageslag oprig. Teenoor die Anabaptiste beklemtoon hy dit dat daar net een verbond is. Die wese van die verbond is dat God in sy genade mense aanneem tot sy kinders. As hy dit verklaar, wys Calvyn veral op drie hoofsaake:

- Israel was ook verkies tot die hoop op die ewige lewe;
- die verbond is gegrond in die barmhartigheid van God, en nie in die verdienste van die mens nie;
- vroeër was daar kennis van die Middelaar deur wie ons deel kry aan God se beloftes.

Die bediening van die verbond (*administratio of dispensatio*) verskil wel in die Ou-Testamentiese en Nuwe-Testamentiese bedeling, maar Genesis 17:7 (*Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag*) gee volgens Calvyn die essensie van die verbond weer. Al die verbondbeloftes is vas en seker in Jesus Christus, want deur sy lyding en dood bekragtig Hy die verbond. Die noodsaaklikheid van die geloof vloei uit die verbond voort, want sonder geloof het die beloftes geen werklikheid nie en baat die verbond ook niks nie. Die verbond strek tot heil as dit deur die geloof bevestig word.

Calvyn beklemtoon dat daar nie voorwaardes is om deel van die verbond te word nie. Die verbond is immers 'n genadeverbond. Daar is egter wel voorwaardes om in die verbond te bly en die seën daarvan te ervaar. Daarom praat Calvyn ook van ons verpligtings. God eis gehoorsaamheid. By die beloftes van God hoort ons geloof; by God se eis, ons gehoorsaamheid. Tog bly die geloof 'n gawe-van-God wat in die verbond beloof word. Calvyn erken die moontlikheid dat die mens die verbond kan verbreek en stel ook dat alle verbondsverbrekers verwerp sal word. So gesien is daar ook die moontlikheid dat daar binne die verbond skyngelowiges sal wees. Daar is dus een verbond, maar twee soorte verbondskinders: die ware gelowiges en die skyngelowiges.

Die vraag of Calvyn 'n verbondsteoloog is, moet ontkenkend beantwoord word, want die verbond beheers nie die hele struktuur van sy teologie nie. Die verbond staan net so min sentraal in Calvyn se teologie, as die uitverkiesing. Al wat Calvyn doen, is om ten opsigte van die verbond alles saam te vat wat die Skrif daaroor sê. Tog is die verbond by Calvyn nie 'n ondergeskikte tema nie. Dit is vir die prediking van grondliggende betekenis, want God het in Jesus Christus, die Middelaar van die verbond, met sy eise en beloftes na ons gekom.

Dit is egter Zwingli se opvolger, Heinrich Bullinger, wat die verbondsoopvatting sentraal in die teologie stel. Vir Bullinger is die verbond die grondliggende struktuur in die verhouding van God en mens en alles wat oor die verhouding gesê wil word. Die inhoud van die verbondsleer, sê Bullinger, is Jesus Christus, wat die mens

na die voleindig wil lei. Hy is die doel van God se ewige raadsbesluit. Die Drie-enige God handel op drie maniere: as belofte van die heilswil van God deur die verbond, as die verwerkliking van die heilswil deur Jesus Christus én as die toepassing van die verlossing deur die krag van die Heilige Gees. So staan die verbondsteologie, die Christologie en die soteriologie in die lig van die Drie-eenheidsleer.

Die verbondsteologie wil twee groot sake beklemtoon: Eerstens word gestel dat dit 'n persoonlike God is wat die mens aanspreek. Hy is God en Vader en die mens word geroep om sy volk en gemeente te wees. Tweedens is dit so dat God in 'n verbond met ons wil tree en daarom skep Hy die verbond om juis daar sy goeie wil, Hom tot ons verlossing aan ons bekend te maak.

Ná Bullinger is dit veral Caspar Olevianus, die beroemde Heidelbergse teoloog wat die verbondsteologie verder voer. Olevianus stel in sy *Oor die wese van die genadeverbond tussen God en die uitverkorenes benewens die middele waardeur daardie wese aan ons meegedeel word*, dat die voorwaarde waardeur die mens in die verbond met God opgeneem kan word, die aanvaarding van en geloof in Jesus Christus, op grond van die evangelie is. Die opname in die verbond is suiwer genade. Die mens kan nie op grond van enigiets wat hy kan presteer of is, aanspraak op die verbondsgenade maak nie.

Die genadeverbond is ewig en dit rus op God se heilswil in Jesus Christus, want Hy is die Middelaar en die grond van die ewige raadsbesluit van God. Omdat die mens in die ewige verbond opgeneem is, word hy medearbeider van God. Hierdie medewerking bestaan in die aanvaarding van die wil van God vir ons en in 'n lewe in volkome afhanklikheid van God.

Dan kan verder na Petrus Ramus gewys word, wat ook 'n volgeling van die Zwingli-Bullinger-teologie was. Ramus (1515-1572), 'n Franse Humanis en anti-Aristoteliese filosoof, was professor in Retorika in Parys tot hy in 1562 'n Calvinis word. Dan verlaat hy Parys, vertoef in Duitsland, keer in 1571 terug na Parys en word in die bloedbad van die Bartolomeusnag in Augustus 1572 in Parys vermoor.

As anti-Aristotelikus verwerp hy die metafisiese uitgangspunt van veral Beza en ook Thomas Aquinas se teologie. Hy verwerp die gedagte om vanuit die ewigheid van God en sy raadsbesluite, 'n teologie af te lei. Sy argument is dat die wil van God alleen uit die Skrif geken kan word en dit beteken dat dit eers agterna en nie vooraf geken kan word nie. Sy verwerping van hierdie filosofies-metafisiese vertrekpunt van die teologie hang saam met sy verbondsoopvatting en sy heilshistoriese verstaan van die Skrif. Metodologies argumenteer hy dat dit slegs die taak van die teologie kan wees om induktief, deur die ontleding en ondersoek van die Skrif, die stelsels van die teologie vas te stel. Sy metode voer hom tot 'n Bibliisitiese en 'n pneumatiese eksegese van die Skrif en hy sê dat die teologie die praktyk van die Christe-

like lewe moet dien. Teologie is vir hom *doctrina bene vivendi*. Hierdie Humanisties-bepaalde definisie dui die teologie as 'n praktiese wetenskap wat help om die houding van die mens *coram Deo* te bepaal. Hierdie opvatting werk ook by Coccejus deur.

As Coccejus oor die verbond handel, dan stel hy dat dit God se wil is om aan die sondaar sy barmhartigheid te bewys. Daarvoor rig God die genadeverbond op wat 'n *receptio* van die mens deur Jesus Christus in die beloofde, volkome toestand van genade is. Dit word in tien stappe deurgevoer:

1. Die *bonum* wat die mens in die genadeverbond ontvang, is die *iustitia perfecta coram Deo* en die *haereditas vitae coelestis*.
2. Hierdie geregtigheid is 'n genadegawe, omdat die mens dit nie self kan verwerf nie.
3. Jesus Christus is die Middelaar van die genadeverbond, want as ware God en ware mens kan net Hy God versoen en die mens verlos. Met verwysing na Vraag 31 van die HK word die werk van die Middelaar, die doel van sy werk en die voorwaardes om daaraan deel te hê, uiteengesit.
4. Die geloof in Jesus Christus is die enigste middel om die *donum iustitiae actu et in perpetuum* te ontvang.
5. Na die wil van God word Jode sowel as heidene in die verbond opgeneem.
6. Die grond van die verbond is alleen die genadige wil van God.
7. Hierdie genadewil van God word in die Ou Testament sigbaar by die verbondsluiting met Abraham (Gen 15:10), wat 'n voorbeeld is van die genadeverbond wat eers deur die dood van die testator in werking tree (Gal 3:15; Heb 9:16; 10:29).
8. Die mens het in homself geen moontlikheid om voor God te kan bestaan nie. Dit is alleen deur genade dat die mens in die genadeverbond opgeneem word. Dit is egter 'n genade wat nie redelik verklaarbaar of verstaanbaar is nie en dit word alleen as openbaring van God in Christus ons deel. Christus het van God die Vader die volmag ontvang om die mens in die genadeverbond op te neem. Wanneer 'n mens dus deur die Gees van Jesus Christus vernuwe word, sal hy deel kry aan die koninkryk van God.
9. Die onveranderlikheid van hierdie heilshandelinge van God waarborg die sekerheid van die geloof. God sê deur sy Woord dat dit hier om 'n saak gaan wat nie herroep sal word nie.
10. Die doel van alles is die eer van God en die grootmaak van sy Naam.

In sy hele visie hou Coccejus aan die sentrale posisie van Jesus Christus vas. In die ou bedeling het die mense gelewe in *expectatione Christi* en daarna in *fide Christi re-*

velati. Vir die ou en die nuwe bedeling geld dit egter ook dat Christus *objectum fidei ad salutem* is.

Coccejus werk die hele opvatting verder uit in sy tweede groot werk, *Summa theologiae ex scripturis repetita*. Sy opvatting het nie baie aandag getrek nie, totdat hy in 1658 met sy ampsgenoot, Heidanus, verskil oor die betekenis van die vierde gebod oor die Sabbat. Coccejus meen dat hierdie gebod tot die seremoniële wet behoort en nie 'n etiese imperatief bevat nie. Dit was die begin van 'n tagtigjarige teologiese oorlog in die Nederlandse kerk. Die Voetiane het dadelik heftig verskil en dit as 'n ketterse mening bestry. Die Staten van Holland het ingegryp en in 1659 bepaal dat die Sinodes en die professore oor die Sabbatskwessie moes swyg.

Die stryd gaan egter verder as net die Sondagskwessie. Coccejus het met sy optrede die dogmatistiese ortodoksie se alleenreg in die kerk weerspreek en gewys dat 'n Bybelse teologie moontlik is. Sy uitgangspunt is steeds dat die Bybel, verklaar deur die Gees van God, die enigste inhoud en norm van die geloof en belydenis is. Geen menslike geskrif mag dit aantast nie. In die Skrifwoord lê primêr die grammatikale betekenis, maar daar is ook 'n dieper betekenis wat op 'n allegoriese wyse bepaal kan word.

Coccejus se teologie, wat al die klem op die genade van God lê, het dus duidelik 'n ander aksent as die van die Ortodoksisme.

In 1665 het Gisbertus Voetius, gesteun deur Maresius, tot die aanval oorgegaan. Die steun van Maresius het Voetius eers in 1669 gekry, maar in dieselfde jaar is Coccejus oorlede.

13.1 Die staatkundige posisie

Van belang is om daarop te let dat die staatkundige situasie in Nederland intussen ook verander het. Net voor die finale sluiting van die Vrede van Münster in 1648, is die Stadhouer, Frederik Hendrik, die opvolger van Maurits oorlede. Hy word opgevolg deur sy seun Willem II. Sy skielike dood laat 'n lugleegte en die Staten van Holland, gelei deur die raadspensioenaris, Johan de Witt, besluit dan om nie weer 'n stadhouer aan te wys nie.

Om die nuwe situasie te bevestig, het die Staten-Generaal 'n groot vergadering in Den Haag belê om oor die saak te handel. By daardie geleentheid het 'n vyftal predikante, afgevaardig deur provinsiale sinodes, kom vra dat die Staten-Generaal al die beperkende maatreëls ten opsigte van die Rooms-Katolieke sal handhaaf, dat hulle 'n verbod sal plaas op alle openbare godsdiensoefeninge van die Jode, omdat hulle 'gruwelike lasteraars van ons Saligmaker' is en om die uitbreiding van alle an-

der sektariese groepe teen te gaan. Die vergadering het op 27 Januarie 1651 verklaar:

De Staten van de respective Provincien verklaarden dat sy elcks in den haren sullen vasthouden, ende maintineren de ware Christelijcke Gereformeerde religie, gelyck als de selve alomme in de publicque Kerken deser Landen tegenwoordigh werdt gepredickt ende geleert, mitsgaders in deur jaren 1619 by de Synode Nationaal gehouden tot Dordrecht, is bevestight.

Verder het die groot vergadering gestel 'dat de selve Religie, soo by elcke Provincie in den haren, als van wegen de Generaliteyt in de Quartieren, onder der selver gebiedt ressorteerende, met de macht van het Landt sal gehandhaeft worden, sonder te gedogen dat oyt by yemandt daar inne eenige veranderinge werde gedaen'.

Hierby word alle sektes uitgesluit van 'publycke protectie', maar tog oogluikend toegelaat, mits hulle hulle stil gedra en nie die orde versteur nie. Die beperkinge op die Rooms-Katolieke bly van krag en verder word bepaal dat in die staatsdiens alleen van Calvinistiese amptenare gebruik gemaak sou word.

So word die republiek nou 'n Calvinisties-hervormde statebond, waar owerheid en kerk vanuit dieselfde geloof, dieselfde kerklike-godsdienstige opvatting, oor die een Godsvolk, dit wil sê dieselfde gedoopte kerkvolk, regeer. Hier word die teokratiese ideaal van die Reformatore 'n werklikheid: 'n volkskerk in 'n volkstaat onder 'n Christelike owerheid, wat na die siening van artikel 36 in die NGB, die kerk sal beskerm en die afwykendes met die staatsmag sal bedwing.

In die algemeen het dit beteken dat die kerk afhanklik was van die owerhede, wat soms baie willekeurig opgetree het. Die groot twis in die kerk tussen die Voetiane en Coccejane vind ook weerklank op staatkundige gebied.

Die meerderheid van die kerkvolk en die party van Voetius was ontevrede met die stadhouerlose bewind en was oor die algemeen sterk prinsgesind. Die Coccejane was meer ten gunste van die Staten se regering en nie so gesteld op die prins nie. Die Voetiane het begin agiteer vir 'n nuwe nasionale sinode om die Coccejane uit die kerk te dryf.

Die situasie los hom op in 1672, as Nederland ingeval word deur 'n alliansie van Rooms-Katolieke magte. 'n Volksoploop vermoor die broeders De Witt, en Willem III word aangestel as stadhouer. Dit wou voorkom asof die stadhouer dieselfde rol sou speel as Maurits om die Coccejane uit die kerk te dryf. Hy het hom egter nie hiervoor laat vind nie. Tog het dit beteken dat die Coccejane as party in die kerk baie van hulle aansien en populariteit verloor het. Sommige van die bekende Coccejane soos Heidanus te Leiden, Van der Waeijen, predikant te Middelburg en Momma word uit hulle ampte geskors. Die stryd bedaar 'n bietjie as die leiding-

gewende Voetiane sterf, naamlik Hoornbeek van Utrecht in 1666, Maresius van Utrecht in 1673, Voetius self in 1676 en Essenius in 1677.

Geleidelik word dit ook duidelik dat nie al die stadsowerhede geneë was om teen die Coccejane op te tree nie. Verder blyk dit dat die Coccejane nie 'n anti-skriptuurlike leer verkondig het nie, maar wel die ortodokse sisteem aangeval het.

Geleidelik het die rus teruggekeer, ook omdat Stadhouer Willem III die Staten van Holland so ver kry om in 1694 'n reglement te maak 'tot conservatie van rust en vrede in de kerken'. Daarin word bepaal dat die predikante nie verder mag gaan in hulle uitsprake as wat in die leer in die formuliere van eenheid vervat is nie. Terselfdertyd moes die onrustige predikante in toom gehou word deur die burgerlike owerhede.

Teen die einde van die eeu het die stryd bedaar en word die Coccejane aanvaar as maar net 'n bepaalde rigting in die kerk. Die vraag na 'n nasionale sinode om oor die saak uitspraak te gee, het algaande vervaag, ook omdat die Staten nie aan die versoek wou voldoen nie.

Geleidelik het daar ook aksentsverskuiwings in die twee ringtings ontstaan. Die Coccejane was verdeel in die sogenoemde Groene of Leidse Coccejane, genoem na Hendricus Groenewegen van Enkhuizen, wat stiptelik volgens die stelsel en metode van Coccejus gewerk het. D F van Giffen van Sneek en later Dordrecht word die leier van die Nuwe of Ernstige Coccejane wat baie klem gelê het op 'n eerbare Christelike lewe as die gesonde vrug van Bybelkennis en geloof. In hierdie skool kan die name genoem word van Campegius Vitringa, een van die geleerdste manne van sy tyd en vanaf 1682 professor te Franeker.

Die Voetiane het ook in twee gedeel: Aan die een kant was daar die Ou of Dooie Voetiane, wat voortgewerk het aan die Aristotelië-bepaalde Skolastieke Ortodoksie van Voetius self. Aan die ander kant was daar die nuwe of lewende Voetiane, wat meer aandag gegee het aan die praktiese lewe en wat asketies-misties ingestel was. Hulle is veral verteenwoordig deur Johannes á Brakel.

Literatuur wat hiervoor geraadpleeg kan word is onder andere:

- Baker, W J 1980. *Heinrich Bullinger and the covenant: The other reformed tradition*. Ohio: University Press.
- Faulenbach, H 1973. *Weg und Ziel der Erkenntnis Christi: Eine Untersuchung zur Theologie des Johannes Coccejus*. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.
- Oorthuys, G 1928. *Het genadeverbond en wie er toe behooren*. Utrecht: J van Dru-
ten.
- Oorthuys, G & Kromsigt, P J 1933. *Grondslag en wezen der kerk*. Wageningen: H
Veenman en Zonen.

13.2 Die Rasionalistiese reaksie: Descartes en sy invloed in die teologie

Die wêreld waarin die kerk gestaan het, het geleidelik verander. Die verandering was uit die aard van die saak 'n proses wat verloop het waarin die ou Middeleeuse wêreld en sy denkpatrone stadigaan verdwyn het en vervang is met die 'moderne' lewensopvatting en lewensbeskouing. Gewoonlik word 1648, waarin die Vrede van Münster gesluit is en waardeur die tagtigjarige oorlog in Nederland en die dertigjarige oorlog in Duitsland beëindig is, as die waterskeidingdatum aangedui. Dit is natuurlik betreklik, maar dit staan vas dat aan die einde van die sewentiende eeu 'n ander gees in Europa geheers het as aan die begin van daardie eeu. Daarom kan 1648, wat die einde van die godsdiensoorloë in Europa beteken, as die keerpuntdatum aanvaar word – dit veral vanweë die feit dat die godsdiensoorloë in Europa 'n renons laat posvat het teen die kerk en godsdiens, wat sulke verwoestende oorloë tot gevolg gehad het. As reaksie teen die handhawing van die godsdiens met militêre geweld, is 'n nuwe verdraagsaamheid geproklameer en gestel dat godsdiens 'n persoonlike en nie 'n openbare kwessie is nie. Dit is opvallend dat teen die einde van die sewentiende eeu kettery of afwykende godsdienstige opvattinge eerder geïgnoreer as onderdruk is – dit nie teenstaande die feit dat in die meeste lande daar nog owerheidswetgewing en maatreëls teen kettery bestaan het.

Dit toon dat die kerk en sy spreke geleidelik van al minder waarde geag is en dit is opvallend hoe die owerhede in Wes-Europa hulle houvas op die kerk gebruik het om enersyds die kerk na die kantlyn van die samelewing te stoot en om die ampsdraers van die kerk tot stilswye of aanvaarding van die visie van die owerheid te bring.

Daarby kom dat in die veranderende wêreld die nuwe natuurwetenskaplike ontdekkings en uitvindings die aandag opeis. Dit, tesame met die ontdekkingsreise, die opbloeï van welvaart as gevolg van uitgebreide handel en die eksploitering van die 'nuwe wêreld' en die opkoms van 'n welvarende middelklas, beteken dat die mens se aandag al meer in beslag geneem word deur hierdie wêreld. Geleidelik word die aandag afgewend van die toekoms en bepaal deur die hede. So gebeur dit dat daar 'n diskrepansie gesien word tussen die geopenbaarde waarheid, soos dit in die Bybel gevind word en die waarheid wat die mens self deur middel van sy denke vasstel.

Dit is ook nie so vreemd nie, aangesien Copernicus in 1543 vasstel dat nie die aarde nie, maar die son die middelpunt van ons sonnestelsel is – hoewel die Rooms-Katolieke Kerk, vanuit die Bybelse wêreldbeeld, Copernicus se standpunt betwis het. Daarna het Kepler (oorlede 1630) die loop van die planete vasgestel, Galilei (oorlede 1642) lê die grondslag van 'n nuwe, meganiese-kausale wêreldbeeld en Newton (oorlede 1727) ontdek die wet van swaartekrag as die beheersende beginsel van die heelal. Hierdie ontdekkings het 'n geweldige indruk gemaak en 'n byna onbe-

grense vertrouwe in die menslike waarneming en redelike denke gevestig. Die outonomie van die mens, soos die Renaissance dit gestel het, is nou vervang deur die outonomie van die verstand, van die redelike denke van die mens. Al meer en meer is geoordeel dat die mens met sy redelike denke alles kan deurgrond en sodoende 'n nuwe wêreld kan bou. Die 'nuwe wêreld' was 'n wêreld waar die mens al meer losgemaak is van die gesag van die kerk en die Skrif. So gebeur dit dat die kerk geleidelik sy leidende posisie moes prysgee en gebeur dit dat die kerk, wat vroeër geheers het, nou nog net geduld is. Immers, die belangstelling verskuif van wat God geopenbaar het na wat die mens ontdek het. In die proses is die oppergesag van die redelike, logiese denke van die mens gevestig.

13.2.1 Descartes

Voorloper en simptoom van die nuwe tyd is die filosoof Descartes of wel René des Cartes, gebore te La Haye in Touraine op 31 Maart 1596. Opgevoed deur Jesuïete en lewenslank 'n troue lidmaat van die Rooms-Katolieke Kerk was hy soldaat in die leërs van Prins Maurits en, aan die begin van die dertigjarige oorlog, van die Rooms-Katolieke Generaal Tilly. Daarnaas het hy hom veral op die studie van die wiskunde toegelê en baie gereis om 'die groot boek van die wêreld' te bestudeer. Van 1629-1649 het hy in Nederland in verskillende stede gewoon en 'n besonder sterk invloed op die denke van die Nederlandse teoloë uitgeoefen. In 1649 vertrek hy na Swede op uitnodiging van Koningin Christina en is op 11 Februarie 1650 in Stockholm oorlede.

Descartes het 'n nuwe filosofie na vore gebring, waarvan die metode bepaal is deur die suiwer logiese, matematiëse opbou. Hierdie standpunt sit hy uiteen in sy werk, *Discours de la Méthode*. Hy erken in sy filosofie net een gesaghebbende werklikheid, naamlik die mens se denke – vandaar sy stelreël, *cogito ergo sum*. Op die menslike selfbewussyn bou hy die bewys vir die bestaan van God en sy daaropvolgende mensopvatting en wêreldbeskouing.

Descartes het die stokou heidense beginsel, wat deur die Renaissance opgediep is, weer na vore gebring, en dit is dat die mens die maat van alles is. So ontstaan sy argument dat die mens in sy soeke na waarheid moet begin om die waarheid van alles te betwyfel. Alles wat die toets van die redelike nie kan deurstaan nie, moet as onwaar en onbruikbaar verwerp word. Daarom lê die enigste sekerheid in die redelike denke van die mens, want die redelike denke kan homself nie betwyfel nie. Daarom is dit, *cogito ergo sum*, die enigste stelling wat nie weerspreek kan word nie. Daarmee stel Descartes ook dat die toets vir die waarheid die helderheid en duide-

likheid van die idee is. Oor God sê hy dat dit so 'n helder en duidelike idee is, dat dit 'n ingebore idee moet wees wat God self aan ons gee.

Descartes se belang lê daarin dat hy stel dat daar net een, algemeengeldende wetenskaplike metode is om tot kennis te kom, en dit is deur die wiskundige metode te gebruik. Daarvoor moet 'n mens begin om alles te betwyfel en so maak hy die redelike twyfel tot 'n groot deug. Dan moet die rede, die redelike denke, die soektog na die waarheid lei. Hoewel Descartes nie in die eerste plek belangstel in die vraag na geloof nie, was hy wel intens betrokke by die area waar geloof en rede mekaar oorvleuel en sy metode skep die indruk dat die redelike denke die manier is waarop die mens tot geloof kan kom.

Die sisteem wat Descartes bou, is onmiddellik raakgesien as 'n totale verwerping van die Aristoteliese wysbegeerte wat die basiese mensopvatting en wêreldbeskouing van daardie tyd bepaal het.

Dit is merkwaardig dat hierdie filosofie soveel invloed onder Nederlandse teoloë gekry het. Dit hang waarskynlik saam met die feit dat die teologie dan al in 'n hoë mate verintellektualiseer is. Daarom is geoordeel dat die leer van die kerk vernuwe sal kan word, indien die inhoud van die openbaring ook afgelei sou kon word uit die redelike denke van die mens, of om die verband daarmee aan te toon.

Van die kant van die Skolastieke dogmatici soos Voetius was daar onmiddellik verzet, want dit gaan om die vraag of die kerk sy leer en geloof slegs sou bou op die gesag van God se geopenbaarde waarheid of ook op die gesag van die menslike wysheid (vgl 1 Kor 1:18-31).

Vir die grootste deel van die sewentiende eeu het die kerk nog die beginsels van die Renaissance afgewys, maar geleidelik het die prediking van die dwaasheid van die kruis sy krag en diepte verloor en word die kerk al meer ontvanklik vir die verleiding van die wysheid van die wêreld.

13.2.2 Descartes se invloed in die kerk

Descartes se *nova methodus* het die aandag getrek deur die werk van een van sy groot bewonderaars, professor Henricus Renerius, hoogleraar in die filosofie aan die Utrechtse universiteit. Die stryd word egter aan die gang gesit deur die voortvarende optrede van die mediese professor, Henricus Regius. Sy optrede dwing Voetius tot reaksie. Die medici en natuurkundiges het op die voetspoor van Descartes opnuut die waarneembare, stoflike wêreld aan 'n noukeurige ondersoek onderwerp. In daardie ondersoek verwerp hulle alle onduidelikhede en gevoelsargumente. Voetius se grondbeswaar was dat hy meen dat die mens op daardie manier God se openbaring gaan afmeet met die menslike verstand.

Geleidelik ontwikkel 'n stryd tussen die Skolastieke gesagsopvatting en die beginsel van selfstandige ondersoek. Hierdie stryd vestig die aandag op die nuwe filosofie en dit is veral die voorstanders van die regsinnige Skolastieke dogmatisme wat na vore tree. Maresius skryf in 1669 sy *De abusu philosophiae Cartesianae*, terwyl Jac Koelman in 1672 sy *Het vergif der Cartesiaansche filosofen grondig ontdekt* publiseer. Hulle was van mening dat die beproefde leer van die kerk ernstig bedreig word deur 'n metode van ondersoek wat heeltemal afwyk van die kerklike oorlewing. Die selfstandige ondersoek na die waarheid, ook op die gebied van die teologie, word as 'n gevaarlike beginsel beskou.

Voetius het in die stryd teen die Cartesianisme 'n nogal bedenklike rol gespeel. In sy stryd met die medikus, Regius, gebruik Voetius sy invloed aan die universiteit om deur 'n senaatsbesluit Regius se opvattinge in 1642 te laat veroordeel. In die beoordeling stel Voetius 'dat die nuwe filosofie verwerp moet word, omdat dit in teenpraak is met die beginsels van die ou filosofie wat tot dusver aan al die universiteite onderrig is en wat algemeen as die beste ter wêreld aanvaar word'.

Hoewel Voetius self nie kans sien om Descartes openlik aan te val nie, dwing hy as 't ware vir Martinus Schoockius, professor in logika te Groningen, om 'n aanval op Descartes te skrywe. Schoockius begin met die werk, maar voltooi dit nie. Voetius het die manuskrip verder voltooi en onder Schoockius se naam in 1642 gepubliseer, onder die titel *Admiranda methodus novae philosophiae Renati Descartes*. Oor die algemeen word dit as 'n swak, slordige en oppervlakkige boek beskou.

In sy teenaanval daag Descartes vir Schoockius uit om te erken dat hy nie die enigste outeur is nie. Deur Voetius onder druk geplaas, verklaar Schoockius dat die *Admiranda methodus* net sy werk is. Dan vra Descartes aan die Staten van Groningen om Schoockius te dwing om sy boek te herroep. As die universiteit se senaatsvergadering die saak ondersoek, erken Schoockius dat dit Voetius was wat hom as 't ware gedwing het om die boek te skrywe, dat Voetius self groot dele daarvan self geskryf het, dat Voetius hom gedwing het om die alleen-outeurskap te aanvaar en dat hy spyt is oor die skerpheid van die publikasie. Die saak het, vanselfsprekend, die aansien van die Skolastieke dogmatici ernstig geknou.

Hierdie verset kon die verbreiding van die Cartesianisme egter nie stuit nie. Dit werk ook na Leiden deur, waar veral professor Arnold Geulincx vanaf 1665 die sisteem van Descartes verder ontwikkel. Hoewel die kuratore van die universiteit maan dat almal 'binnen de palen van de gerecipieerde Aristotelische filosofie' moet bly en dat Descartes se filosofie nie verder geleer mag word nie, het dit nie die gewenste uitwerking nie.

Dat die Cartesianisme veral aan die universiteit van Leiden ingang gevind het, is verstaanbaar, vanweë die feit dat Coccejus vanaf 1650 daar professor was. Cocce-

jus het in sy teologiese arbeid ook met die Skolastieke Ortodoksisme gebreek en dit is nie vreemd dat sy studente nou by Descartes se filosofie gaan soek wat hulle nie by Aristoteles kon kry nie. Juis omdat Descartes nie oor die openbaring handel nie, is gedink dat sy metode en uitgangspunt die teologie nie sal skaad nie.

Die teologiese professor, Abraham Heidanus (1599-1678), word die eerste wat 'n teologie oor die opvattinge van Descartes bou. Ook rondom hom ontstaan daar twiste, sodat die Staten van Holland en Wes-Friesland in 1655 'n merkwaardige besluit neem waarin hulle onder andere stel dat

- die ware teologie nie deur die vryheid van die filosofie gekrenk mag word nie;
- alle wetenskappe hulle grense het wat nie oorskry mag word nie;
- teologiese kwessies alleen vanuit die openbaring van God in sy Woord geken en ondersoek mag word en aan die teoloë oorgelaat moet word;
- alle kwessies van die natuur wat deur die natuurlike rede geken en ondersoek kan word, deur die teoloë met rus gelaat moet word;
- alle sake wat tot die geloof behoort, maar ook deur die rede geken kan word, deur sowel teoloë as filosofie ondersoek mag word, maar dan moet die filosofie hulle daaraan hou dat die laaste waarheid deur God in die Skrif geopenbaar word. In alle gevalle waar dit lyk asof daar stryd is tussen die geloof en die rede, moet aan 'de goddelijke autoriteit meerder ghelooft als aan't menschelijk oordeel' toegeken word.

Hiermee was die Voetiane natuurlik tevrede en geleidelik het hulle verlore veld herwin, totdat in 1676, na verdere woelinge, die kuratore van die universiteit 'n nuwe besluit geneem het, bestaande uit drie en twintig stellings. Daar word gestel dat dit verbode is om te leer dat

- in geloofsake die maatstaf van die waarheid bestaan in die helder en korrekte verstaan daarvan;
- die maan net soos die aarde is en waarskynlik ook bewoon is;
- 'n mens aan alles moet twyfel, selfs aan die bestaan van God.

Heidanus skryf dan sy *Consideratiën*, waarin hy hom verset teen wat hy noem die 'formuliersag op die terrein van die wetenskap', omdat hierdeur die formuliere met die Skrif gelykgestel word. Hy word toe dieselfde jaar deur die kuratore, op grond van sy geskrif ontslaan. In 1678 is hy oorlede.

Ook aan die ander universiteite, Groningen en Franeker, het die denkbeelde van die nuwe filosofie deurgedring en onrus veroorsaak. Een van die professore van Franeker, wat ver gegaan het in sy opvattinge, was H A Roëll (1653-1718), wat reeds in sy intrede die lig van die rede, wat God aangesteek het, geroem het. Later het hy die ewige generasie van die Seun ontken en ook geleer dat alle menslike teen-

spoed 'n straf vir ons sonde is, waarmee hy dus stel dat Jesus nie werklik die straf vir al ons sondes gedra het nie. Roëll se opvattinge het beroering veroorsaak sonder dat hy daarvoor uit sy amp gesit is.

Die nuwere opvattinge het vanselfsprekend van die universiteite af deurgewerk na kerk, skool en gemeenskap. Daar het dit klassikale vergaderings en sinodes be-roer, wat hoofsaaklik 'n verdedigende aksie teen die nuwere opvattinge gevoer het. Hierdie stryd, wat gaan om die vryheid van denke, het lank geduur. Die Ortodoksisme, wat die gesag van die Skrif en belydenis wou handhaaf, het die gevare van vrye individualisme in die godsdienste en die kerk terdeë besef en beveg. Die teenparty het veral die stryd aangebind teen die Skolastieke dogmatisme, wat verstok geraak het in sy sisteem.

So het die Rasionalisme die kerk binnegedring en die akker voorberei, want in die agtiende eeu seëvier die beginsels van die Renaissance ook in die kerk.

Hier is dit ook van belang om as 'n naskrif by Descartes se invloed in die kerk, 'n paar opmerkings te maak oor Baruch d'Espinoza (1632-1677), seun van 'n Portugees-Joodse familie wat na Amsterdam gevlug het om aan die Inkwisisie in Portugal te ontkom. As filosoof wat alle bande met die Jodedom afgesny het (hy is in Julie 1656 met die groot banvloek uit die sinagoge en Joodse gemeenskap verban), het hy Descartes se opvattinge verder gevoer en by 'n mistiese panteïsme uitgekóm. Van belang is egter sy *Teologies-politieke traktaat* van 1670. Die traktaat is 'n aanval op die gereformeerde kerkstaat en terselfdertyd ook 'n aanval op artikel 36 van die NGB, want, stel hy, die reg en gesag in geestelike sake behoort heeltemal aan die politieke gesagsdraers in die staat. Die uitwendige godsdienste moet beantwoord aan die eise van vrede in die staatsbestel. Met hierdie opvatting keer Spinoza artikel 36 om, want, stel hy, die burgerlike owerheid moet die hoogste gesag hê in die kerk en in godsdienstige sake. Volgens hom is die publieke religie niks anders as die ware deug of die algemene sedelikheid nie.

Teenoor die Calvinistiese vaders, stel Spinoza dat alleen die owerheid gesaghebbend die Skrif kan uitleë. Volgens hom kan die owerheid in die lig van die rede die Skrif so verstaan dat hulle 'n vroom en deugsame lewe van hulle burgers kan eis.

Hoewel hy nie baie navolgers in Nederland gevind het nie, was sy opmerkings tog tiperend van die Rasionalisme en toon dat dit direk in botsing met die Calvinisme is. Dit is nie so vreemd nie dat Pierre Bayle (1647-1706), wat 'n volgeling van Descartes was en beroemd word vanweë sy *Dictionnaire historique et critique* van 1697 en volgende jare, ook by Spinoza aansluit op sy kritiek van artikel 36 van die NGB. In sy *Commentaire philosophique* van 1686 stel hy dat die uitroei van die valse godsdienste, soos artikel 36 dit stel, onaanvaarbaar is in 'n regstaat wat billikheid, regverdigheid en humaniteit as deugde aanvaar het. In elke staatsgemeenskap wat die

natuurlike, redelike en sedelike lig erken, kan die afwykende mening alleen met 'die wapen van 'n oortuigende onderrig' teengestaan word. Dit is interessant om Bayle se definisie van Godslastering te sien. Hy betoog dat 'n mens hom alleen aan Godslastering kan skuldig maak as hy teen sy beter wete in, Godslasterlike woorde gebruik. Daarom was Servet in die sestiende eeu glad nie 'n Godslasteraar nie, met ander woorde, 'n openbare daad kan nie objektief beoordeel word nie. Alles hang af van die gesindheid van die dader. As die dader eerlik is en trou is aan sy innerlike oortuigings, dan moet hy in 'n regstaat ongestoord gelaat word as hy met sy medeburgers wil saamwoon.

So word dit duidelik dat sowel Spinoza as Bayle die staatsleer wil ontteologieseer. Hulle wil die owerheid of staat nie meer sien as 'n instelling van God nie, maar as iets wat normaalweg voortkom uit die natuurlike en redelike insig van die mens. Hier vind dus 'n tromp-op botsing plaas met die Calvinistiese, skriftuurlike opvatting.

Literatuur wat hieroor geraadpleeg kan word, is:

Cragg, G R 1970. *The church and the age of reason*. Harmondsworth: Penguin Books.

Duker, A C 1897-1914. *Gisbertus Voetius*. (4 dele.) Leiden: Brill.

Kantzenbach, F W 1965. *Protestantisches Christentum im Zeitalter der Aufklärung*. Gütersloh: Gerd Mohn.

Labuschagne, J P. Die historiese konteks van 20ste eeuse samelewingsteologie. DD-proefskrif: Universiteit van Pretoria.

13.3 Die Nadere Reformasie en die piëtistiese reaksie

Een van die gevolge van die Sinode van Dordrecht, tesame met die eis tot regsinnigheid, was dat die geloof in God Drie-enig verdring is deur 'n intellektualistiese kerklike sisteem. Die handhawing en verdediging van die leer van die kerk of wel die dogmatiese sisteem, het daartoe gelei dat die prediking langdradig, ingewikkeld en geleerd geword het en dat die geloof gesien is as verstandelike instemming met die leer van die kerk.

Luther het in die sestiende eeu tot die verrassende ontdekking gekom dat God 'n genadewoord gespreek het wat vir die sondaarmens bedoel is. In sy leer, tesame met die Reformatoriese leer van die regverdiging van die sondaar en die vrypraak op grond van Jesus Christus se soenoffer, word die geheel van die Woord van God en die hele sondaarmens op mekaar betrek. Die objektiewe en subjektiewe Woord kom by mekaar, want die Woord is 'n woord *pro nobis*. Hierdie skriftuurlike verstaan van God se genade gaan in die tyd ná die Reformatore weer verlore.

Die verrassende van die genade is onderskat en dit word dan as vanselfsprekend beskou, omdat die erns van die sonde en die sonde self, betreklik geag is. So is die heilbrengende subjektiwiteit van die objektiewe Woord nie meer raakgesien nie. Die Woord is as 'n uiterlike grootheid gesien en die menswording van die Woord is nie meer waardeer nie. Dit het tot gevolg dat die geloof vervlak tot 'n verstandelike aanvaarding van die Goddelike waarhede. So word die geloof 'n menslike daad in plaas van 'n Goddelike genadegawe; slegs die beginpunt van 'n *ordo salutis*, in plaas van 'n totale ommekeer van die mens van sondaar tot kind van God.

Die besef het gegroei dat, met die opkomende Formalisme, iets êrens verkeerd was. Daar is nie ingesien dat die fout daarin geleë was dat daar nie meer volledig en persoonlik erns gemaak is met die vreemde Woord van God nie. Die algemene opvatting was dat die leer volmaak was, dat dit alles sistematies saamgevat het wat die Skrif gesê het. Daarom is geoordeel dat die leer aangevul moes word met die lewe. Die objektiewe, uiterlike Woord moes net 'toegepas' word in die lewe; omdat geloof ook gehoorsaamheid beteken, is 'n nuwe, wetties-bepaalde lewe gepropageer.

Wat dus gebeur het, is dat die verkeerde subjektiwiteit waarin die Woord geplaas is, aangevul is met 'n verkeerde subjektiwiteit en so word die mens verkeerdlik gesien as 'n nuwe middelpunt langs die Woord. Histories is dit verklaarbaar, juis omdat die Dordtse Sinode verplig was om 'n uitspraak te maak oor die uitverkiesing wat in dispuut geraak het. Ná Dordt word die tendens in die post-Calvynse Calvinisme bestendig dat die uitverkiesingsleer nie net die toets van die regsinnigheid geword het nie, maar ook die uitgangspunt van die teologie. So word die leer van die uitverkiesing tot die *cor ecclesiae* gemaak, terwyl, as die NGB (art 16) nagegaan word en ook die HK, dan is dit duidelik dat die uitverkiesing nie so 'n sentrale posisie beklee nie. Ná Dordt kom dus vanselfsprekend die vraag na vore: Is ek uitverkore of wie is die uitverkorenes? Juis hierdie vraag trek die aandag weg van God na die mens toe en maak dit makliker om die mens as 'n nuwe middelpunt langs die Woord te plaas, deur nadruklik te vra na die vrugte van die geloof in die lewe van die mens. Enkele van die Dordtse vadere, asook Taffinus, skrywe oor die kenmerke van die kinders van God en oor die sekerheid van die heil en het daarop gewys dat die sekerheid van die geloof in die lewe van die gelowige moet blyk. Daarmee het Taffinus aangesluit by 'n tendens in die Nederlandse volksaard, wat alreeds deur die *Moderne Devotie* aangedui is, vir die etiese aspek in die geloof en 'n lewenstyl wat daarop gebou is. Die hele Nadere Reformasie (nader = verder of voortgaande) is 'n beklemtoning van die gedagte dat, ná die hervorming van die leer, 'n verdere hervorming nodig was en dit is 'n hervorming van die lewe.

13.3.1 Die herkoms van die Nadere Reformasie

Van twee kante af is hierdie opvattinge in die Nederlandse kerklike lewe ingedra. Aan die een kant is dit gedoen deur William Ames (Guilielmus Amesius – 1576-1633) wat van 1622-1632 teologiese professor te Franeker was. Gebore in Ipswich in Engeland in 'n streng Puriteinse huisgesin, studeer hy te Cambridge onder die groot Puriteinse teoloog, William Perkins. Vanweë sy uitgesproke Puriteinse simpatieë, moet hy Cambridge, waar hy 'n *fellow* van *Christ College* was, verlaat. Vanweë druk van die *ecclesia Anglicana* verlaat hy Engeland en kom in 1610 in Nederland aan, waar hy in Amsterdam predikant van die Engelse gemeente aldaar word. Van 1611-1618 is hy leërpredikant in die Engelse leër en woon in Den Haag. Daar bemoei hy hom met die Remonstrantse twiste en val die Remonstrante skerp aan.

Tydens die Sinode van Dordrecht tree hy op as sekretaris, daartoe aangestel deur die Staten-Generaal. Hoewel hy nie op die voorgrond tree nie, speel hy 'n belangrike rol daar. In 1622 word hy aangestel as teologiese professor te Franeker.

Ames se belangrikste werk is sekerlik sy *Medulla theologica*. Afgesien van sy akademiese arbeid, is hy 'n groot voorvegter vir 'n asketies-Puriteinse lewenswandel en doen hy baie moeite om die lewenspeil van die studente te verbeter. In 1633 aanvaar hy 'n beroep na die Engelse gemeente in Rotterdam, maar hy sterf in Oktober van daardie jaar.

Ames is veral bekend vanweë sy stelling dat die teologie die leer is oor hoe om voor God te lewe. Gesien sy Puriteinse agtergrond, is dit ook verstaanbaar dat hy 'n verstandelike benadering van teologiese vraagstukke afgewys het. Mede deur sy invloed is die Nederlandse predikante se aandag gevestig op die Engelse Puritanisme.

Die tweede kant vanwaar die Engelse Puriteinse opvattinge in Nederland ingedra is, was van die kant van Willem Teellinck (1579-1629), predikant te Middelburg. Reeds voor die Dordtse Sinode het hy baie klem gelê op die eis van 'n Christelike lewenswandel. Hierdie benadrukking van die vroomheid het hy in Engeland geleer by die Puriteine aldaar. Daarvandaan het hy hom beywer vir 'n Christendom-vandie-praktyk, wat 'n duidelike asketiese lewenshouding gekweek het. Teellinck en sy medestanders het hulle beywer vir die innige vroomheid (dws inwendige vroomheid of vroomheid van die hart) en minder klem gelê op die ywer vir die suiwerheid van die leer.

Deur sy toedoen is die geskrifte van die Engelse Puriteine, soos Whitaker, Perkins, Hooker, Taylor en Adams vertaal en in Nederland versprei. Dit is vanselfsprekend dat die Kongregasionalistiese gedagte (dws dat die plaaslike gemeente 'n *ecclesia completa* is wat geen ander breër kerklike lewensverband nodig het nie) ook in die Middelburgse kring na vore gebring is, want in Puriteinse kringe in Engeland is die argument populêr as verweer teen die *ecclesia Anglicana*. Vermeldenswaardig

is dit ook dat Ames, waarskynlik vir dieselfde rede, die Kongregasionalisme voorgestaan het.

13.3.2 Die Nadere Reformasie

Die Nadere Reformasiebeweging, wat leerstellig formeel in die regsinnige bane gebly het en veral die vroomheid en die gelowige lewenswandel benadruk het, het voor- en teenstanders in al die teologiese partye gehad. Aanvanklik het die Nadere Reformasie veral steun by die Voetiane gekry, want Voetius self het 'n asketiese lewenswandel voorgestaan, versier met 'vrome oefeninge', dit wil sê die reëlmatige lees van die Bybel en die oordenking daarvan en vaste gebedsure en tye afgesonder vir oordenking. In Utrecht het rondom Voetius 'n kring van Nadere Reformasie-aanhangers ontstaan waarvan die asketiese digterpredikant, Jodocus van Lodenstein (1620-1677) sekerlik die belangrikste was.

Lodenstein was in Utrecht 'n gevierde kanselredenaar. Met duidelike mistiese tendense in sy denke, was hy afkerig van alles wat hy as wêrelds beskou het. Die asketiese beoefening van die ware bekering was vir hom die allesoorheersende. Om homself te volmaak, het hy voortdurend die eensaamheid opgesoek waar hy gebed het en dikwels gevas het. As ywerige boeteprediker het hy by baie 'n groot aansien gehad.

Sy belangrikste geskrif, *Beschouwinge van Zion*, was 'n vyfdelige bundel opstelle. Hy het sy gedigte gepubliseer as *Uytspanningen* en hy het sy digkuns ook gebruik 'om de godsdienst te bevrijden uit de kluisters van het dogmatisme en haar de heiligende invloed op het leven te doen hervinnen'.

Hoewel Lodenstein 'n regsinnige teoloog was, het hy juis, vanweë sy strewe na volmaaktheid en heiligheid, geoordeel dat hy nie waardig is om die Nagmaalstekens te ontvang nie en daarom vanaf 1673 nooit meer Nagmaal bedien nie. Hierin word wel duidelik dat die mens se vroomheid en die kwaliteit van sy lewenswandel vir hom belangriker was as die genade van God.

Naas Lodenstein het die Utrechtse kring bestaan uit die professore Essenius en Hoornbeek en die predikante Van den Bogaert, Van de Velde en een van die jonger Teellincks. Een van die merkwaardige figure in die kring, was Anna Maria van Schurman (1609-1678), een van die mees begaafde vroue van haar tyd. Sy was nie net bedrewe in die Klassieke en Oosterse tale nie, maar ook in die teologie, die kuns en in vroulike handwerke. Sy is deur Voetius besonder hoog geag en was beroemd vanweë haar kennis.

Dan was daar ook die twee Brakels, vername figure in die Voetiaanse Nadere Reformasiekring. Die ouere was Theodorus a Brakel (1608-1669) en sy seun Wil-

helmus a Brakel (1645-1711), die skrywer van die beroemde *Redelijken Godtsdienst* in 1700, wat nie net in Nederland nie, maar ook in Suid-Afrika geweldig baie gelees is, sodat dit herhaaldelik herdruk is. Ook hier kry ons die tipiese aksente van die Nadere Reformasie, naamlik dat die hart en die lewenspraktyk ook hervorm moet word. Die 'Godsaligheid' (in 1 Tim 6:6 en in 2 Pet 1:5-9 word dit vertaal met 'godsdien's') moet sigbaar word.

Die Nadere Reformasie het ook in die kringe van die Coccejane deurgedring en is daar veral deur Joh D'Outrein (1662-1722) gepopulariseer. Ook hy het die gewoonte om geestelike oefeninge te hou, gepropageer en wou die etiese aspek van die lewe verhef bo die strewende na leerheiligheid. Sy belangrikste werk was sy *Korte schets der goddelijken waarheden* in 1687. So het die Nadere Reformasie breed in die Nederlandse kerklike wêreld deurgewerk.

As so na die Nadere Reformasie gekyk word, dan is dit duidelik dat die beklemtoning van die wedergeboorte maklik 'n valse lydelikheid kan kweek en die nadruk op die heiligmaking 'n valse wettisisme in die hand kan werk. Altwee hierdie aksente plaas die vroom mens in die middelpunt van die aandag en nie meer Jesus Christus nie.

Die opvallende kenmerk van die Nadere Reformasie was die vorming van aparte geselskappe of konventikels. Die bedoeling was om mekaar daar in die geloof op te bou. Die gevaar was egter altyd daar dat die 'ware vromes' in die konventikel hulleself kon beskou as die 'ware kerk' langs die 'verwêreldlikte kerk'. Hierdie tendense van die Nadere Reformasie het in opvolgende bewegings soos dié van De Labadie en die Piëtisme werklikheid geword.

13.3.3 Die Nadere Reformasie ontspoor: De Labadie

Een van die merkwaardige figure wat die Nadere Reformasiebeweging opgelewer het, was die Fransman, Jean de Labadie. Gebore in 1610 te Bourg studeer hy jarelank onder die Jesuïete, maar gaan in 1650 oor na die Protestantisme en word predikant te Montauban. In 1659 neem hy 'n beroep aan na Genève en in 1666 kry hy 'n beroep na die Franssprekende gemeente in Middelburg. Saam met hom reis twee vriende, Yvon en Du Lignon.

In hierdie tyd publiseer hy sy geskrif, *Abrégé du véritable christianisme* waarin hy veral die suiwering van die kerk bepleit. Die 'dooie' Ortodoksie moet vervang word deur 'n lewende vroomheid en die kerk moet weer die vergadering word van die ware weergeborenes. Die gelowige Christen moet herkenbaar wees aan sy werke, terwyl die ware toets van die geloof, die selfverloëning is. De Labadie beklemtoon dit

dat God ook heiligmaking van die gelowige eis en daarvoor moet Christus se woorde en daede as voorbeeld geneem word.

De Labadie het in Middelburg betreklik gou in botsing gekom met die kerk, vanweë sy konventikelvorming. Hy wou slegs 'n kerk van ware gelowiges hê en daardeur toon sy denke grootliks ooreenkoms met die Montanisme en die Donatisme. Daarby was De Labadie se taamlik hooghartige optrede ook iets wat aanstoot gegee het. Die botsing ontstaan, omdat De Labadie nie die *Confession* en die *Discipline* wou teken nie en ook nie die verduideliking daarvan wou aanvaar nie. In 1668 word hy geskors en in 1669 word hy deur die Sinode saam met Yvon en die kerkraad van sy amp onthef.

De Labadie wyk uit na Veere waar hy 'n onafhanklike gemeente met ongeveer driehonderd lidmate vestig. Ook vanweë die toevloei van mense uit Middelburg, groei die gemeente totdat die Staten van Zeeland eis dat Veere die gemeente moet verban. Dit bring De Labadie daartoe om Zeeland te verlaat en in 1669 na Amsterdam te gaan. Daar begin hy met 'n huisgemeente, waar Anna Maria van Schurman haar by hom aansluit en heelwat ander aansienlike mense. Hy trek hier met sy prediking groot gehore. Sy verblyf in Amsterdam is nie lank nie, vanweë die teenkantiing van die stadsowerhede en in 1670 verhuis hy met dertig volgelingen na Herford in Wesfale waar hy 'n tuiste aangebied is. Hier ontwikkel die Labadisme sy leer en begin met die invoering van die kommunale besit van alle aardse goedere. Die huwelik word as 'n verbintenís van uitverkorenes gesien en die doop word slegs aan kinders bedien wat die tekens van hulle weergeboorte dra, terwyl die Nagmaal, waar Jesus Christus die gelowiges voed met sy gees, alleen deur die bewese uitverkorenes ontvang mag word. Hier word die Labadistiese 'gebed' ook beoefen, wat nie 'n spreke met God is nie, maar 'n luister na God in 'n mistiese kontemplasie – so word die mens een met God. Hiermee hang saam die oefening in en beleving van die inwendige lewe wat uit drie trappe bestaan: die selfondersoek, die beoefening van die inwendige deugde en die praktiese ervaring van die liefde van God.

Die Labadisme is ook te Herford onder druk geplaas. So swerf hulle dan na Altona in Denemarke waar De Labadie in 1674 oorlede is, en in 1675 kom hulle in Wieuwerd in Friesland aan onder leiding van Yvon en Du Lignon. Hier het die groepie sektariërs 'n woonplek gevind en in kommunale besit hulle lewe geleef. Hier is Anna Maria van Schurman in 1678 oorlede. Ná die dood van Yvon in 1707, het die groepie geleidelik uitgesterf en ontbind.

Die Labadisme wou die verwêreldliking van die kerk bestry, deur klem te lê op 'n wettiese asketisme. Hier staan die weergebore mens met sy asketiese prestasies op die voorgrond. Die Labadisme wou uiteindelik die kerk van die ware weergeborenes of uitverkorenes wees. Tereg het die kerk hierdie sekte uit die kerk uitgesluit.

13.3.4 Slotopmerking

Die reaksie van die Nadere Reformasie was nie in staat om die verwêreldliking van die kerk te stuit nie, juis vanweë die geneigdheid van die beweging om uit die kerk uit te tree en die heil in die konventikel, die vergadering van gelykgesindes, te soek. Sodoende het die Nadere Reformasie self sy invloed in die kerk afgesny en die kerk en wêreld aan sy lot oorgelaat. Ook die Piëtisme, wat 'n voortsetting van die Nadere Reformasie is, slaag nie daarin om die verwêreldliking van die kerk in die eeu van die Rasionalistiese Verligtheid, te stuit nie.

Literatuur wat hieroor geraadpleeg kan word, is:

Goeters, W 1911. *Die Vorbereitung des Pietismus*. Leipzig: J C Hinrichs'sche Buchhandlung.

Graafland, C 1961. *De zekerheid van het geloof*. Wageningen: H Veenman en Zonen NV.

Malan, C J 1981. *Die Nadere Reformasie*. Potchefstroom: PU vir CHO.

Hoofstuk 14

Die Hervormde Kerk in die agtiende eeu

14.1 Inleidend

Die agtiende eeu is 'n tydperk van geweldige verandering in Europa. In die eeu het die beweging wat as die *Aufklärung*, die Verligting of Verligtheid bekend gestaan het, baan gebreek. Die lig wat opgegaan het, was die lig van die menslike rede of verstand. Waar in die voorafgaande tyd die gesag van die kerk, van die kerklike tradisie en van die Woord van God die openbare lewe en lewenstyl van die mens bepaal het, word dit nou 'n nuwe lewensbeskouing en mensopvatting wat uitgaan van die mens en die krag van sy redelike denke, wat alles bepaal. In hierdie tyd begin die verwêreldliking, die sekularisasie van die persoonlike en openbare lewe. Die mense van die agtiende eeu het self die naam 'Verligting' aan hulle beweging gegee. Hulle het die optimistiese, byna vrolike opvatting gehad dat nou uiteindelik die lig deurgebreek het in die Europese beskawing. Die voorafgaande tyd, die Middeleeue, en selfs die tydperk van die Kerkhervorming (met sy vervolgings en godsdiensoorloë!) is as duisternis of skemering beskou. Nou, volgens hulle gevoel, het die lig van die menslike rede deurgebreek en die mense van daardie tyd het met groot optimisme en entoesiasme hulleself beskou as die bouers van 'n nuwe orde, 'n nuwe wêreld. Die sleutel wat 'ontdek' is, was die rede en redelike denke van die mens, wat tot alles in staat was – so is geoordeel.

14.2 Waar lê die waterskeiding?

Dit is, terloops, 'n belangrike vraag of die Kerkhervorming beskou moet word as 'n nawerking van die Middeleeue en of dit deel uitmaak van die nuwere, moderne tyd. Gewoonlik word die Kerkhervorming tussen die Middeleeue en die moderne tyd gerangskik, want aan die een kant is dit nog deel van die Latynse Middeleeue. Dit blyk daaruit dat ook die Kerkhervorming stel dat

- * die godsdiens die onderwys, kulturele lewe en openbare omgang moet bepaal;
- * die owerheid, wat 'n Christelike owerheid moet wees, verplig is om die kerk te beskerm;
- * net een godsdiens in 'n bepaalde land aanvaar kan word.

Daarby is die teologiese vraagstukke wat aan die orde gestel word, dieselfde as die wat in die Middeleeue die aandag besig hou. Sonde en genade is vanaf die tyd van Augustinus en dalk ook Tertullianus, een van die sentrale temas van die Middeleeue en die Hervormde teologie. Hoewel Luther met klem Aristoteles se filosofie as 'n stut vir die teologie verwerp, word Aristoteles weer deur die Gereformeerde Skolastiek en in die latere Lutheranisme gebruik. Net soos die Middeleeue, handhaaf die Hervorming 'n oop wêreldbeeld met die aandag primêr gekonsentreer op God en sy wêreld, terwyl die gehoorsaamheid aan God die basis vir alle etiek is.

Aan die ander kant is die Hervorming 'n nuwe verstaan van die inhoud en betekenis van die Christelike geloof. Die Kerkhervorming is 'n breuk met die Sakramentalisme en bygeloof van die Rooms-Katolieke Kerk en die sakrament word nie meer as genademiddel aanvaar nie. So word die hele vroomheidsstruktuur van die Rooms-Katolieke Kerk deurbreek. Dit is nie meer nodig vir die mens om deur middel van goeie werke op te klim na God toe nie, dit is nie meer nodig om die sonde deur 'n uitgewerkte sisteem van boetedoening, uit te wis nie. Die geloof waardeur die vergiffenis van die sonde verkry word, is 'n genadegawe van God op grond van die soenverdienste van Jesus Christus. Die verhouding met God, wat deur God tot stand gebring word, word deur die begrip 'geloof' bepaal, waarop die dankbaarheid volg. So word die etiek nie meer deel van die verlossingsleer, soos by die Rooms-Katolieke Kerk nie. Op grond daarvan stel die Hervormde teologie dat die hele lewe van die mens diensbaar aan God is, en juis so word 'n hele nuwe lewensuitkyk gebou.

Tog verskil die Verligting radikaal van die voorafgaande tyd, want dit stel, teenoor die Middeleeue en die Kerkhervorming, die groot beginsel van die outonomie van die mens. Die mens is self sy eie wet en in sy eie wese moet hy die fondament en norm van sy lewe vind. In daardie lig gesien, lê die waterskeiding tussen die voorafgaande en nuwere tyd, ná die Kerkhervorming. As daar 'n datum aan gegee moet word, kan 1648 na vore gebring word, want dit is die einde van sowel die tagtigjarige oorlog in die Nederlande, as die dertigjarige oorlog in Duitsland. Dit word die laaste van die godsdiensoorloë. Daarna word oorloë gevoer ter wille van die ideologieë van die mens self.

Dit is in 'n sekere sin opvallend dat die Verligting so geweldig gevorder het vandat dit begin baan breek het. As dit gestel word, moet in aanmerking geneem word dat die wortels van die Verligting ver voor 1648 in die geskiedenis lê. Reeds in die

tyd van die Renaissance, toe die Kerkhervorming teenoor die Rooms-Katolieke Kerk, wat die gesag van die pous en kerk beklemtoon het, die gesag van die Heilige Skrif benadruk het, het die Renaissance sy standpunt gestel. In die Renaissance en in die daarmee verbonde Humanisme, het die mens met sy moontlikhede in die sentrum gestaan en daar het die mens gegeld as die maatstaf en die doel van alles. Dit is by hierdie denkrigtings, wat op hulle beurt weer terugryp op die kennis, kultuur en lewenswysheid van die ou antieke, heidense Grieke en Romeine, waarby die Verligting aansluiting soek en vind. Die verskil is dat die Renaissance terugryp na die verlede, terwyl die Verligting vooruitryp om die wêreld te hervorm en te verbeter, gebou op die logika en rede van die mens.

Dit is interessant om vas te stel langs watter weg die *Aufklärung* toegang gekry het tot die denke van die ortodokse Protestantisme en dit toe omgedop het. Die Verligting het die gedagte geloofs van 'n natuurlike teologie en natuurlike religie. Die natuurlike religie was gebou op 'n aantal vaste waarhede wat ook deur die menslike rede vasgestel en bewys kan word. Daarnaas was dit so dat die meeste sentrale waarhede ook uit die Skrif afgelei kon word, maar nie eksklusief Christelik is nie. Die basiese waarhede van die natuurlike religie, wat alle mense gemeenskaplik besit, is dan

- die kennis van die bestaan van God;
- die kennis van die onsterflikheid van die siel;
- die loon en straf wat die mens in die hiernamaals sal ontvang;
- die 'natuurwet' wat alle mense as 'n ingeskapene het;
- die 'natuurlike lig' wat alle mense gelykmatig besit.

As gevolg hiervan het alle mense 'n gelyke kennis en bewustheid van basiese godsdienstige en sedelike grondwaarhede.

Hiervandaan is dit moontlik om die natuurlike religie breër of smaller uit te bou, om sodoende die fondament van die teologie te soek in die redelik-ontdekbare religie en nie meer in die geopenbaarde diens van God nie. Dit is deur die venster van die natuurlike religie en die vertrouwe op die rede van die mens dat die Verligting ook die gereformeerde teologie binnegedring het.

14.3 Die opkoms van die moderne natuurwetenskap

Een van die faktore wat aan die Verligting 'n groot stoot gegee het, was die opkoms van die moderne natuurwetenskap, wat terselfdertyd die mens se hele wêreldbeeld gewysig het. In die Renaissancetyd het Nicolaus Copernicus (1473-1543) die Griekse opvatting oor 'n heliosentriese universum verder gevoer en geleidelik die Bybelse wêreldbeeld afgebreek.

Dit was veral Sir Francis Bacon wat met die nuwe induktiewe eksperimentele metode, waarmee algemene waarhede vasgestel kan word, 'n totaal nuwe metode na vore gebring het, waarmee die waarheid vasgestel kan word.

Galileo Galilei van Pisa (1564-1642) het met sy werk die termometer 'uitgevind', die pendulum ontwikkel en die fisika in nuwe bane gelei, veral met sy waarnemings van die sterre en hemelliggame deur middel van die teleskoop. Hoewel hy sy opvattinge, gepubliseer in sy *Dialogia* van 1632, onder druk van die Inkwisisie moet intrek, word dit later bevestig deur die werk van Sir Isaac Newton (1642-1727).

Die werk laat baie mense beseft dat die wêreld en die hele uitpansel nie funksioneer op grond van 'willekeurige besluite' van God nie, maar volgens 'n vaste reëlmaat van oorsaak en gevolg. Daarby word dit nou duidelik dat die aarde nie die sentrum van die heelal is nie, maar slegs 'n baie klein onderdeeljie daarvan. Dit bring mee dat vir baie mense die waarde van die Christendom betreklik word.

Wat nou gebeur, is dat in die natuurwetenskap die geopenbaarde waarheid van die Skrif nie meer aanvaar word nie. Alleen dié waarheid wat rasioneel deur middel van 'n eksperiment, waarneming of ervaring vasgestel word, word as waarheid, wat wetenskaplik vas staan, aanvaar. Daarom word Aristoteles verwerp en word deur navorsing en studie verskillende natuurwette vasgestel (swaartekrag, aantrekkingskrag, wette van die lig ens), waardeur onder andere die wetmatigheid van die sterrewêreld vasgestel word. Vanweë hierdie 'ontdekkings' voel die mens asof hy die wêreld kan beheers. Nou wou die mens, deur die natuurwetenskaplike metode toe te pas, alle ander vakwetenskappe ook vernuwe en daarin ook die basiese stelsels ontdek waardeur hy alles kan verstaan en beheers.

So ontstaan die Verligting, waar die leiers geoordeel het dat hulle deur middel van die rede, die hoogste vermoë van die mens, alles kan verstaan, kan begryp en kan beheers. Die rede alleen moet die mens lei, nie meer die geloof, die tradisie, die karakter of iets dergelyks nie. Buitendien, as alle mense hulle deur die rede laat lei, wat alle mense gelykmatig besit, dan sal die eenheid van die mensdom uiteindelik verwerklik word.

So, gelei deur die lig van die rede wat alles anders sekondêr gestel het, het die mense van Europa getrag om hulle wêreld te vernuwe, te verander en te verbeter. Die optimistiese, hooggestemde koers wat in die agtiende eeu begin het, loop dwarsdeur die negentiende eeu om uiteindelik in skerwe te spat en begrawe te word in die kruutrook en modder van die sinlose loopgraafoorlog van 1914-1918.

14.4 Die Verligting in verskillende lande

As die filosoof, René Descartes (1596-1650), met sy nuwe filosofie, waar die mens en sy denke die uitgangspunt word, vir alle praktiese doeleindes beskou word as die begin, op filosofiese en geesteswetenskaplike vlak, van die *Aufklärung*, dan is dit nodig om kortliks na die situasie in ander lande te kyk.

In Nederland het verskillende leidinggewende figure van die *Aufklärung* geleef en gewerk. As voorbeelde geld die filosowe, René Descartes en Baruch Spinoza (1632-1677), sowel as Pierre Bayle (1647-1706), die Fransman wat baie gedoen het om die lewe van die mens los te maak van die gesag van die kerk en die Skrif.

Die Verligting het begin om breed baan te breek in Engeland. Vandaar het dit in Frankryk na vore gekom en toe deurgewerk na Duitsland. Hoewel die Verligting van volk tot volk verskil het, het dit basies beteken dat, vanuit die filosofie, die teologie verander is. So het die gedagtes van die Verligting van die universiteit af via die kansel in die gemeenskap posgevat. Daarnaas is dit veral deur die tydskrif en die boek verder gedra.

14.4.1 Die Verligting in Engeland

In Engeland word veral die gedagte van 'n natuurlike, redelike godsdiens ontwikkel. Die beginpunt hier lê by Herbert van Cherbury (1581-1648) en die bekende Engelse filosoof, John Locke (1632-1704). Locke erken dat daar 'n openbaring is en dat die mens hierdie openbaring moet glo. Hy stel egter dat die redelike denke van die mens sal vasstel wat 'n openbaring is. So staan die rede wel bokant die openbaring. Daarby oordeel Locke dat die doel van die mens se bestaan en lewe nie meer die eer van God en die diensbaarheid aan sy ryk is nie, maar die geluk, die algemene welsyn van die mens.

Aanvanklik word in hierdie dinkwêreld die rede bokant die openbaring gestel. Spoedig word die openbaring egter as kennisbron van God en die waarheid ter syde geskuif. Dan word die Deïsme ontwikkel, wat die uitdrukking van die natuurlike religie sou wees. Die natuurlike religie, so word gestel, is die oorspronklike religie waarna alle menslike godsdienste teruggaan. Dit is inherent in alle mense en kom op uit die mens se redelike natuur. Daarvoor het die mens nóg die kerk nóg die Heilige Skrif nodig. Die grondbeginsels van die natuurlike religie is

- die besef van die bestaan van God;
- die verering van God;
- die beoefening van die deug;
- die opvatting van loon of straf in die hiernamaals;
- die onsterflikheid van die siel.

In hierdie dinkwêreld word die Christendom gesien as gelyk aan die natuurlike religie en word gestel dat die openbaring die kort pad is na 'n waarheid wat die redelike mens met sy ingebore vermoëns buitendien self mettergaan sou vasgestel het. Die waarhede in die Christelike geloof wat nie deur die redelike denke vasgestel kan word nie, is kortweg afgemaak as priesterbedrog of as leuens wat deur konings en owerhede uitgedink is om die meerderheid mense in die kerk en in die staat onderworpe te hou.

Daarmee word dan die konklusie getrek dat alle godsdienste basies dieselfde is, want slegs die natuurlike religie, wat die mens self met sy redelike denke kan vasstel, is waar. Die Christendom, so word gemeen, is die hoogste vorm van natuurlike religie en moet as sodanig aanvaar word.

Die natuurlike religie het die voordeel dat dit die mens aanspoor om die goeie na te streef en te beoefen. Die 'goeie' is dan die geluk of welwese van die mensdom.

In hierdie denke word God al verder op die agtergrond gestoot en volgens die Engelse Deïsme is God eenkant, terwyl die wêreld en die mensdom voortgaan onder eie krag, volgens die reëls wat God daarvoor neergelê het.

14.4.2 Die Verligting in Frankryk

Die Verligting word vanuit Engeland na Frankryk oorgedra. Die situasie in Frankryk is van so 'n aard dat die opvattinge van die Verligting met entoesiasme aanvaar word, dit veral omdat die heersende Rooms-Katolieke Kerk die Franse koning gesteun het, wat losbandig en egoïsties ten koste van sy onderdane geleef het. In die samelewing word die gewone man onder geweldige belastingdruk geplaas, terwyl die hoëre adel en die manne van die geldmag in uiterste weelde geleef het. Dit bring mee dat die Rooms-Katolieke Kerk en die topstruktuur van die gemeenskap deur die ander klasse gehaat is, omdat onreg, korrupsie en dekadensie die tiperende van die mense in magposisies was. In hierdie situasie het die kerk ook geen leiding gegee nie.

Die figuur wat die gedagtes van die Verligting van Engeland na Frankryk oordra, is die filosoof, Montesquieu (1689-1775), wat veral stryd voer teen Koning Louis XIV se pogings om alle mag in die staat te bekom.

Montesquieu se vriende en medestanders word die Ensiklopediste genoem, want hulle het in die jare 1751-1780 'n ensiklopedie van vyf en dertig dele publiseer, waarin die hoofbeskouings van die Verligting gepropageer word. In die Ensiklopedie word aan die menslike rede die hoogste en enigste gesag toegeken. Hier word gestel dat die waarheid alleen deur die waarneming vasgestel kan word. Daarom

word begrippe soos 'God', die 'siel' en 'onsterflikheid' met groot skeptisisme bejeën. Geleidelik word 'n kultuur van materialisme en ateïsme gekweek.

Daarom word teen die einde van die agtiende eeu gestel dat alleen die ateïsme vryheid en gelykheid bring, want 'godsdienst' het in die wêreld niks anders as oorlog, twis, ellende en verdeeldheid gebring nie.

Die grootste figuur van die Franse Verligting, wat dwarsoor Europa bekendheid verwerf het, was Voltaire (1694-1778). Vanweë sy oordedende skryfstyl, sarkasme en skeptisisme het hy baie gedoen om gesag te ondergrawe, wat uiteindelik ook bydra tot die uitbreek van die Franse rewolusie in 1789. Daarby het hy striemende aanvalle op die Rooms-Katolieke Kerk en godsdienstige geloofs en veral die kerklike *dogmata* as onredelik en die geloofshelde as swakkelinge gehekel. Hy verwerp enige vorm van 'n voorsienigheid en sorg van God, want alles geskied volgens die onverbiddelike wet van oorsaak en gevolg. Sy raad is dat elkeen maar moet doen wat sy hand vind om te doen, want dit is nie vir die mens gegee om alles te verstaan nie.

Voltaire se redelike verligtheid is geredelik aanvaar en die gewone man het drome begin droom om Voltaire se kritiek op alle gesag in daad om te sit, veral in die rewolusie van 1789.

14.4.3 Die Verligting in Duitsland

In Duitsland breek die Verligting deur met die werk van die filosoof, Leibniz (1647-1716). Sy werk word voortgesit deur Christian Wolff (1679-1754) wat die openbaring as bron van kennis verwerp en die redelike, soekende denke dié funksie maak waardeur en waarmee die mens tot kennis kom. Hy herbou die Duitse wetenskap, ná die verwoesting van die dertigjarige oorlog, en skep die indruk dat die wetenskap met sy wiskundige bewyse, alles weet, verklaar en beheers.

'n Redelike groot groep Duitse teoloë het Wolff se metode, naamlik om alleen dit as waar te beskou, wat met wiskundige sekerheid 'bewys' kan word, nagevolg en in die teologie toegepas. Hulle probeer om deur middel van die rede, die leerstellingen van die kerk te 'bewys'. So kry die ou inhoud van die kerkleer 'n nuwe grondslag in die rede. Hulle argumenteer dat die leer van die kerk nie waar is omdat dit op die waarheid van die openbaring van God gebou is nie, maar omdat die waarheid van die leer 'bewys' kan word deur die onafhanklike, menslike rede. So ontstaan die Supranaturalisme, waarin die openbaring van God aanvaar word, omdat en vir so ver hierdie openbaring deur die rede as waar bewys kan word. Die mens self met sy vermoë is dus die maatstaf ook van die openbaring van God.

In die poging om baie van die erkende waarhede in die leer van die kerk weg te werk, word na die Bybel teruggegaan. Dan word gepoog om aan te toon dat die By-

bel ook nie die 'bewyse' bevat vir die waarheid van die leer van die kerk nie. So word 'n nuwe beweging geloods om die 'menslike leerstellings' van die kerk te negeer en al die aandag toe te spits op die studie van die Skrif. Op hierdie wyse word die tyd van die Verligting ook 'n tyd waar die Bybelwetenskappe al meer na vore kom. Die bedoeling van die hernude belangstelling in die Skrif was om die waarheid van die rede daar terug te vind. Die groot teoloog van die Verligting in Duitsland, J S Semler (1725-1791), is ook bekend vanweë sy uitvoerige Nuwe-Testamentiese studies.

Semler het begin met die onderskeid tussen die Woord van God en die Bybel. Dit beteken dat nie alles in die Bybel as geïnspireer beskou kan word nie. Daarom kom hy met die akkomodasie- of aanpassingsteorie na vore. Daarvolgens het Jesus en die Bybelskrywers hulle 'aangepas' by die verstaansvlak van hulle lesers of toehoorders. Daarom kom daar in die Nuwe Testament beelde, voorstellings en argumente voor wat die 'verligte mensdom' nie meer hoef te aanvaar nie. In hierdie situasie maak die menslike rede uit wat aanvaarbaar is of nie in die Bybelse verhaal. Uiteindelik word die argument ook gevoer deur Semler se navolgers, dat die mens nie meer 'n openbaring nodig het nie, omdat die menslike rede alles kan deurgroen en verklaar. So voer die Supra-naturalisme uiteindelik na suiwer Rasionalisme. Die laaste standpunt word veral deur G E Lessing (1729-1781) gevoer.

14.5 Die Verligting in Nederland

Die Verligting het, byna vanselfsprekend, ook in Nederland deurgewerk. Die agtiende eeu het in Nederland, op kerklik-teologiese vlak begin met die kerk wat nog vasgehou het aan die amptelike belydenisgrondslag wat by Dordrecht vasgestel is. Die meeste predikante het ook nog op die standpunt gestaan dat hulle die erfenis van die verlede wou bewaar. Tog word dit mettergaan duidelik dat die verskillende nuwe strominge wat na vore kom, ook indring in die kerk en daar, in die godsdienstige lewe en die teologiese studie, invloed uitoefen. Die opkomende stromings het egter nie groot stryd in die kerk veroorsaak nie. Hoewel daar verskil van mening was, was dit byna asof alle partye na gematigheid gestreef het om sodoende skerp meningswisselings te vermy.

Sommige historici stel dat die agtiende eeu in Nederland 'n geleidelike teruggang in die kerklike, teologiese, maatskaplike en politieke lewe beteken. As handels- en seevaartmoondheid moet Nederland sy plek afstaan aan Engeland en vanweë Nederland se poging om vrede teen elke prys te behou, word 'n politiek van kompromieë gevoer.

Die stoflike en materiële welvaart het in Nederland ook 'n verslapping op geestelike gebied meegebring. Op kerklik-teologiese vlak blyk die verslapping daaruit dat die belangstelling vir die ou strydvrage verdwyn. Terwyl die Belydenis gehandhaaf word, word terselfdertyd Rasionalistiese en Remonstrantse denkbeelde in die kerk verdra.

Die opvattinge wat Descartes na vore gebring het, het in die kerk voortgeleef in die agtiende eeu, hoewel daar geen stryd meer daarvoor gevoer is nie. Die opvattinge van Spinoza het in die kerk geen rol gespeel nie, omdat hy met sy panteïstiese opvattinge, as 'n Godloënaar beskou is. Ook die Engelse Deïsme het in Nederland nie besondere invloed uitgeoefen nie en hulle menings word nie so ernstig opgeneem dat dit stryd ontlok nie.

Aanvanklik het die werk van Leibniz en Wolff weinig weerklank gevind. Mettergaan het veral Wolff se opvattinge tog in die kerk deurgewerk. Wolff self is in 1740 nog tot die leerstoel van filosofie in Utrecht benoem, maar hy het dit nie aanvaar nie. Twee van sy leerlinge, die filosoof, Sam Koenig, is in 1744 en die teoloog, H Bernsau, in 1747 in Franeker benoem, maar het geen besondere invloed gehad nie. Tog dra hulle by om 'n klimaat te skep waarin die Supra-naturalisme as teologiese dinksisteem kan ontwikkel.

14.6 Die strydvrage van die eeu

Die veranderende klimaat in die godsdienstig-kerklik-teologiese wêreld word gekenmerk deur die strydvrage wat gedurende die eeu bespreek is.

14.6.1 Die stryd tussen die Voetiane en Coccejane

Allereers was daar die hernude stryd tussen die Voetiane en Coccejane. In 1707 het die Franssprekende predikant, Pierre de Joncourt, 'n skerp aanval op die Coccejane geloods. Vanweë sy taalgebruik word hy afgesit en word die stryd deur Jac Fruytier voortgesit. Ook hy word kerklik gedissiplineer.

Dit vlam weer op as die volgelinge van Friedrich Adolf Lampe, 'n oortuigde Coccejiaan, die stryd opneem. Lampe, van 1720-1727 professor te Utrecht, het die verbondsteologie weer nuwe lewe ingeblaas. Dit was veral die Voetiaan, Fruytier, wat die Coccejane aanval omdat hulle die leer van die triniteit sou verontagsaam het. Hierdie stryd bedaar egter in die dertigerjare. Lampe se opvattinge word veral weergegee in sy werk, *Verborgentheid van het Genaadeverbondt ter eeren van den grooten Verbondtsgod* van 1703. Die laaste woord is gespreek deur Prof J M Mommers met sy geskrif *Eubulus of goede raad* waarin hy, as Voetiaan, maan om die

stryd te staak en om eerder kragte saam te snoer teen die opkomende nuwere teologiese insigte.

14.6.2 Die Nadere Reformasie

Die Nadere Reformasie het ook nog voortgeduur onder diegene wat die klem op die vroomheid geplaas het. Hierdie vrome stigtelikheid, met sy beklemtoning van die geloofservaring, het sy aanhangers behou, ondanks alle veranderinge. Die teologiese denke en belewingsklimaat van die Teellincks en Lodensteins het onder die latere Voetiane voortgeleef. In hierdie kringe het Bernardus Smytegelt, predikant van Middelburg van 1695-1735, se bekende preke ingang gevind. Bekend is sy bundel van honderd vyf en veertig preke oor die een teks, Jesaja 42:3, 'Het gekrookte riet zal hij niet verbreken, en de rookende vlaswiek zal hij niet uitblusschen; met waarheid zal hij het recht voortbrengen' (Afr vert: 'n *Geknakte riet sal hy nie afbreek nie, 'n lampput wat dof brand, sal hy nie uitdoof nie. Hy sal my wil bekend maak soos dit is.*)

Ook onder die Coccejane het, as gevolg van die invloed van F A Lampe, die bevindelike teologie inslag gevind. In hierdie kringe het die subjektiewe bekeringsreis soms tot verskillende dweperye aanleiding gegee.

'n Besondere bydrae tot die Nadere Reformasie se lewenskrag in die agtiende eeu word gelewer deur Wilhelmus Schortinghuis (1700-1750). As student kom Schortinghuis onder die invloed van professor Antonius Driessen (1684-1741), 'n regsinnige teoloog met 'n nogal bevindelik-mistiese vroomheid soos uit sy werk, *Theologia mystica*, blyk. In 1723 word Schortinghuis predikant te Weener in Oos-Friesland en daar ervaar hy sy bekeringsreis. Vanuit hierdie bekeringservaring word sy teologie en prediking gestempel. In 1734 verskuif hy na die gemeente Midwolda, waar hy tot sy dood gedien het. In 1740 verskyn sy hoofwerk, *Het innige christendom*, 'n werk wat sowel breë aanvaarding as skerp teenkantsing ervaar het. In die werk beskou hy sy eie bekeringsweg as normatief vir almal. Sy innige Christendom (innig = na binne-gerigte) is 'n lewe waar gestaltes en ongestaltes van geloof voorop staan, ondersteun deur mistieke ervarings, wat hy as 'n hoëre trap van Christendom beskou, wat bo die geloof uitgaan.

By Schortinghuis is weergeboorte, bekeringsreis en heiliging losgemaak van die geloof en praat hy oor die bevinding sonder dat daar sprake van geloof is. Die geloof is by hom iets wat by die 'vordering' op die sogenaamde heilsweg, agtergelaat word, want weergeboorte, bekeringsreis en heiliging gaan vir Schortinghuis bo die geloof uit. Met hierdie eis tree Schortinghuis eintlik buite die grense van die Skrif en leer hy 'n skema van selfverlossing. Dit het Schortinghuis se tydgenote ook raakgesien en

hom daarom aangeval. Tog het hy groot invloed in die kringe van die Nadere Reformasie gehad.

Die tweede figuur wat 'n groot bydrae lewer, is Alexander Comrie (1706-1774). Afkomstig uit Skotland, kom hy op twee en twintigjarige leeftyd na Nederland, waar hy in Groningen teologie studeer onder professore Antonius Driessen en C van Velzen, en in 1734 promoveer hy te Leiden. Vanaf 1735-1773 dien hy as predikant te Woubrugge. Hy was 'n predikant wat baie gepubliseer het en veral sy prekeversameling is herhaaldelik herdruk. Bekend is veral sy *Catechismusverklaring*, die *Verhandeling van eenige eigenschappen des zaligmakenden geloofs* en sy *Voorrede aan den lezer, in zich bevattende een beknopte verhandeling van het Verbond der Werken*.

As verteenwoordiger van die Nadere Reformasie, wil Comrie veral aandag gee aan die agteruitgang op geestelike gebied, wat hy in skerp woorde aandui. Daarom rig hy hom tot die gelowiges en betreur dit dat daar geen bevinding is nie, dit wil sê 'n praktiese uitlewing van die geloof nie. Comrie wil hom veral beywer vir 'n vernuwing van die geloofslewe met 'n daarmee gepaardgaande heiliging van die lewe. Vernuwing beteken vir hom dan 'n terugkeer na die Hervorming en die Hervormde geloof. Daarom gaan dit vir hom voortdurend om die oorspronklike Calvinse teologie en die daaropvolgende Gereformeerde Ortodoksie. Daarby val hy voortdurend terug op die Dordtse Leerreëls, wat hy in 'n sekere sin beskou as die laaste woord. Daarom kom hy voortdurend in verweer teen alles wat daarvan afwyk. So lewer hy 'n positiewe bydrae om die kerkvolk te behou by die suiwere leer van die regverdiging deur die geloof alleen. So het hy in sy tyd sy bydrae gemaak en sy nawerking duur in Nederland tot vandag voort.

Die beklemtoning van die innige vroomheid met sy skematiese voorstelling van 'n vaste heilsweg, het die opkoms van konventikels en dergelike byeenkomste bevorder. Tog was daar ook oordrywing, soos die Nijkerkse beweging wat ontstaan het as gevolg van die prediking van dominee Gerhardus Kuypers (1722-1798), wat klem gelê het op die ervaring van 'n emosionele bekering. 'n Groot opwekking het in November 1749 in Nijkerk ontstaan en daarvandaan uitgekring. Die vrae wat gestel is, is, 'Wat moet ons doen?' en 'Watter pad moet ons loop om gered te word?' Dit lê in die lyn van die subjektiwisme van die Nadere Reformasie, waar die mens handelend moet optree om die heil te verdien. Die 'Nijkerkste beroerten' het 'n taamlik algemene teologiese afkeur gekry, hoewel sommige dit as uiting van die handele van die Gees van God sien. Kuypers self het heelwat bygedra om die beweging weer in rustiger bane te lei. Tog dui dit op die breë invloed wat die Nadere Reformasie onder die kerkvolk gehad het.

14.6.3 Die vraag rondom toleransie

Die derde groot strydvraag van die eeu was die saak rondom die verdraagsaamheid of toleransie. In die voorafgaande tyd is die kerklike lewe vir 'n baie groot deel beheers deur teologiese twiste, omdat nog steeds die waarheid absoluut gesien is en daar gemeen is dat die waarheid net op een manier uitgelê en verstaan kan word. In die stryd tussen die Voetiane en Coccejane het dit gegaan om die erkenning van die kofessionele basis van die leer van die kerk. Vir die Voetiane was die belydenisskrifte die vaste basis waaraan onveranderlik vasgehou moes word en die leer wat daarop gebou is, was die enigste waarheid. Die Coccejane of verbondsteoloë wat 'n Bybelse leer, met ander aksente en klemtone as die dogmaties-bepaalde verstaan van die leer na vore gebring het, het juis om hierdie rede met die Voetiane gebots. Mettertyd het die stryd egter verbygegaan en het dit so gebeur dat die belydenisskrifte nog allerweë erken en aanvaar is, maar dit was nie meer werklik uitdrukking van die geloof van die gemeente en kerk nie. Die geleidelike verskuiwing van die objektiewe Reformatoriese geloof en verstaan van die evangelie na 'n subjektiewe geloofsbeleving het baie daartoe bygedra. Daarby het die lang stryd tussen die Voetiane en Coccejane, waar nie een die oorhand kon kry nie, die indruk gevestig dat die waarheid van die Woord tog verskillend verstaan kon word. Juis daardie gedagte laat die behoefte groei aan groter verdraagsaamheid op godsdienstige gebied. So gebeur dit dat in die tweede helfte van die agtiende eeu daar 'n onverskilligheid in die kerk na vore kom rondom die sake wat vroeër in die brandpunt van die stryd gestaan het. Daarby het die opkoms van die natuurwetenskap en die respek vir die empiries-vasstelbare waarheid, die waardering vir die geopenbaarde waarheid laat afneem. Dit het saamgehang met 'n algemene verskuiwing van die aandag – die wêreld, die mens en die tydelik-bepaalde word nou die saak waarop die aandag toege-spits is. Die ewigheid, die hiernamaals en selfs God word uit die sentrum van die belangstelling gestoot. So groei daar 'n gevoel van verdraagsaamheid ten opsigte van kerklik-teologiese vraagstukke, omdat geoordeel word dat dit nie meer werklik ter sake is nie.

Een van die groot verteenwoordigers van hierdie nuwe denke was Hermannus Venema (1697-1787), wat hoogleraar te Franeker was van 1724-1774. Hy was 'n Bybelse teoloog en 'n uitnemende kritiese eksegeet, wat voortgebou het op die grondslae wat die Vitringa's in Franeker gelê het. Campegius Vitringa senior (1659-1722), was vanaf 1680 professor te Franeker, waar hy groot roem verwerf as eksegeet. Hy is een van die manne wat nuwe baan breek in die wetenskaplike Skrifstudie, deur middel van 'n versigtige histories-kritiese ondersoek. Hoewel hy as ortodoks beskou word, het hy met besondere insig en vaardigheid die eksegeese beoefen.

Sy mees bekende werk is sy tweedelige kommentaar op Jesaja wat in 1714 en 1720 verskyn het.

Die nuwe eksegese het 'n totaal ander uitgangspunt as die Reformatoriese eksegese gehad. Nou word, soos die vroeëre Humaniste ook gedink het, uitgegaan van die standpunt dat die Bybel op dieselfde manier verstaan kan word as enige ander menslike geskrif. Die Bybelteks word gesien as 'n objek van eksegese. Die beste filologie sal die mens die beste in staat stel om die teks te verstaan. Daar word geoordeel dat die mens so in staat is om die teks en wat dit wil sê, volkome te begryp en sodoende te beheers. Die Reformasie het van Luther geleer dat die Skrif geslote bly, indien God die Heilige Gees nie 'n verbinding skep tussen die leser en die teks nie. Juis die verbinding wat die Gees skep, bring 'n nuwe verhouding tot stand, maar dan so dat nie die mens die Skrif beheers nie, maar die boodskap van die Skrif die mens beheers. Dit is die tragiek van die eeu dat dit verlore gaan.

In hierdie spoor het van die nuwere opvattinge, het Venema gewerk en, soos die Vitringa's, het hy die Skrif aan die toets van die rede onderwerp. Hy gaan voort om 'n primêr grammatikale eksegese te beoefen, gedra deur die historiese kritiek. Geleidelik het hy daarmee die Skolastieke Bybelstudie as onbruikbaar aangedui.

In Franeker het Albertus Schultens as professor in Semitiese tale van 1713-1729 ook naam gemaak, deurdat hy veral ten opsigte van die Ou Testament versigtige histories-kritiese standpunte stel. Later te Leiden het Schultens sy arbeid voortgesit van 1729-1750 en sy leerling, Joh Alberti (1698-1762), wat ook te Leiden aangestel word, doen dieselfde ten opsigte van die Nuwe Testament. Die suiwer filologiese benaderingswyse van die Skrif het ook 'n merkbare invloed op die leerstellige teologie gehad. Geleidelik is die Skrif alleen al meer aanvaar as toetsteen van die geloof en het die waardering vir die belydenisskrifte as uitgangspunt, begin verflou. Tog was dit so dat die konnaessionele party in die kerk nog baie sterk was. In 1750 word 'n leerling van Alberti, Athonie van der Os, van onregsinnigheid aangekla. Hoewel die kerkraad hom afsit, handhaaf die magistraat van die stad Zwolle, hom as predikant. Dit het 'n hele opskudding veroorsaak. As Van Os tydens die dispuut 'n preek publiseer waarin hy die bindende krag van die belydenisskrifte in twyfel trek, is die vet in die vuur. Hy stel dat die Heilige Skrif die enigste *regula fidei* is. Uiteindelik het die Klassis in 1755 Van Os vanweë sy Pelagiaanse standpunte afgesit.

Hierdie saak het veral opspraak verwek, omdat die Leidse hoogleraars in die geskil betrek is om advies aan die Staten van Overijssel te gee. Die professore se advies was dat die saak nie van soveel gewig was dat dit nie geskik kon word nie. Hierdie advies het die verontwaardiging verwek van Alexander Comrie en van Holtius (1693-1772), predikant te Koudekerk aan die Rijn, 'n ywerige Voetiaan. Hulle argumenteer dat die Leidse professore se advies die gesag van die Formuliere van

eenheid verbreek. Comrie en Holtius voer veral stryd teen, wat hulle noem, die *ontwerp van tolerantie*, waardeur kettery in die kerk geduld sou word. Dit was 'n opdraande stryd, omdat aan die universiteite die gees van verdraagsaamheid saam met die nuwe *Aufklärungsteologie* al meer veld gewen het.

In hierdie stryd is die wapen ook opgeneem teen Venema van Franeker, wat as die hoof van die toleransiebeweging in die kerk beskou is. Tog ontwikkel daar 'n toenemende verdraagsaamheid in die kerk, tesame met die opkoms van 'n kritiese rigting in die teologie. So gebeur dit dat teologiese twiste meer as een maal met owerheidsingrype gesmoor is. Met die groeiende verdraagsaamheid het die ou ortodokse groeperinge al meer veld verloor en hulle kon nie verhinder dat die Supra-naturalistiese teologie al meer veld wen nie.

Die laaste groot teenstander teen Venema en die verdraagsaamheidsbeginsel was doktor Petrus Hofstede (1716-1803), vanaf 1770 professor te Rotterdam. Met 'n beroep op Calvyn en Beza het hy gestel dat verdraagsaamheid en vrye denke die resultaat van godsdienstige skeptisisme is. Vanuit hierdie standpunt het hy alles en almal wat die verdraagsaamheid voorgestaan het, aangeval. Sy heftige aanvalle en oordrewe selfbeeld het sy saak baie skade berokken.

Ná Hofstede se dood het hierdie manier van polemisering, asook die skynbare lus vir die polemieks sodanig, grotendeels tot rus gekom. Daar is selfs geoordeel dat die voortdurende heftige meningswisseling en stryd in die kerk, die openbare belangstelling in die teologie geknou het. Daarby was dit inderdaad so dat die grondslae van die leer geleidelik deur die nuwe denke ondermyn is en die voortekens van 'n groot ommekeer op die teologiese gebied het al meer sigbaar geword. Die voorstanders van die Dordtse Ortodoksie het al minder algemene aanvaarding gevind. Tog het die tradisionele eerbied vir die Formuliere van eenheid nog voortgeduur, hoewel onder die beskaafde mense die werk van Rousseau en Voltaire met ywer gelees is en die Deïstiese opvattings al meer gesag gekry het.

Laasgenoemde blyk veral uit die stigting, opkoms en breë aanvaarding van die Vrymesselaarsbeweging wat 'n Humanistiese, verdraagsame godsdienstigheid bevorder, wat alle Konfessionalisme verwerp. Die Vrymesselary ontspring uit die Engelse Deïsme en propageer aanvanklik veral 'n 'ondogmatiese Christendom'. Die eerste Groot Losie is op 24 Junie 1717 te Londen gestig. Daar word bepaal dat die lede die sedewet sal gehoorsaam en dat hulle hulle sal hou aan die godsdienste waarvoor alre mense saamstem.

Die eerste Nederlandse Losie dateer uit 1734. In sy grondwet word gesê dat die Vrymesselary gebore is uit 'n opvatting dat daar voortdurend gestreef moet word na die ontwikkeling van al die mens se eienskappe, sodat die mens en die mensheid op hierdie wyse kan uitstyg na 'n hoëre geestelike en sedelike peil. Die mens leef binne

'n wêreldorde wat opgerig, instandgehou en gestuur word deur die Opperboumeester van die heelal. Die beweging wat as Humanisties-idealities beskou kan word, is onderverdeel in losies en het 'n organisatoriese bo-bou. Dit is 'n geheime organisasie met sy eie rites, simbole en lewenstyl en is, in die openbare lewe, veral gerig op die filantropie.

Reeds betreklik gou het die Rooms-Katolieke Kerk die Vrymesselary veroordeel. In 1738 word dit deur Clemens XI veroordeel en daarna weer verskillende male. Met die opkoms, verbreiding en aanvaarding van die Vrymesselary, het die verdraagsaamheid die stryd gewen. 'n Teken van besorgdheid dat die verdraagsaamheid ook te ver kan gaan, is die oprigting van verskillende apologetiese verenigings wat die doel gehad het om die waarde van die erkende godsdiens te beskerm. Die belangrikste van hierdie verenigings was seker die Maatschappij tot Nut van't Algemeen, wat in 1784 gestig is. Die Maatschappij het hom daarop toegelê om die Christelike en maatskaplike deug te bevorder.

Hoofstuk 15

Enkele opmerkings oor die Supranaturalisme

In die botsing tussen die geeste kristalliseer geleidelik as algemeen aanvaarde teologie, die Supranaturalisme uit. Die ou Voetiaans-Coccejaanse Ortodoksie het so verteruggesak dat dit nie meer 'n besondere werklikheid was nie. Die Nadere Reformasie bevindelike teologië het juis vanweë sy neiging om hom te onttrek aan die openbare en kerklike lewe, die veld geruim vir die nuwe denke wat vanuit die universiteite in die kerk ingevoer is. Dit maak, terloops, duidelik dat dit veral die universiteite en die geleerde teoloë is wat telkens nuwe, afwykende opvattinge in die kerk indra om daar beroering te veroorsaak. Die *Aufklärungsdenke* het in Nederland sy eie pad gegaan en die resultaat was die Supranaturalisme.

Die Supranaturalisme was in die Nederlandse kerklike wêreld 'n tipiese oorgangsverskynsel: 'n terugdeins vir die konsekwensies enersyds van die Bybelse verkondiging en andersyds van die hooghartige Rasionalisme. Dit het dwarsdeur Protestantse Europa voorgekom en aan die einde van die agtiende eeu en die begin van die negentiende eeu is dit in Nederland in breë lae aanvaar. Die 'teologie' was ook die resultaat van gematigdheid en verdraagsaamheid wat deur almal begeer is. Die Supranaturalisme was dus 'n poging om die evangelie van Jesus Christus en die gehoorsaamheidseis wat die lewende God aan die mens stel, te versoen met die redelike denke en so aanvaarbaar te maak vir die mens van die Verligte eeu.

Lank het die Supranaturalisme nie stand gehou nie, want dit verdwyn in die breë reaksie wat op die Verligtheid en rewolusie gevolg het. Die eensydige verstandelikheid en oordrewe nugterheid wat moes uitmond in 'n deugsame lewe en 'n rasionale lewensbeskouing om so gelykelyk te voldoen aan die eis van die Woord van God en die kritiese rede-geloof, kon geen werklike bevrediging gee of 'n duidelike ideaal stel waarheen koers gehou kan word nie.

In hierdie denke is die bo-natuurlike nie ontken nie, maar waar die rede nie kon saampraat nie, is daar eerder oor die saak geswyg, sonder om dit af te wys of te verwerp. Die algemene opvatting was dat alle geloofswaarhede buitendien deur die

menslike rede ook vasgestel kan word. Die openbaring is nie as iets anders beskou nie, maar alleen as die bevestiging van dit wat reeds redelik vasgestel is. Die ander waarhede van die openbaring, wat nie redelik verklaar kan word nie, is eenkant toe geskuif. Dogmatiese kwessies is nie meer bestudeer nie, omdat hulle òf redelik verklaar is òf buite die belangstelling van die teoloog gelê het. So het daar rus en vrede in die kerk gekom en daar was 'n groot afkeur van enigiemand wat die rus wou versteur deur werklik duidelik en prinsipieël te dink en te praat.

Wat hier gebeur het, is dat die aksentsverskuiwing van godsdiens na godsdiensleer (wat deur die Ortodoksisme bewerkstellig is) en vandaar na 'n leer van sedelike voortreflikheid (Supranaturalisme) byna ongemerk plaasgevind het. Daarom het dit, saam met die geleidelike afname in belangstelling in teologies-kerklike kwessies, daarin geslaag om 'n redelike breë aanvaarding te vind.

In Nederland het die Supranaturalisme 'n optimistiese mensbeskouing na vore gebring, hoewel, op grond van die tradisie, die sondeval nog geken is. Vanweë die moraliserende optimisme ten opsigte van die mensbeskouing, het die leer van die sondeval egter nie meer 'n duidelike inhoud gehad nie. Dit is nogal opvallend dat, oor die algemeen, die mense heeltemal tevrede was met die gedagte van die verlore Paradys en met rustigheid in die wêreld geleef het.

Net so het die Christologie met die hele heilsgeskiedenis eintlik geen weerklank gevind nie. In die moralistiese godsdiensleer van die Supranaturalisme is Jesus Christus verstaan as die hoogste leraar wat die mens inlei in die heilsame waarhede van die ewige lewe. Dat Hy die lewende Verlosser is wat die mens vry maak van die sonde, is nie meer as 'n wesenlike waarheid geglo of verstaan nie.

Die Supranaturalisme het veral, wat die Skrifbeskouing betref, groot skade aangerig. Die leer van die letterlike Skrifinspirasie is losgelaat, veral onder invloed van die eksegeties-historiese teologie wat 'n naloper van die teologie van Coccejus was. Tog het die Supranaturalisme nog 'n inspirasieleer gehandhaaf. So het hulle gestel dat die Bybel volkome geloofwaardig was, omdat die Bybelskrywers 'n Goddelike verligting ervaar het. Daarby het hulle klem gelê op die opregtheid en waarheidsliefde van die evangeliste. Die 'Biblisisme' van die Supranaturalisme was egter 'n elastiese begrip wat weer, op sy beurt, aanleiding gee tot die akkomodasieteorie, dit wil sê dat Jesus so gepraat en opgetree het dat sy eenvoudige tydgenote Hom kon verstaan.

Die Supranaturaliste wou Bybels wees en volgens hulle opvatting is die essenisiële boodskap van die Bybel dieselfde as dié van die natuurlike religie, naamlik die vashou aan die geloof aan God, deug en onsterflikheid. Dit was Willem Bilderdijk van die negentiende eeu wat vanuit die Réveil-denke, die kerkvolk teruggeroep het van die Supranaturalisme toe hy gedig het:

Verheerlijk God, maar niet den God,
Dien ge in Uw binneste schein;
Den God, Wien ge in Uw brein gekneet,
In 't hart gebeitelt hebt.

Daarmee het Bilderdijk sy vinger gelê op die groot tekortkoming van die Supranaturalisme, naamlik dat dit nie die lewende God, wat Hom in die Skrifte openbaar, geken het nie.

Hoofstuk 16

Die nuwe Psalmberyming van 1775

Ook tiperend van die tyd was die nuwe Psalmberyming. Dit was waar dat die Psalmberyming van Datheen nie van hoogstaande gehalte was nie. Dit kan beskou word as 'n gebrekkige vertaling van die Franse Psalmboek, wat op baie plekke digterlik dog tweederangs was. Tog het Datheen se beryming stand gehou teenoor die tydgenootlike, veel beter Psalmberymings van Utenhove en Marnix van St Aldegonde.

Die saak van 'n nuwe Psalmberyming is aan die orde gestel, toe die Klassis van Den Haag in 1754 gevra het vir 'n paar verbeterings in die bestaande uitgawe en ook op 'n heruitgawe van die Psalmboek. Die provinsiale sinode het die saak onderskryf en nadat 'n paar ander provinsiale sinodes daarmee saamgegaan het, het die Staten-Generaal verlof gegee tot verbetering en verandering. Hier tree die Staten-Generaal eintlik op as 'n plaasvervanger van 'n nasionale sinode en dui in die agtiende eeu daarop hoe die ou teokratiese bedeling nog voortgeleef het, al was dit miskien onbewus.

Aanvanklik was daar nie veel vordering nie, omdat die verskillende sinodes nie eenstemmigheid kon vind oor die saak nie. Die Staten-Generaal gryp dan weer in en bepaal dat die nuwe Psalmberyming saamgestel moet word uit die Psalmberyming van Johannes Eusebius Voet, 'n geneesheer van 's-Gravenhage, wat in 1736 'n Psalmberyming gemaak het. Verder moes gebruik gemaak word van 'n Psalmberyming-versameling van Hendrik Ghijsen, voorsanger van die Amstelkerk, uit die jaar 1686. Ten slotte moes gebruik gemaak word van 'n bundel Psalmberymings van 'n genootskap van digters, *Laus deo salus populo* (Eer aan God en heil aan die volk). In hierdie Psalmbundel kan heelwat Remonstrantse en Doperse dwalings uitgewys word.

'n Kommissie van nege predikante en drie aanstellings van die Staten moes uit die drie bundels, met moontlike verbeterings, 'n geheel voorberei. As voorsitter tree dominee Ahasverus van den Berg (1733-1803) op en die sekretaris was 'n juris,

Pieter van de Kastelee (1748-1810). Uiteindelik was meer as die helfte van die berymde Psalms wat opgeneem is, die werk van J E Voet.

In Julie 1773 is die werk afgehandel en aan die Staten-Generaal in teenwoordigheid van die stadhouer oorhandig. Die eerste uitgawe is op koste van die Staten-Generaal gedruk en op las van die owerheid is dit op 1 Januarie 1775 ingevoer. Oor die algemeen was daar tevredenheid.

Hoewel die beryming en die taal van die beryming 'n aansienlike verbetering was op Datheen se werk, het die Opperwese, die Godsvrug en die deug ook in hierdie beryming na vore gekom.

So is dit opvallend in Psalm 1:4 dat daar staan:

Die Heer toch slaat der menschen wegen gâ,
En wendt alom het oog van zijn genâ
Op zulken, die, opregt en rein van zeden,
Met vasten gang het pad der deugd betreden....

Daarby is dit opvallend in Psalm 28:1 dat God as 'eeuwig Wezen' en in Psalm 38:1 as 'eeuwig Opperwezen' aangedui word. Die tipies Deïstiese benaming kom in meer Psalms voor. Die beryming van Psalm 23 word ook hier vir interessantheid aangehaal:

De God des heils wil mij ten herder wezen;
'k Heb geen gebrek, 'k heb geen gevaar te vreezen.
Hij zal mij zacht, in liefdelijke weiden,
Aan d'oevers van zeer stille waatren leiden.
Hij sterkt mijn ziel, rigt, om zijn' naam, mijn treden
In't effen spoor van zijn geregtigheden.

Die gewone lidmaat het nie besef dat in hierdie beryming die teologie van die Verligting ook 'n woord saamgespreek het nie, ook omdat die Psalms wat die verligte teologie uitdra, baie min in die godsdiensoefening gebruik is.

Hierdie beryming self het geen weerstande opgeroep nie, wel die feit dat hier en daar die 'slepande zangwijze' van die ou Psalmboek verkies is bo die kort en lang note wat nou ingevoer is. Oor die algemeen egter is daar nie besondere veranderinge aan die melodieë aangebring nie.

In hierdie tyd word die orrel as instrument om die kerksang te begelei, weer byna algemeen aanvaar. In 1574 het die Sinode van Dordrecht die gebruik van die orrel afgewys en dan ontstaan die gebruik om sonder orrel te sing. Geleidelik egter word in die sewentiende en agtiende eeu al meer die orrel weer ingevoer, sodat mettergaan die orrel 'n vanselfsprekende instrument was om die Psalmgesang van die gemeente te begelei.

Hoofstuk 17

Die Verligting aan die einde van die eeu

Aan die einde van die eeu word dit duidelik dat die Verligting wel breë lae van veral die opgevoede burgery en die adel beïnvloed het. Groot getalle van die gewone Ortodokse, selfs Konfessionele kerkvolk het die denke van die Verligting egter afge-wys, al was dit so dat daar nie meer sulke sterk woordvoerders van hierdie groepe was nie. Die bevindelikes het buitendien hulle eie gang gegaan.

Aan die ander kant was dit ook waar dat al meer predikante van die universiteite gekom het wat in die kerk gestreef het na 'n ondogmatiese Christendom, dit wil sê, 'n Christendom waarin belydenisskrifte, 'n sigbare kerk, 'n gesaghebbende Bybel en prediking ondersteun deur sakramente, as 'bepenkings' aangevoel is. Die individualistiese vryheidsywer is hier hoog opgeskroef. In hierdie kringe is die verdraagsaamheid hoog aangeprys en is terselfdertyd enige verband tussen die kerklike en staatkundige lewe afgesny. Terselfdertyd is die leer van die sestiende-eeuse Hervorming verwerp en word al die klem op die Humanistiese elemente gelê.

So het 'n nuwe vorm van Christelike geloofsverstaan na vore gekom wat van die universiteit na die kansel gedra is en vandaar na geleerde genootskappe. Dit is hierdie nuwe Protestantisme wat 'n groot aandeel het in die sekularisasieproses, want dit het tred gehou met die kulturele en geestelike ontwikkeling van die tyd.

Die finale breuk van die filosofiese denke met die boodskap van die evangelie, word verteenwoordig deur die groot figuur, Immanuel Kant (1724-1804), wat in Koningsbergen hoogleraar in die filosofie was. Met sy Rasionalistiese uitgangspunt het Kant in sy werk, *Kritik der reinen Vernunft*, die oorblywende Supranaturalistiese afleidings in die filosofie as onhoudbaar afgewys. Hoewel hy in sy *Kritik der praktischen Vernunft* nog ruimte laat vir 'n metafisika om sodoende sin te kan gee aan die menslike wêreld in sy etiese verantwoordelikheid en bestemming, hoewel hy nog werk met die postulate, 'God', 'vryheid' en 'onsterflikheid', was die resultaat van sy denke dat hy die metafisika en die geloof hulle bestaansruimte ontnem het. Daar-

om leer Kant ook dat 'n mens die kennis en wete moet ophef of opskort om 'n plek vir die geloof te maak. Hierdie opvatting is in die daaropvolgende tyd wyd aanvaar.

Kant se denke word die beginpunt van die negentiende-eeuse anti-metafisiese denke, wat 'n nuwe wêreld wou bou op 'n natuurwetenskaplik-gefundeerde basis, wat die Christelike wêreldbeskouing en mensopvatting moes vervang. Die anti-metafisiese wêreldbeeld van die wêreld ná Kant, het die geloof in die lewende God en sy bestaan verwerp, omdat die natuurwetenskap God en sy bestaan nie kan bewys of substansieer nie. Dan word 'n nuwe metafisika gebou, naamlik die metafisika van die outonomie van die natuurwetenskap, die tegniek en die organisasie (sosiaal, politiek en ekonomies). So word wetenskap, tegniek en organisasie en die mensgemaakte magte nou die sake waarvan die mens sy heil moet ver wag.

Die verarming van die kerk en die evangelie, wat met die Rasionalisme en die Verligting begin het, word so voortgesit. In die plek van die sentrale Bybelse waarhede – sonde, verlossing en dankbaarheid – kom nou die optimisme oor die mens en sy wêreld. Die rasoniele mens wat in homself die maatstaf van alles is, selfgenoegsaam en verlig om homself in alles te handhaaf, kom nou op die voorgrond. Geleidelik en algaande word dit duidelik dat die hele moderne wêreldbeeld voortkom uit die wil tot mag en oorheersing. Die moderne mens wil nie meer die skepping en die lewende God wat die Skepper is, ken en eerbiedig nie, maar hy wil die skepping en die mensdom soveel moontlik beheers en gebruik.

Aan die ander kant het die Verligting ook positiewe lesse vir die kerk gehad. So moes die kerk die les van godsdiensvryheid en verdraagsaamheid leer, wat veral vir die Rooms-Katolieke Kerk 'n enorme opgawe was. In die Protestantisme en veral in Calvinistiese Nederland, was, vanweë die geloof in die lewende God, verdraagsaamheid vanselfsprekend, want dwang kan die verhouding met God nie bepaal nie. Hoewel die owerheid die swaard dra, ook om die eer van God te handhaaf, kan dwang nie die ontferming van God bewerk nie. Daarom kan die Calviniste in Nederland die afwykende mening verdra, omdat dit niks kan verander aan die ontferming van God wat Hy bewys aan die mense wat aan Hom behoort nie. Dit is die rede waarom Descartes, Spinoza en selfs Pierre Bayle toegelaat is om hulle geskrifte in Nederland te publiseer.

In die tweede plek dwing die Verligting, op 'n moeilike manier, die kerk om weer te verstaan dat die mens nie in staat is om vanuit homself en sy wêreld, vanuit sy verstand en wetenskap uit te kom by die lewende God nie. As God Hom nie aan die mens openbaar nie, weet die mens niks van God nie. In die Verligting en daarna het die kerk hom deur die wêreld laat verlei om te dink dat die bestaan van God deur die rede van die verligte mens bepaal kan word. Daarom het die kerk in die agtiende en ook die negentiende eeu probeer om met allerhande sinteses van kerk

en wêreld, die probleem van botsende opvattinge in wêreldbeskouing en mensopvatting op te los. Dit het geen vrug opgelewer nie en dit sou lank duur voor die kerk weer die werklike sîn van die evangelie verstaan het. Die sekularisasieproses het egter diep in die kerklike lewe en in die kultuur van die wêreld ingevreet. So het die kerk al meer 'n randverskynsel in die wêreld geword.



Hoofstuk 18

Die politieke omwenteling

In Nederland het die politieke gebeure, soos in die res van Europa, ook weerklank gehad. Hoewel die land, ná sy goue eeu, geleidelik terugsak as wêreldmoondheid en kultuurleier, was hy nogtans 'n faktor. Ná 'n lang stadhouerlose tydperk, word Prins Willem IV in 1747 stadhouer van al die provinsies van Nederland. Hy lei die land in 'n defensiewe oorlog teen Frankryk, wat in 1748 besluit word met die Vrede van Aken, wat vir die Nederlande gunstig is.

Willem IV slaag egter nie daarin om in die binnelandse toestande die nodige veranderings aan te bring nie. Hy versuim om aandag te gee aan die hervormings, waarop die arbeiders en middelklas gehoop het. Verder verander hy niks aan die regeringstelsel, wat in meeste provinsies die mag in die hande van enkelinge en klein groepies gekonsentreer het nie. Dit bring mee dat onder andere in Friesland en Holland daar groeiende onrus is vanweë administratiewe wanpraktyke en korrupte belastingstelsels. In 1751 sterf Willem IV en word hy deur sy seun, Willem V, as stadhouer opgevolg. Omdat Willem V nog onmondig is, regeer sy moeder, Anna van Hanover van 1751-1759 as regentes en die Hertog van Brunswijk van 1759-1766 wanneer Willem V selfstandig kan optree.

Stadhouer Willem V is egter nie 'n sterk leier nie. In die ingewikkelde Europese politiek waar Engeland en Nederland in bondgenootskap teen oorlogsgugtige Frankryk staan, verander Nederland kort-kort sy verbintenisse en laat na om sy vloot en leër te versterk. In 1778 ontstaan daar 'n oorlog tussen Nederland en Engeland, hoofsaaklik omdat Engeland op die wyse Nederland as handelsmoondheid wil verslaan. In 1784 word die oorlog, wat rampspoedig vir Nederland verloop het, beëindig. Dit beteken die einde van Nederland as 'n invloedryke Europese moondheid. Nederland word nou al meer op Frankryk as moontlike bondgenoot aangewys om sy posisie enigermate te kan behou.

In Nederland self ontstaan daar al meer binnelandse probleme. Daar is al meer spanning tussen die Oranjegesindes, die ondersteuners van Willem V, en die demokratiese groepe en die staatsparty. Die demokrate bestaan in hoofsaak uit die Ne-

derlandse middelklas, wat al meer aandring op medeseggenskap in die landsbestuur. Uit hierdie demokrate en die ou staatsparty ontstaan die Patriotparty wat die landsbestuur in die hande van die volk wou plaas. Die Oranjegesindes word veral gevorm deur die Calvinistiese predikante, die leër en die laer arbeidersklasse.

Die Patriotte bevorder hulle saak met politieke pamflette en selfs koerante en dit blyk gou dat die Oranjegesindes nie opgewasse is teen die Patriotte nie. Die Patriotte gaan selfs so ver om hulle eie *vrijcorpsen* of kommandos op te rig. So ver gaan dit dat in Gelderland die stadjies Elsburg en Hattem in opstand teen die stadhouer kom. Hoewel die leër die verset platdruk, draai die openbare mening al meer teen die stadhouer. Allerlei woelinge volg en met die hulp van 'n Pruïesiese leërmag behou Stadhouer Willem V sy posisie. Die Patriotte vlug na Frankryk en voorlopig bly die ou Verenigde Provinsies nog bestaan.

Die situasie in Europa verander dramaties met die Franse rewolusie wat in 1789 losbars. In 1793 verklaar die nuwe republikeinse owerheid van Frankryk oorlog teen Nederland. Hoewel aanvanklik die Franse aanslae weerstaan word, verander dit en in 1794 verslaan 'n Franse leër 'n geallieerde leer van Oostenryk, Pruise, Engeland en Nederland. Dit bring mee dat Willem V in 1795 uit Nederland vlug en die Patriotte, met Franse hulp, beheer oor die land oorneem. Daarmee val die Nederlandse republiek wat in 1588 tot stand gekom het. 'n Nuwe republiek kom nou tot stand as opvolger van die ou Nederlandse staat. Die nuwe staat noem homself die Bataafse republiek, so genoem na die Batawe wat een van die oudste Germaanse stamme in die Nederlande was. Dit was 'n totaal nuwe Nederland wat die negentiende eeu tegemoetgegaan het.

As bykomende literatuur kan vir hierdie hoofstuk ook gelet word op:

Allen, D 1985. *Philosophy for understanding theology*. London: SCM.

Barth, K 1952. *Die protestantische Theologie im 19. Jahrhundert: Ihre Vorgeschichte und ihre Geschichte*. Zürich: Evangelischer Verlag.

Boer, D 1991. *Protest teen een verkeerde wereld*. Voorburg: Publivorm.

Brumfitt, J H 1972. *The French Enlightenment*. London: MacMillan.

De Jong, M J G & Zaal, W 1960. *Bilderdijk*. Kampen: Kok.

Loonstra, B 1990. *Verkiezing, versoening, verbond: Beschrijving en beoordeling van de leer van het pactum salutis in de gereformeerde theologie*. 's-Gravenhage: Uitgeverij Boekencentrum.

Mabbott, J D 1973. *John Locke*. London: MacMillan.

Oliver, R P 1973. *Christianity and the survival of the West*. Cape Canaveral: Howard Allen. (Veral hfst 6, 55-74.)

Bronne geraadpleeg

- Allen, D 1985. *Philosophy for understanding theology*. London: SCM.
- Armstrong, B G 1969. *Calvinism and the Amyraut heresy*. London.
- Bainton, R H 1970. *Erasmus of Christendom*. London: Collins.
- Baker, W J 1980. *Heinrich Bullinger and the covenant: The other reformed tradition*. Ohio: University Press.
- Balke, W 1977. *Calvijn en de Doperse radikalen*. Amsterdam: Uitgeverij Ton Bolland.
- Barth, K 1952. *Die protestantische Theologie im 19. Jahrhundert: Ihre Vorgeschichte und ihre Geschichte*. Zürich: Evangelischer Verlag.
- Bauman, C 1968. *Gewaltlosigkeit im Täuferium*. Leiden: Brill.
- Berkhof, H 1958. *Christus de zin der geschiedenis*. Nijkerk: Callenbach.
- Boer, D 1991. *Protest teen een verkeerde wereld*. Voorburg: Publivorm.
- Bosman, H L e a 1987. *Die Nederlandse Geloofsbeelden – ontstaan, Skrifgebruik en gebruik*. Pretoria: UNISA.
- Brumfitt, J H 1972. *The French Enlightenment*. London: MacMillan.
- Butterfield, H 1954. *Christianity and history*. London: G Bell & Sons Ltd.
- 1954. *Christianity in European history*. London: Collins.
- Clasen, C P 1972. *Anabaptism: A social history 1525-1618*. London: Cornell University Press.
- Classen, G 1981. *'n Historiese blik op die Lae Lande*. Pretoria: HAUM.
- Cochrane, A 1966. *Reformed Confessions of the 16th Century*. London: SCM.
- Cragg, G R 1970. *The church and the age of reason*. Harmondsworth: Penguin Books.
- Crew, P M 1978. *Calvinist preaching and iconoclasm in the Netherlands 1544-1569*. Cambridge: CUP.
- Dankbaar, W F 1957. *Calvijn zijn weg en werk*. Nijkerk: Callenbach.
- De Greef, W 1989. *Johannes Calvijn zijn werk en geschriften*. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan.
- De Jong, M J G & Zaal, W 1960. *Bilddijk*. Kampen: Kok.
- De Jong, O J 1978. *Nederlandsche Kerkgeschiedenis*. Nijkerk: Callenbach.

- Donner, J H & Van den Hoorn, S A s j. *Acta of handelingen der nationale synode...te Dordrecht ter jare 1618 en 1619*. Utrecht: Den Hertog's Uitgeverij.
- Doornbos, K 1967. *De Synode van Dordrecht 1618-1619 getoetst aan het recht van de kerk*. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.
- Dreyer, P S 1974. *Inleiding tot die filosofie van die geskiedenis*. Pretoria: HAUM.
- Duker, A C 1897-1914. *Gisbertus Voetius*. (4 dele.) Leiden: Brill.
- Eckhof, E 1917. *De Avondmaalsbrief van Corn Hoen*. Den Haag.
- Faulenbach, H 1973. *Weg und Ziel der Erkenntnis Christi: Eine Untersuchung zur Theologie des Johannes Coccejus*. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.
- Feenstra, J G 1968. *De Dordtse Leerregels*. Kampen: Kok.
- Geyl, P 1956. *Gebruik en misbruik der geschiedenis*. Wolters: Groningen.
- Goeters, W 1911. *Die Vorbereitung des Pietismus*. Leipzig: J C Hinrichs'sche Buchhandlung.
- Graafland, C 1961. *De zekerheid van het geloof*. Wageningen: H Veenman en Zonen NV.
- 1987. *Van Calvin tot Barth: Oorsprong en ontwikkeling van de leer der verkiezing in het Gereformeerd Protestantisme*. 's-Gravenhage: Uitgeverij Boeken centrum BV.
- 1987. Gereformeerde scholastiek V: Die invloed van de scholastiek op de Gereformeerde orthodoxie. *ThR* 30/1.
- Habsburg, O 1967. *Karl V*. Wien: Verlag Herold.
- Haitjema, Th L 1962. *Die Heidelbergsche Catechismus*. Wageningen: H Veenman & Zonen NV.
- Hoenderdaal, G J 1960. *Verklaring van Jacobus Arminius*. Lochem: De Tijdstroom.
- Huizinga, H 1947. *Erasmus*. Haarlem: H D Tjeenk Willink & Soon.
- Knappert, L 1912. *Geschiedenis der Nederlandsche Hervormde Kerk gedurende de agtiende en negentiende eeuw*. Amsterdam: Meulenhoff.
- Jacobs, P 1973. *Prädestination und verantwortlichkeit bei Calvin*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.
- Kantzenbach, F W 1965. *Protestantisches Christentum im Zeitalter der Aufklärung*. Gütersloh: Gerd Mohn.
- Klooster, F H 1977. *Calvin's doctrine of predestination*. Grand Rapids: Baker Book House.
- Knappert, L 1912. *Geschiedenis der Nederlandsche Hervormde Kerk gedurende de agtiende en negentiende eeuw*. Amsterdam: Meulenhoff.
- Krüger, J G 1981. *Die verhouding van uiverkiezing tot bekering met spesiale verwysing na die Dordtse Leerreëls*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

- Labuschagne, J P. Die historiese konteks van 20ste eeuse samelewingsteologie. DD-proefskrif: Universiteit van Pretoria.
- Lindeboom, J 1909. *Erasmus, onderzoek naar zijne theologie en zijn, godsdienstig geloofsbestaan*. Leiden: Adriani.
- 1950. *Austin Friars: History of the Dutch Reformed Church in London 1550-1950*. The Hague: Martinus Nijhoff.
- Loonstra, B 1990. *Verkiezing, versoening, verbond: Beschrijving en beoordeling van de leer van het pactum salutis in de gereformeerde theologie*. 's-Gravenhage: Uitgeverij Boekencentrum.
- Mabbott, J D 1973. *John Locke*. London: MacMillan.
- Malan, C J 1981. *Die Nadere Reformasie*. Potchefstroom: PU vir CHO.
- McNeill, John T 1967. *The history and character of Calvinism*. New York: Oxford University Press.
- Meihuizen, H W 1961. *Menno Simons*. Haarlem: H D Tjeenk Willink en Zoon.
- Meinhold, P 1967. *Geschichte der kirchlichen Historiographie*. (Twee dele.) München: Verlag Karl Alber.
- Melink, A F 1954. *De Wederdopers in de Noordelijke Nederlanden 1531-1544*. Groningen: Wolters.
- Mönnich, C W 1959. *De weg en de wegen*. Amsterdam: Moussault's Uitgeverij.
- Muller, R A 1987. *Post-reformation reformed dogmatics*. Grand Rapids: Baker Book House.
- Nauta, D (red) 1937. *De Statenvertaling 1637-1937*. Haarlem: De Erven F Bohn NV.
- Nauta, D et al 1971. *De synode van Emden October 1571*. Kampen: Kok.
- 1978. *De nationale synode van Dordrecht 1578*. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.
- Nigg, W 1934. *Die Kirchengeschichtsschreibung: Grundzüge ihrer historischen Entwicklung*. München: E H Beck'sche Verlagsbuchhandlung.
- Norman, C 1972. *The pursuit of the Millennium*. London: Granada Publishing Ltd.
- Oberholzer, J P 1986. *Die Heidelbergse Kategismus*. Pretoria: KITAL.
- Oberman, H A 1988. *De erfenis van Calvijn: Grootheid en Grenzen*. Kampen: Kok.
- Oliver, R P 1973. *Christianity and the survival of the West*. Cape Canaveral: Howard Allen. (Veral hfst 6, 55-74.)
- Oorthuys, G 1928. *Het genadeverbond en wie er toe behooren*. Utrecht: J van Druuten.
- Oorthuys, G & Kromsigt, P J 1933. *Grondslag en wezen der kerk*. Wageningen: H Veenman en Zonen.
- Parker, T H L 1975. *John Calvin: A biography*. London: J M Dent & Sons Ltd.

- Pont, A D 1974. Die reg van opstand by Thomas Münster. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 14, 16-32.
- 1981. *Die historiese agtergronde van ons kerklike reg*. Pretoria: HAUM.
- Pont, J W 1911. *Geschiedenis van het Lutheranisme in de Nederlanden tot 1618*. Haarlem: De erven F Bohn.
- Post, R R 1940. *De Moderne Devotie*. Amsterdam.
- 1957. *Kerkgeschiedenis van Nederland in de Middeleeuwen*. Antwerpen.
- Schaff, P 1919. *The Creeds of Christendom with a history and critical notes*. New York: Harper & Brothers Publishers.
- Searle, G W 1974. *The Counter-reformation*. London: University of London Press.
- Van Campen, M 1988. *Leven uit Gods beloften: Een centraal thema bij Johannes Calvijn*. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan.
- Van Itterzon, G P & Nauta, D (reds) 1963. *Geschiedenis van de kerk*. (9 deeltjies.) Kampen: Kok.
- Van Itterzon, G P 1980. *Johannes Bogeman*. Amsterdam: Ton Bolland.
- Van Rhijn, M 1917. *Wesel Gansfort*. Groningen.
- 1920. *Studiën over Wesel Gansfort en zijn tijd*. Groningen.
- Van Schelven, A A 1908. *De Nederduitsche Vluchtelingenkerken der XVIe eeuw in Engeland en Duitschland in hunne beteekenis voor de reformatie in de Nederlanden*. 's-Gravenhage: Martinus Nijhoff.
- Van Zyl, P 1963. *Gerard Groote, ascetic and reformer, 1340-1384*. Washington.
- Verduin, L. *The Reformers and their stepchildren*. Exeter: Paternoster Press.
- Wittemans, F (red) s j. *Marnix van sinte Aldegonde*. Brussel: Uitgeversmaatschappij Onze Tijd.
- Ypey, A & Dermout, I J 1819. *Geschiedenis der Nederlandsche Hervormde Kerk*. (Vier dele.) Breda: W van Bergen & Comp.
- Zanchius, J 1971. *Absolute predestination*. Grand Rapids: Sovereign Grace Publishers.

Sakeregister

151, 80, 48, 28

A

- Aardse Godsryk 30
Aartshertog Matthias 71
Abraham Heidanus (1599-1678) 140
Abrégé du véritable christianisme 146
Acoord 62
Acta: Konvent van Wesel 65, 66
Adams 144
Ad fontes (vgl "Terug na die bronne")
Admiranda methodus (vgl *Admiranda methodus novae philosophiae Renati Descartes*)
Admiranda methodus novae philosophiae Renati Descartes 139
Adriaan van Haemstede 40, 54
Adrianus Saravia 53, 57
Aflaathandel 20
Afrikaner 1, 2
Afrikaner-grensboere (vgl Afrikaner)
Afrikanerrepublieke 2
Agricola (vgl Rudolf Agricola)
Agtiende eeu 2, 123, 141, 149, 152, 155, 156, 157, 160, 165, 170, 172
Ahasverus van den Berg (1733-1803) 169
Aken 49
A Lasco (vgl Johannes a Lasco)
Albert Hardenberg 37
Alberti (vgl Joh Alberti)
Albertus Schultens 161
Alexander Comrie (1706-1774) 159, 161, 162
Alexander Farnese 71
Altaarsakrament 21, 23
Altona 147
Alva (vgl Hertog van Alva)

- Ambon 123
Amerika 48
Amstelkerk 169
Amsterdam 26, 27, 28, 29, 30, 67, 82, 83, 84, 98, 121, 141, 144, 147
Anabaptisme 26, 27, 28, 32, 33, 56, 58, 124
Anabaptiste 26, 28, 29, 30, 31, 32, 40, 44, 50, 51, 52, 53, 55, 57, 74, 129, 130
Andreae 48
Andreas Rivetus 119, 121
Angelus Merula (1482-1557) 24
Anhalt 48
Anna Maria van Schurman (1609-1678) 145, 147
Anna van Hanover 175
Anti-Rooms (vgl Anti-Rooms-Katoliek)
Anti-Rooms-Katoliek 37, 38
Antoine Chandieu 57
Antonides van Franeker 84
Antonius Driessen (1684-1741) 158, 159
Antonius Perreïrot 59
Antonius Thysius 98, 119
Antonius Walaeus 98, 116, 119
Antwerpen 20, 21, 38, 44, 49, 52, 53, 54, 56, 57, 62, 72, 98
Apostoliese Geloofsbelydenis 47
Aristoteles 128, 140, 150, 152
Armentières 53
Arminiane 48
Armstrong, B G 126
Arnold Blanc 52
Arnold Cornelisz 42
Arnold Geulincx 139
Artesië 71
Askese 12, 14
Athonie van der Os 161
Aufklärung (vgl Verligtheid)
Augustinus 150
Augustyner Eremiete 20
Augustyns-platonies 15
Austin Friarskerk 38

B

- Baden 48
 Balthasar Gérard 72
 Bär (vgl Zacharias Ursinus)
 Barth 8
 Bartholomeus Boekbinder 27
 Bartolomeusnag 131
 Baruch d'Espinoza (1632-1677) 141, 142, 153, 157, 172
 Baruch Spinoza (vgl Baruch d'Espinoza)
 Basel 20, 31, 37
 Bataafse republiek 176
 Baudartius 116
 Berg 48
 Bergen 63
 Bernardus Dwinglo 99
 Bernardus Smytegelt 158
 Bernard van Clairvaux 12
 Bernard van Ochino 38
 Berne 48
 Bernsau, H 157
Beschouwinge van Zion 145
 Beza 44, 45, 46, 56, 57, 84, 85, 87, 120, 124, 125, 126, 131, 162
 Bisdom 11, 19
 Biskop 19, 28, 40, 41
 Blanc (vgl Arnold Blanc)
 Bloedraad (vgl Raad van Beroerten)
 Bocholt 30
 Boeteprediker 12
 Bogerman (vgl Johannes Bogerman)
 Bologna 37
 Bondgenoot 26
 Bosgeuse 63
 Bourg 146
 Brabant 27, 72
 Brandenburg 48
 Breda 121
 Bremen 48, 98, 129, 48
 Brenz 24, 120

Breslau 46
Broeders (vgl Broeders van het gemeene leven)
Broeders van het gemeene leven 12, 13, 14, 15
Brugge 62, 72, 73
Brussel 20, 53
Bucer (vgl Martin Bucer)
Bullinger (vgl Heinrich Bullinger)
Bybelse Humanisme 14, 15, 16, 17, 22, 23, 24, 51
Bybelvertaling 20, 21

C

Calvinisme 141, 172
Calvinistiese Ortodoksie 124, 128
Calvyn 24, 25, 35, 36, 42, 43, 45, 46, 47, 50, 51, 52, 55, 56, 57, 60, 70, 81, 102, 120,
123, 124, 125, 129, 130, 162
Cambridge 144
Campegius Vitringa 135
Campegius Vitringa senior (1659-1722) 160
Canirivus 20
Canones (vgl Dordtse Leerreëls)
Capito 24
Carolus Daneel 61
Cartesianisme 120, 139
Caspar Heidanus 67, 133, 134
Caspar Jansz Coolhaes (1536-1615) 83, 97
Caspar Olevianus 42, 43, 131
Castellio 82
Catechismusverklaring 159
Chiliasme 26
Chiliasie-van-die-daad 26
Christian Wolff (1679-1754) 155, 157
Christi qui lux es et dies 44
Christoph 48
Claude Goudimel 45
Claude le Jeune 45
Clemens XI 163
Clerus 13, 24, 62, 125
Clovis 11

- Coccejane 120, 134, 135, 146, 157, 158, 160
 Coccejus (vgl Joh Coccejus)
 Coetus (vgl Coetus-vergadering)
 Coetus-vergadering 38
 Cogito ergo sum 137
 Colchester 40
Commentaire philosophique 141
Communis vitae (vgl Broeders van het gemeene leven)
Compendium doctrinae de vera unicaque Dei et Christi ecclesia, eiusque fide et confessione pura: In que Peregrinorum Ecclesia Londini instituta est, auctoritate atque assensu sacrae Maiestatis Regiae 39
 Comrie (vgl Alexander Comrie)
Confessio Augustana 60
Confessio Belgica 40
Confessio Gallicana (1560) 57
Confessio Londinensis 40
Consideratiën 140
 Contra-Remonstrante 87, 90, 92, 94, 95, 97, 98, 99
Contra-Remonstrantie 89, 90
 Convent van Wesel (vgl Konvent van Wesel)
 Copernicus 136
 Cornelis Cooltuyn 24
 Cornelis Hoen 20, 23
 Cornelis Huberti 61
 Cornelis Wiggertsz 83
Corte instruccye bij meester C van der Heyden – Priester 24
Cuius regio eius religio 60

D

- Damaskus 3, 4
 Damman (vgl Ghislain Damman)
 Danzig 36
 Datheen (vgl Petrus Datheen)
 Dawid Jorisz 30, 31, 32
De abusu philosophiae Cartesianae 139
 De Brès (vgl Guido De Brès)
De Biencorf (1569) 61
De Christelijke ordinanciën 39

- De haereticis a civili magistratu puniendis* cet 85
- De Imitatione Christi* 13
- Deïsme 153, 157
- De Labadie (vgl Jean de Labadie)
- Delenus 50
- Delft 20, 72
- De Mist, J A 1
- Den Briel 24, 68, 67, 68
- Denemarke 35, 147
- Den Haag 20, 27, 87, 98, 121, 144
- De Ordonnantie Gods* 26
- De pietate cum scientia coniugenda* 127
- Der Leken Wechwyzer* 25
- Dertigjare Oorlog 48
- De sacramento eucharistiae* 23
- Descartes (vgl René Descartes)
- De Servo Arbitrio* 101, 102
- Desiderius Erasmus (1467-1535) 15, 16, 20, 22, 23, 24, 35, 36, 37, 82, 101, 125
- Deux-Aes-Bijbel* 73, 115, 116
- Deventer 12, 59, 121
- Devotio moderna* 23
- De Wortel, den oorspronck ende het fundament der Wederdooperen oft herdooperen van onsen tijde. Met overvloedige wederlegginghe der sondelincst argumenten, door dewelcke sij ghewoon zijn de gemeijnte onses Heeren J C te beroeren ende den eenvuldige te verleyden* 56
- Dialogia* 152
- Dictionnaire historique et critique* 141
- Diewer 27
- Dirck Volkertsz Coornhert (1522-1590) 82
- Discours de la Méthode* 137
- Donatisme 147
- Dooie Voetiane (vgl Ou Voetiane)
- Doopgesinde 26, 31
- Doornik (vgl Tournai)
- Doper (vgl Anabaptis)
- Doperdom (vgl Anabaptisme)
- Dordrecht 70, 72, 81, 83, 99, 113, 121, 135, 156
- Dordt (vgl Sinode van Dordrecht)

- Dordtse Leerreëls 94, 99, 100, 102, 103, 104, 105, 106, 107, 108, 109, 110, 111, 112, 113, 159
- Dordtse sinode (vgl Sinode van Dordrecht)
- Drente 19, 77
- Duinkerken 72, 73
- Duitsland 14, 37, 38, 46, 48, 49, 54, 62, 66, 67, 125, 131, 136, 150, 153, 155
- Du Lignon 146, 147
- Dyrkinus 115

E

- Edik van Nantes 125
- Edmund Grindall 40
- Eduard Poppius 99
- Eduard VI 38, 40
- Eene korte ondersoekinghe des gheloofs, over deghene die haer tot de Duytsche gemeente: die te Londen was, begheven wouden. Wighestelt door de Dienaers der selver* 39
- Een kort begriip der leeringhe van de warachtighe ende eenighe Ghemeynte Gods ende Christi enz* 39
- Elizabeth (vgl Elizabeth I)
- Elizabeth I 40, 79
- Elsburg 176
- Emden 24, 26, 36, 37, 38, 48, 52, 53, 65, 66, 67, 79, 81, 98
- Emdense Kategismus 39
- Emmerik 50
- Engeland 38, 40, 41, 49, 55, 63, 66, 67, 72, 79, 98, 144, 153, 154, 156, 175, 176
- Engelse koloniale owerhede 2
- Engelse staatskerk 38
- Enkhuizen 68, 135
- Ensiklopediste 154
- Episcopius (vgl Simon Episcopius)
- Eraïl (vgl Evrard Eraïl)
- Erasmus (vgl Desiderius Erasmus)
- Ernstige Coccejane (vgl Nuwe Coccejane)
- Essenius 135, 145
- Eubulus of goede raad* 157
- Europa 1, 20, 38, 52, 136, 149, 152, 155, 165, 176
- Eusebius van Caesarea 8

Evrard Eraill 52

Exercitia et bibliotheca studiosi theologiae 128

F

Farel 35, 37, 43

Faukelius (vgl Herman Faukelius)

Feodale stelsel 11

Festus Hommius (1576-1642) 89, 98, 116, 119

Filips (vgl Filips II)

Filips II 56, 57, 59, 62, 63, 71, 72

Filips van Bourgondië 19

Floris Radewijns 12, 13

Forma ac ratio 39

Formalisme 143

Formosa 123

Formula Concordiae 46, 48

Franciscus Gomarus (1563-1641) 85, 86, 87, 98, 121, 127

Franciscus Junius van Bourges 57, 84

Franciscus Riverius 39

Franciscus van Assisi 12

Francois II 57

Franeker 84, 97, 98, 121, 126, 129, 135, 140, 144, 157, 160, 161, 162

Franke 11

Frankenthal 41, 67, 70

Frankfort 40, 41

Frankfort am Main 41, 55

Frankryk 14, 35, 36, 46, 54, 79, 121, 125, 153, 154, 175, 176

Franse Geloofsbelijdenis 57

Franse rewolusie 1, 176

Frederik Hendrik 121, 133

Frederik III 41, 45, 46, 48

Frederik III der Fromme (vgl Frederik III)

Friedrich Adolf Lampe 157, 158

Friese 11

Friesland 17, 19, 27, 59, 71, 72, 73, 77, 97, 117, 147, 175

Fruytier (vgl Jac Fruytier)

Fundamentboek 31

G

- Galilei (vgl Galileo Galilei)
Galileo Galilei (1564-1642) 136, 152
Gansfort (vgl Wessel Gansfort)
Gaspard van der Heyden 42, 52, 54, 66, 70, 72
Geert Groote (1340-1384) 12, 23
Gelderland 19, 27, 72, 73, 77, 97, 117, 176
Geldorp 84
Gellius Faber 17
Gellius Snecanus 83
Genève 35, 39, 42, 46, 52, 53, 55, 60, 62, 70, 75, 98, 146
Gent 53, 55, 62, 72, 73
Gérard (vgl Balthasar Gérard)
Gereformeerde Ortodoksie 123, 124, 126, 128, 159
Gereformeerde Skolastiek 126, 150
Gerhardus Kuypers (1722-1798) 159
Gerrit Boekbinder 28
Gesange 44
Ghislain Damman 54
Gisbertus Voetius (1589-1676) 127, 128, 133, 134, 135, 138, 139, 145
Gnafeus 20
Gnapheus 20
Gnesen by Krakau 37
Goch 50
Godfried van Wingen 115
Gomarus (vgl Franciscus Gomarus)
Gorkum 68
Gouda 83, 99
Graaf Jan van Nassau 71
Graafland, C 86, 87, 123, 126
Graaf Lodewijk 69
Granvelle 59
Groene Coccejane 135
Grondlicke waerheydt 83
Groningen 19, 59, 71, 77, 84, 97, 98, 117, 121, 139, 140, 159
Groningse Ommelande 71, 72
Groot Trek 2
Gualterus Delenus 39

Guido de Brès (1552-1567) 52, 53, 54, 55, 56, 57, 63

Guilielmus Amesius (vgl William Ames)

Guilielmus Gnapheus (vgl Willem de Volder)

Guillaume Feugueray 70

H

Haarlem 27, 69, 83

Hagepreke 61

Hans Emil Weber 123

Harderwijk 98, 119, 121

Harmonia Confessionum 56

Hattem 176

Hazerwoude 30

Hebreeus 38

Hegel, G W F (1770-1831) 3

Heidelberg 15, 40, 41, 45, 46, 47, 48, 70

Heidelberge (vgl Heidelbergse Kategismus)

Heidelberge Kategismus 42, 43, 45, 46, 47, 48, 49, 74, 75, 81, 84, 86, 87, 92, 100,
101, 110, 112, 117, 118, 143

Heilige Romeinse Ryk 19

Heinrich Bullinger 24, 46, 50, 83, 130, 131

Helluolibrorum 127

Hendricus Groenewegen 135

Hendrik Alting 121

Hendrik Egher 12

Hendrik Ghijsen 169

Hendrik van Beiere 19

Hendrik van Bommel (1500-1570) 21

Hendrik VIII 38

Hendrik Voes 20

Henegouwen 71

Henricus Antonii Nerdenus 121

Henricus Bulkius 83

Henricus Geldorpheus 24

Henricus Regius 138, 139

Henricus Renerius 138

Herbert van Cherbury (1581-1648) 153

Herford 147

- Herman Faulkelius 40, 98
 Herman Herbertsz 83
 Herman Moded 38, 57
 Hermannus Venema (1697-1787) 160, 161, 162
 Herman Ravensperger 121
 Hermanus Moded 67
 Hertog van Alva 63, 65, 66, 67, 68, 69, 72
 Hertog van Brunswijk 175
 Hertog van Kleef 66
 Hertog van Somerset 38
 Hervormde Kerk 37, 65, 69, 77, 78, 82, 84, 119, 149
 Hervormers 37, 38, 50, 56, 62
 Hervorming 14, 16, 17, 19, 22, 24, 27, 32, 35, 36, 37, 41, 44, 50, 52, 55, 56, 58, 61, 82, 149, 150, 151, 159, 171
 Heshusen (vgl Tilemann Heshusen)
 Hesse 48
 Hessen 98
Het Evangelie der Armen 24
Het innige christendom 158
Het vergif der Cartesiaansche filosofen grondig ontdekt 139
 Heusden 127
 Hieronymus 125
 Hinne Rode 20, 23, 24
Histoire des Martyrs 54
 HK (vgl Heidelbergse Kategismus)
 Hoen (vgl Cornelis Hoen)
 Hof van Den Haag 30
 Hoge Raad 86
 Holland 19, 27, 59, 60, 68, 69, 70, 71, 72, 73, 77, 78, 79, 80, 86, 87, 89, 97, 98, 175
 Holtius (1693-1772) 161, 162
 Hongarye 48
 Hooft, C P 82
 Hooker 144
 Hoorn 26, 67, 69, 83
 Hoornbeek 135, 145
 Hugenote 69
 Hugo de Groot 25, 82, 98, 129
 Hugo Grotius (vgl Hugo de Groot)

Huibert Duifhuis (1531-1581) 82, 83
Huisgemeentes 52
Humanisme 14, 15, 20, 22, 23, 25, 37, 74, 131, 151

I

Ieper 73
Ignatius van Loyola 35
Ijperen 61
Illustere School 121, 129
Immanuel Kant (1724-1804) 171, 172
Inkwisisie 20, 141, 152
Institusie 129
Institutio christianae religionis 35
Ipswich 144
Italië 14, 15
Ius patronatus 117

J

Jac Fruytier 157
Jac Koelman 139
Jacobus Alting 121
Jacobus Arminius (1560-1609) 85, 86, 87, 93, 94
Jacobus Praepositus 20
Jacobus Rolandus 98
Jacobus Trigland 121
Jacob van Liesveldt 20
Jacques Taffin 53
Jan Beukelsz 28
Jan de Bakker (Pistorius) 21
Jan Gerritsz Verstege (1500-1570) 25
Jan Matthijsz 27, 28
Jan van Batenburg 30, 31
Jan van Essen 20
Jan van Leiden (vgl Jan Beukelsz)
Jan van Ostende 52
Jan Volkertsz Trijpmaker 26, 27, 28
Java 123
Jean Crespin 54

- Jean de Labadie (1610-1674) 128, 146, 147
 Jean de Lannoy 52, 53, 54
 Jean Taffin 84
 Jeremias Bastingius 84
 Jerusalem 4
 Jesuïete 47, 85, 137, 146
 Jodocus van Lodenstein (1620-1677) 145
 Joh Alberti (1698-1762) 161
 Johan Casimir 46, 48
 Johan de Witt 133
 Johannes á Brakel 135
 Johannes a Lasco 37, 38, 39, 40, 41, 42, 43, 48, 50
 Johannes Anastasius Veluanus (vgl Jan Gerritsz Verstege)
 Johannes Bogerman (1576-1637) 84, 98, 99, 116
 Johannes Calvyn (vgl Calvin)
 Johannes Eusebius Voet 169, 170
 Johannes Maccovius 121
 Johannes Wtenbogaert (1557-1644) 87, 97, 98, 121
 Johan Schutken 12
 Joh Coccejus (1603-1669) 127, 128, 129, 132, 133, 135, 139
 Joh D'Outrein (1662-1722) 146
 John Locke (1632-1704) 153
 Joh Pelt 20
 Jorisz (vgl Dawid Jorisz)
 Jülich 48

K

- Kaap (vgl Kaapkolonie)
 Kaapkolonie 1, 2
 Kaart van die Nederlande (1566) 10
 Kamerijk 11, 59
 Kant (vgl Immanuel Kant)
 Karel die Grote (768-814) 11
 Karel Martel (vgl Martel)
 Karel V 19, 20, 35, 36, 37, 59
 Karel van Gelre 19
 Karel van Oostenryk 19
 Karl Barth (vgl Barth)

- Karl II 48
Karl Philip 47
Kategismus (vgl Heidelbergse Kategismus)
Keiser 19, 35, 36, 48
Kepler 136
Kerckelijke geschiedenissen 121
Kerkhervorming (vgl Hervorming)
Kerkorde van Den Haag (1586) 117
Kerkorde van Middelburg (1581) 79, 80
Kerkvaders 55
Ketter 21, 29, 30, 35
Kettery 35, 47, 48
Keulen 11, 15, 49
Kirchen Rathe 41
Klassieke Oudheid 22
Klassis van Den Haag (1754) 169
Klebitz (vgl Wilhelm Klebitz)
Kleef 48, 66, 67, 72
Kleine Catechismus 24
Klein Kategismus 40
Kloosterskool 11
Knox 36
Kolonie (vgl Kaapkolonie)
Kommissaris-Generaal 1
Kongregasionalisme 145
Koningin Christina 137
Koning Louis XIV 154
Konsilie van Trente (1545–1565) 47, 63, 125
Konvent van Wesel (1568) 45, 48, 65, 66, 67, 73
Kort Begrip 40, 117
Korte schets der goddelijken waarheden 146
Koudekerk 161
Kritik der praktischen Vernunft 171
Kritik der reinen Vernunft 171
Kuypers (vgl Gerhardus Kuypers)

L

- Laat-Middeleeue 13
 Labadisme 147
 Lae Lande 11, 12
 La Glaive 53
 La Haye 137
 Lambertskerk 28
 Lampe (vgl Friedrich Adolf Lampe)
 Landskerk 37
 La Palme 53
 Lausanne 55
Laus deo salus populo 169
 La Vigne 53
Le Baston de la Foy Crestienne, Livres très utile a tout Crestiens pour s'armer contre les ennemys de l'evangile et pour aussi cognoistre l'ancieneté de nostre sainte foy, et de la vraye Eglise 55
 Le Bouton 53
 Leerreëls (vgl Dordtse Leerreëls)
 Leeuwarden 59, 98
 Leibniz (1647-1716) 155, 157
 Leicester (vgl Robert Dudley)
 Leiden 28, 61, 70, 83, 84, 85, 89, 98, 119, 120, 127, 129, 134, 139, 159, 161
 Leidse Coccejane (vgl Groene Coccejane)
 Lessing, G E (1729-1781) 156
 Leuven 20, 37
 Libertyne 81
 Liesveldt 21
 Locke (vgl John Locke)
 Lodenstein (vgl Jodocus van Lodenstein)
 Lodensteins 158
 Lodewyk van Nassau (vgl Prins Lodewyk van Nassau)
 Londense vlugtelinggemeente 24
 London 36, 38, 39, 40, 41, 42, 44, 52, 53
 Londonse formulier 74
 Lord Charles Somerset 1
 Louis Bourgeois 45
 Lubbertus (vgl Sybrandus Lubbertus)
 Lucas de Heere 44

Ludwig VI (1576-1583) 46, 48
Luther 8, 20, 21, 23, 24, 25, 35, 37, 44, 48, 51, 101, 102, 115, 120, 125, 142, 150
Lübeck 32

M

Maastricht 61
Maatschappij tot Nut van't Algemeen (1784) 163
Maccovius 122
Maidstone 40
Maresius (vgl Simon Maresius)
Margaretha (vgl Margaretha van Parma)
Margaretha van Oostenryk 19
Margaretha van Parma 60, 61, 62, 63
Maria 26, 31
Maria van Hongarye 36
Marnix van St Aldegonde (vgl Phillips van Marnix)
Marot 44, 45
Martel 11
'Martelare van Gorkum' 68
Marten Micron (1523-1559) 24
Martin Bucer 24, 38, 120
Martin Luther (vgl Luther)
Martin Micron 39, 40, 42, 43, 44, 50
Martinus Lydius 121
Martinus Schoockius 139
Martyrologie 54
Mary Tudor 40
Matthias Flacius 48
Matthias Flacius Illyricus 60
Matthijsz (vgl Jan Matthijsz)
Maximiliaan II 48
Mechelen 59, 69
Medulla theologica 144
Melac 48
Melanchton 24, 45, 46
Melchior Hoffman 26, 27, 28, 30, 31, 32
Menniste (vgl Mennoniete)
Menno Simons (1496-1561) 26, 31, 32, 85

Mennoniete 26, 31, 32
 Merula (vgl Angelus Merula)
 Micron (vgl Martin Micron)
 Middelburg 42, 69, 70, 73, 83, 98, 119, 121, 134, 144, 146, 147, 158
 Middeleeue 11, 12, 149, 150
 Midwolda 158
Moderne Devotie 12, 13, 16, 143
 Momma 134
 Mommers, J M 157
 Mons 55
 Montanisme 147
 Montauban 146
 Montesquieu (1689-1775) 154
 Moralisme 13
 Mühlberg 37
 Muller, R A 124
 Münster 26, 28, 29, 30, 32

N

Naarden 69
Nadere Reformatie (vgl Nadere Reformasie)
 Nadere Reformasie 111, 126, 127, 128, 142, 143, 144, 145, 146, 148, 158, 159, 165
 Napoleontiese periode 1
 Nassau 98
 Nederland 1, 2, 12, 14, 15, 19, 20, 21, 23, 25, 26, 27, 28, 29, 30, 31, 32, 35, 36, 37, 38,
 40, 41, 42, 44, 48, 49, 50, 51, 52, 53, 55, 56, 57, 59, 60, 61, 63, 65, 66, 67, 68, 71,
 73, 81, 98, 119, 120, 122, 126, 133, 134, 136, 137, 141, 144, 146, 153, 156, 157,
 165, 172, 175, 176
 Nederlandse Bybel (volledig) 21
 Nederlandse Geloofsbelydenis (1561) 43, 53, 55, 56, 57, 58, 81, 84, 86, 87, 100, 101,
 104, 105, 110, 112, 118, 119, 134, 141, 143
 Nederlandse Hervormer 36
 Nederlandse Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (1602) 1, 123
 Nederlandse vlugtelinggemeentes 36, 40, 49
 Negentiende eeu 1, 2, 44, 48, 165, 166, 172, 176
 Neustadt an der Hardt 46
 Newton (vgl Sir Isaac Newton)
 NGB (vgl Nederlandse Geloofsbelydenis)

Nicolaas Cop 35
Nicolaus Copernicus (1473-1543) 151
Nie-Calvinistiese Hervormers 25
Nienhuis 28
Nijkerk 159
Nikodemiet 52
Norwich 40, 67
Nuwe Coccejane 135
Nuwe Jerusalem 28

O

Obbe Philipsz 30, 31
Oecolampadius 37, 120
Oldenbarnevelt 89, 97, 98
Olevianus (vgl Caspar Olevianus)
Onthoofding 30
*Oor die wese van die genadeverbond tussen God en die uitverkorenes benewens die
middele waardeur daardie wese aan ons meegedeel word* 131
Oorvaalse (vgl Afrikanerrepublieke)
Oos-Friesland 27, 37, 48, 63, 66, 67, 158
Oostelike distrikte (vgl Kaapkolonie)
Oostenryk 176
Opelug preekdienste 23
Oranje (vgl Prins Willem van Oranje)
Ortodoksie 162, 165
Ortodoksisme 133, 141, 166
Otto Heinrich 45
Otto Hendrik 40
Oudenaerde 62
Ou Voetiane 135
Overijssel 19, 59, 72, 73, 77, 97, 117, 161

P

Pacificatie (vgl *Pacificatie* van Gent)
Pacificatie van Gent (1576) 71
Paltz 36, 40, 41, 42, 43, 45, 47, 48, 66, 67, 72, 74, 98
Parys 12, 15, 35, 131
Patriotparty 176

- Patriotte (vgl Patriotparty)
- Patristiek 55
- Paul Chevalier 53
- Paulus 3, 4
- Paulus IV 59
- Pellicanus 37
- Peregrin de la Grange 56
- Perkins 144
- Peter Alexander 38
- Petit traicte, monstrant que c'est que doit faire un homme fidele cougnoissant la verité de l'evangile: quand il est entre les papistes* 51
- Petrus Bloccius 24
- Petrus Datheen 41, 42, 43, 44, 45, 50, 61, 65, 66, 67, 72, 73, 74, 118, 169, 170
- Petrus Delenus 40
- Petrus Hofstede (1716-1803) 162
- Petrus Martyr (vgl Petrus Martyr Vermiglio)
- Petrus Martyr Vermiglio 38, 46
- Petrus Plancius 85, 89
- Petrus Ramus (1515-1572) 131
- Phillips (vgl Phillips van Marnix)
- Phillips van Marnix (Heer van St Aldegonde – 1540-1598) 60, 61, 65, 66, 67, 69, 116, 169
- Pierre Bayle (1647-1706) 141, 142, 153, 172
- Pierre Brully 52
- Pierre de Joncourt 157
- Pierre Loyseleur 84
- Pieter de Houtzager 27
- Pieter van de Kastele (1748-1810) 170
- Piëtisme 146, 148
- Pighius 103
- Pisa 152
- Plato 22
- Poissy 57
- Pole 37, 48
- Politica ecclesiastica* 128
- Polyander 98, 119, 120
- Portugal 141
- Pous Pius IX 68

Praepositus 20
Prins Lodewyk van Nassau 60, 63, 70
Prins Maurits 80, 87, 97, 98, 133, 134, 137
Prins van Oranje (vgl Prins Willem van Oranje)
Prins Willem IV 175
Prins Willem van Oranje 56, 59, 60, 61, 63, 65, 66, 68, 69, 70, 71, 72, 79, 84
Pro-Hervorming 38
Protestantisme 32, 63, 120, 125, 146, 151, 171, 172
Protestantisme van die armes (vgl Nederlandse Sakramentarisme)
Pruise 48, 176
Psalm 23 44, 45, 118
Psalmberyming 42, 44, 45, 61, 73, 169, 170
Psalmboek 39
Psalms 12, 39, 44, 45, 52, 54, 56, 73, 74, 75
Puritanisme 120, 144
Puriteine 144

R

Raad van Beroerten 63
Rasionaliserende Skolastiek (vgl Skolastiek)
Rasionalisme 123, 141, 156, 165, 172
Redelijken Godtsdienst 146
Reformasie (vgl Hervorming)
Reformatore 23, 27, 124, 134, 142
Refutacie vant Salve Regina 24
Regnerus Praedinius 24
Remonstrante 25, 87, 89, 91, 92, 93, 94, 97, 98, 99, 100, 106, 108, 110, 111, 113, 116, 119, 128, 144
Remonstrantie 87, 88, 89, 99, 110
Remonstrantse Geloofsbelydenis (1627) 93
Renaissance 14, 137, 138, 141, 151
René des Cartes (vgl René Descartes)
René Descartes (1596-1650) 127, 128, 136, 137, 138, 139, 140, 141, 153, 157, 172
Republikeinse gemeenskappe (vgl Afrikanerrepublieke)
Responsio Ph Mel ad quaestionem de controversia Heidelbergensi 45
Richardus Gallus 39
Rijsseel 55
Robert Dudley (Graaf van Leicester) 79, 80

- Robert Dufour 54
 Roëll, H A (1653-1718) 140, 141
 Roermond 59
 Rome 37
 Romeinse Ryk 43
 Rooms-Katolieke Kerk 12, 14, 15, 16, 20, 21, 24, 29, 35, 36, 37, 40, 43, 55, 57, 61, 62, 68, 77, 82, 85, 123, 124, 125, 136, 137, 150, 151, 154, 155, 163, 172
 Rostock 31
 Rothmann 28
 Rotterdam 22, 82, 97, 98, 121, 144, 162
 Rouaan 70
 Rousseau 162
 Rudolf Agricola (1444-1485) 14
 Ryksdag van Augsburg (1566) 46, 48
 Ryn 11, 49, 66
 Rynstreek 63

S

- Sadoleto epistola Calvinii responsio* 124
 Sakramentariërs 21, 23, 24, 25, 27, 51, 81, 150
 Sakramentarisme (vgl Sakramentariërs)
 Saksers 11
 Sam Koenig 157
 Sandwich 40
 Sasbout Vosmeer 72
Satisfactio operis 15
 Saumur 121
 Schaffhausen 48
 Schoenau 41
 Schortinghuis (vgl Wilhelmus Schortinghuis)
 Schultens (vgl Albertus Schultens)
 Sebastiaan Damman 98
 Sedan 56
 Sekte 29, 30, 31, 32
Selectae disputationes theologicae 128
 Semi-Pelagianisme 93, 101
 Semler, J S (1725-1791) 156
Sermonen op alle de evangeliën 21

- Servet 142
Sestiende eeu 16, 19, 49, 51, 125, 142
Sewende eeu 11
Sewentiende eeu 48, 136, 138, 170
's-Gravenhage 169
's-Hertogenbosch 121, 127
Simon Episcopus 93, 99
Simon Maresius 121, 133, 135, 139
Simons (vgl Menno Simons)
Sinode 38, 47
Sinode te Antwerpen 57
Sinode van Armentières (1563) 57
Sinode van Den Haag (1586) 79, 80, 81
Sinode van Dordrecht (1618-1619) 25, 42, 44, 45, 48, 56, 79, 87, 97, 100, 103, 113, 115, 116, 117, 118, 119, 123, 127, 128, 142, 143, 144, 170
Sinode van Dordt (1574) 48, 70
Sinode van Dordt (1618-1619) (vgl Sinode van Dordrecht)
Sinode van Emden (1571) 57, 66, 67, 73
Sinode van La Rochelle 57
Sinode van Parys (1559) 57
Sir Francis Bacon 152
Sir Isaac Newton (1642-1727) 136, 152
Skandinawiese lande 35
Skolastiek 22, 120, 121
Skotland 36, 159
Slatius 121
Snecanus (vgl Gellius Snecanus)
Sneek 84, 135
Societas Jesu 35, 125
Sola fide 23
Somerset (vgl Lord Charles Somerset)
Souterliedekens 44
Spanje 19, 29, 59, 63, 66, 77, 78
Spengenberg 16
Spinoza (vgl Baruch d'Espinoza)
Spiritualiste 81
Stabat mater 44
Stamford 40

- Statenbijbel* 116, 122
Staten College 119
 Staten-Generaal 60, 78, 80, 86, 98, 113, 116, 133, 144, 169, 170
 Staten van Holland 69, 70, 78, 79, 80, 83, 86, 89, 97, 116, 133, 134, 135, 140, 169
 Statenvertaling (vgl *Statenbijbel*)
 St Gall 48
 St Janskerk 56
 St Lambert 41
 Stockholm 137
 Stoisyne 22
 Straatsburg 26, 27, 38, 39, 42
 Suid-Afrika 1, 2, 123, 146
Summa der godliker Scripturen 21
Summa doctrinae de foedere et testamento Dei 129
Summa theologiae ex scripturis repetita 133
 Supranaturalisme 155, 156, 157, 165, 166, 167
 Suriname 123
Sursum corda 43
 Susters van het gemeene leven 12, 13, 14
 Swede 35, 137
 Switserland 37, 38, 46, 48, 98
 Sybrandus Lubbertus 97, 98, 121
Synopsis purioris theologiae 119, 120

T

- Taffinus 143
Täufer (vgl Anabaptisme)
 Taylor 144
Te Deum laudamus 44
 Teellincks 158
 Tertullianus 150
 'Terug na die bronne' 14, 22
 Theodorus a Brakel (1608-1669) 145
Theologia mystica 158
 Thomas á Kempis (vgl Thomas van Kempen)
 Thomas Aquinas 125, 131
 Thomas Cranmer (Aartsbiskop van Canterbury) 38
 Thomas van Kempen (1380-1471) 13, 15

- Thomisties-skolastieke teologie 15
Thouars 119
Thysius (vgl Antonius Thysius) 98
Tilemann Heshusen 45, 46, 48
Tilly 48, 137
Touraine 137
Tournai 52, 53, 55, 56, 72
Tournai-Lille-Valenciennes 53
Tractaat over het ambt en gezag der overheid 97
Trijpmaker (vgl Jan Volkertsz Trijpmaker)
Turenne 48
Turke 29
Tweede Engelse besetting van die Kaap (1806) 1
Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) 2

U

- Unie van Utrecht (1579) 71, 72, 75, 78, 97
Unie van Brussel (1577) 71
Utenhove 39, 40, 44, 45, 50, 115, 118, 169
Utrecht 11, 16, 19, 20, 23, 27, 59, 60, 71, 72, 73, 77, 80, 82, 86, 87, 97, 117, 121, 127,
135, 145, 157
Uytspanningen 145

V

- Valenciennes 53, 54, 56, 63
Vallerandus Pollanus 41
Van den Bogaert 145
Van den profeet Baruch 24
Van der Heyden (vgl Gaspard van der Heyden)
Van der Waeijen 134
Van de Velde 145
Van Giffen, D F 135
Van Haemstede (vgl Adriaan van Haemstede)
Van het Nachmael Christi ende van de Misse 24
Van Os (vgl Athonie van der Os)
Van Velzen, C 159
Van Wingen, G 57
Veere 147

- Veertiende eeu 13
 Verantwoording 63
Verantwoordingh van de wettlijcke Regiering van Holland en de Wes-Vrieslant enz 25
Verbond der Edelen (vgl *Verbond der Nederlandsche Edelen*)
Verbond der Nederlandsche Edelen 60, 61
Verborgentheid van het Genaadeverbondt ter eeren van den grooten Verbondtsgod 157
 Verenigde Provinsies 176
Verhandeling van eenige eigenschappen des zaligmakenden geloofs 159
Verlatinghe 72
 Verligtheid 1, 148, 149, 150, 151, 152, 153, 154, 155, 156, 158, 165, 170, 171, 172
 Verligting (vgl Verligtheid)
 Vlaandere 27, 53, 62, 66, 72
 Vlijmen 127
 Vluchtelinggemeentes 38, 50, 63, 65, 66, 67, 68
 VOIC (vgl Nederlandse Verenigde Oos-Indiese Kompanjie)
 Voetiane 133, 134, 135, 145, 157, 158, 160
 Voetius (vgl Gisbertus Voetius)
 Voltaire (1694-1778) 155, 162
Voorrede aan den lezer, in zich bevattende een beknopte verhandeling van het Verbond der Werken 159
 Voortrekkers 2, 44
 Vrede van Aken (1748) 175
 Vrede van Augsburg (1555) 46, 48
 Vrede van Münster (1648) 122, 133, 136
 Vroeë Christelike skrywers 14
 Vroeë kerkvaders 15
 Vrymessalary 162, 163
 Vulgata 44, 125

W

- Walaeus (vgl Antonius Walaeus)
 Watergeuse 63, 68
 Wederdoper 26, 27, 58
 Wederdoperdom (vgl Anabaptisme)
 Weener 158
 Wes-Duitsland 27
 Wesel 36, 50, 57, 65, 66, 67, 81, 83
 Wes-Europa 1, 11, 136

- Wesfale 30, 147
Wes-Indiese Compagnie (1621) 123
Wessel Gansfort (1419-1489) 15, 16, 23
Westminster Assembly (1636) 49
Whitaker 144
Wieuwerd 147
Wilhelm Klebitz 45, 46,
Wilhelmus a Brakel (1645-1711) 146
Wilhelmus Schortinghuis (1700-1750) 158
Wilhelmus van Nassouwe 61
Willem Bilderdijk 166, 167
Willem de Volder 24
Willem II 121, 133
Willem III 134, 135
Willem IV (vgl Prins Willem IV)
Willem Teellinck (1579-1629) 144
Willem V 175, 176
Willem van Gulik 19
Willem van Oranje (vgl Prins Willem van Oranje)
Willem van Zuylen van Nijevelt 44
William Ames (1576-1633) 126, 144, 145
William Perkins 126, 144
Willibrord 11
Windsheim 12
Witmarsum 31
Wittenberg 20, 46
Wolff (vgl Christian Wolff)
Worms 46
Woubrugge 159
Wouter 16
Wupperthal 48
Württembergse formulier 43
Württembergse Kerkorde 45
Württembergse liturgie 43
Württenburg 48
Wüstenfelde 32

Y

Yarmouth 40

Yvon 146, 147

Z

Zacharias Ursinus (1534-1583) 46, 48

Zedekunst, dat is wellevenskunste 82

Zeeland 19, 27, 59, 60, 66, 68, 69, 70, 71, 72, 73, 77, 80, 97, 117, 147

Zürich 23, 24, 40, 42, 46

Zutfen 69, 98

Zuylen van Nyevelt 65

Zwingli (Hervormer van Zürich) 21, 23, 25, 28, 37, 40, 47, 120, 129, 130

Zwolle 161